

A close-up photograph of oak leaves and acorns. The leaves are green with prominent veins and serrated edges. Two acorns are visible in the lower-left quadrant, one slightly above the other. The background is a soft, out-of-focus green.

TNA

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
31STE JAARGANG NR. 1 2024

| | |
|---|------------|
| Redaksioneel Marius Swart en Marni Bonthuys | 1 |
| USAN-uitgawe: Voorwoord Elbie Adendorff en Maryna Adshade | 2 |
| Tematiese oordrag en intertekstualiteit: 'n resepsiestudie van die vertoning van Tom Lanoye se drama <i>Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles</i> (2011) Joanna Gouws | 4 |
| “pure droom en pure spel”: Reza de Wet se <i>On the lake: a tragicomic dream play</i> as 'n feministiese aansluiting by August Strindberg se dramaturgie Danie Stander | 28 |
| Breyten Breytenbach se poësie: 'n Tematiese ondersoek na die voorkoms van laatwerk Anke van der Merwe | 46 |
| Die gedig as “ontvangsapparaat” van bewussyn: 'n Interpretasie van poëtiese bewussyn en die kreatiewe proses deur die lens van die kwantumteorie en Zen-Boeddhisme in die metagedig “Kû” deur Breyten Breytenbach Annika (Mouton) van der Linde | 65 |
| Wokeness en politieke korrektheid met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se <i>Die 3 van ons</i> (2021) en <i>Toe ons oneindig was</i> (2020) Alana Lourens | 94 |
| 'n Kritiese ondersoek na die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe Merlyn van der Rheede | 120 |
| Houdings teenoor Afrikaans in Namibië circa 1780-2024 Nicolette Harmse Steyn | 157 |
| Die konseptuele raamwerk vir die ontwerp van 'n taakgebaseerde sillabus met gefokusde pedagogiese vertaaltake vir Afrikaansvreemdetaalstudente Asambese Mkumatela | 183 |
| Die ideologiese invloed van die patronaat op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se <i>The Sound of Thunder</i> Carolyn Meads | 202 |
| Die ondersoek van genderkonstruksies in Afrikaanse tydskrifte: 'n Multidissiplinêre metodologie Susann Louw | 231 |

TNA

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

31STE JAARGANG (2024) 1STE UITGawe



SUIDER-AFRIKAANSE VERENIGING
VIR NEERLANDISTIEK

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN). TNA wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregkwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redakteur: Dr. M. Bonthuys

Mede-redakteur: Mnr. M. Swart

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Kristèl de Weerd

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Kontak die voorsitter van die SAVN, prof. Alwyn Roux by erouxap@unisa.ac.za of die sekretaris van die SAVN, prof. Sonja Loots by sonja.loots@uct.ac.za vir meer inligting oor die bestelling van gedrukte eksemplare van die tydskrif.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

J. Dewulf (University of California)

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg, Universiteit van Amsterdam)

R.S. Kirsner (University of California)

S. van Wyk (Universiteit van Wes-Kaapland)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Noordwes-Universiteit)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

R. Gouws (Universiteit Stellenbosch)

T. Coleman (Universiteit Gent)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

ISSN 1022-6966

Dit is vir die SAVN 'n groot voorreg om hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* die lig te laat sien. U lees nou in die eerste uitgawe van die 31ste jaargang van ons tydskrif. Die tydskrif lyk ook effens anders! Vir die 31ste jaargang en verder het ons staatsmaker-uitlegkunstenaar Christa van Zyl 'n nuwe ontwerp vir die tydskrif geskep. 'n Nuwe logo, belyng met die SAVN-logo, is gemaak, en die uitleg en voorkoms van die tydskrif is ook opgevars. Baie dankie aan Christa, asook ons ander medewerkers en die hele ondersteuningsnetwerk.

Daar is ook besluit om vanaf hierdie uitgawe amptelik weg te doen met die vorige skryfwyse van die tydskrif se verkorte titel – te veel keer is ons gevra of dit nou TNA, T.N&A, TN&A, TvN-A of wat ook al is. Die erkende kort vorm van die titel is dus voortaan dieselfde as hoe die tydskrif in ons spreektaal bekendstaan: TNA.

Nog 'n opwindende verandering is dat die tydskrif voortaan slegs elektronies sal verskyn, met papierkopieë wat steeds per spesiale bestelling voorsien kan word. In hierdie verband kan die sekretaris van die SAVN gekontak word vir betaling- en versendingsreëlings. Daar is ook nog 'n paar papierkopieë van sekere vorige uitgawes beskikbaar. Kontak in hierdie verband enige van die redakteurs per e-pos.

In die winter van 2024 lewer ons 'n referaat oor die eerste 30 jaar van TNA wat 'n paar interessante syfers aan die lig bring. In afgelope jare is ongeveer 'n kwart van die artikels in die tydskrif breedweg taalkundig van aard, met die res wat breedweg onder die letterkunde-onderzoek ingedeel kan word. Oor die eerste 30 jaar van die tydskrif se bestaan is ongeveer 59% van die artikels in Afrikaans gepubliseer, 37% in Nederlands en 4% in Engels. Geografies gesproke is net mooi twee-derdes van die artikels deur outeurs in Suid-Afrika gelewer, 20% kom uit Nederland, 8% uit België en die oorblywende 5% uit ander lande, waaronder Pole, Namibië, Indonesië, Frankryk, Brittanje en die USA.

Die data wys ook dat 'n kleiner wordende poel outeurs gereelde bydraers is. Dit is dus 'n groot voorreg om hierdie uitgawe te wy uitsluitlik aan bydraes deur 'n volgende generasie navorsers. Mag ons vakgebied van krag tot krag gaan. Op die volgende 30!

USAN-uitgawe: Voorwoord

Elbie Adendorff en Maryna Adshade

Die sesde USAN-kongres vir jong navorsers is vanaf 24–26 Januarie 2024 deur die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit Stellenbosch met die bekwame organiseerders, Annie Burger en Maryna Adshade, aangebied. Agt-en-twintig jong navorsers vanoor die hele Suid-Afrika en Namibië het die tweejaarlikse kongres bygewoon. Die doel van die kongres is om vir jong navorsers die geleentheid te skep waar hulle hulle navorsing met akademiese eweknieë kan deel. Geen tematiese beperkinge is gestel nie en navorsers vanuit die letterkunde, formele taalkunde en toegepaste taalkunde kon deelneem. Na die kongres is deelnemers genooi om hulle referate tot artikels te verwerk en vir publikasie in die geakkrediteerde vaktydskrif *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* voor te lê. Die verdere stap is die toetrede van die jong navorsers tot die akademiese navorsingswêreld. Hierdie spesiale uitgawe van *TNA* bevat 10 artikels wat vir publikasie aanvaar is. Ons dank aan elke keurder wat bygedra het tot die publikasie van dié uitgawe met die deeglike keuring van die artikels.

Die artikels weerspieël die verskeidenheid onderwerpe waaroor die jong navorsers navorsing doen.

Die uitgawe spring weg met Joanna Gouws se artikel “Tematiese oordrag en intertekstualiteit: ’n resepsiestudie van die vertoning van Tom Lanoye se drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles* (2011)”. Die doel van die artikel is om te bepaal “wat die aard van die ontvangs van die vertoning was deur die beskikbare resensies daaroor te stiplees en verdere insigte te probeer opdiep aangaande die drama se prominente bemoëienis met hoogs gespesifiseerde magstematiek en intertekstualiteit”. Tweedens is Danie Stander se artikel “‘pure droom en pure spel’: Reza de Wet se *On the lake: a tragicomic dream play* as ’n feministiese aansluiting by August Strindberg se dramaturgie” waarin die outeur die drama bespreek as voorbeeld van Strindberg se impak op De Wet se skryfwerk en dramaturgiese filosofie. Daarna volg twee artikels oor Breyten Breytenbach. Anke van der Merwe se artikel “Breyten Breytenbach se poësie: ’n Tematiese ondersoek na die voorkoms van laatwerk” fokus op Breytenbach se poësie, laatwerk en korpuslinguistiek, met spesifieke fokuspunt die tema-parameters waarmee die outeur onder meer wou uitvind hoe die temas in Breytenbach se vroeë werk verskil van dié van sy latere werk. Dit word gevolg deur “Die gedig as ‘ontvangsapparaat’ van bewussyn: ’n Interpretasie van poëtiese bewussyn en die kreatiewe proses deur die lens van die kwantumteorie

en Zen-Boeddhisme in die metagedig ‘Kû’ deur Breyten Breytenbach” geskryf deur Annika (Mouton) van der Linde. In die artikel ondersoek die outeur die interpretasiemoontlikhede vir die metapoëtikale gedig “Kû” deur middel van die Zen-Boeddhisme, die kwantumteorie en die psigologiese opvattinge oor poëtiese bewussyn van Sabine Coelsch-Foisner. Alana Lourens skryf in “Wokeness en politieke korrektheid met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se *Die 3 van ons* (2021) en *Toe ons oneindig was* (2020)” oor die eietydse kwessie van wokeness in jeugliteratuur.

Merlyn van der Rheede se artikel “’n Kritiese ondersoek na die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe” verskaf inligting oor haar navorsing oor die taalhoudings en taalidentiteit van bruin Afrikaanssprekende middelklasgemeenskappe in die Wes-Kaap en Gauteng. In Nicolette Harmse Steyn se artikel gee sy vir die leser ’n perspektief oor “Houdings teenoor Afrikaans in Namibië circa 1780-2024” na aanleiding van ’n taalhoudingstudie wat sy in 2020 onderneem het. Asambese Mkumatela beskryf in haar artikel die saamstel van ’n konseptuele raamwerk vir die gebruik van vertaaltake in Afrikaansstaalaanleer: “Die konseptuele raamwerk vir die ontwerp van ’n taakgebaseerde sillabus met gefokusde pedagogiese vertaaltake vir Afrikaansvreemetaalstudente”. In “Die ideologiese invloed van die patronaat op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se *The Sound of Thunder*” ondersoek Carolyn Meads “die invloed van ideologie op die vorm en inhoud van ’n Afrikaanse hervertaling van een van Smith se romans, *The Sound of Thunder*”. Die spesiale uitgawe word afgesluit met Susann Louw se artikel “Die ondersoek van genderkonstruksies in Afrikaanse tydskrifte: ’n Multidissiplinêre metodologie” waarin sy die praktiese stappe uiteensit wat gekonseptualiseer is ten einde ’n multidissiplinêre metodologie te ontwerp waarmee die konstruksie van gender ondersoek is.

Ons dank aan die jong navorsers wat hulle artikel aan ons toevertrou het vir publikasie. Ons sien uit na nog meer interessante en boeiende navorsing van dié groepie jong navorsers.

Universiteit Stellenbosch

Tematiese oordrag en intertekstualiteit: 'n resepsiestudie van die vertoning van Tom Lanoye se drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles* (2011)

Joanna Gouws

Thematic transfer and intertextuality: a reception study of the performance of Tom Lanoye's drama Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles (2011)

Flemish writer Tom Lanoye's drama Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles (2011) utilizes a vast amount of Medieval historical accounts to create an adapted, fictional, yet highly distilled tale of Jeanne d'Arc and Gilles de Rais. Depicted as two contrasting figures, both are executed on the pyre following their respective clashes with the Catholic church. Despite being a forceful and efficacious narrative handling timely, vexed questions regarding specific forms of institutional power, neither the performance nor the text itself has thus far been studied. A reception study using Linda Hutcheon's A theory of adaptation (2006) – which regards adaptation as a form of intertextuality – reveals that thematic transfer was particularly successful as regards the drama's preoccupation with churchly, juridical, and machiavellian aspects of power.

1. Inleiding

Tom Lanoye se drama *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles* (hierna genoem *Bloed en rozen*) verwerk 'n uitsonderlike hoeveelheid Europese Middeleeuse geskiedenis om 'n gefiksionaliseerde verhaal van Jeanne d'Arc en Gilles de Rais te vertel. Hulle word geskets as twee kontrasterende figure wat albei op die brandstapel tereggestel word na afloop van hulle afsonderlike en onderskeie botsings met die Katolieke kerk. Hiermee word kerklike, juridiese en machiavelliaanse magsvergrype as sentrale tematiek ondersoek. Desondanks die triomfantelike ontvangs van die drama se 2011-vertoning by die Fees van Avignon in Frankryk, is nog geen akademiese artikel oor nóg die vertoning nóg die dramateks gepubliseer nie. Daarom volg hierdie studie 'n induktiewe navorsingstrategie wat hoofsaaklik wil bepaal wat die aard van die ontvangs van die vertoning was deur die beskikbare resensies daaroor te stiplees en verdere insigte te probeer opdiep aangaande die drama se prominente bemoeienis met hoogs gespesifiseerde magstematiek en intertekstualiteit.

Hiervoor word Linda Hutcheon (2006) se verwerkingsteorie ontplooi wat onder meer inhou dat verwerking beskou kan word as 'n vorm van

intertekstualiteit. Hutcheon (2006) se raamwerk betoog vir 'n beskouing van tekste as beide 'n proses en 'n produk wat (intertekstuele) herkenbaarheid bedryf in dié opsig dat dit vorige tekste of diskoerse kan eggo, maar sonder om daardie bronmateriaal klakkeloos te kopieer. Volgens Hutcheon (2006: 10) vorm temas een van die geredelikste oordraagbare elemente in tekste wat verwerk word. Dit is ook een van die herkenbaarste elemente in reeds verwerkte tekste. 'n Stiplees van beskikbare resensies oor *Bloed en rozen* se 2011-vertoning lewer heelwat blyke daarvan dat die gehoor nie net die drama se magstematiek geredelik kon identifiseer nie, maar die herkenbaarheid daarvan implisiet toeskryf aan ernstige vraagstukke rondom die Belgiese Katolieke kerk en die hof se hantering van pedofielskandale tussen 1990 en 2011. Kerklike en juridiese owerhede se hantering van byvoorbeeld die Dutroux-pedofielskandaal in die 1990's het tot landswyse opstande gelei, met nog aantygings van pedofilie in 2010 teen die Biskop van Brugge – Roger Vangheluwe – wat tot 'n burgerlike kommissie van ondersoek (te wete Operatie Kelk) gelei het. Hierdie kwessies het en is steeds besig om die spanninge tussen die parallelle regsisteme van die Belgiese staat en die Katolieke kerk uit te lig (Deweirdt, 2012: 53, 92; Winfield, 2024).

Lanoye se narratief dramatiseer as't ware die twyfelagtigheid van die skeiding tussen kerk en staat. Die Fees van Avignon-webtuiste maak dit immers in hulle bemarking van die 2011-opvoering rugbaar dat Lanoye met *Bloed en rozen* mag ondersoek as 'n samesmelting van die institusies van die kerk en die hof. Hierdie soort deurdringende en deurlopende worsteling met spesifieke vorme van mag in die Belgiese konteks kan moontlik verklaar waarom *Bloed en rozen* se opvoering so sterk beoordeel is. Hierdie stand van sake opper interessante vrae oor hoe die gebruik van historiese gegewens en aktuele, teenswoordige vraagstukke (deur 'n drama, in hierdie geval) op wederkerige wyse kommentaar lewer op beide die hede en die verlede (vergelyk Furze, 2020: 29). Uiteindelik word bevind dat *Bloed en rozen* op deurweefde wyse illustreer hoe kontinuu die hede en verlede is as gevolg van voortgesette Middeleeuse anachronistiese praktyke in soverre dit die mag van die Katolieke kerk in België betref. Relevansie vir die Suid-Afrikaanse konteks berus op die argument dat studies wat gebruik maak van resepsieteorie welkome aanvulling tot metodologiese leesstrategieë bied wanneer tekste inhoudelik bestudeer wil word (vergelyk Rossouw, 1992: 427; Staphorst, 2021: 105).

2. Agtergrond en literatuuroorsig

2.1. Tom Lanoye as skrywer

Tom Lanoye is 'n prominente Vlaamse skrywer en dramaturg wat veral bekend is vir sy verwerkings van Shakespeare-dramas (Legros, 2021: 36). Lanoye het 'n voorliefde vir die poëtiese, performatiewe potensiaal van literêre werk; daarom geniet die retoriese versorging van tekste (waarin leesbaarheid nog altyd behoue bly) aansienlik aandag (Legros, 2021: 36). Verder word daar nou gelet op struktuur in tekste wat nie net Lanoye se skryfambag beklemtoon nie, maar as resultaat tekste tot gevolg het wat sowel estetiese- en tegniese aspekte van vertelling kombineer (Legros, 2021: 36). Hierdie kenmerke is op klinkklare wyse te bespeur in *Bloed en rozen*.

Een voorbeeld ter illustrasie is Lanoye se verdeling van die drama in twee helftes: Elkeen vertoon 'n ooreenstemmende struktuur waarin die antitiese kwaliteite van die hoofkarakters ineengevleg word, maar terselfdertyd vind 'n selfbewuste omruil van karakterrolle van een afdeling na die volgende plaas (Jans in Lanoye, 2011: 169). Die resultaat is 'n spieëlagtige, maar uiters heg opgeboude en gedistilleerde struktuur juis omdat die dramateks 'n groot hoeveelheid historiese materiaal verwerk, kondenseer en dan met 'n gestroopte styl aanbied. Een toneelhuis beweer met reg dat Lanoye met *Bloed en rozen* die gruwers van 'n Middeleeuse milieu gebruik as 'n spieël van die een-en-twintigste eeu (Kaai Theater, s.a.).

2.2. Agtergrond en sinopsis van die verhaal in *Bloed en rozen*

Europese Middeleeuse geskiedenis rondom die jaar 1430 vorm die historiese agtergrond waarteen die verhaal afspeel (Festival Avignon, s.a.). Hiertydens ondervind Europa 'n krisistydperk aan vele fronte: die Swart Dood-pandemie saai verwoesting, hongersnood is aan die orde van die dag, en Engeland en Frankryk is gewikkel in 'n voortslepende oorlog wat later bekend sou word as die Honderdjarige Oorlog (Festival Avignon, s.a.). Teen hierdie agtergrond beskryf Lanoye (in Theatre Odeon, s.a., my vertaling) Jeanne d'Arc en Gilles de Rais as sogenaamd unieke fenomene in 'n uitsonderlik moeilike [historiese] tydperk; beide het 'n openlike konflik met die kerk gehad.

Jeanne word in Lanoye se drama geskets as 'n maagdelike, adolessente meisie uit die laer klasse (Kaai Theater, s.a.; Theatre Odeon, s.a.). Haar konflik met die kerk berus daarop dat sy beweer sy Goddelike instruksie ontvang het om die Dauphin tot koning te salf en veldslae teen Engeland te

lei – dit *sonder bemiddeling* van die Katolieke kerk wat uiteindelik daartoe lei dat sy as heks veroordeel word en op die brandstapel sterf (Kaai Theater, s.a.; Theatre Odeon, s.a.; Theatre Contemporain, s.a.) [my kursivering]. Gilles de Rais word op sy beurt uitgebeeld as ’n welgestelde aristokraat en veldmaarskalk wat na afloop van Jeanne se dood veroordeel word omdat hy die duiwel raadpleeg en hy hom oorgee aan magiese praktyke en seksuele wandade met jong seuns (Theatre Odeon, s.a.). Uiteindelik sterf hy as “boetvaardige zondaar” op die brandstapel (Theatre Contemporain, s.a.).

Lanoye baseer dus hierdie karakters op werklike historiese figure, en die teks se bronnelys weerspieël presies hóé omvangryk daar gebruik gemaak is van geskiedkundige materiaal. So benut Lanoye onder meer die goed bewaarde historiese dokumente oor Jeanne d’Arc en haar inkwisisie, die lewe en inkwisisie van Gilles de Rais, en die lewe en geskrifte van Niccolò Machiavelli. Hierdie gegewens word egter gefiksionaliseer na gelang van verbeelding en die drama se bemoeienis met kerklike, juridiese en machiavelliaanse aspekte van mag as sentrale tematiek (Jans in Lanoye, 2011: 162).

Hierbenewens is dit interessant om te let op die volgehoue ironie en huigelagtigheid wat die rol van die biskop en tegelyk kerklike regter in die verhaal kenmerk – veral as dit gelees word teen die agtergrond van die 2010-aantygings van pedofilie teen die sogenaamd “machiavellistiese” Biskop van Brugge (Desmet in Lanoye, s.a.). Hierdie biskop-regter in *Bloed en rozen* (Monseigneur Cauchon in die eerste afdeling en Monseigneur De Malestroit in die tweede afdeling) behartig die verhore en teregstellings van beide hoofkarakters. Die oorsaaklikheid en regverdigheid van die aantygings teen die hoofkarakters tersyde, vergelyk hoe die biskop-regter in beide gevalle die Katolieke kerk verontskuldig en tot slagoffer maak op ’n pynlik manipulerende wyse. Teenoor Jeanne word byvoorbeeld opgemerk dat sy haar van kettery moet bekeer om die kerk se openbare beeld te help beskerm wanneer die biskop-regter sê “[d]enk toek ook eens een keertje aan ons. Wij lijden ook. Wij, de Kerk waarin u zo gelooft: wij zijn hier het grootste slachtoffer. U maakt ons, uw eigen Kerk, te schande” (Lanoye, 2011: 79). Teenoor De Rais, wat onder meer beskuldig word van sodomie en moord op jong kinders, maak De Malestroit soortgelyke opmerkings as met Jeanne: “[h]et kan toch niet in uw bedoeling liggen om ook ons te pijnigen? [...] wij zijn even weerloos als de onschuldige kinderen. Alle gevolgen in acht genomen, zijn wij misschien wel uw grootste slachtoffer” (Lanoye, 2011: 124).

Hierdie handeling vorm myns insiens die spilpunt van die konflik in die drama, en is een van die klinkklaarste vergestaltings van kerklike, juridiese

en machiavelliaanse mag. Gevolglik word implisiete, skreiende sosiopolitieke kommentaar as't ware deur die narratief gedramatiseer.

3. Teoretiese begroning

Resepsieteorie in die breë probeer die wederkerige verhouding tussen teks en leser [of aanhoorder, in hierdie geval] ontsyfer (Staphorst, 2021: 105). Linda Hutcheon se seminale teks *A Theory of Adaptation* (2006) handel oor beginsels wat toegepas kan word by die hantering en beoordeling van spesifiek tekste wat verwerkings of aanpassings van ander werke is, maar sluit ook gevalle in waar 'n teks ontstaan vanuit 'n ander ontologie – soos die historiese werklikheid. Hierdie teorie is nuttig siende dat dit nie slegs die invloed van intertekstualiteit op grond van tekstuele bronmateriaal uitwys nie, maar die herkenbaarheid van temas verklaar aan die hand van die ontologiese werklikheid. Anders gestel: Die algemene diskoers en die reële samelewingskonteks waaruit 'n narratief ontspring, kan in sommige gevalle besonder noukeurig en moontlik met opset deur skrywers aangewend word om 'n storie te vertel.

Die bestudering van die werkinge van intertekstualiteit en mag sou ook begrond kon word deur die oorspronklike insigte van Kristeva oor intertekstualiteit (sien Graham, 2000) of deur dit wat Norman Fairclough (sien 2003; 2015) skryf oor taal, mag en die inspan van tekste vir navorsing oor sosiale kwessies. Die diskursiewe werking van tekste soos geteoretiseer deur Mikhail Bakhtin (1981) sou ook 'n nuttige vertrekpunt kon vorm. Alhoewel bovermelde benaderings betreklik verouderd en die kader van sekondêre literatuur daarvoor uitgebreid is, kan meer resente metodologiese benaderings soos kritiese diskoersanalise (KDA) veral gepas wees. Een voorbeeld is Michael Farrelly (2020: 364) se herverbeelding van die konsep intertekstualiteit binne 'n KDA-raamwerk op grond van die relasionele funksie van intertekstuele netwerke. Die fokus en afbakening van die huidige studie laat nie 'n breedvoerige en verantwoordbare bestudering van die kontakpunte tussen intertekstualiteit, mag en algemene diskoers toe nie. Hierdie studie beoog primêr om deeglike voorwerk oor die resepsie van *Bloed en rozen* te doen as 'n manier om verdere bestudering van die teks te stimuleer.

Ek vertaal Hutcheon se teoretiese raamwerk as *verwerkingsteorie*, want 'aanpassing' sou 'n minder ingrypende verandering suggereer as wat meestal die geval is wanneer tekste verwerk word. Een van die eerste en belangrikste vertrepunte in Hutcheon (2006: 7) se raamwerk is dat

'n verwerkte teks beide 'n proses en 'n produk is. Tweedens word gevra dat verwerkte tekste as *verwerkings* hanteer word, en dan spesifiek hoe Roland Barthes (in Hutcheon, 2006: 6) dit verduidelik: nie as 'n 'werk' nie, maar 'n 'teks'; 'n 'stereofonie van eggo's, aanhalings en verwysings'. In die derde plek neem Hutcheon 'n gewysigde standpunt in die diskoers van getrouheidskritiek. Vir 'n geruime tyd het getrouheidskritiek die botoon gevoer wanneer verwerkings van veral klassieke, gekanoniseerde werke beoordeel is (Hutcheon, 2006: 7). Getrouheidskritiek sou veral konsentreer op hoe na aan of hoe ver verwyderd 'n gegewe teks van die bron daarvan is, en het aanleiding gegee tot verskeie tipologieë van kritiek – soos ontlening versus interseksie versus transformasie (Andrew in Hutcheon 2006: 7) en die gebruik van rou bronmateriaal versus herinterpretasie versus 'n letterlike vertaling (Klein en Parker in Hutcheon, 2006: 7).

In teenstelling met 'n slaafse aanhanging van getrouheidskritiek is Hutcheon (2006: 7) van mening dat hoewel verwerking 'n bepaalde inherente herhaling van die oorspronklike teks inhoud, verwerking eerder beskou moet word as sogenaamde herhaling sonder duplisering. Mens sou ook moontlik kon sê dit is herhaling sonder 'n onnadenkende soort nabootsing. Met 'n meer moderne aanslag stel Hutcheon (2006: 7-8) voor dat verwerkte tekste benader kan word met behulp van drie beginsels. Die eerste beginsel handel oor die teks as 'n *formele entiteit of produk*, die tweede beginsel behels die *skeppingsproses* van die verwerkte teks en die derde beginsel hanteer die *resepsie* van die verwerkte teks gegewe die gepaardgaande band met intertekstualiteit (Hutcheon, 2006: 7-8). Hierdie ondersoek neem slegs beginsel een en drie in ag deur te kyk hoe magstematiek en intertekstualiteit meewerk sodat die narratief met die gehoor resoneer op grond van wat te vinde is in die enkele resensies wat na afloop van die vertoning van *Bloed en rozen* verskyn het.

Volgens beginsel een behels die beskouing van die verwerkte teks as 'n entiteit of produk konsepte soos transkodering en transposisie (of oordrag as sambreelterm) wat onderskeidelik 'n genreskuif (byvoorbeeld tussen tekste) en ontologiese verskuiwing kan insluit. Laasgenoemde kom voor wanneer die werklikheid na die fiksionele oorgedra word, soos wat die geval kan wees as geskiedkundige materiaal na 'n drama oorgedra word (Hutcheon, 2006: 8). Een van die belangrikste en maklikste wyses waarop hierdie beginsel funksioneer, is op grond van die oordrag van temas (Hutcheon, 2006: 10).

Omdat tematiese oordrag dus so 'n duidelik waarneembare funksionering van beginsel een van verwerking vorm, ontstaan die versoeking byna onwillekeurig om die akkuraatheid van geskiedkundige feite te oorweeg

wanneer 'n teks soos *Bloed en rozen* die ontologiese skuif ondergaan van die geskiedkundige werklikheid na die opvoering van 'n fiksionele dramateks. Met ontologiese verskuiwings is dit egter volgens Hutcheon en O'Flynn (2013: 18) sinneloos om verwerkings te evalueer as historiese akkuraat of historiese onakkuraat, want dit gaan hier om 'n vorm van vertaling van 'n ander *spesifieke* konteks, en van 'n spesifieke interpretasie van die geskiedenis.

Daarom neem hierdie studie sy vertrekpunt in wat die dramaturg Erwin Jans (in Lanoye, 2011: 163) skryf in die nawoord tot *Bloed en rozen*:

Bloed en rozen [is] geen 'historich correct stuk'. De ondertitel *Het lied van Jeanne en Gilles* geeft aan de auteur zich een zekere vrijheid veroorloofd heeft ten opzichte van de feiten zoals we die vrij nauwkeurig kennen. Dit heeft alles te maken met de focus van het stuk. De focus is de machtspositie van de Kerk en de machiavellistische methoden die ze inzet om die macht te behouden.

Jans (in Lanoye, 2011: 163) se waarneming maak dit duidelik dat tematiek die belangrikste fokus in *Bloed en rozen* is – in stede van die historiese feite waarvandaan dit ontleen. Jans se stelling impliseer ook 'n intertekstuele bewustheid as verstekopsie (vergelyk “de feiten zoals we vrij nauwkeurig kennen”), en dit strook met Hutcheon (2006: 8) se derde beginsel omtrent die *proses van die resepsie* van die verwerkte teks. Volgens hierdie beginsel is verwerking in wese 'n vorm van intertekstualiteit, want die verwerking word as *verwerking* ervaar vanweë 'n bewustheid van ander werke waarmee die teks in gesprek tree.

Die belewenis van die opvoering van *Bloed en rozen* waarborg as't ware 'n intertekstuele bewustheid by die gehoor vanweë die blote bekendheid van die geskiedkundige storie rondom Jeanne D'Arc. Benewens die goed bewaarde historiese dokumente wat die proses en afloop van haar inkwisisie en skuldigbevinding dokumenteer (vergelyk Warner, 1981; Richey, 2003; Castor, 2015), is dit bekend dat 'n groot versameling biografieë en films omtrent haar in die afgelope honderd jaar verskyn het (Richey, 2003: 125-137). Voorts sal dit algaande duidelik word dat resensies van die 2011-vertoning van *Bloed en rozen* prominente aktuele intertekstuele gegewens identifiseer op grond van die Belgiese kollektiewe bewussyn rondom die Dutroux-pedofielskandaal van die 1990's en soortgelyke gebeurtenisse daarna.

Die Dutroux-skandaal wentel om die 1996-arrestasie van 'n bekende pedofiel genaamd Marc Dutroux vir die moord en aanhouding van verskeie jong meisies (*The Economist*, 1996). Hierna volg 'n nasionale oproer om

tweërlei redes: Die onbevoegde hantering van die polisie van die saak word oopgevelek en dit kom aan die lig dat Dutroux verbind word met 'n toesmeerdery rakende die moord van 'n top politieke figuur 'n paar jaar vantevore (*The Economist*, 1996). Na afloop hiervan ontvou 'n grootskaalse openbare debat rondom die algehele polisiëringsstelsel en die juridiese stelsel, en selfs die legitimiteit van die Belgiese staat word in die proses bevestig (Walgrave en Varone, 2008: 365). Gevolglik word 'n groot hoeveelheid druk geplaas op beleidshervorming, maar veranderinge is traag (Walgrave en Varone, 2008: 365). Twee jaar later ontsnap Dutroux vir 'n wyle uit polisie-aanhouding en eers hierna word ingrypende veranderinge in die juridiese en polisiëringsstelsel aangebring (Walgrave en Varone, 2008: 366).

In 2010 word Operatie Kelk, 'n burgerlike kommissie van ondersoek deur regter Wim De Troy gelas ná aantygings van pedofilie teen Roger Vangheluwe, die destydse Biskop van Brugge (Deweirdt, 2012: 80). Desondanks die feit dat die Vatikaan in April 2010 opdrag gee dat daar met burgerlike regsowerhede saamgewerk moet word, sloer die saak soortgelyk aan die eertydse Dutroux-aangeleentheid en geen kerklike straf word ook deur die Vatikaan aan Vangheluwe opgelê nie (Deweirdt, 2012: 80). Na afloop van die verskyning van 'n vierdelige dokumentêre reeks getiteld *Godvergeten* (2023) waarin onderhoude gevoer word met slagoffers (en hulle familieledes) van seksuele misbruik deur katolieke priesters en vaders in die dekades vóór 1990, word die debat rondom die tekortkominge van die juridiese en kerklike regsistelsel opnuut ontketen in die Belgiese parlement (sien *Godvergeten: wat was die rol van die kerk en van justisie?*). So byvoorbeeld lewer Peter Mertens – sekretaris van die Party van De Arbeid – in 2023 'n toespraak waarin hy versoek dat 'n parlementêre ondersoekkomitee die gebreke van België se juridiese stelsel moet blootlê, veral aangesien die Biskop van Brugge toe (veertien jaar later) nog steeds nie van sy amp deur die Vatikaan onthef is nie (*Godvergeten: wat was die rol van die kerk en van justisie?*). Die biskop ondergaan uiteindelik in Maart 2024 ontwyding as geestelike deur pous Francis (Winfield, 2024).

Dit is dus duidelik dat die erns en deurlopendheid van hierdie kwessie selfs net tot en met 2011 waarskynlik kan verklaar waarom resensies van *Bloed en rozen* se 2011-vertoning sterk negatiewe of positiewe takserings van die uitbeelding van kerklike en juridiese magstematiek gegee het. Verder het hierdie beoordelings juis die *herkenbaarheid* van die drama se magtematiek onderstreep omdat dit so toepaslik was vir die aktuele Belgiese konteks van daardie tyd.

In soverre dit *Bloed en rozen* betref, wil dit dus voorkom asof beginsel een

en beginsel drie van Hutcheon se verwerkingsbeginsels 'n alliansie vorm op grond van die intertekstuele herkenbaarheid van temas. Hierdie vennootskap is verder min begaan oor of die intertekstuele gesprek plaasvind tussen fiksie en die werklikheid, want al is dit so dat Lanoye wyd ontleen het uit werklike historiese materiaal, raam Lauwert (in Lanoye, s.a.) sy beoordeling van hierdie skrywer se vakmanskap soos volg: "Lanoye weet namelijk zeer goed dat een toneelstuk niet moet vertellen wat gebeurd is, maar wel de indruk verwekken dat het zo gebeurd is. Het suggestieve is geloofwaardiger dan de waarheid." Daar kan dus aangeneem word dat intertekstualiteit 'n kragtige invloed uitoefen op hoe 'n verwerkte teks ontvang word; Cutchins (2014: 44) poneer immers dat 'n teks juis 'n verwerking genoem word omdat 'n bepaalde soort intertekstualiteit eintlik identifiseer word.

4. Navorsingsvrae en metode

Na die beste van my wete is nog geen eweknie-beoordeelde navorsing oor Tom Lanoye se *Bloed en rozen*-dramateks gepubliseer nie. Slegs 'n beperkte hoeveelheid deeglik geskrewe resensies is beskikbaar van die 2011-vertoning van die drama by die Fees van Avignon in Frankryk. Daarom is besluit op 'n induktiewe navorsingstrategie geïmplementeer met 'n stipleesmetode van resensies om te bepaal presies hoe die vertoning van die drama ontvang is, wat die rede(s) daarvoor kon wees, en hoe antwoorde op hierdie vrae moontlik verdere insae verskaf in die teks se prominente bemoeienis met mag en intertekstuele gegewens.

Ruimtebepeking en die primêre fokus van die artikel dikteer dat slegs beginsel een en drie van Linda Hutcheon se verwerkingsteorie ingespan word om die resepsie van die *Bloed en rozen*-vertoning na te gaan. Daarom wil die onderstaande bespreking eerstens bepaal in watter mate daar 'n suksesvolle tematiese oordrag plaasgevind het tydens die vertoning en tweedens hoe en in watter mate intertekstualiteit 'n rol gespeel het in die ontvangs van die vertoning. Antwoorde op hierdie vrae word in die gevolgtrekking van hierdie studie gebruik om inleidend te besin oor hoe 'n verwerkte teks soos *Bloed en rozen* moontlik nuut uitbrei op die aktuele Belgiese diskoers rondom kerklike en juridiese vorme van mag, asook hoe die Middeleeuse geskiedkundige verlede wat die drama ondersteun, moontlik daardie verlede vir die gehoor nuut kan ontsluit. Hierdie waarnemings word begrond deur die sienings van Furze (2020: 29) wat skryf dat verwerkings meer resoneer op grond van die herkenbaarheid van temas as historiese akkuraatheid. Verder is verwerkings waardevol omdat hulle die verlede help

deurgrond deur die gebruik van teenswoordige kontekste – en dan vernaam wanneer sosiopolitieke kritiek op toestande in die hede gelewer word (Furze, 2020: 29).

5. Bespreking

5.1. Beginsel een van verwerkingsteorie: die verwerkte teks as 'produk' of 'entiteit' op sigself

Die eerste beginsel van verwerkingsteorie hou voor dat temas een van die maklikste storie-elemente is wat oor genres heen oorgedra kan word, of wat 'n ontologiese herkontekstualisering kan ondergaan (Hutcheon, 2006: 10). As sodanig vorm tematiese oordrag een van die belangrikste onderdele van verwerking – en dan veral met romans en dramas (Seger, 1992: 14). Wanneer 'n dramatiese opvoering werk met gegewens wat 'n ontologiese klemverskuiwing ondergaan het, is daar uiteraard onmiddellike ouditiewe en visuele implikasies betrokke (Hutcheon, 2006: 42). In *Bloed en rozen* se geval vind daar 'n skuif plaas tussen 'n werklike (of weliswaar geïnterpreteerde) historiese narratief en 'n lewendige opvoering op die verhoog. In sulke gevalle gee dit aanleiding tot sekere verwagtinge omdat hier nou streng gesproke beweeg word van die verbeelde werklikheid na die gevisualiseerde werklikheid van dit wat nou direk waargeneem word (Hutcheon, 2006: 8). Die fisieke verhoog plaas byvoorbeeld sekere beperkings op aksie en karakterisering (Hutcheon, 2006: 42). So byvoorbeeld is daar al gesê dat alle lewendige uitvoerings inboet aan die uitbeelding van die karakter se innerlike of private motivering as gevolg van die proses van eksternalisasie (Brady, 1994: 3). Regisseurs kan sulke beperkings op aksie en karakterisering te bowe kom deur die verhoog in te klee met minimale rekwisiete sodat dit juis kontrasterend te werk gaan met die moontlik komplekse bronmateriaal waaruit die drama ontspring (Hutcheon, 2006: 42). 'n Minimale verhooginkleding het egter op sy beurt tot gevolg dat die kompleksiteit van die historiese moment en die visuele milieu waarin die drama afspeel, moeiliker kommunikeerbaar is aan die gehoor (Hutcheon, 2006: 42). Hiervoor word digitale skerms met vrug ingespan deur regisseurs, en in sommige gevalle kan meer as een skerm byvoorbeeld die illusie wek dat 'n karakter tegelyk in 'n werklike omgewing op 'n gegewe tydstop is, maar ook 'n verbeeldingsvlug beleef (Hutcheon, 2006: 42). Verfilming geniet in sulke gevalle 'n groot voordeel bo dramas omdat bewegende kameras op verskillende bane – wat dan later saam geredigeer word – die moontlikhede van die gehoor se persepsie kan uitbrei en rig (Hutcheon, 2006: 42-43).

5.1.1. Die vertoning van *Bloed en rozen*

Bloed en rozen word in 2011 tydens die Festival d'Avignon by die Palais Des Papes – 'n diskrete alkoof – binne die mure van die Cour d'honneur opgevoer (Festival Avignon, s.a.). Die regisseur, Guy Cassiers, klee die verhoog in met minimale rekwisiete en gebruik videomateriaal om sekere dele van die opvoering te vertoon en die produksie word vergesel van polifoniese musiekversorging (Festival Avignon, s.a.).

Die webtuiste wat die argiefmateriaal van die advertensie hieroor bevat, bestempel die gekose ruimte as 'n sogenaamde versinnebeelding van kerklike of ekklesiastiese mag en herinner die leser daaraan dat die kerk en die hof in *Bloed en rozen* as een instansie hanteer word – wat dus meebring dat die keuse van ruimte die dramateks se bemoeienis met kerklike en juridiese aparate van mag as tema beklemtoon (Festival Avignon, s.a.). Die alkoof word beskryf as 'n ruimte met 'n “wurgende intimiteit” waartydens “die heimelike terzijdes, de wierook en de tranen” van die opvoering ook op digitale skerms vertoon word (Van Der Speeten in Lanoye, s.a.). Daarvoor gebruik Cassiers een groot trupprojektor en twee klein projeksieskerms om 'n gevoel van projeksies-in-projeksies te skep (Desmet in Lanoye, s.a.).

Hierbenewens dien die plek van vertoning as verdere intensivering van die historiese verwysingsmateriaal wat deur *Bloed en rozen* se narratief benut word (Festival Avignon, s.a.). Daarmee bedoel die webtuiste dalk eerder dat spesifiek *die tematiese inhoud* van die drama deur die keuse van ligging geïntensiveer word, want hier word eintlik 'n bepaalde intertekstualiteit geïdentifiseer. Die feit dat daar gekies is om die opvoering te laat afspeel binne 'n redelik afgesonderde alkoof kan selfs ook weldeurdag wees om in te speel op die idee dat hier 'n intonneling geskied na die ruimte van kerklike en ekklesiastiese mag.

5.2. Beginsel drie van verwerkingsteorie: Die proses van resepsie van die verwerkte teks

Die aantrekkingskrag van verwerkings vir gehore kan volgens Hutcheon (2006: 114) velerlei van aard wees. Die verwerkte teks kan positief ontvang word danksy herlewing of hervatting van 'n bekende narratief, of dit kan gesien word as 'n aangename variasie te danke aan die ongelyksoortigheid van 'n betrokke verwerkte teks (Hutcheon, 2006: 114). Verder is herkenbaarheid of oorspronklikheid kwaliteite wat met die ervaring van verwerkte tekste geassosieer word (Hutcheon, 2006: 114). Die dramaturg

Terrence McNally (2002:19) gebruik voorbeelde van suksesvolle operas en musiekblyspele om op te merk dat waardering vir die kreatiewe verwerking van tekste juis berus op hoe dit bekende narratiewe nuut verpak. Dit is 'n waarneming wat volgens Hutcheon (2006: 114-115) eintlik van toepassing gemaak kan word op enige verwerking. Deel van beide die frustrasie of die plesier van die belewenis van 'n verwerking is juis die bekendheid wat uit herhaling en geheue ontstaan (Hutcheon, 2006: 21). Hierdie bekendheid is 'n heenwysing na die inherente dialogistiese (in Bakhtiniaanse terme) aard van die verwerkte teks (Stam, 2000: 64).

5.2.1. Die resepsie van die *Bloed en rozen*-vertoning

Op Tom Lanoye se webtuiste verskyn 'n elektroniese dokument met vyf deurtastende resensies wat almal laat in Mei 2011 in die koerante *Knack*, *De Volkskrant*, *De Standaard*, *De Morgen* en *La Libre Belgique* verskyn het. Laasgenoemde (deur Guy Duplat) verskyn in Frans, en is nie in hierdie studie ontleed nie. Die oorblywende resensies is uit die pen van teaterjoernalis Karin Veraart, joernalis en essayis Yves Desmet, redakteur en skrywer Geert Van Der Speeten en die akteur, skrywer en regisseur Guido Lauwaert.

In hierdie resensies is dit duidelik dat *Bloed en rozen* se 2011-vertoning as geheel uiters positief ontvang is, want deurlopend word daarna as boeiende teater verwys. Van Der Speeten (in Lanoye, s.a.) bestempel *Bloed en rozen* as “apokaliptiese” teater wat “vonk en knettert als de brandstapel van Jeanne d’Arc”. Lanoye se retoriese ooredingsvermoë in terme van sy teaterwerk is welbekend onder skrywers en resensente (vergelyk Van Der Speeten in Lanoye, s.a.; Gerits, Tindeman en Van Kempen, 2012: 460; Legros, 2020: 36). Die dialoog in *Bloed en rozen* is kentekenend van Lanoye se skryfinslag: hegopgebou, 'n liriese poëtiese taal met ruim gebruik van binne- en eindrym, metrum, alliterasie, assonansie en 'n narratief wat met metaforiek deurspek is (Desmet in Lanoye, s.a.). In oorleg hiermee skryf resensente lowend oor Lanoye se poëtiese woordkuns. Lanoye word byvoorbeeld beskryf as 'n “zwerige taalkunstenaar” (Van Der Speeten in Lanoye, s.a.). Volgens Gerits, Tindeman en Van Kempen (2012: 460) is Lanoye se teatertaal “altijd hoogretorisch met subtiele ironie” en “perfect uitgebalanceerd”. Ooreenstemmend is alle ander oorblywende resensies dit eens op die ambagtelike taalversorging van die drama.

Karin Veraart (in Lanoye, s.a.) se resensie bestaan grootliks uit 'n sinopsis van *Bloed en rozen* se narratief wat waardering uitspreek vir hoe goed die akteurs van die twee hoofkarakterrolle hulle van hulle taak gekwyt het. Sy

sonder ook die aktualiteit van die drama se narratief uit deur te postuleer dat Lanoye se narratief as't ware 'n taksonomie is van kerklike magspel.

Yves Desmet (in Lanoye, s.a.) plaas vroeg reeds klem op die toepaslikheid en herkenbaarheid van die narratief op die teenswoordige konteks wanneer hy verklaar die “gelijkenis met bestaande personen en toestanden is absoluut niet toevallig”. Desmet (in Lanoye, s.a.) raam hierdie waarneming met 'n hoogagting van veral die tegniese versorging van die drama: die “magistraal akteurstantent”, taalgebruik en spesifiek die geslaagdheid van Guy Cassiers se beeldtegniek word uitgesonder.

In verband met laasgenoemde geniet twee aspekte aandag in hierdie resensie. Eerstens skep die bykans leë verhoog met een groot projeksieskerm en twee kleiner projeksieskerms volgens Desmet (in Lanoye, s.a.) 'n intimiteitsgevoel in verband met die uitbeelding van kerklike mag. Tweedens is die projeksies binne projeksies vir Desmet (in Lanoye, s.a.) 'n suksesvolle performatiewe uitvoering van hoe Lanoye 'n spieëlbeeld skep tussen die Middeleeuse en die hedendaagse kerk. Een voorbeeld is wanneer akteurs op die verhoog aan weerskante van 'n toneel op die verhoog rug teen rug wegstaan van mekaar af, maar met projeksies op die sentrale skerm uitgebeeld word asof hulle voor mekaar en oog tot oog staan (Desmet in Lanoye, s.a.).

Guido Lauwaert skryf die langste en mees deeglike resensie, en dit verskyn in twee helftes. Lauwaert skryf ook die indringendste oor Lanoye se teaterkuns en wy die hele tweede deel van sy resensie hieraan. In hierdie deel isoleer hy drie aspekte van Lanoye se vakmanskap: vormvaste organisering, die speelse hantering van opvoertradisies soos voorgeskryf deur tersiêre opleidingsinstansies, en 'n *verwerking* van materiaal in *Bloed en rozen* wat van ambagtelikheid eerder as paradering van die intellek getuig omdat die verwerkte inhoud toegelaat word om bloot vanself te spreek (Lauwaert in Lanoye, s.a.) [my kursivering]. Waar hierdie tweede deel meer begaan is oor die *verpakking* van die drama, detailleer die eerste deel die *inhoud* van die drama.

Net soos ander resensies is hierdie deel ook meestal begaan met die uitbeelding van kerklike en juridiese vorme van mag en die machiavelliaanse metodes wat vir die behoud daarvan ingespan word. Lauwaert (in Lanoye, s.a.) neem egter die saak een stap verder deur die herkenbaarheid van die drama se magstematiek direk te koppel aan die eietydse invloed van die Belgiese Katolieke kerk. Hierdie voortgesette invloed word volgens Véronique Deweydt (2012: 92) in haar strafreg-meerstersgraadverhandeling toegeskryf aan die anachronistiese, Middeleeuse praktyk van *privilegium fori* – wat bepaal dat Katolieke priesters of klerke nie voor sekulêre regsbanke hoef te verskyn

nie, maar verantwoording moet doen aan slegs kerklike regbanke. Hierdie aangeleentheid is problematies in soverre die hedendaagse Belgiese grondwet nie 'n streng en eksplisiete skeiding tussen die kerk en die staat duidelik maak nie (Deweirdt, 2012: 92). Boonop is daar tekortkominge by beide die kerklike regsisteem as die burgerlike strafregstelsel; ondersoeke en uitsprake sloer, en 'n kultuur van swye en geheimhouding kenmerk die werking van Katolieke magstrukture om die reputasie en institusie van die kerk te beskerm (Deweirdt, 2012: 92).

Hierdie stand van sake help om te verhelder waarom Lauwaert (in Lanoye, s.a.) in sy resensie sê dat die Belgiese kerk daartoe in staat is om “elk schandaal komt het te boven, omdat het de derde wereldmacht is, de sterkste wandelgangen en de beste diplomatie ter wereld heeft”. Hierdie uitspraak impliseer 'n grootsheid en swaarwigtigheid wat aan die tematiese inhoud van *Bloed en rozen* toegedig word. Daarom kritiseer Lauwaert (in Lanoye, s.a.) die alkoof as ruimte vir die opvoering, en voer hy aan dat die imposante Katedraal van Antwerpen 'n beter keuse sou wees. Hy is dan ook die enigste resensent wat die keuse van ruimte so sterk kritiseer, maar dit is goed begrond omdat hy konsekwent argumenteer dat mag 'n grootsheid van uitbeelding verg.

Tot dusver wil dit blyk dat die ruimte van die opvoering die resepsieproses (beginsel drie van verwerking) sterk beïnvloed het en eweneens korreleer met die mate waartoe tematiese oordrag (volgens beginsel een van verwerking) in *Bloed en rozen* suksesvol plaasgevind het. Hierdie gevolgtrekking kan onderskryf word onafhanklik daarvan of die opvoering in die alkoof positief of negatief ontvang is. Waar Lauwaert van mening is dat die alkoof nie die nodige gravitas kan verleen aan die magstematiek nie, beskou twee ander resensente – te wete Van Der Speeten en Desmet – die alkoof as verpersoonliking van die sogenaamde intimiteit van mag (sien Lanoye, s.a.).

Suksesvolle tematiese oordrag is deur ander resensente geïdentifiseer op grond van hulle intertekstuele bewustheid van vorige dramas deur Lanoye, spesifiek *Mefisto for ever* (2007) en *Atropa* (2008). Met hierdie produksies het Guy Cassiers en Tom Lanoye spesifiek politieke en militêre aspekte van mag ondersoek (Theatre Odeon, s.a.). Veraart (in Lanoye, s.a.) skryf vergelykend oor hierdie dramas en die tweede deel van *Bloed en rozen* wat oor die “grimmiger en ook afstandeliker” verhaal van Gilles de Rais handel: “[w]as er in voorgangers *Mefisto* en *Atropa* nog mogelijkheid tot hoop op medemenselijkheid, in *Bloed en Rozen* voelt die als vervlogen”. Veraart (in Lanoye, s.a.) noem ook die opvoering “actueel” aangesien Tom Lanoye “op vernuftige wijze een volkomen corrupt syteem tegen het licht houdt, waarin keihard (kerkelijk) machtsspel aan de orde van de dag is”.

Laasgenoemde waarneming sinjaleer 'n bepaalde intertekstuele identifisering wat die toepaslikheid van Lanoye se histories verwerkte drama in 'n huidige konteks insien. Spesifiek die vierde en laaste resensie deur Geert Van der Speeten (in Lanoye, s.a.) gee ook een van die duidelikste blyke van hoe herkenbaar die drama voel binne konteks van die teenswoordige België: “de parallellen met vandaag liggen voor het rapen. Schuldig verzuim en hypocrisie, daders die de afzondering van het klooster opzoeken, het zalvende gezemel en gepreek van de clerus: we herkennen meteen” (Van Der Speeten in Lanoye, s.a.). Verder verskil Van Der Speeten (in Lanoye, s.a.) se teks nie ingrypend van die reeds besproke resensies nie, maar dit plaas wel meer klem as al die ander op hoe realisties en eietyds (“midden de actualiteit”) *Bloed en rozen* se uitbeelding van 'n Middeleeuse tydvak was. Van Der Speeten (in Lanoye, s.a.) is ook die enigste resensent wat die produksie se gebruik van videomateriaal (om, soos Hutcheon teoretiseer, persepsie uit te brei en vir die ontologiese verskuiwing van die verhaal te kompenseer) direk koppel aan die magstematiek van die drama. Verfilmde dekor van die pous se paleis van Avignon vergesel byvoorbeeld die aksie op die verhoog, en telkens wys die videomateriaal op die skerms hoe amptenare konkel omtrent die lot van die hoofkarakters (Van Der Speeten in Lanoye, s.a.). Die skerms vertoon ook intieme alleensprake (“heimelike terzijdes”), en Van Der Speeten (in Lanoye, s.a.) lees hierdie bevoorgroding as 'n naderbring van die “achterkamer waar gewichtige beslissingen genomen worden” – die “zetel van de kerkelijke macht”.

6. Bevindinge

In oorleg met beginsel een van Hutcheon se verwerkingsteorie is die *Bloed en rozen*-narratief se ontologiese herkontekstualisering en gepaardgaande visuele en ouditiewe implikasies (waarvoor vergoed is deur die gebruik van videomateriaal) grootliks positief ontvang deur twee van die resensies. Waardering is spesifiek uitgespreek vir hoe videomateriaal die drama se uitbeelding van magstematiek ondersteun en vir hoe geslaagd dit karakters se private motivering kan versinnebeeld (sien Desmet in Lanoye, s.a.; Van Der Speeten in Lanoye, s.a.)

Beginsel drie van verwerkingsteorie op die keper beskou met die resepsie van *Bloed en rozen* se 2011-opvoering getuig daarvan dat tematiese oordrag besonder suksesvol was: Resensente se beskrywings verleen swaarwigtigheid aan die drama se bemoeienis met mag. Dit veroorsaak selfs aansienlike verdeeldheid in soverre dit die gekose ruimte van die vertoning betref, want die ligging van die opvoering in die alkoof van die Cour d'honneur is enersyds

geloof danksy die diskreetheid en die benouende intimiteit daarvan as 'n soort intonneling na die hoogs spesifieke aspekte van mag wat *Bloed en rozen* ondersoek, maar is andersyds gekritiseer omdat dit nie na bewering rekening hou met die grootsheid en imposantheid van die Katedraal van Antwerpen nie (sien Lauwaert in Lanoye, s.a.; Van Der Speeten in Lanoye, s.a.). Daarom kan gesê word dat die ruimte of die ligging van die opvoering uit die staanspoor 'n sekere koppelvlak was tussen suksesvolle tematiese oordrag en die resepsie van die vertoning. Verder het vorige dramas deur Lanoye ook meegewerk aan hoe geredelik die temas rondom mag geïdentifiseer is, maar die meerderheid resensies spandeer heelwat tyd aan hoe herkenbaar – soos beginsel drie van verwerking dit aanstip – en toepaslik die temas van die drama is op die Belgiese milieu van die dag.

Die toepassing van Hutcheon (2006: 8) se verwerkingsteorie binne die parameters van hierdie studie bevestig uiteindelik dat beginsel een van verwerking (wat hoofsaaklik met die oordrag van temas en ontologiese herkontekstualiserings werk) en beginsel drie (wat oor die ontvangs of resepsie van die betrokke verwerkte teks handel) 'n noue alliansie vorm bloot omdat verwerking beskou word as 'n vorm van intertekstualiteit. 'n Stiplees van die resensies oor die vertoning van *Bloed en rozen* illustreer hierdie verband klinkklaar: Die mate waartoe temas suksesvol oorgedra is, is direk gekorreleer met hoe intertekstueel herkenbaar die inhoud van die opvoering vir die gehoor was. Boonop is die resepsie oënskynlik sterk deur intertekstuele herkenbaarheid beïnvloed – ongeag of resensente se taksering van die vertoning negatief of positief is.

Hierdie herkenbaarheid is klaarblyklik nie uitsluitlik of selfs nie eens primêr geskoei op die werklike geskiedkundige materiaal oor die Middeleeue, Jeanne d'Arc en Gilles de Rais waaruit die drama ontleen nie, maar eerder op hoe die temas rondom mag toepaslik is vir die Belgiese kollektiewe bewussyn van die negentigerjare en daarna. Veral in die jaar vóór die 2011-opvoering is spanninge binne (en tussen) die regsisteme van die burgery en Katolieke kerk opnuut oopgevlak na afloop van die aantygings van pedofilie teen Vangheluwe. Die Belgiese diskoers het dus 'n onmiskenbare invloed uitgeoefen op hoe intertekstueel herkenbaar magstematiek in *Bloed en rozen* was en uiteindelik hoe suksesvol Lanoye was om tematiese oordrag in sy verwerking te bewerkstellig.

Cutchins (2014: 44) beaam die waarneming dat intertekstualiteit die verbinding vorm tussen diskoers en tekste juis omdat intertekstualiteit inherent rekening hou met ontologiese, semiologiese veranderings. Dit bevestig Hutcheon se nosie van verwerking as vorm van intertekstualiteit. Bakhtin (in

Cutchins, 2014: 43) plaas ook klem op die rol van diskoers in intertekstualiteit wanneer hy teoretiseer dat daar op die vlak van die individuele woord of uitinge altyd sprake van invloed is, hetsy daardie invloed toe te skryf is aan ander tekste of so eenvoudig kan wees soos die bewustheid van sosiale diskoers rondom 'n onderwerp.

Hierdie artikel het verder verhelder waarom Hutcheon (2006: 7) beweer dat getrouheidskritiek – wat uit evaluasies spruit oor hoe na aan of hoe ver verwyderd verwerkte tekste is van die bronne waaraan dit ontleen – sinneloos is. Dit is die *toepaslikheid* (van temas) binne die *teenswoordige konteks* wat vir gehore deurslaggewend is wanneer die sukses van 'n verwerkte teks beoordeel word (Furze, 2020: 36). Die bronnelys wat die Vlaamse sowel as die Afrikaanse publikasie van *Bloed en rozen* vergesel, maak dit onmiskenbaar dat Lanoye met sy verwerking aansienlik wyd ontleen het uit Europese Middeleeuse geskiedenis oor Jeanne d'Arc, Gilles de Rais en Niccolò Machiavelli. Die sukses van die opvoering is egter daarin geleë dat Lanoye die beperkings van teater (soos van tyd, ruimte en aksie) suksesvol kon ontstyg met 'n gestroopte, gekondenseerde vertelling waarin die fokus van die stuk nie op historiese akkuraatheid is nie. 'n Gehoor kan dus ewe min begaan wees oor historiese akkuraatheid as dit by tematiese resonansie kom, en in so 'n geval stel Furze (2020: 29) voor dat dit juis geldig is om te oorweeg hoe 'n verwerkte teks 'n varser en breër blik bied op die hede.

In Hutcheon se terme beteken dit dus dat die (suksesvolle) oordrag van tematiek sentraal staan in hoe 'n verwerkte teks ontvang word. Dié wisselwerking is ook 'n wederkerige proses: Resepsie word geïnformeer deur geredelike herkenning van temas op grond van kennis oor brontekste, teenswoordige diskoerse of ander aktuele verbintenisse. Waar so 'n wisselwerking 'n skakel tussen die hede en verlede betref omdat 'n verwerkte teks vanuit die geskiedenis leen, bedryf verwerkings 'n bepaalde soort verheldering van die verlede as gevolg van hoe dit die materiaal van toepassing maak op 'n huidige stel omstandighede, veral wanneer kritiek met die verwerkte teks op 'n teenswoordige konteks gelewer word (Furze, 2020: 29). Furze (2020: 29) beskou hierdie eiesoortige wisselwerking as die lokus van die waarde van verwerkings. Na my oordeel moet Furze se opmerking egter gekwalifiseer word deur by te voeg dat die verlede op so 'n wyse bloot geïnterpreteer word, en nie noodwendig 'n sogenaamd werklike weerspieëling is nie.

Desnieteenstaande is Furze se waarnemings gedagteprikkelend as dit toegepas word op die resepsie van *Bloed en rozen* en dit beperk tot die diskoers rondom owerhede se behartiging van geregtelike ondersoeke na

pedofilie in die Katolieke kerk, veral rondom die jaar 2010. In die eerste plek wil dit nie voorkom asof die resepsie van *Bloed en rozen* pertinent aandui hoe die teks soseer 'n vars of breër perspektief bied op die heersende diskoers van die eietydse Belgiese milieu nie. Wat die drama klaarblyklik wel regkry, is om eksplisiet te veruiterlik dat die kerk en die staat as't ware steeds een (mags-)instansie is. Dit is so omdat die praktyk van privilegium fori subtiel voortgesit word en geheimhouding steeds die modus operandi van die Katolieke kerk vorm, toe sowel as nou (sien *Godvergeten*, 2023). Die drama maak dus die volgende implisiete uitspraak: Die hede *is* nog die verlede.

Tweedens, in terme van hoe die tydperk van die Middeleeue nuut belig word deur sosiopolitieke kritiek te lewer met 'n stel kontemporêre omstandighede, wil dit uit die resepsie van *Bloed en rozen* voorkom asof hier gesê word dat die Middeleeuse belewenis miskien nie so ver verwyderd is van die huidige tydperk nie, siende anachronistiese kerklike praktyke grootliks gehandhaaf word (sien Desmet in Lanoye, s.a.; Deweirtd, 2012: 92). Dit is bykans asof die drama se uitvoering voorhou dat daar nie so 'n netjiese skeiding bestaan tussen die Middeleeue en die huidige post-Verligtingsera nie, want hiervoor is magstematiek in *Bloed en rozen* te herkenbaar. So 'n gevolgtrekking strook met die bevindinge van Deweirtd (2012: 92) omtrent die blywende relatiewe binding van kerk en staat in die Belgiese grondwet. *Bloed en rozen* skep immers so 'n sekere verbintenis tot die verlede met die gebruik van teenswoordige sosiopolitieke kritiek ('n kwessie konsekwent so deur resensente geïdentifiseer) dat die opvoering in der waarheid wys hoe tegelyk Middeleeus en eietyds menslike praktyke in terme van kerklike en juridiese justisiesisteme kan wees.

Hierdie soort gevolgtrekkings is na my skatting moontlik gemaak deur 'n navorsingsontwerp juis begrond in resepsieteorie, want dit vereis van die navorser om die tradisionele stipleesmetode selfs meer nougeset en gespesifiseerd toe te pas. Dit is gedoen deur rekening te hou met die kontakpunte tussen *Bloed en rozen* en die toeskouers, tussen opvoering en diskoers. Daarom was die gronddoelwit van hierdie studie om te bepaal presies hoe die 2011-opvoering van *Bloed en rozen* tydens die Fees van Avignon ontvang is, al is dit voor die hand liggend dat die sentrale bemoeienis van die drama spesifieke vorme van mag is. Sonder om egter te reik na bekende teorieë oor mag en om uitsluitlik gebruik te maak van die tradisionele stipleesmetode, wil hierdie artikel ander navorsers aanmoedig om die veelvuldige metodes van analise in resepsieteorie te benut as 'n manier om tekste (moontlik nuut) te kan ontsluit, of wil hierdie studie verdere ondersoek help stimuleer waar tekste of skrywers onderbestudeer is, of waar 'n hiaat in

navorsing ondervind word. Vandaar dus dan die relevansie van hierdie artikel vir die Suid-Afrikaanse konteks.

7. Die voortgesette invloed van intertekstualiteit: Machiavelli en die behoud van mag

Tot dusver het die machiavelliaanse faset van magstematiek in *Bloed en rozen* effe agterweë gebly; Erwin Jans se nawoord maak immers die stelling dat juis machiavelliaanse metodes ontplooi word ter behoud van kerklike en juridiese vorme van mag. Die algemene diskoers rondom Machiavelli tipeer hom gewoonlik as 'n ongenaakbare pragmaties wat sinies afgestem en magsbehep is (Von Vacano, 2007: 11). Von Vacano (2007: 11) stel egter voor dat 'n stiples van Machiavelli se literêre oeuvre en veral sy poësie bygehaal moet word wanneer hierdie figuur se nalatenskap nagegaan wil word. Hiervolgens is Von Vacano (2007: 6) van mening dat Machiavelli se teoretisering rondom politieke mag en leierskap in *The Prince* (1513) ook in estetiese terme gesien kan word. Verder is heroïese aksie 'n sentrale bemoeienis in *The Prince* (Von Vacano, 2007: 6). Von Vacano (2007: 11) begrond sy argument met 'n analise van Machiavelli se gedig "l'Asino" (*The Ass*) wat in 1517 geskryf is. Daarin figureer metafore wat die digter-spreker só representeer dat Von Vacano (2007: 11) dit beskou as 'n moontlike verteenwoordiging van die estetiese, tragiese en heroïese dimensies van Machiavelli se uitkyk op die politiese sfeer.

Op 'n soortgelyke wyse wil dit voorkom asof die machiavelliaanse magstematiek wat in *Bloed en rozen* aan bod kom in 'n verwickelde verhouding staan met sekere estetiese, tragiese en heroïese aspekte. Dit is 'n kwessie wat betreklik aandag geniet in die bemerking en resepsie van Lanoye se opvoering. So byvoorbeeld word *Bloed en rozen* se narratief as 'n "meeslepende tragedie" bestempel en sy antitiese hoofkarakters beskryf as "tragiese, heroïese" figure (Desmet in Lanoye, s.a.; Festival Avignon, s.a.). Die waargenome lyding van die hoofkarakters weens die vermaledyde afloop van hulle lewensreise is as't ware 'n ode van Lanoye aan die antieke ontstaansgeskiedenis van die drama aangaande die 'gewyde' lyding van heroïese figure (Nietzsche in Henrichs, 2008: 448). Vergelyk die aanhaling "iedereen mag gefolterd word" in *Bloed en rozen* se gepubliseerde teks wat die eerste afdeling getiteld "Rozen" (met die onderskrif "Jeanne") inlui (sien Lanoye, 2011). Dit is 'n aanhaling uit 'n handboek van die Inkwisisie. Die Griekse tragedie het, fundamenteel gesproke, juis sy oorsprong in een van die bekendste probleme wat die menslike bestaan kenmerk, naamlik die

lyding van die mens en sy worsteling met die tweespalt tussen goed en kwaad (Smuts, 1989: 11). Daarvan is Jeanne en Gilles in *Bloed en rozen* – as ’n soort vervlegde vennootskap van hierdie kontraswerking – klinkklare beelde.

Na my oordeel is juis die gelyktydige naasmekaarstelling en vervloeiing van Jeanne en Gilles se antitetiese rein en goddelose kwaliteite waarin *Bloed en rozen* se estetiese dimensie gesetel kan wees. Dit is omdat hierdie verhaalgegewens verpak word in volgehoue poëtiese dialoog en genuanseerde karakterontwikkelings. Verder maak resensies byvoorbeeld heelwat melding van Lanoye se estetiese versorging van *Bloed en rozen*: Veraart (in Lanoye, s.a.) en Desmet (in Lanoye, s.a.) beskryf die vertoning as “griezellig mooi van vorm” en ’n “esthetisch bombardement van schitterende tekst”, en skryf dat Lanoye se voorstelling van gebeure bykans “té mooi zijn”. Vergelyk ook die grootskaalse ontugtering en gevolglike oorgawe aan morele verval wat die karakter van Gilles de Rais in *Bloed en rozen* ná Jeanne se teregstelling ondergaan in oorleg met Von Vacano (2007: 13) se inhoudelike analise van Machiavelli se “l’Asino”-gedig. Daarin is die digter-spreker ontugter met sy lewenswandel:

the narrator believes [...] the world he lived in was one of ingratitude for the just and rewards for the unjust. It is a poem not about that classical concern of political philosophy, justice, but rather its opposite, injustice, which seems to be at the core of the political.

Die vermeende verbintenis tussen ongeregtigheid en politiek wat in die laaste sin geopper word, is ’n gedagteprikkelende waarneming as daar voor oë gehou word dat Belgiese owerhede nog so onlangs as die jaar 2023 hewig onder skoot gekom het vir hulle hantering van die pedofielskandale van die 1990’s en die jaar 2010. Dit maak van *Bloed en rozen* ’n sterk polities betrokke teks. Verder laat ontstaan die machiavelliaanse onderdeel van magstematiek in *Bloed en rozen* byna onwillekeurig die vraag oor watter effek skrywers soos Lanoye bewerkstellig wanneer hulle kies om te werk met (soms kwalik verteerbare) inhoud wat die vergrype van die mens genadeloos aan die kaak stel, maar dit dan inkleef met kunssinnigheid, estetika en romantiek.

8. Slot

Hierdie resepsiestudie van *Bloed en rozen* in oorleg met beginsel een en drie van verwerkingsteorie illustreer hoe vooropgestel tematiese resonansie en hoe deurslaggewend ’n diskursiewe intertekstuele bewustheid vir die gehoor se

belewenis van die drama se 2011-opvoering was. Dat die drama wyd ontleen vanuit Middeleeuse Europese geskiedenis, het betreklik min aandag geniet in resensies. Wanneer die geskiedkundige verlede wel onder die soeklig geplaas is, is bevind dat die Middeleeue identifiseerbaar vergestalt is in 'n drama wat in der waarheid sosiopolitieke kritiek lewer op 'n stel huidige omstandighede. Daarom slaag Lanoye met *Bloed en rozen* daarin om as't ware die netjiese onderskeid tussen hede en verlede, kerk en staat, teks en diskoers te laat vervaag.

Spesifiek die herkenbaarheid van die drama se magstematiek is besonder sterk onder resensente in soverre die drama bovermelde historiese materiaal benut om kerklike, juridiese en machiavelliaanse aspekte van mag binne die konteks van die eietydse (Belgiese) diskursiewe realiteit ondersoek. Hiervoor hoef slegs gekyk te word na die verdeeldheid wat geheers het oor die gekose ruimte van die Palais de Papes-alkoof binne die mure van die Cour d'Honneur-paleis. Weldeeglik op grond van die herkenbaarheid van eietydse (Belgiese) permutasies van mag, voel sommige resensente dat die alkoof die benouende intimiteit en die onontkombaarheid van mag goed vergestalt. Dit terwyl ander (sien Lauwaert in Lanoye, s.a.) van mening is dat die imposantheid van die Katedraal van Antwerpen die swaarwigtheid van die drama se magstematiek beter sou beklemtoon.

Dat sulke sterk opinies oor die vergestaltung van mag in resensies 'n merkbare knelpunt is, is 'n heenwysing na presies hoe belangrik die bestudering daarvan binne Lanoye se teks en binne die konteks van die Belgiese samelewing is. Worsteling met afmetings van die konsep mag in die Belgiese kollektiewe bewussyn is as't ware só 'n sterk en sensitiewe kwessie dat dit goed verwoord word deur die opskrif van 'n protesplakkaat wat lui "[j]ustice kneels before the church" naby Vangheluwe se woning ná sy aftrede (Winfield, 2024). Gevolgtrekkings wat met teks-binne-konteks rekening hou is in hierdie artikel kwalitatief ondersteun deur streng afgebakende resepsieteorie – bepaald vanweë die metodologiese verrysing wat hierdie begronding verskaf en ter wille van aansporing tot verdere ondersoek.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

Bakhtin, M. 1981. *The Dialogic Imagination: Four Essays*. Austin: University of Texas Press.

- Brady, B.** 1994. *Principles of Adaptation for Film and Television*. Austin: University of Texas Press.
- Castor, H.** 2015. *Joan of Arc: A History*. New York: Harper Collins.
- Cutchins, D.** 2014. Bakhtin, translation and adaptation. In Krebs, K. (ed.). *Translation and Adaptation in Theatre and Film*. New York and London: Routledge.
- Deweirdt, V.** 2012. Misbruik van minderjarigen door geestelijken in België: nood aan een parallelle justitie? Ongepubliceerde MA-thesis. Gent: Universiteit van Gent.
- Fairclough, N.** 2003. *Analyzing Discourse: Textual analysis for Social Research*. London: Routledge.
- Fairclough, N.** 2015. *Language and Power. 3rd Edition*. Abingdon and Oxon: Routledge
- Farrelly, M.** 2020. Rethinking intertextuality in CDA. *Critical Discourse Studies* 17(4): 359-376.
- Festival A. S.a.** *Bloed en rozen: Het Lied van Jeanne en Gilles*. <https://festival-avignon.com/en/edition-2011/programme/bloed-rozen-het-lied-van-jeanne-en-gilles-22053>. (Datum van gebruik: 18 Mei 2022).
- Furze, N.** 2020. *Adapting History: Applying Adaptation Theory to Historical Film and Television*. Gepubliceerde PhD-proefschrift. Canterbury: Proquest.
- Godvergeten.** 2023. [Aanlyn video]. <https://kro-ncrv.nl/programmas/godvergeten>. (Datum van gebruik: 26 Junie 2024).
- Godvergeten: wat was de rol van de kerk en van justitie?** 2024. [Aanlyn video]. <https://www.youtube.com/watch?v=GNbcZShv7hk>. (Datum van gebruik: 26 Junie 2024).
- Graham, A.** 2003. *Intertextuality*. London: Routledge.
- Gerits, J., Tindemans, K. en Van Kempen, M.** 2012. Leegte Lacht. *Streven* [Aanlyn], 79: 451. https://www.dbnl.org/tekst/_str010201201_01/_str010201201_01_0103.php?q=Gerits,%20J.,%20Tindemans,%20K.,%20Van%20Kempen,%20M.%202012.%20Leegte%20Lacht,%20Streven%2079.#h11. (Datum van gebruik: 18 Mei 2022).
- Henrichs, A.** 2008. Nietzsche on Greek tragedy and the tragic. In Gregory, J. (ed.). *A Companion to Greek Tragedy*. Massachusetts, Oxford and Carlton: Blackwell Publishing Ltd.
- Hutcheon, L.** 2006. *A Theory of Adaptation*. Londen and New York: Routledge.
- Hutcheon, L en O'Flynn, S.** 2013. *A Theory of Adaptation*. 2nd Edition. London and New York: Routledge.
- Kaai Theater.** S.a. *Bloed en Rozen: Het Lied van Jeanne en Gilles*. <https://>

www.kaaitheater.be/en/agenda/bloed-rozen-het-lied-van-jeanne-en-gilles. (Datum van gebruik: 18 Mei 2022).

- Lanoye, T. S.a.** *Bloed & Rozen-Het Lied van Jeanne en Gilles* van Tom Lanoye voor Guy Cassiers/Toneelhuis: Recensies. <https://www.lanoye.be/sites/default/files/2018-11/BLRozRecensies1.pdf>. (Datum van gebruik: 19 Maart 2022).
- Lanoye, T.** 2011. *Bloed en rozen: het lied van Jeanne en Gilles*. Antwerpen: Het Toneelhuis.
- Legros, A.** 2021. "Dit is het verhaal van een banale liefde": Homoseksualiteit in het werk van Tom Lanoye en Gerrit Komrij. Ongepubliceerde MA-thesis. Liège: Universiteit van Liège. <https://matheo.uliege.be/handle/2268.2/117959>. (Datum van gebruik: 20 Mei 2022).
- McNally, T.** 2002. An operatic mission: Freshen the familiar. *New York Times*, 1 September: 19.
- Rossouw, M.** 1992. Resepsieteorie. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Richey, S.W.** 2003. *Joan of Arc: The Warrior Saint*. Westport and Londen: Praeger.
- Seger, L.** 1992. *The Art of Adaptation: Turning Fact and Fiction into Film*. New York: Henry Holt and Company.
- Stam, R.** 2000. Beyond fidelity: The dialogics of adaptation. In Naremore, R.L. (ed.). *Film Adaptation*. New Brunswick: Rutgers University Press.
- Staphorst, L.** 2021. Voorgevoelens, vertolkings en verklaarings: resepsie van 'n 19de-eeuse |xam-kum. *Tydskrif vir Letterkunde* 58(2): 103-117.
- Smuts, J.P.** 1986. *Triptiek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Theatre Contemporain.** S.a. *Bloed en rozen: Het lied van Jeanne en Gilles*. https://www-theatre--contemporain-net.translate.google.com/textes/Bloed-Rozen-Het-lied-van-Jeanne-en-Gilles-Tom-Lanoye?_x_tr_sl=fr&_x_tr_tl=en&_x_tr_hl=en&_x_tr_pto=sc. (Datum van gebruik: 18 Mei 2022).
- Theatre Odeon.** S.a. Odéon Théâtre De L'Europe: *Bloed en rozen [Blood and roses]*. <https://www.theatre-odeon.eu/en/Plays/bloed-rozen-blood-roses>. (Datum van gebruik: 18 Mei 2022).
- The Economist.** 1996. Something rotten. <https://backissues.com/issue/The-Economist-September-07-1996>. (Datum van gebruik: 6 Junie 2022).
- Von Vacano, D.A.** 2006. *The Art of Power: Machiavelli, Nietzsche and the Making of Aesthetic Political Theory*. Plymouth: Lexington Books.
- Walgrave, S. en Varone, F.** 2008. Punctuated equilibrium and agenda-setting: bringing parties back in: policy change after the Dutroux crisis in Belgium. *Governance: An International Journal of Policy, Administration*

and Institutions 21(3): 365-395.

Warner, M. 1981. *Joan of Arc: The Image of Female Heroism*. Berkeley and Los Angeles: The University of California Press.

Winfield, N. 2024. Belgian Bishop defrocked 14 years after admitting to abusing nephew. *Associated Press News*. <https://apnews.com/article/vatican-pope-abuse-belgium-vangheluwe-3ecb0cac61833eafec73af99aa9158ef>. (Datum van gebruik: 28 Junie 2024).

“pure droom en pure spel”: Reza de Wet se *On the lake: a tragicomic dream play* as ’n feministiese aansluiting by August Strindberg se dramaturgie

Danie Stander

“pure dream and pure play”: Reza de Wet’s *On the lake: a tragicomic dream play* as a feminist correspondence with August Strindberg’s dramaturgy

In this article, attention is paid to one of Reza de Wet’s most overlooked plays: On the lake: a tragicomic dream play. While this drama’s most obvious intertext is Anton Chekhov’s The Seagull, On the lake contains several clues to the influence of August Strindberg’s expressionist drama, A dream play. Consulting unpublished archival sources shows how De Wet’s engagement with Strindberg’s work shaped her anti-illusionist dramaturgical poetics. While On the lake is read as a partial tribute to A dream play, it is also identified as a feminist reaction to Strindberg’s depiction of and commentary on women. This analysis sheds light on a still underacknowledged drama by one of South Africa’s most acclaimed playwrights.

1. Inleiding

In hierdie artikel word daar aandag geskenk aan een van Reza de Wet (1952-2012) se dramas wat betreklik min ondersoek is: *On the lake: a tragicomic dream play* (vervaardig in 2001, gepubliseer in 2002).¹ Hoewel dié toneelstuk se mees klaarblyklike interteksts die Russiese dramaturg Anton Tsjechof (1860-1904)² se drama *Die seemeeu* [*Cháyka*] (1896)³ is,^{4,5} verpak De Wet leidrade na die invloed van August Strindberg (1849-1912) se ekspressionistiese toneelstuk *’n Droomspel*⁶ [*Ett drömspel*] (1901) in peritekste wat met *On the lake* gepaardgaan. Deur die raadpleging van argiefbronne word Strindberg se invloed op De Wet verder teruggespoor as haar omgang met sy werk in *On the lake*. Hierdie drama word daarna bespreek as die voor die hand liggendste voorbeeld van die Sweedse dramaturg se impak op haar skryfwerk en dramaturgiese filosofie. Daar word aangetoon in hoe ’n mate De Wet se interaksie met Strindberg se werk haar gehelp het om ’n nie-voorstellende poëtika te formuleer waarmee sy haar eie dramaturgiese styltoepassings verdedig het. Hoewel De Wet in die eerste plek hier voorgestel word as huldigend van en selfs (gedeeltelik) vereenselwigend met Strindberg, word sy (aanvanklike) seksisme teenoor vroue ook onder die loep geneem en *On*

the lake word verder ontleed as 'n feministiese reaksie op sy uitbeelding van vroue. Hierdie ondersoek roep dus 'n ondererkende drama deur een van die mees gevierde (Suid-)Afrikaanse dramaturge uit die vergetelheid op; dit lig 'n onderbesproke invloed op die drama asook op haar werk in die geheel toe deur die raadpleging van ongepubliseerde argiefbronne.⁷

2. De Wet, Strindberg en (nie-)voorstellende drama

De Wet se statuur binne die konteks van die feminisme in Suid-Afrikaanse drama is tweërlei: Sy is 'n baanbrekende vrouedramaturg wat “haar besondere status bereik het in 'n bedryf wat tradisioneel deur mans oorheers is” (Hauptfleisch, 2009: vi-vii) en haar oeuvre word gekenmerk, gevier en behandel as opstandig teen die patriargie (Basson, 2005: 12). Met hierdie artikel word daar geredeneer dat *On the lake* nie net as 'n voorbeeld dien van hierdie twee gegewens nie, maar dat die styl waarin sy dit skryf ook haar feministiese instemming weerspieël.

Met betrekking tot styl, word De Wet se werk gekenmerk, soos J.C. Kannemeyer (2005: 684) dit stel, aan “die spanning tussen werklikheid en fantasie, of realisme en romantiek”. De Wet self het haar gereeld op openbare platforms uitgespreek aangaande haar toewyding aan nie-realistiese en nie-naturalistiese dramaturgie (byvoorbeeld Norval, 1991: 4; Botha, 1993: 6; Grundling, 2001: 3; Solberg, 2003: 178). Sy beken haar irritasie met die gereelde kritiek op haar werk se gebrek aan realisme: “Ek weet nie wat mense daarmee bedoel wanneer hulle sê die teater moet realisties wees nie. Elke mens het sy eie realiteit, alle ervaring is uniek en elkeen het 'n verskillende manier waarop hy die lewe beskou” (Norval, 1991: 4). Sy dring daarop aan dat 'n toneelstuk nie die teikengehoor se werklikheid moet weerspieël nie, maar “deur die eiesoortige manier waarop die dramaturg die wêreld waarneem vir ander 'n ander wêreld en 'n ander werklikheid laat ervaar” (Norval, 1991: 4). In Botha (1993: 6) bevestig sy:

Realisme is net 'n illusie [...] Kan jy dit regtig teëkom? Dis eerder 'n distorsie van die werklikheid. Dit ontduik die mitiese ondergrond van die bestaan [...] [E]lke boek of toneelstuk praat uiteindelik maar met 'n subjektiewe stem.

Sy herinner dat Tsjechov meer beïndruk was met Vsevolod Meyerhold (1874-1940) se regiebenaderings as met Konstantin Stanislavski (1863-1938) se gedetailleerde naturalistiese aanslag (De Wet, 2002: 12-13). Sy dui ook daarop dat Tsjechov, na haar mening, verkeerdelik as 'n naturalistiese dramaturg bestempel is:

[H]e is seen too often as a naturalist or a realist when he isn't really. He creates something very musical. It is a musical experience of atmosphere, of being on the stage, of presence on the stage, more than characters being analysed, or subtext, or in-depth approach to humanity as such. It is such a sense of presence that you are left with. There is something ineffable and magical about him which constantly fascinates everyone, not his insight into self-transformation. It is that intangible understanding of that mysterious other dimension which is closer to music than it is to narrative. (Solberg, 2003: 185)

In hierdie besonderhoude demonstreer De Wet egter nie altyd haar begrip van 'realisme' as 'n term relatief tot 'realisme' as 'n stylbeweging nie - 'n modus of 'n term wat dikwels verwar word met of bewustelik as 'n wisselvorm of afstammeling van 'naturalisme' gebruik word (Cloete, 1992: 337; Baldick, 2008: 221; Birch en Hooper, 2012: 393; Cuddon, 2014: 462). Afgesien van die wisselende definisies van die onderskeid tussen die realisme en die naturalisme, blyk dit dat De Wet beide terme as duidend op drama en teater wat *lewensgetrouheid* nastreef (met 'n naïewe of hubristiese aanname dat so iets haalbaar is) en so min moontlik op die teikengehoorlik se gewillige opheffing van ongelooft wil steun, of anders gestel, Brechtiaanse 'verfremdung' tot die uiterste wil vermy (Cloete, 1992: 417).

In Engels is die koepelterm vir sodanige drama en teater (veral in feministiese drama-teater- en optredeteorie) 'illusionist', dit wil sê drama of teater wat die illusie wil skep dat wat uitgebeeld word 'n objektiewe, lewensgetroue weerspieëling van die sogenaamde werklikheid is (Dolan, 2012: 1; Solga, 2016: 18). Dit sluit die realisme sowel as die naturalisme in. Voortaan vertaal ek die term as 'voorstellend' om te verwys na drama en teater wat 'n vermeende onbetwisbare, universele werklikheid wil voorstel soos *dit is*.

De Wet se weersin in voorstellende drama stem ooreen met internasionale, feministiese dramaturgiese tendense ten tyde haar skrywe van *On the lake*. Kim Solga (2016: 34) toon aan dat "the feminist resistance to both realist dramaturgy and emotional realist performance practice became itself a kind of 'normal' through the end of the twentieth century". Solga (2016: 34) lê talle feministe (uit verskeie feministiese oorde) se weersin in die voorstellende *well-made-play* se omgang met vrouekwessies soos volg uit:

A difficult woman's journey is likely to end either in heartbreak for her or in a too-neat happy ending, or else it risks being criticized as not believable – as though real-world believability were somehow easily captured by the two-plus hours of a scripted fiction in which women are always a problem, and a solution is always close at hand.

Solga lig dus die verdoeselde kunsmatighede van voorstellende drama-genres toe, asook hoe dit so dikwels patriargale genderideale bekragtig. Sy sluit die titelkarakter van Strindberg se *Juffrou Julie* [*Fröken Julie*] (1888) in by haar lys voorbeelde van “difficult women” (vroue wat hul teen die patriargie verset) in voorstellende dramas uit die laat negentiende en vroeg twintigste eeu.⁸

Strindberg se voorwoord by *Juffrou Julie* is so beroemd as ’n manifesto van die naturalisme in teater as wat dit berug is vir die seksistiese opvattinge wat hy daarin blootlê. Hy verklaar dat hy met *Juffrou Julie* ’n drama wou skryf wat afwyk van wat hy toe beskou het as die didaktiese prediking van hegemoniese ideale wat na sy mening sy tydgenootlike Europese dramaturge se skryfwerk gekenmerk het. Hy skryf die sukses van sodanige teater aan die volgende toe:

[T]heatre has always been an elementary school for the young, the semi-educated and for women who still have a primitive capacity for deceiving themselves and letting themselves be deceived – who, that is to say, are susceptible to illusion and to suggestion from the author. (Strindberg, 1955: 61)

In die bogaande aanhaling verklap hy sy essensialiserende beskouing van vroue as liggelowig en dus vatbaarder vir misleiding en propaganda as mans. Later ontbloom hy ook sy afkeurende houding teenoor die bevryding van vroue:

Miss Julie is a [...] half-woman, the man-hater, [...] a type who thrusts herself forward, selling herself nowadays for power, decorations, distinctions, diplomas, as formerly for money. The type implies degeneration: it is not a good type and it does not endure; but it can unfortunately transmit its misery, and degenerate men seem instinctively to choose their mates from among such women and so they breed, produce offspring of indeterminate sex to whom life is torture. But fortunately they perish, [...] because their repressed instincts break out uncontrollably [...]. The type is tragic, revealing a desperate fight against nature, tragic too in its Romantic inheritance now dissipated by Naturalism, which wants nothing but happiness and for happiness strong and sound species are required. (Strindberg, 1955: 66)

Voor De Wet as dramaturg gedebuteer het, het sy, as aktrise en regisseuse, Strindberg se dramaturgie in hierdie naturalistiese fase deeglik verken. In 1979 vertolk sy, onder die spelleiding van haar man Lindsay Reardon, die titelrol in ’n Engelse vertaling van Strindberg se *Juffrou Julie* te die Baxter-teater – waarvan Reardon ’n medestigter is. Reardon speel in Rhodes Universiteit (RU) se produksie van Strindberg se *Die vader* [*Fadren*] (1887) – ook in Engels – kort ná De Wet aangestel is as lektor by dié universiteit se dramadepartement. In

haar skryf en regie van *On the lake* vereenselwig sy haar egter met Strindberg in sy ekspressionistiese (en dus, nie-voorstellende) fase wat op die skryf van die bogenoemde dramas volg.

So skreiend as wat Strindberg se vrouehaat in die bogaande aanhalings is, is dit gerade om te meld dat hy sy standpunte radikaal hersien het ná die publikasie van *Juffrou Julie*. 'n *Droomspel* is geskryf ná 'n psigotiese episode wat tot 'n egskeiding gelei het met sy vrou, aktrise Harriet Rosse (1878-1961), wat hy met die karakter Agnes wou huldig. Rosse het uiteindelik ook op sy aandrang die rol van Agnes in 'n *Droomspel* se debuut vertolk.

Met die skryf van 'n *Droomspel* het Strindberg die naturalisme verwerp as 'n innoverder en bevorderaar van die ekspressionisme in teater. Onder die invloed van Maurice Maeterlinck (1862-1949) (Stuart, 1928: 636-637) skaar hy hom by Europese skrywers en kunstenaars wat hul teen enige vorm van realisme of naturalisme verset (Baldick, 2008: 121). Dit behels, soos Cuddon (2014:261) dit stel, "the representation of external reality". Strindberg stel hom daarenteen in om "a highly personal vision of the world" te projekteer, 'n uitbeelding gekenmerk aan "boldness, distortion, and forceful representation of the emotions" (Birch en Hooper, 2012: 235). Dit verklaar gedeeltelik sy toegewyde verduideliking aan die leser van 'n *Droomspel* dat die handeling en karakters nie (naturalisties-gesproke) lewensgetrou wil wees nie, maar 'n weerspieëling van die wispelturige logika van drome.

Strindberg se dramaturgie volg dus 'n verloop van 'n omgang met en innovering van patriargaal-voorstellende drama na feministies-nie-voorstellende drama. Dit is met dié Strindberg uit die laasgenoemde fase wat De Wet haar met *On the lake* vereenselwig. In 1991, 'n dekade voor haar skryf en regie van *On the lake*, behartig sy die regie van RU se Departement Drama se produksie van Strindberg se *Spooksonate* [*Spöksonaten*] (1907). Hierdie verkenning van Strindberg as ekspressionis lei moontlik De Wet se toepassing in van die styl op haar eie skryfwerk. Sy onderskei haar sodoende as een van die enigste Suid-Afrikaanse teaterpraktisyns wat Strindberg se nie-voorstellende, feministiese teaternalatenskap in Suid-Afrika voortsit.⁹ Met *On the lake* allieer sy haar met Strindberg in die laat fase van sy skrywersloopbaan en sy beklemtoon dit in die *On the lake* se newetitel.

3. Genre-aanduiding en De Wet se nie-voorstellende poëtika

Soos genoem, sinspeel *On the lake* se newetitel, *a tragicomic dream play*, op die inspirasie wat De Wet uit Strindberg se 'n *Droomspel* put. In 'n 1991-koerantonderhoud met Roline Norval verklaar De Wet dat wanneer sy

haar beywer met die skryf van 'n nuwe toneelstuk, sy eers “op die laaste oomblik” op die titel besluit (Norval, 1991: 4). Sodoende betuig sy die hoë premie wat sy op die retoriese effekte plaas wat sy hoop die titel sal uitvoer. De Wet se titels word gekenmerk aan bondigheid; min is langer as drie woorde,¹⁰ en newetitels is die uitsondering op die reël.¹¹ 'n Titel soos *On the lake: a tragicomic dreamplay* oorskry dus die orde van wat by die bestudering van De Wet-dramas verwag word. Gerard Genette (2001: 94) som in sy seminale werk *Paratexts: thresholds of interpretation* die doel van genre-aanduidings in titels soos volg op:

[I]t is rhematic by definition because its purpose is to announce the genre status decided on for the work that follows the title. This status is official in the sense that it is the one the author and publisher want to attribute to the text and in the sense that no reader can justifiably be unaware of or disregard this attribution, even if he does not feel bound to agree with it.

De Wet se besluit om 'n genre-aanduiding by die gepubliseerde weergawe van *On the lake* in te sluit, is deels die resultaat van 'n skrywersloopbaanlange worsteling met misverstande en wanvoorstellings aangaande die genrebestempeling van haar dramas. De Wet het telkens in persoonlike haar mening uitgespreek dat (Suid-)Afrikaanse resensente (in die geheel) gebrek ly aan 'n gesofistikeerde begrip van dramaturgiese styl (Norval, 1991: 4; Solberg, 2003: 185-186). In 'n onderhoud met Rolf Solberg (2003: 186) spreek sy haar frustrasie uit dat teaterjoernaliste haar dikwels oor haar motiverings moet ondervra voor hulle bereid is om kommentaar op haar werk te lewer. Miskien skuil daar dus 'n skoot neerbuigende sarkasme in haar genre-aanduiding.

Dit is betwisbaar of De Wet juis is in haar genre-klassifikasie van Tsjechof se dramas nie-voorstellend in aard (soos vroeër gemeld) is. Sy voorliefde vir uitdagende genre-aanduidings as newetitels bevestig egter beslis De Wet se stelling dat sy dramas in sy tyd, volgens hom, te naturalisties of ernstig benader is: *Die seemeeu* sowel as *Die kersieboord* [*Wisjniewi sad*]¹² se newetitels markeer hierdie tekste as komedies/blyspele. Wanneer sy hom dus met haar opvolgdrama tot *Die seemeeu* huldig, put sy stilistiese inspirasie uit Strindberg se nie-naturalistiese droomspele: Sy skryf *On the lake* soos sy skat 'n dramaturg soos Kostia dit sou skryf (De Wet, 2002: 12) en sy sien in Kostia ooreenkomste met Strindberg. In *Die seemeeu* kla Nina teenoor Kostia: “Jou stuk is moeilik om te speel. Die karakters is nie lewende mense nie”, waarop hy terugkap: “Lewende mense! Mens moenie die lewe weergee soos hy is nie,

maar soos jy dit in jou drome sien” (Tsjechov, 1972: 17). Daarom span sy ’n *Droomspel* in as stilistiese model vir *On the lake*, maar sy gebruik ook Tsjechov se karakters en Strindberg se styl om die bevryding van ’n vrou deur artistieke ontwaking te skep.

On the lake demonstreeer De Wet se identifisering met hierdie twee skrywers. In Stander (2023) se uitleg van Bartho Smit se invloed op De Wet betrek hy Harold Bloom se seminale *The anxiety of influence* (1973). Bloom, soos Stander (2023: 241) dit stel, gee sy “argwaan aangaande artistieke oorspronklikheid weer deur die daarstel van ’n teorie waarvolgens aspirantskrywers hulself [...] gewikkeld vind in ’n sielkundige stryd met hulle literêre voorouers en sodoende, teenproduktief, juis die invloed blootlê wat hulle probeer verbloem”. Stander (2023: 241) dui egter daarop dat De Wet “nog altyd eerlik en eintlik verbete [was] in haar paratekstuele gebare om haar invloed oftewel haar literêre ‘ouers’ se invloed op haar werk te erken en te vereer”. Per slot van rekening werk dit wat Bloom bestempel as die “anxiety of influence” merendeels in op die skrywer se *onderbewustelike* oedipale stryd met sy/haar voorganger. De Wet tree bewustelik en huldigend eerder as kompetend en regstellend met Strindberg se werk in gesprek. Indien haar reaksie op Strindberg feministies is, ontwikkel sy in *On the lake* dit wat sy reeds verstaan as die feministiese projek wat Strindberg in *A dream play* van stapel gestuur het.

In die programnota van haar produksie van *Spooksonata* haal De Wet (1991: 2) ’n uitgebreide passasie uit Strindberg se egodokumente aan waarin hy die skryfproses en sy opvattinge oor dramaturgiese inspirasie bespreek:

Something begins to ferment within me, a not unpleasant kind of fever, which is transformed into an ecstasy or intoxication. Sometimes it’s like a seed that suddenly sprouts, sends down roots, draws on all my experiences – but all the while selecting and rejecting. Sometimes I think of myself as a medium: everything comes so easily, half unconsciously, with just a little bit of planning and calculation. At best this lasts for only three hours (nine to twelve in the morning usually). And when it’s over, things are dull and boring again until the next time it happens. But it doesn’t come when ordered, and it doesn’t come when it pleases me. It comes when it wants to come. Most often and most definitely after some major disaster.

De Wet beskryf die inspirasie vir ’n nuwe drama en haar skryfproses aan die hand van soortgelyke metafore en stelwyses. Sy vergelyk ook inspirasie met koors: Nadat sy *Drie susters twee* voltooi het, sê sy aan ’n joernalis dat sy weer “gesond” is, maar die “siekte is sluimerend” en sy “weet die koors

gaan haar weer teen wil en dank beetpak, en dan sal sy weer iets moet skryf” (Norval, 1997: 6). Soos Strindberg beskryf sy haarself as ’n dramaturg-as-medium: Sy herlei haar skrywersontwaking terug na wat sy as aanvalle van “automatic writing” as ’n kind beskryf (Hough, 1987: 2) en sy omskryf telkens die neerpen van dialoog as blote transkripsie (Dyall, 1992: 3; Welman, 1995: 81; Horn, 1998: 17). Strindberg beweer nog dat hy drie ure per dag kan skryf, maar vir De Wet was twee ure haar betuigde maksimum (Dyall, 1992: 3). Haar skryfroetine klop egter met syne: Sy het ook aangevoer dat 09:00 tot 12:00 haar produktiefste gleuf in die dag is (Welman, 1992: 36). Dit is duidelik dat De Wet ten minste ’n bevestiging van haar eie skryfervaring en -gewoontes in Strindberg se ontboesemings van syne raakgelees het, en haar vrywillige omgang met sy werk as dramadoseant en regisseuse getuig dat sy Strindberg se werk bewonder het. Dit maak daarom sin dat *On the lake* die verhaal dramatiseer van ’n dramaturg (van nie-voorstellende dramas) wat ’n aktrise bewus maak van haar eie talent vir dramaturgie en selfdefinisie.

4. *On the lake*: ’n Intrige-opsomming

On the lake funksioneer eerstens as ’n opvolg op Tsjechov se drama *Die seeumeeu*. De Wet plaas die handeling in 1910, ongeveer vyftien jaar ná die slot van *Die seemeeu*. Die karakter Nina in Tsjechov se drama word in *On the lake* omskep in die protagonis en perspektiefsentrum. Sy keer terug na haar ouerhuis op die rand van die meer waar *Die seemeeu* afspeel. Deur die loop van die drama word sy met vyf karakters uit die Tsjechoviaanse bronteks gekonfronteer: die gees van haar moeder wat in Nina se ouerhuis spook; die huishoudster Polina en haar dogter Masha; Nina se voormalige minnaar, Trigorin; Arkadina, sy huidige minnares; en die spook van Kostia – Arkadina se seun en Nina se eerste minnaar. Polina, Masha en Arkadina kla Nina se beurtelings aan van selfsugtigheid en hulle beweer dat dit haar skuld is dat Kostia homself vyftien jaar te vore om die lewe gebring het. Toevallig val Nina se besoek saam met ’n heropvoering van die drama wat Kostia in die eerste bedryf van *Die seemeeu* op die planke bring. Hoewel Nina die inspirasie vir en oorspronklike hoofspeler in hierdie toneelstuk was, belet Arkadina haar om die opvoering by te woon. Trigorin wend ’n poging aan om Nina weer te verlei, maar Nina is verlig dat sy hom aanstootlik vind. Kostia besoek haar in ’n droom en maak haar daarvan bewus dat sy haar, sedert die aanvang van *On the lake*, eintlik in ’n helder droom bevind en daarom oor die vermoë beskik om die handelingsverloop (en dus haar lotsbestemming) tot haar voordeel aan te wend. Kostia is ’n dramaturg – iemand wat deur die fisieke

verwesenliking van sy verbeelding en woorde 'n bestaan voer – en hy spoor Nina aan om dieselfde te doen. *On the lake* eindig met Nina se beskrywing van 'n stormwind wat sy oproep om die heropvoering van Kostia se drama te kortwiek. *On the lake* herverbeel vir Nina (die karakter wat Tsjechov as 'n naïewe, ambisieuse en misbruikte aktrise uitbeeld) as 'n ontluikende skrywer – as 'n skeppende subjek wat nie slegs 'n bestaan voer uit die vertolking van rolle wat vir haar deur mans geskep word nie, maar self nuwe moontlikhede en identiteite opdroom.

5. Tekens van 'n Droomspel onder *On the lake* se oppervlakte

Terwyl Anton Tsjechov se dramas *Drie Susters* [*Tri sestry*]¹³ (1901), *Oom Wanja* [*Dyádyá Ványa*]¹⁴ (1897) en *Die seemeeu* die ooglopende brontekste is vir De Wet se triptiek, *A Russian trilogy: Three sisters two, Yelena, On the lake* (2002)¹⁵, benadruk De Wet dat sy met die skryf van *Yelena* en *On the lake* die styl van Tsjechov se Skandinawiese dramaturgydgenote wou naboots, met Tsjechov se dramas as vertrekpunte en narratiewe template (Solberg, 2003: 178). So byvoorbeeld word *Yelena* aangebied as 'n opvolg op *Oom Wanja*, maar De Wet toon aan dat sy die Noorweër Henrik Ibsen (1828-1906) se bykans gotiese dramatisering van vroulike huishoudelike bevingenheid in *Yelena* nadoen (Solberg, 2003: 178). Haar hervoorstelling van Tsjechov se karakter Yelena is gedeeltelik ook geskoei op seksueel transgressiewe vroulike hoofkarakters in Ibsen-dramas soos Mevrouw Elving in *Spoke* [*Gengangere*] (1881). Met *On the lake*, aan die ander kant, is haar inspirasie die Sweedse August Strindberg se droomspele uit die ekspressionistiese fase van sy skrywersloopbaan waartydens hy *Na Damaskus* [*Till Damaskus*] (1898-1904) en 'n *Droomspel* die lig laat sien.

De Wet betrek Strindberg se 'n *Droomspel* op twee peritekstuele wyses in *On the lake*: in die newetitel, a tragicomic dream play, en deur middel van 'n aanhaling uit Elizabeth Sprigge se Engelse vertaling van Strindberg as voorwoord by 'n *Droomspel*:

Anything can happen; everything is possible and probable. On a slight groundwork of reality, imagination spins and weaves new patterns made up of memories, experience, absurdities and improvisations. But a single consciousness holds sway over all – that of the dreamer. (Strindberg, 1955: 192 in De Wet, 2002: 168)

De Wet stel dit doelbewus dat *On the lake* met 'n *Droomspel* in gesprek tree. Buiten die nie-voorstellende aard van sowel 'n *Droomspel* en *On the lake* – ten

spyte daarvan dat Tsjehof en Strindberg as voorlopers en innoveerders van naturalistiese drama beskou word (Pickering en Thompson, 2013: 26, 45) – is daar ook meldenswaardige eggo's tussen die karakters en storielyne van hierdie twee dramas.

Dit is moeilik om een enkele protagonis in *Die seemeeu* uit te sonder, hoewel die titel waarskynlik na Nina verwys wat in die verloop van Tsjehof se drama herhaaldelik na haarself as “die Seemeeu” verwys. Dit kan dus geredeneer word dat Nina, hoewel sy nie die protagonis is nie, tog die titelkarakter is. *'n Droomspel*, daarenteen, steun onomwonde op een vroulike protagonis: Agnes. De Wet modelleer haar weergawe van Nina op hierdie Strindberg-karakter. Agnes is die dogter van die Vediese oppergod Indra. Sy word, soos 'n Christus-figuur, deur haar vader in die gestalte van 'n mens aarde toe gestuur om die aard en geldigheid van die mensdom se ongelukkigheid, hul onvergenoegdheid en jeremiades te ondersoek. Sy ontmoet meer as veertig karakters, maar die laaste en uitsonderlikste een is die naamlose Digter – die enigste aardling wat klaarblyklik ongeskend is deur menslike smart. Hy sien lyding as 'n veredelende foltering wanneer hy dit soos volg aan haar uitlê: “Do you believe all who are tortured suffer, all who are put to death feel pain? Surely suffering is redemption and death deliverance” (Strindberg, 1953: 260). Na afloop van hierdie laaste kennismaking, keer Agnes terug na die goderyk waar sy die Digter se lof besing vir sy rasionalisering van menslike lyding. Skynbaar is *'n Droomspel* 'n ode aan woordkunstenars.

Soos in *'n Droomspel* is die vroulike protagonis in *On the lake* 'n buitestander in transito. Sy het te make met verskillende vorms en uitdrukkings van smart, en uiteindelik is dit ook 'n kunstenaar (Kostia) wat die enigste karakter is wat sy lot vreedsaam aanvaar en haar aanspoor tot 'n soort ontwaking, verligting en transendensie.

Nes Agnes by die Digter leer, put De Wet artistieke en eksistensiële inspirasie uit Strindberg se skryfkuns – sy leer by hom en sy vereenselwig haar, gedeeltelik, met hom. De Wet leer by Strindberg om (in meer as een opsig) te droom.

6. “You are the dreamer of the dream”: Vanaf redder-digter na aktrise-dramaturg

John R. Milton dui in sy artikel “The aesthetic fault of Strindberg’s ‘dream plays’” op die worsteling van kritici om vas te stel presies wie Strindberg wil hê die leser/gehoorlid as die *dromer* in sy droomspele moet sien: die dramaturg,

die protagonis, of die gehoor. Milton (1960: 115) redeneer dat die *dromer* nie duidelik genoeg gevestig word as 'n "element" binne hierdie dramas nie. Milton se argument mag water hou ten opsigte van *Na Damaskus 1* en *2*, maar Strindberg maak dit duidelik wie die dromer in *'n Droomspel* is. As deel van Agnes se sluitrede net voor haar hemelvaart, groet, bedank en loof sy die naamlose Digter:

The parting time has come; the end draws near,
farewell, you child of man, dreamer,
poet, who knows best the way to live.
Above the earth on wings you hover,
plunging at times to graze the dust,
but not to be submerged (Strindberg, 1955: 260).

Strindberg se voorwoord kan verder só gelees word om die Digter as 'n abstrahering van homself [Strindberg] te interpreteer: "In the dream play [...] the Author has sought to reproduce the disconnected but apparently logical form of a dream" (Strindberg, 1955: 193). Strindberg se verwysing na homself in die derde persoon versmelt dan met sy verwysing na die sogenaamde Dromer: "For him there are no secrets, no incongruities, no scruples and no law. He never condemns nor acquits, but only relates" (Strindberg, 1955: 193). Die Dromer is die waarnemer en die verteller, en soos die Digter in *'n Droomspel*, hou Strindberg ook in sy voorwoord vol dat smart nie in 'n negatiewe lig beskou behoort te word nie: "however agonising real life may be [...] it is a joy" (Strindberg, 1955: 193). Strindberg vereenselwig hom met die Digter wat Agnes in Messiaanse terme as die reddende "child of man" beskryf. Verder is die dromer, die subjek of die bewussynsentrum, manlik-omskryf met manlike voornaamwoorde in Strindberg se voorwoord. De Wet keer dit om in *On the lake*: Sy maak dit duidelik dat die Dromer ter sprake 'n vrou (Nina) is. Wanneer Kostia by Nina kom spook om by haar die bevrydende epifanie te bewerkstellig dat sy haar in 'n helder droom bevind, verwoord hy hom soos volg: "You are the dreamer of the dream. And you can dream anything" (De Wet, 2002: 214). Dit lei daartoe dat sy, soos 'n wonderwerker, die weersomstandighede bepaal, die ander karakters beheer, en haarself van hul mag oor haar bevry. Sy word, met ander woorde, saam met De Wet, en skynbaar as 'n egostaat van De Wet, op 'n metadramatiese vlak 'n medeskrywer van *On the lake*. *On the lake* beeld dus die ontwikkeling van 'n aktrise na 'n dramaturg uit.

Biokritiese analises van *On the lake* sou verder uitgevoer kon word

aangesien De Wet self, as dramastudent, die rol van Nina in *Die seemeeu* vertolk het. Sy beskryf dié ondervinding as “a very powerful experience” (De Wet, 2002: 8) en meen dat die karakter “has stayed with me and haunted me” (Neveling, 2001: 4). De Wet was in die eerste plek ’n aktrise voor sy in ’n dramaturg ontwikkel het. *On the lake* is ook die eerste van haar eie dramas wat sy self geregisseer het.

Buiten die feit dat drama en die skryfkuns in *Die seemeeu* en in ’n *Droomspel* met dromery vergelyk word, het De Wet self ook haar skryfproses só gesimboliseer. Sy het die toestand waarin sy haarself bevind wanneer sy skryf as “amper soos om die hele tyd met oop oë te droom” (Welman, 1995: 81) beskryf. In ’n tydskrifonderhoud met Kate Dyal (1992: 3) verwoord sy dit soos volg:

Writing is like a dream – [...] It’s like being in a trance and I feel confused afterwards. I’ve driven into a tree three times after a spell of writing! Once I’ve written something it is like waking up from a dream and it fades. I try to keep it with me to believe that I own it.

Nina die aktrise, Nina die dromer vergestalt De Wet se emansiperende ervaring van ’n aktrise wat die skrywer word van haar eie dramas en haar eie lewe deur van haar drome beheer te neem. Sy betuig immers haar ervaring van ’n feministiese oorwinning toe Bartho Smit (1924-1987) haar kom loof het vir die sukses van *Diepe grond*. Dit het gebeur nádat hy haar jare te vore afgeraai het om haar skrywershand aan dramas te waag – hy was van mening dat vroue beter geskik is vir die digkuns as die dramaturgie (De Wet in Huismans en Finestone, 1995: 90).

In ’n onderhoud met Johann Botha (1993: 6) teoretiseer De Wet die androgene en daarom feministies-bevrydende potensiaal van die teatermedium in Jungiaanse terme:

Volgens Jung moet elke mens die manlike en vroulike in homself versoen om heel te word. Vir my is die teater daarvan ’n versinnebeelding. Dis ’n medium met ’n manlike raam, met harde beperkings. Beperkings op beweging, plek, tyd. Jy kan nie hoor wat die karakters dink nie, net wat hulle sê. Daar is ’n omskrewre ruimte, daar is ’n gehoor. Maar as iets in teenstelling met daardie grense gebeur, as die vryheid binne daardie raamwerk vlerke kry, is dit des te treffender.

In *On the lake* verletterlik sy hierdie fantasie met Nina se beskrywing van die stormwind wat sy opdroom:

Madame Arkadina's fan is blown out of her hand! Polina clutches her shawl! Trigorin tries to catch his cravat! Masha is blown right off her chair! The actress is swept of her feet! [...] And now ... look!! Look!! The little stage is rising into the air!! It's hovering there over the water!! Now ... it's spreading its wings ... and flying away!!" (De Wet, 2001: 215)

7. Slot

In repliek op die vraag van teater se sosiale funksie dring De Wet daarop aan dat dit "géén nut hoof te hê nie", maar eerder "'n feesviering van pure droom en pure spel" moet wees (Norval, 1991: 2). En hoewel haar Strindberg-geïnspireerde droomspel, *On the lake*, op die oog af hierdie filosofie van die kuns-om-die-kuns vergestalt, verteenwoordig dit 'n belangrike en ondererkende blik op die gedagte-wêreld van 'n pionier op die gebied van (Suid-)Afrikaanse vrougesentreerde drama en teater. De Wet se werk kom selde polities gedrewe voor, maar op die keper beskou, is dit ewe polities betrokke as die dramas van Athol Fugard, Deon Opperman en Barney Simon: Dit stel die wurggreep van die patriargie onverbiddelik volgehoue aan die kaak. Hoewel sy deeglik gekanoniseer is deurdat haar werk op skole en universiteite voorgeskryf is en 'n huldigingsbundel al aan haar gewy is, is die omvang van haar eiesoortige perspektief op gender, teater en 'n gendersensitiewe poëtika nog nie deeglik genoeg oopgeskryf nie. In hierdie opsig is *On the lake* miskien die belangrikste sleutel.¹⁶

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Aboelazm, I. 2019. Chekhov in post-apartheid South Africa: Reza De Wet's *Three Sisters Two*. *Annals of the Faculty of Arts, Ain Shams University, A Refereed Scientific Periodical* 47(3): 498-519.
- Albertym, C.F., Van Rooyen, J.J., De Beer, A.S. en Spies, J.J. (reds.). 1977. *Ensiklopedie van die wêreld. Deel 9*. Stellenbosch: C.F. Albertyn (Edms.) Beperk.
- Basson, M. 2005. Introduction. In: De Wet, R. *Plays Two: African Gothic, Good Heavens, Breathing In*. London: Oberon Books.
- Baldick, C. 2008. *The Oxford Dictionary of Literary Terms*. Oxford: Oxford University Press.

- Birch, D. en Hooper, K. (reds.). 2012. *The Concise Oxford Companion to English Literature*. Oxford: Oxford University Press.
- Bloom, H. 1997. *The Anxiety of Influence*. Oxford: Oxford University Press.
- Blumberg, M. en Walder, D. (reds.). 1999. *South African Theatre as/and Intervention*. Amsterdam: Rodopi.
- Blumberg, M. 1999. More realities: An interview with Reza de Wet by Marcia Blumberg. In: Blumberg, Marcia and Walder, Dennis (eds.). *South African Theatre as/and Intervention*. Amsterdam: Rodopi.
- Boekkooi, P. 1997. Reza de Wet maak geskiedenis. Ontvang Hertzogprys vir drama die tweede keer agtereenvolgens. *Beeld* 24 Junie: 4.
- Botha, J. 1993. Meisie van Senekal bring 'n mirakel na Kaapse verhoog. *Die Burger, Naweekjoernaal* 12 Maart: 6.
- Botma, G. 1997. Hertzog Prys spoor Reza verder aan. *Die Burger, Joernaal: Kuns & Vermaak* 19 April: 4.
- Brink, A.P. 1986. *Aspekte van die nuwe drama*. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cuddon, J.A. (red.). 2014. *Dictionary of Literary terms and Literary Theory. 5th Edition*. London: Penguin.
- De Wet, R. 1987. Programnota. *Op dees aarde: 'n plattelandse spronkie*. Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK). Ongepubliseer. Privaatskenking.
- De Wet, R. 1991. Programnota. *Ghost sonata*. Rhodes Universiteit, Drama Departement. Ongepubliseer. Amazwi South African Museum of Literature.
- De Wet, R. 1993. *Trits: mis, mirakel, drif*. Kaapstad: HAUM-Literêr.
- De Wet, R. 1996. *Drie susters twee*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- De Wet, R. 2000. *Plays One: Missing, Crossing, Miracle*. De Wet, R. and Stead, S. (translators). London: Oberon Books.
- De Wet, R. 2002. *A Russian Trilogy: Three Sisters Two, Yelena, On the Lake*. London: Oberon Books.
- De Wet, R. 2005. *Plays Two: African Gothic, Good Heavens, Breathing In*. London: Oberon Books.
- De Wet, R. 2009. *Blou uur*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Dolan, J. 2012. *The Feminist Spectator as Critic*. 2nd Edition. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Dyall, K. 1992. Being fully alive is playwright's mission. *Herald Profile* 29 Junie: 3.
- ESAT (Encyclopaedia of South African Theatre, Film, Media and Performance).

- s.a. Dramas waarna verwys word. https://esat.sun.ac.za/index.php/Main_Page. (Datum van gebruik: 1 Maart 2023).
- Ferguson, I. 1997. Review of *Drie Susters Twee*, by Reza de Wet. *South African Theatre Journal* 11(1): 313-321.
- Gebeda, T. 2001. Reza's magical direction. *Eastern Province Herald* 6 Mei: 13.
- Genette, G. 2001. *Paratexts: Thresholds of Interpretation*. Lewin, J.E. (translator) Cambridge: Cambridge University Press.
- Grundling, E. 2001. Reza se nuwe stuk vol energie. *Die Burger* 28 Junie: 3.
- Hauptfleisch, T., Huismans, A. en Finestone, J. 1999. Unwilling champion an interview with Reza de Wet. *Contemporary Theatre Review* 9(1): 53-63.
- Hauptfleisch, T. 2009. Inleiding. In: De Wet, R. *Blou uur*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Hauptfleisch, T. en Keuris, M. (reds.). 2020. *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Hauptfleisch, T. en Keuris, M. (reds.). 2023. *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n huldiging*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Horn, A. 1998. Diepe Reza. *Bult* September: 16-20.
- Hough, B. 1987. Daar is meer dinge in die hemel en Op (Dees) Aarde. *Die Burger* 15 April: 14.
- Huismans, A. en Finestone, J. 1995. Interview: Anja Huismans and Juanita Finestone talk to Reza de Wet. *South African Theatre Journal* 36(1): 56-73.
- Jackson, J. 2015. Retreating reality: Chekhov's South African afterlives. *Journal of Narrative Theory* 45(1): 46-78.
- Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur, 1652–2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Maeterlink, M. 1934. The Intruder. In: Martin, C. (ed.). *Fifty one-act plays*. London: Victor Gollancz
- Magill, F.N. (red.). 1976. *Duisend beste boeke: Meer as duisend beroemdste en mees beminde geskifte uit alle eeue en lande*. Kaapstad: Rubicon-Pers.
- Martin, C.M. (red.). 1934. *Fifty one-act plays*. London: Victor Gollancz.
- Milton, J.R. 1960. The aesthetic fault of Strindberg's "dream plays". *The Tulane Drama Review* 4(3): 108-116.
- Neveling, N. 2001. Magic, dreams and Chekhov. *Mail and Guardian* 6 Junie: 4.
- Norval, R. 1991. Drama 'n feesviering van pure droom en pure spel. *Beeld* 20 Mei: 2.
- Norval R. 1997. Reza se vriend Tsjechof snel tot hulp. *Die Burger* 13 Maart: 6

- Norval, R. 1997. De Wet en Tsjechof lankal “op dieselfde golflengte”. *Beeld* 27 Maart: 5.
- Pickering, K. en Thompson, J. 2013. *Naturalism in Theatre: Its Development and Legacy*. New York: Palgrave Macmillan.
- Solberg, R. 2003. *South African Theatre in the Melting Pot: Trends and Developments at the Turn of the Millennium*. Grahamstown: Institute for the Study of English in Africa, Rhodes University.
- Solga, K. 2016. *Theatre & Feminism*. New York: Palgrave Macmillan.
- Sprigge, E. 1955. Introduction. In: Strindberg, A. *Six plays: The father, Miss Julie, The stronger, Easter, A dream play, The ghost sonata*. New York: Doubleday Anchor Books.
- Stander, D.B. 2016. Reza de Wet’s channelling the long nineteenth century on post-1994 South African stages. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Stander, D.B. 2019. Reza de Wet (1952-2012): Life and works. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Stander, D.B. 2023. Twee dramaturge in gesprek: Bartho Smit en Reza de Wet. In: Hauptfleisch, T. en Keuris, M. (reds.). *Bartho Smit, koordloper tussen triomf en tragedie: ’n Huldiging*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Stander, D.B. 2024. Surfacing woman-consciousness in Reza de Wet’s *On the Lake*. *South African Theatre Journal* 31(1): 1-12.
- Strindberg, A. 1955. *Six plays: The father, Miss Julie, The stronger, Easter, A dream play, The ghost sonata*. Sprigge, E. (translator). New York: Doubleday Anchor Books.
- Stuart, D.C. 1928. *The Development of Dramatic Art*. New York: Dover Publications.
- Tsjechof, A. 1952. *Plays*. Fen, Elisaveta (translator). London: Penguin.
- Tsjechof, A. 1968. *Oom Wanja: Tonele uit die plattelandse lewe in vier bedrywe*. Schoeman, K. (vertaler). Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Tsjechof, A. 1972. *Die Seemeeu: ’n komedie in vier bedrywe*. Brink, A.P. (vertaler). Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Tsjechof, A. 1975. *Die kersieboord: ’n blyspel in vier bedrywe*. Schoeman, K. (vertaler). Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Tsjechof, A. 1977. *Drie susters: ’n drama in vier bedrywe*. Mohr, R. (vertaler). Kaapstad: Tafelberg.
- Van Coller, H.P. (red.). 2015. *Perspektief en profiel. Deel 1*, Pretoria: Van Schaik.

- Van der Wal, H.R. 2005. Vrouefigure in Reza de Wet se drama-oeuvre. Ongepubliseerde MA-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Zyl, D. 2015. Reza de Wet. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. Deel 1*. Van Schaik.
- Welman, M. 1992. Reza de Wet oor ma's en dogters. *Rooi Rose* 30 Desember: 36-7; 83.
- Welman, M. 1995. Reza se nuwe karakter hou haar snags wakker. *Rooi Rose* 27 Oktober: 81-2.

Note

1. *On the lake* word merendeels skrams na verwys in oorkoepelende besprekings van De Wet se triptiek *A Russian Trilogy: Three sisters two, Yelena, On the Lake*. Haar omgang met Tsjechov word meestal bespreek met verwysing na *Drie Susters Twee* (Ferguson, 1997; Kannemeyer, 2004; Keuris, 2004; Coetzer, 2006; Aboelazm, 2019) en die trilogie in die geheel (Van der Wal, 2005: 119-136; Van Zyl, 2005: 644-80; Stander, 2013: 22-43; Jackson, 2015). Een uitsondering is Stander (2024) se artikel "Surfacing woman-consciousness in Reza de Wet's *On the Lake*".
2. Die spelling van hierdie Russiese skrywer se naam wissel in Afrikaanse naslaanbronne en vertalings. Robert Mohr in sy vertaling van *Drie susters* (1977), J.C. Kannemeyer (2005) en die Pharos-woordeboek (2005: 849) spel dit Tsjechov; Karel Schoeman in sy vertalings van *Oom Wanja* (1968) en *Die kersieboord* (1975), André P. Brink in sy vertaling van *Die seemeeu* (1972) en in *Aspekte van die nuwe drama* (1986) spel dit as Tsjechow; Dorothea van Zyl wissel dit af as Tsjechov (2015: 663) en Chekov (2015: 665); onder Frank N. Magill se redaksie van *Duisend beste boeke: Meer as duisend beroemdste en mees beminde geskrifte uit alle eeue en lande* (1977: 683) asook in Albertyn e.a. se *Ensiklopedie van die wêreld* (1976: 1889) word dit as Chekov gespeel. Die spelling wat in hierdie artikel gehandhaaf word, is Tsjechov.
3. Aangaande datering is die drama soms eers opgevoer voor dit gepubliseer is, soms is dit andersom. Ek sou voorstel dat die vroegste datum van publikasie hier aan die orde gestel word. Tsjechov se dramas *Drie susters* [*Tri sestry*] is gepubliseer en vervaardig in 1901, *Oom Wanja* [*Dyádyá Ványa*] is gepubliseer in 1897 en vervaardig in 1899 en *Die seemeeu* [*Cháyka*] is vervaardig in 1896.
4. Albertyn e.a. spel dit *Chaika* (1977: 683), maar in Magill (1976: 1889) verskyn dit as *Cháyka*.
5. Afrikaanse titels van nie-Afrikaanse en nie-Engelse tekste word in die liggaam van die teks gebruik in navolging van Brink se voorbeeld in *Aspekte van die nuwe drama* (1986), asook in genoemde naslaanbronne. Ek gebruik ook meestal die weergawes van die Afrikaanse titels soos dit óf deur literatuurgeskiedkundiges soos Brink en Kannemeyer toegepas is, óf bedink is deur Afrikaanse vertalers soos Brink, Mohr en Schoeman.
6. Brink vertaal dit as 'n *Droomstuk*, maar aangesien Strindberg se titel ook as 'n genre-

aanduiding funksioneer (soos hy dit in dié drama se voorwoord verduidelik), vertaal ek dit as 'n *Droomspel*, vergelykbaar met ander genre-merkers van toneelstukke soos 'n kerkspeel, 'n passiespeel, 'n treurspeel en 'n blyspel.

7. 'n Ondersoek na die ooreenkomste tussen 'n *Droomspel* en *On the lake* help om die spore van Strindberg se invloed te peil op De Wet se voorafgaande Afrikaanse dramas waarin die onderbewussyn van hoofkarakters en dwaalgeeste voorop staan, soos *Op dees aarde* en *Drif*.
8. Natuurlik vind talle feministiese dramaturge hul steeds agetrokke tot voorstellende drama en voorstellende dramas soos *Juffrou Julie* word dikwels met feministiese doeleindes opgevoer.
9. Die aanlyn-ensiklopedie *Encyclopaedia of South African Theatre, Film, Media and Performance* bevat byvoorbeeld geen verwysing na Suid-Afrikaanse produksies van 'n *Droomspel* of *Na Damaskus* nie.
10. *A worm in the bud* is waarskynlik De Wet se woordrykste titel.
11. De Wet se dramas is wel dikwels met newetitles aangebied voor dit gepubliseer is. *Op Dees Aarde* is deur TRUK (die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste) aangebied as *Op dees aarde: 'n plattelandse sprokie*. *Mirakel* se Engelse titel (vertaal deur De Wet in samewerking met Steven Stead) is *Miracle: a tragi-comic Miracle play in two acts*. *Miracle* se newetitel dui, onder meer, op De Wet se eksperimentering met die stylvermenging.
12. Albertyn e.a. spel dit *Wisjnewi sad* (1977: 683) terwyl Magill dit *Vishnévy Sad* (1976: 1889) spel. Die eersgenoemde spelling word in die artikel gehandhaaf.
13. Albertyn e.a. (1977: 683) asook Magill (1976: 1889) spel dit *Tri sesrty*.
14. Albertyn e.a. spel dit *Djada Wanja* (1977: 683).
15. *On the lake* open by die 2001-Standard Bank Nasionale Kunstefees “under the banner of the First Physical Theatre Company” (Neveling, 2001: 4). *Three Sisters Two* is eers in Afrikaans gepubliseer as *Drie Susters Twee* voor dit in 2002 vir publikasie vertaal is.
16. Die finansiële bydraes van Stellenbosch Universiteit se Subkomitee A word met dank erken.

Breyten Breytenbach se poësie: 'n Tematiese ondersoek na die voorkoms van laatwerk

Anke van der Merwe¹

Poetry of Breyten Breytenbach: A thematic exploration of the emergence of late style

This article stems from the ongoing research for my doctoral study. For the purposes of the larger study, Breytenbach's entire Afrikaans poetic oeuvre is divided into four periods and compared to determine whether signs of late style can be identified and, if so, which type of late style. Qualitative and quantitative research methods examine Breytenbach's oeuvre, using three parameters (style, identity, and theme). The quantitative analysis is conducted with the help of a corpus programme (#LancsBox). My hypothesis posits a shift in the direction of late style in the Afrikaans poetry of Breyten Breytenbach. This article focuses on the thematic parameter, and in conclusion, two types of late styles were identified.

1. Ter inleiding

Die navorsing wat in hierdie artikel bespreek word, vorm deel van my doktorsale studie. Breyten Breytenbach se poësie, laatwerk en korpuslinguistiek is die fokuspunte. In die groter studie word Breytenbach se Afrikaanse poësie ontleed binne vier tydperke (vroeë poësie, tronkpoësie, ná-tronkpoësie en latere poësie) en drie parameters (styl, identiteit en tema) om te bepaal of die laatwerkteorie van toepassing is, en indien wel, watter soort. 'Laatwerk' is 'n term wat afgelei is uit Theodor W. Adorno se Duitse woord vir werke in 'Spätstil', en is die werk wat kunstenaars voortbring digby die einde van hulle lewens, en gaan gepaard met intense "intimations of mortality", soos dié van Wolfgang Amadeus Mozart (1756-1791) in sy dertigerjare (Said, 2006: xiii). My hipotese is dat daar 'n verskuiwing is in die rigting van laatwerk in die Afrikaanse poësie van Breyten Breytenbach en dat hierdie verskuiwing ten opsigte van styl, tematiek en identiteit gereflekteer word.

Die fokus van hierdie artikel is egter slegs die temaparameter. Binne hierdie parameter wou ek eerstens uitvind hoe die temas in Breytenbach se vroeë werk verskil van dié in sy latere werk (indien hoegenaamd), en tweedens: Word daar oor meer temas binne 'n spesifieke tydperk geskryf of dieselfde aantal oor al vier tydperke?

In die metodologie word daar kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik, met die korpusprogram #LancsBox wat as hoofgereedskap geïmplementeer word.

2. Die beskrywing van laatwerk en hoe dit by Breytenbach aansluit

Laatwerk dien as teoretiese lens vir hierdie navorsing. Dit is 'n konsep wat al 'n geruime tyd ondersoek word en wat al meer ontwikkel het sedert Adorno en Said se aanvanklike voorstellings. Van Vuuren (2014: 692) bied 'n vertaalde, definiërende oorsig: “Die laaste periode in die werk van kunstenaars, soos musici of skrywers, is 'n tyd waarin hulle in die aangesig van die dood óf sereen voortgaan soos tevore, óf in die boeiendste gevalle, wars van enige gerigtheid op die leser, in groot haas hul laaste werk lewer, dikwels met minder aandag aan die vorm as aan dit wat hul wil oordra en vir hulself wil uitwerk.” Dit kom dus daarop neer dat kunstenaars se werk verander soos tyd verloop. Daar is ook in baie latere werke 'n bewustheid te vinde van hierdie tydsverloop: “In laatwerk bly die spore agter van 'n gearbei téén die tyd, en sulke werk registreer 'n intense bewussyn van die snel-krimpande tyd (en beperkte kragte) wat vir hulle oorbly” (Van Vuuren, 2012: 3).

Met die skryf van hierdie artikel is die mees onlangse literatuur oor laatwerk dié van Mathijs Sanders (2024), waarin die digters Antjie Krog, H.C. ten Berge, Cees Nootboom, Remco Campert, Judith Herzberg, Joke van Leeuwen, Willem van Toorn en Gerrit Kouwenaar se werk bespreek word. Volgens Sanders (2024: 158) voel dié digters bevry van die drang om hulself te bewys en “hun kwetsbare en weerbare poësie engageert zich met de wereld van nu en verzet zich tegen een verstenende status quo”. Daar is ook 'n sterk gevoel van verganklikheid en produktiwiteit by dié digters te vinde (Sanders, 2024: 158), wat by laatwerk aansluit. Sanders (2024: 158) sê verder dat die ondersoekte digters tradisie ken en terugkyk op die pad wat geloop is, en met verlange of bewing na 'n “onbestemde” toekoms uitsien.

Krog is die enigste Afrikaanse digter wat in Sanders se boek ontleed is, maar die feit daarvan dui op die relevansie van laatwerk as teoretiese lens binne die Afrikaanse poëtiese landskap. Sanders (2024: 158) sê ook dat die digters se werk gekenmerk word deur die wisselwerking van tradisie en vernuwing, sowel as “eindigheidsbesef en levensdrift”. Dit is kenmerke wat ook moontlik in Breytenbach se werk ontdek kan word.

Volgens Said (2006) is daar twee soorte laatwerk, maar daar is intussen nog twee soorte ontwikkel. Die derde soort is deur Van Vuuren (2014) gepostuleer en die vierde deur Lourens (2017). Lourens (2017: 80) bied 'n opsomming en sê dat die vier soorte onderskeidelik gekenmerk word deur:

- i. sereniteit, aanvaarding en transfigurasie;
- ii. fragmentasie, ballingskap en onvoldoende samehang;
- iii. herrysenis;
- iv. medemenslikheid, samehang, vryheid, transformasie en oorskryding.

Die eerste soort wat deur Said (2006) voorgestel word, gaan gepaard met die aanvaarding van die kunstenaar dat hulle moet sterf. Daar is 'n soort gereedheid om oor te gee aan die dood. Die tweede soort laatwerk kom volgens Said (2006) neer op 'n meer angstige gevoel en die kunstenaar is kwaad dat hulle moet sterf. Hulle voel vervreemd van die lewe en hul werk raak tipies meer onsamehangend. Said (2006: 7) wys daarop dat “a nonharmonious, nonserene tension” voorkom. Vir die derde soort laatwerk word D.J. Opperman as voorbeeld gebruik (Van Vuuren, 2014) en dit gaan gepaard met 'n nuutgebore genieting van die lewe. Die kunstenaar het deur 'n donker periode gegaan, maar het nuutgebore opgestaan. Van Vuuren (2014: 712) merk op: “Om die merkwaardige vervoering en ‘nuutgebore’ sintuiglikheid aan die einde van die Opperman-oeuvre (in kontras met die vorige, tipiese donker en uitsiglose laatfase) in die denke oor laatwerk te akkommodeer, verg radikale aanpassing van die bestaande teorie.” Die vierde soort gaan gepaard met 'n soort wysheid met die aanvaarding van doodgaan. Die persoon ervaar nou 'n liefde vir alle lewende wesens en die lewe maak nou vir hulle sin. Die idee dat die persoon nie meer in die vlees gaan bestaan nie, maar in die gees, kom ook ter sprake. Transformasie kom dus te voorskyn.

Met dié kenmerke in gedagte, word daar in hierdie navorsing ondersoek ingestel of Breytenbach se oeuvre aan die laatwerkteorie voldoen, oftewel of sy werk met die verloop van die tyd transformeer. Indien daar wel 'n transformasie plaasvind, moet daar bepaal word watter soort laatwerk geïdentifiseer kan word. Dus, is laatwerk aanwesig en indien wel, watter soort?

Volgens Tait en Van Vuuren (2017: 176) kan laatwerk wel in Breytenbach se oeuvre geïdentifiseer word: “Lesers weet met een oogopslag dat hulle hier met laatwerk te doen het.” Ook: “Sedert die publikasie van Breytenbach se eerste bundel is daar 'n bewussyn van sy eie verganklikheid, maar met die digter in sy sewentigs, verskerp dié bewussyn, met toenemende besinning oor, en insig in die aard van die eie dood” (Tait en Van Vuuren, 2017: 175). Hierdie bewustheid en bespreking van die dood is tipies van laatwerk en Tait en Van Vuuren (2017: 175) sê verder dat die leser al vroeg bewus word van “die dreigende dood as sentrale tema” in Breytenbach se werk. Breytenbach se beskouing van die dood verander egter deurgaans. In party gedigte betreur Breytenbach sy toekomstige dood en in ander gedigte is daar weer 'n stille

aanvaarding. Dié verskillende reaksies gaan wel almal gepaard met laatwerk. Ek postuleer daarom dat verskillende soorte laatwerk moontlik teenwoordig is.

Tait en Van Vuuren (2017: 150) is van mening dat “Breytenbach se poëtiese korpus van gedaante verander saam met die veranderende digterlike fokus, biografiese omstandighede en gemoedstoestande”. Tydens die skryf van hierdie artikel dig Breytenbach al vir meer as sestig jaar en dit is dus te verwagte dat sy skryfwerk sou ontwikkel soos wat hy deur die lewe gaan. Dit is alombekend dat die skrywer nie ’n ‘gewone’ lewe gelei het nie, met dié dat hy ’n balling buite sy geboorteland was, in die gevangenis was en as een van Afrikaanse letterkunde se mees kontroversiële stemme beskou word. Breytenbach is steeds in die kollig en spreek hom uit oor kwessies rondom sy moedertaal. Hy beskou ook nie net sy geboorteland as sy tuiste nie wat die deur oopmaak vir diverse ervarings en gesprekke oor identiteit, taal en sentrale tematiese motiewe in sy poësie.

Slegs Tait en Van Vuuren (2017) het na Breytenbach se verjaardagverse gekyk en hierdie artikel vul sodoende die gaping deur die res van Breytenbach se digterlike oeuvre te bestudeer. Volgens Tait en Van Vuuren (2017: 150) reflekteer die verjaardaggedigte die idiosinkratiese styl, temas, en motiewe van elke fase in Breytenbach se oeuvre. Tait en Van Vuuren (2017: 185) bevind byvoorbeeld dat temas wat aanduidings van laatwerk is, reeds in die eerste fase sigbaar is, soos dood en die bewustheid daarvan.

Tait en Van Vuuren (2017) bied ’n verdeling van Breytenbach se werk wat vir dié studie van kardinale belang is: vroeë fase (voor-tronkfase) (1964-1974), tronkfase (1975-1987), ná-tronkfase (1988-1998) en laatwerkfase (1999 tot op die hede). Vir die doeleindes van my navorsing benoem ek die fases soos volg: vroeë poësie (subkorpus A), tronkpoësie (subkorpus B), ná-tronkpoësie (subkorpus C) en latere poësie (subkorpus D).

3. Metodologie: Korpuslinguistiek en Breytenbach se poëtiese oeuvre

Die term ‘korpus’ soos dit in die moderne taalkunde gebruik word, kan die beste gedefinieer word as ’n versameling steekproeftekste, geskrewe of gesproke, in ’n masjienleesbare vorm wat met verskillende vorme van taalkundige inligting geannoteer kan word (McEnery, Xiao en Tono, 2006: 7). Korpusse word met ’n spesifieke doel in gedagte geskep en dan dikwels om as “(informele) voorstelling” van ’n taal of tekstipe te dien (Leech, 1992: 116). Leech (1991: 27) meen ’n korpus is verteenwoordigend van die taalvariëteit wat dit veronderstel is om te verteenwoordig wanneer die gevolgtrekkings wat uit die inhoud daarvan gehaal word, op daardie taalvariëteit toegepas

kan word. Volgens Sinclair (1996) is 'n korpus 'n versameling stukke taal wat volgens eksplisiete taalkriteria gekies en georden word om as voorbeeld van die taal gebruik te word.

Die Breytenbach-korpus word as 'n gespesialiseerde korpus, sowel as diakroniese korpus beskou. Dit is 'n gespesialiseerde korpus, aangesien dit een skrywer se werk is en die formaat konsekwent van digterlike aard is. 'n Gespesialiseerde korpus kan domein- of genre-spesifiek wees en word ontwerp om 'n subtaal voor te stel, maar kan ook uit 'n algemene korpus gehaal word (McEnery, Xiao en Tono, 2006: 60, 61). Vier subkorpusse (een subkorpus vir elke tydperk) is ook uit die Breytenbach-korpus geskep wat dan met mekaar vergelyk word.

My Breytenbach-korpus is ook 'n diakroniese korpus, aangesien dit 'n versameling tekste is wat oor 'n lang tydperk strek. "A diachronic corpus is a collection of texts that vary along the parameter of time" (Potts, 2021). Diakroniese korpusse kan 'n aanduiding gee van watter patrone of kenmerke herhalend voorkom, veral wanneer daar met frekwensie gewerk word, en tendense kan dus bepaal word (Potts, 2021).

'n Algemene korpus dien gewoonlik as 'n basis vir 'n algehele beskrywing van 'n taal of taalvariëteit (McEnery, Xiao en Tono, 2006: 15). Dié korpus se eienskappe word nie ontleed nie, aangesien die korpus slegs as gereedskap op die korpusprogram gebruik word. 'n Algemene korpus is vir my navorsing nodig en word vergelyk met elke Breytenbach-subkorpus op die korpusprogram om sekere datapunte te genereer. In hierdie artikel is dié datapunte sleutelwoordelyste en n-gramme, wat later bespreek word.

Ek gebruik 'n subkorpus uit die Taalkommissie-korpus (TK-korpus) wat deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geskep is. "In totaal bevat die korpus tans ongeveer 57 miljoen woorde, en sluit die volgende registers in: fiksie (kortverhale en romans), koerante (dagblaaie en Sondagkoerante), tydskrifte (algemeen/gesinstydskrifte en vrouetydskrifte), populêre boeke (subkategorieë: algemeen, finansies, godsdienstig, kuns en kultuur, leefstyl, sport en ontspanning, tegnologie, vroue), administratiewe tekste (notules van vergaderings), akademiese tekste (vakwetenskaplike artikels, proefskrifte en verhandelings), en universiteit-studiegids" (Van Rooy en Kruger, 2016: 108-109). Die volle TK-korpus is egter te groot vir die korpusprogram wat gebruik word en 'n subkorpus uit die TK-korpus word daarom gebruik: die Subkorpus Boeke: Algemeen bestaan uit 2 905 463 woorde.

Die rede waarom hierdie algemene subkorpus gebruik word, is omdat die algemene korpus gebalanseerd en verteenwoordigend van die betrokke taal (Afrikaans) moet wees. Dit sal dus nie voldoende wees om poësie met 'n

poësiekorpus te vergelyk nie. Daar is ook nie 'n volledige bestaande poëtiese korpus in Afrikaans nie.

Voorts volg hierdie studie 'n korpusgebaseerde benadering. 'n Korpusgebaseerde analise ondersoek 'n korpus met die primêre doel om bestaande taalkundige hipoteses of teorieë te toets (Ngula, 2018: 208) – soos die laatwerkteorie in die navorsing. Daar is nie enige bestaande teorieë of hipoteses van toepassing by 'n korpusgedrewe analise nie: “It aims to allow the corpus itself to drive the research and for the analyst to observe what is salient to explore in the corpus” (Ngula, 2018: 208).

In die artikel is daar hoofsaaklik drie instrumente op #LancsBox gebruik en dié instrumente word soos volg deur McEnery (2018) uiteengesit:

3.1.1. Frekwensielys

'n Frekwensielys is 'n lys van al die items van 'n gegewe tipe in 'n korpus (byvoorbeeld alle woorde, alle selfstandige naamwoorde, alle vierwoordreekse), tesame met 'n telling van hoe gereeld elkeen voorkom. 'n Hoë frekwensie dui dus op 'n groter hoeveelheid items as 'n lae frekwensie.

3.1.2. Sleutelwoorde

'n Sleutelwoord is 'n woord wat meer gereeld voorkom in 'n teks of korpus as in die algemene korpus. 'n Sleutelwoord moet statisties betekenisvol wees om as 'n sleutelwoord te kwalifiseer. Sleutelwoorde word verkry deur die gespesialiseerde korpus (Breytenbach-subkorpus) met die algemene korpus (TK-korpus) te vergelyk. Daar is 'n top-20-sleutelwoordelys vir elke tydperk geskep.

3.1.3. N-gram

Die n-gramfunksie op #LancsBox sorg vir 'n indringende analise van die frekwensies van n-gramme, oftewel die hoeveelheid keer wat opeenvolgende frases of selfs sinne in die korpus voorkom. Die metode wat gebruik word om sleutelwoorde te genereer, word ook by n-gramme gebruik. 'n Gespesialiseerde korpus (Breytenbach-korpus) word by 'n algemene korpus (TK-korpus) gevoeg om die lys van n-gramme te skep. Op die korpusprogram kan die verbruiker die parameters stel met die gewenste hoeveelheid gramme waarna hulle op soek is. Gevolglik kan daar na so min as twee opeenvolgende woorde gesoek word of selfs sewe. Die parameters vir hierdie studie is op

die korpusprogram gestel dat dit tri-gramme wys, dus drie opeenvolgende woorde.

Soos vroeër genoem, is Breytenbach se werk in vier tydperke verdeel en dus vier subkorpusse. Die vier subkorpusse en die bundels waaruit hulle bestaan, is soos volg:

3.2.1. subkorpus A: *Ysterkoei-blues 1964-1975* (2001);

3.2.2. subkorpus B: *Die ongedanste dans: Gevangenisgedigte 1975-1983* (2005) saam met *Die singende hand: Versamelde gedigte 1984-2014* (2016b) vanaf bladsy 21 tot 80;

3.2.3. subkorpus C: *Die singende hand* vanaf bladsy 81 tot 301;

3.2.4. subkorpus D: *Die singende hand* vanaf bladsy 302 tot 726 saam met *die na-dood* (2016a) en *op weg na kû* (2019).

Die gevolgtrekkings van A word dus met B vergelyk, A met C, A met D en dan B met C, B met D en C met D. Die maklikste manier om die subkorpusse te kon opstel, was om versamelbundels te gebruik. Sodoende kon daar nie enige werk oorgeslaan word nie. Die versamelbundels moes egter verdeel word, aangesien hulle nie presies in die tydperke val wat opgestel is nie. Tydens die navorsing is daar nog 'n Breytenbach-bundel gepubliseer (*Hokhokaai Fragmente* (2021)), maar omdat data-insameling reeds begin het, is dit nie ingesluit nie.

Die data word in drie afdelings verdeel:

3.3.1. Uit die voorafstudie

Eers het ek 'n voorafstudie gedoen om te bepaal of die gekose parameters van die groter studie (styl, identiteit en tema) van toepassing is op die data, sowel as watter aspekte onder elke parameter ondersoek kon word.

In die voorafstudie is daar een verjaardaggedig in elk van die vier tydperke ontleed en die korpusprogram is nie gebruik nie. Dié gedigte is deur middel van eenvoudige willekeurige steekproefneming geïdentifiseer. Eenvoudige willekeurige steekproefneming sorg dat elke element 'n gelyke kans het om as deel van die steekproef gekies te word (Joubert, Hartell en Lombard, 2016: 263). Die bundels en gedigte is in elke tydperk genommer en in 'n lys op Microsoft Excel ingevoeg. Daarna is die "randomise"-funksie gebruik om die lys in 'n lukrake volgorde te plaas. Eers is die bundel in elke tydperk geïdentifiseer en daarna die gedig. Die eerste bundel en gedig uit elke lys is vir ontleding gebruik:

- 3.3.1.1. Vroeë poësie (1964-1974): *Met ander woorde: Vrugte van die droom van stilte* (1973); “geb. 16 Sept. 1939, Bonnievale”
- 3.3.1.2. Tronkpoësie (1975-1987): (*Yk*) (1983); “klippespel/causerie”
- 3.3.1.3. Ná-tronkpoësie (1988-1998): *Papierblom (72 gedigte uit ’n swerfjoernaal)* (1998); “16 September 1988”
- 3.3.1.4. Latere poësie (1999-2019): *op weg na kû* (2019); “7.12 weer en verweer: maanpoen vir die 16de September 2016: monoloog vir twee monde”

Uit hierdie vier gedigte is die noemenswaardige temas wat kwalitatief geïdentifiseer is: dood, tydsverloop, verjaardag, tronk, blomme, voëls, diere (met die uitsluiting van voëls en honde), honde, liefde, maan, pampoene en spieëls.

Die temas wat geïdentifiseer is, is onder andere wat akademiëci as kenmerkend van Breytenbach se werk beskryf, sowel as temas wat kenmerkend is van laatwerk volgens die teoretisering daarvoor. ’n Paar leitmotiewe volgens Tait en Van Vuuren (2017: 156) is Breytenbach se “geboortedatum as sentrale merker van sy verjaardagverse (dikwels gebruik as titel, of as datum in of onder dié verse, die digter as hond, sy outobiografiese spel met sy eienaam en/of voorletters, die maan, en variasies op die begrip ‘om te vlieg’ (soos ‘voël’, ‘fool’, ‘vere’)”.

3.3.2. Top-20-sleutelwoordelys

Die Top-20-sleutelwoordelys is verkry deur elke Breytenbach-subkorpus met die subkorpus van die TK-korpus te kombineer. In hierdie tema-parameter is die woorde uit die lyste verwyder wat nie moontlik ’n tema kan wees nie. Slegs selfstandige naamwoorde, adjektiewe en werkwoorde word as temas beskou en die ander woordsoorte is uit die lyste gehaal.


3.3.3. N-gram

N-gramme is aan die hand van tri-gramme ondersoek deurdat die parameter na drie opeenvolgende woorde gestel is. ’n Top-10-lys (van die hoogste frekwensie) van tri-gramme uit elke subkorpus is geskep.

4. Bevindinge

4.1. Uit die voorafstudie

Die temas wat geïdentifiseer is uit die voorafstudie is elk op #LancsBox ingevoer om die frekwensie te genereer.



Grafiek 1: 'n Vergelyking van elke tema se frekwensie in die vier subkorpusse

Die meeste van die geïdentifiseerde temas word in subkorpus D gevind. Die drie temas wat die meeste in subkorpus D voorkom, is 'n aanduiding dat laatwerk moontlik sigbaar raak, aangesien hierdie temas kenmerkend van laatwerk is, naamlik “dood”, “tyd” en “verjaardag”. Die tema met die hoogste frekwensie in subkorpus D is “dood” (266) en dit kan moontlik die laatwerkhipotese ondersteun. Die tema “dood” se tweede hoogste frekwensie is in subkorpus A (233) en dit ondersteun Tait en Van Vuuren (2017) se vasstelling dat Breytenbach reeds van vroeg af oor tipiese laatwerktemas geskryf het.

Die tema “tronk” kom een keer voor in subkorpus A, maar dit het niks met die tronkfase van sy lewe te doen nie. Die reël “my gesig is ’n tronk” in 7.4 in *Lotus* is waar die woord “tronk” voorkom in ’n figuurlike betekenis wat verskil van die letterlike gebruik van die woord in die latere tronkbundels. Breytenbach gebruik ook nooit die woord “tronk” in die ná-tronkpoësie nie. Die digter het deur ’n traumatiese ervaring gegaan en was dalk nog nie in hierdie tydperk gereed om die gebeurtenis so direk in sy poësie te hanteer nie. In Breytenbach se prosateks *The True Confessions of an Albino Terrorist*

(1984) word die tema van trauma wel ontgin. Die tema “tronk” kom die meeste voor in subkorpus B, soos wat te verwagte is, maar slegs een keer in subkorpus D. Hierdie verandering kan óf dui op hoe die digter met sy lewe aanbeweeg het, óf dat die trauma te erg is om oor te praat. Wat wel duidelik blyk, is dat daar ’n verandering plaasvind. Tait en Van Vuuren (2017: 170) sê dat daar in dié fase van subkorpus C “’n breuk in digterlike produktiwiteit” plaasgevind het “soos die digter sy voete probeer vind na langtermyn-gevangeneskap”. Vir Breytenbach moes hierdie fase ná die tronk “’n fase van psigiese herstel wees, soos wat hy weer aangepas het by ’n normale lewe” (Tait en Van Vuuren, 2017: 170).

Interessant genoeg word “liefde” die meeste in subkorpus A gevind en die tweede meeste in subkorpus D. Daar is ’n groot verandering in die gebruik van “liefde”, aangesien dit amper die helfte minder in subkorpus B (53) en C (54) voorkom as in A (117). Die frekwensie styg dan weer aansienlik in D (109). Subkorpus B en C het oor die algemeen ’n ander tematiese ‘landskap’ as die ander twee subkorpusse.

Ná “dood” is “maan” die tema wat regdeur Breytenbach se oeuvre die meeste voorkom. Al wys die data dat die frekwensie van die gebruik van maan deurgaans redelik hoog is, kan daar ’n verandering in die oeuvre opgelet word. Subkorpus A (134) en B (135) stem redelik ooreen, maar dan verskyn dié tema aansienlik minder in subkorpus C (75). Breytenbach het wel in hierdie tydperk minder geproduseer en dit moet in ag geneem word. Daar is weer ’n groot sprong in frekwensies in subkorpus D (285) waarin Breytenbach uit al die tydperke die meeste “maan” gebruik het. Hierdie transformasie in die latere fases van die oeuvre kan op laatwerk dui, na aanleiding van Ferreira (1982: 83) se gevolgtrekkings oor hoe Breytenbach die maan aan lewe en dood koppel. Ferreira (1982: 83) gebruik die gedig “seisoenegids” in *Die ysterkoei moet sweet* (Breytenbach, 1964a: 47) as voorbeeld en sê dat die maan simbolies is van lewe. In die derde reël staan daar “groen soos die maan in die somer en in die herfs” (Breytenbach, 1964a: 47). Ferreira (1982: 83) sê dat “die maan kan groen wees as teken van somer of herfs, ’n lewe-en-dood versoende kleur”. Die temas van lewe en dood word sodoende aan die maan geskakel en tekens van laatwerk word vroeg opgelet.

As daar in die latere fase gekyk word na die gedig “1.1” in *op weg na kû* (Breytenbach, 2019: 17-27), verskyn die maan reeds vroeg in die bundel: “ek gaan dood aan die mense om my, een vir een / en wanneer geeneen oorbly om die dans te seën / taan die dood aan die lewe in my om steen vir steen / dan tot maan te verbeen in die sooie van slaap” (Breytenbach, 2019: 23). Die skrywer-digter sterf in die gedig as gevolg van mense om hom en dit is asof

hulle hom doodmaak. Die verlies van mense in sy lewe, sowel as om te sterf terwyl 'n mens slaap, word ook gesuggereer. Omstandighede van die lewe en wat gebeur wanneer die kunstenaar ouer word, word dus uitgebeeld. Terwyl die maan vroeër met lewe en dood geskakel is, word die skakel met die dood hier sterker na vore gebring. 'n Definitiewe bewustheid van die dood word hier gevind, maar die vierde soort laatwerk kan moontlik opgelet word, aangesien Breytenbach met 'n soort aanvaarding oor die dood en oudwordproses in hierdie gedig skryf.

Nog 'n tema wat baie met Breytenbach geassosieer word, is “pampoens”. Tait en Van Vuuren (2017: 153) sê dat die verjaardag-prosavers uit 1964, “fascistiese pampoens”, die “sentrale beeld van die pampoens in Breytenbach se oeuvre inbring” en dit as 'n simbool vestig wat in sy oeuvre van kardinale belang is. “‘Pampoens’ staan dus in Breytenbach se poësie vir Suid-Afrika, met sowel positiewe assosiasies van sy gelukkige jeug met vriende en familie (deur die warm rooigeel kleur daarvan, en as vrug uit Suider-Afrika se warm, vrugbare grond waaruit ook hy voortgekom het as 'n ander soort ‘pampoens’), maar ook as vrug uit die ‘fascistiese’ apartheidsland (1948-1994)” (Tait en Van Vuuren, 2017: 154). Die tema “pampoens” kom egter nie so baie voor soos wat ek verwag het nie: A: 15, B: 1, C: 3 en D: 39. Volgens hierdie data sou Breytenbach eintlik eers in sy latere poësie “pampoens” as 'n herhalende tema vestig. Wat wel met sekerheid gesê kan word, is dat daar weer 'n verandering in die oeuvre plaasgevind het met die verskille in frekwensies van dié tema. Die verwagting was dat “pampoens” deurgaans 'n hoë frekwensie sou hê.

Dit is belangrik om te let op wat Tait en Van Vuuren (2017: 159) sê: “Die pampoens en die maan (soos ander simbole) is egter nooit absoluut vas nie en het verglydende, meerduidige betekenis in dié oeuvre, afhangende van die spesifieke inkleding.” Die konteks waarin die simbool verskyn, kan dus nie geïgnoreer word nie. Hierdie kontekste is al ondersoek en dit is dus van waarde om ook die groter prentjie te bestudeer, soos wat in dié navorsing gedoen word. Daar moet 'n tree terug gegee word om alle aspekte ook raak te sien en nie net die beelde stip in isolasie te bestudeer nie. Die kwantitatiewe analises sorg vir die toegang tot die herhalende metaforiek in Breytenbach se oeuvre.

a. Top-20-sleutelwoordelys

Die Top-20-sleutelwoordelys is geskep met behulp van die TK-korpus soos wat voorheen verduidelik is. Hierdie woorde het dus hoë sleutelwaardes.

| Subkorpus A | | | | |
|--------------------|--------|---------|--------|--------|
| nag | sneeu | wit | wind | lyf |
| oë | reën | blou | mond | huil |
| gedig | grys | asem | vlees | tong |
| Subkorpus B | | | | |
| nag | grys | wit | wind | blou |
| gedig | donker | droom | stilte | oë |
| lyf | mond | | | |
| Subkorpus C | | | | |
| nag | dooie | gedig | donker | droom |
| wind | stilte | wit | grys | tong |
| sing | hemel | swart | spieël | sterwe |
| vuur | geheue | | | |
| Subkorpus D | | | | |
| gedig | nag | donker | stilte | dooie |
| wind | sing | vergeet | woorde | droom |
| dans | maan | onthou | | |

Tabel 1: Al vier subkorpusse se temas uit die Top-20-sleutelwoordelys

Daar is 'n hele paar woorde wat in die subkorpusse oorvleuel: “nag”, “gedig” en “wind” is temas wat in elke subkorpus se Top-20-sleutelwoordelys voorkom. Hierdie drie temas kan dus as tipiese Breytenbach-temas bevestig word. Die sleutelwoorde roep sekere temas op. Liggaamlikheid word byvoorbeeld in die eerste drie subkorpusse deur die sleutelwoorde “lyf”, “vlees”, “tong” en “mond” gesuggerer.

Volgens Van Vuuren (2009: 53) is daar twee oorkoepelende onderwerpe wat die kern van Breytenbach se poësie in die tronktydperk vorm en dit is dat hy baie skryf oor sy naderende dood, lewe, homself en sy toestand van gevangenisskap, maar ook die gereelde aspekte van kuns en die aard daarvan om 'n digter te wees. Die sleutelwoorde “nag”, “grys” en “donker” sluit moontlik tematies by sy gevangenisskap aan, aangesien hierdie woorde tematies kan aansluit by 'n toestand van gevangenisskap, wat metafories as 'n “donker” tyd gesien kan word. Digterskap as tema word bevestig deur die feit dat “gedig” 'n sleutelwoord is. Nog sleutelwoorde wat moontlik tematies verwant is aan die kuns en digterskap, is “droom” en “stilte”.

Al die temas in subkorpus B kom ook in ander subkorpusse voor, terwyl subkorpus C die subkorpus is wat die meeste temas bevat wat nie met ander subkorpusse oorvleuel nie. Subkorpus C verskil van die ander subkorpusse,

aangesien “oë” nie ’n sleutelwoord is nie. Breytenbach is tydens hierdie tydperk baie bewus van die “onontkombare, onwrikbare dood” (Van Vuuren, 2006: 54) en dit word weerspieël in sleutelwoorde soos “dooie”, “hemel” en “sterwe”. Van Vuuren (2006) let op die feit dat Breytenbach in dié tydperk moeg raak vir sy eie poësie en in sy werk daarvoor skryf. Dit maak dus sin dat “gedig” in hierdie subkorpus ’n sleutelwoord is.

Waar subkorpus C ses sleutelwoorde bevat wat nie in die ander tydperke voorkom nie, het subkorpus D vyf. Een van die Top-20-sleutelwoorde wat in subkorpus D voorkom en nie in die ander subkorpuse nie, is “maan”. Die voorkoms van “maan” as sleutelwoord staan in dié subkorpus uit en sluit aan by die bespreking in afdeling 4.1 waarin die maan as kenmerkend van laatwerk beskou word. Die feit dat “maan” in dié laaste subkorpus ’n sleutelwoord is, is bevestigend van laatwerk.

Burger (2008) sê dat tyd en taal gepaard gaan met Breytenbach se poësie. Hierdie stelling word in subkorpus D gemotiveer, aangesien “woorde” ’n sleutelwoord is. Nog sleutelwoorde wat dié idee van Burger (2008) ondersteun, is “gedig”, “dooie”, “vergeet” en “onthou”. Daar is sekere sleutelwoorde/assosiasies wat in *Die windvanger* deurlopend is: verskietende, vergeet, vlam van vertel, weggaan, stilte, nooit weer, vergaan en die dood (Coetzee, 2009: 152). Die positiefste sleutelwoorde (sleutelwoorde met die hoogste sleutelwaarde) in subkorpus D is “sing”, “droom” en “dans” en dit staan in kontras met ander sleutelwoorde soos “nag”, “donker”, “stilte” en “dooie”. Die sleutelwoorde se toon is dus nie soortgelyk nie en dit kan op verskeie soorte laatwerk dui: die eerste soort laatwerk (volwasse en sereen), die tweede tipe laatwerk (woedend) of die vierde soort laatwerk (waar daar ’n transformasie voorkom).

b. N-gram

| | Subkorpus A | Subkorpus B | Subkorpus C | Subkorpus D |
|---|--------------|---------------|---------------|---------------|
| 1 | in die lug | en in die | in die nag | in die nag |
| 2 | in die nag | in die nag | vir haar wat | in die donker |
| 3 | ek het jou | in die aarde | die see se | op soek na |
| 4 | in die sneeu | in die donker | haar met die | tot aan die |
| 5 | in die wind | van die nag | van die dood | in die mond |
| 6 | van die nag | het in die | dit was die | a toast to |
| 7 | in die grond | in die lug | van die hemel | in die hemel |
| 8 | en ek het | tot aan die | vir haar met | in die water |

| | | | | |
|----|----------------|-------------|---------------|--------------|
| 9 | in die water | van die son | in die donker | het in die |
| 10 | van die liefde | en ek het | in die mond | deur die nag |

Tabel 2: Die Top-10-tri-gramtipes van al vier subkorpusse

Subkorpus C en D stem die meeste ooreen, aangesien daar drie tri-gramme is wat oorvleuel: “in die nag”, “in die donker” en “in die mond”. Subkorpus C se “die see se” stem tematies ooreen met “in die water” van subkorpus D. Verder is daar is ’n tematiese ooreenstemming tussen “van die hemel” in subkorpus C en “in die hemel” in subkorpus D. Die tri-gram “van die dood” in subkorpus C stem ook tematies ooreen met “in die hemel” in subkorpus D, maar daar kan geargumenteer word dat D ’n meer positiewe konnotasie het as C, al het beide tri-gramme te doen met sterfte. Hierdie verskynsel kan ge-skakel word aan die vierde soort laatwerk, waar transendensie ter sprake is.

Daar word slegs na liefde verwys in subkorpus A: “van die liefde”. Die tri-gram “van die son” in subkorpus B kom ook slegs daar voor en kan dui op die hunkering na vryheid, aangesien dit werk uit die tronktydperk is. In een van die gedigte waarin “van die son” in *Die ongedanste dans: Gevangenisgedigte 1975-1983* (2005: 37) voorkom, sê Breytenbach pront-uit: “die tronk word ’n klooster” (reël 6 in “26 (gedig op toiletpapier)”). In hierdie konteks staan “klooster” in sterk kontras met die son en dit dui op Breytenbach se somber en vasgevangene toestand.

Beide tri-gramme “van die liefde” en “van die son” is tri-gramme wat positiewer is, maar die oeuvre raak progressief somberder en/of negatiewer, met tri-gramme soos “in die donker” (B, C en D) en “van die dood” (C). Die tri-gram “van die dood” kom skielik voor in subkorpus C met ’n frekwensie van 12 en ook slegs daar. In “20 September 1988” in *Die singende hand: Versamelde gedigte 1984-2014* (2016b: 82) skryf Breytenbach: “dans, ons dans / die skyn/ verskyn / die verpoeierde verdwyn / gelaat van die dood.” Die gedig is digby Breytenbach se verjaardag geskryf (16 September). Die gedigte voor en ná hierdie een het ook datums as titels en ek neem dus aan dat hulle op daardie datums geskryf is. Wat hier belangrik is, is dat hy naby aan sy verjaardag weereens oor die dood skryf. Die kunstenaar word herinner aan die realiteit van ouer raak, en besin meer gereeld oor sterfte. Laatwerk word dus hier bevestig.

Die tri-gram “in die hemel” is weer slegs in subkorpus D en hierdie tri-gram het ’n frekwensie van 29. Die tri-gram “in die hemel” verskyn in een van die verjaardaggedigte “7.12 weer en verweer: maanpoen vir die 16de September 2016: monoloog vir twee monde” (*op weg na kû*, 2019: 159) in die reëls “en om die patroon van maanpoen in die hemel / van aanhou skryf te soek” (reëls 43 en

44). Dit is nuttig vir hierdie bespreking, aangesien tipiese Breytenbach-temas in een reël gevind word, naamlik die maan, pampoen, hemel/dood en skryf.

Die tri-gram “in die nag” is al tri-gram wat in al vier subkorpusse voorkom. Die tri-gram “van die nag” kom wel in subkorpus A en B voor, terwyl “in die donker” in subkorpus C en D voorkom. Al hierdie tri-gramme het te doen met die donkerte as geheel en versterk die somber gevoel van die temas. Hierdie verskynsels reflekteer die veranderinge na laatwerk. Die dood is ook ’n kenmerkende teken van laatwerk en aangesien hierdie tema in die tri-gramme verskyn, word die laatwerkteorie verder versterk.

Subkorpus A en D verskil die meeste, met al ooreenkoms wat “in die nag” is. Hierdie groot verskil tussen tydperke kan ook ’n aanduiding wees van die moontlike transformasie in die groot Breytenbach-korpus. Die kontras tussen subkorpus C en subkorpus A en B se tri-gramme, is in die feit dat daar in die eerste twee tydperke meer as een tri-gram verskyn waarin “ek” gebruik word. In subkorpus C se Top-10-tri-gramme is daar nie so ’n tri-gram nie en daar verskyn twee tri-gramme waarin “haar” gebruik word. In subkorpus D verskyn geen tri-gramme met voornaamwoorde nie. Alhoewel daar in die literatuur op Breytenbach se “ekkerigheid” (Galloway, 1990: 40) gelet word, is daar hier ’n verskuiwing in die oeuvre aangesien die “ek” nie in die laaste twee subkorpusse se Top-10-tri-gramme verskyn nie.

5. Bespreking

Laatwerk word deur Van Vuuren (2012: 3) beskryf as “’n gearbei téén die tyd en sulke werk registreer ’n intense bewussyn van die snel-krimpemde tyd (en beperkte kragte) wat vir hulle oorbly”. Daar is ’n verskil in die styl van die vroeëre en die latere werk van die kunstenaar en dit is wat laatwerk tipeer. Van Vuuren (2014: 692) wei hierop uit: “Die laaste periode in die werk van kunstenaars, soos musici of skrywers, is ’n tyd waarin hulle in die aangesig van die dood óf sereen voortgaan soos tevore, óf in die boeiendste gevalle, wars van enige gerigtheid op die leser, in groot haas hul laaste werk lewer, dikwels met minder aandag aan die vorm as aan dit wat hul wil oordra en vir hulself wil uitwerk.”

Uit die navorsing word daar binne die temaparameter ’n verskuiwing na laatwerk opgelet. Ek stel voor dat daar moontlik kenmerke van twee soorte laatwerk in Breytenbach se poësie te vinde is: die tweede en vierde soort laatwerk.

Die temas “dood” en “tyd” kom die meeste voor in Breytenbach se laaste subkorpus en hierdie twee temas is kenmerkend van die tweede soort laatwerk,

oftewel, wat deur fragmentasie en onvoldoende samehang gekenmerk word. Die spreker-digter kom in opstand teen die dood. Roux (2019: 358) plaas veral klem, na aanleiding van die lees van *op weg na kû* (2019), op die feit dat daar 'n soort donkerke in Breytenbach se bundel is: “Die swart weerkaatsings van Breytenbach se werk word deur middel van metaforismes, nagpsalms, woordoorloopsels, oordrywings en onthoubriewe, interludes, maanwater, handsange en skryfnotas oor nege afdelings van Bergboek Kû vergestalt, en bied insig in die fundamentele leeg- of niksheid, kenmerkend van alle fenomene [...]” Said (2006: xiii) sê dat die naderende dood van die kunstenaar as tema altyd in laatwerk verskyn: “But death does sometimes wait for us, and it is possible to become deeply aware of its waiting.”

Ek spekuleer wel dat daar nog 'n soort laatwerk teenwoordig is en dit is die vierde soort wat deur vryheid en transformasie gekenmerk word. Breytenbach skryf oor die “maan”, “droom”, “hemel” en “voëls” nie net meer uit 'n letterlike geval van vry wees nie. Die frekwensie van dié temas is hoog in die laaste subkorpus wat 'n hele aantal jare ná sy vrylating uit die tronk geskryf is. Hy het ook nie een keer in subkorpus C die woord “tronk” gebruik nie en slegs een keer in subkorpus D.

Breytenbach skryf met 'n tipe wysheid wat met die aanvaarding van doodgaan gepaard gaan. Die tri-gram “in die hemel” is byvoorbeeld die tri-gram met die sewende hoogste frekwensie in subkorpus D. Die vierde tipe laatwerk gaan saam met transendensie en hierdie hoë frekwensie van “in die hemel” kan moontlik op hierdie denkwysse dui. Die twee sleutelwoorde in subkorpus C, “hemel” en “geheue”, is ook temas wat by die idee aansluit.

Uit hierdie navorsing lewer ek wel kritiek op die korpusprogram #LancsBox. In die ontleding is genoem hoe daar 'n verwagting was dat “pampoene” 'n hoë frekwensie in die oeuvre sou hê. Na aanleiding van die kwantitatiewe, sowel as kwalitatiewe ondersoek (by die voorafstudie), is daar opgelet dat die program nie samestellings van die woord toon indien die volle woord nie as soekterm gebruik word nie. In die verjaardagedig “berig, 16 September 2008. New York” (*Die singende hand*, 2016b: 448) verskyn “boerpampoene”, maar hierdie samestelling word nie deur die program geregistreer as slegs “pampoene” gesoek word nie. Die motief van pampoene kan dus meer voorkom as wat die enkele woord “pampoene” se soektog aandui.

6. Slot

Daar word uit die navorsing tekens van laatwerk in Breytenbach se oeuvre opgemerk met betrekking tot die tematiese motiewe waarvoor hy geskryf het.

Tekens van die tweede soort laatwerk is aanwesig, op grond van kenmerke van fragmentasie en onvoldoende samehang. Tekens van die vierde soort laatwerk kan ook gesien word, naamlik eienskappe van vryheid en transformasie. Die moontlikhede wat korpuslinguistiek bied om die uitgebreide poëtiese oeuvre van Breyten Breytenbach effektief te ontleed, word geïllustreer.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Burger, W. 2008. Resensie-artikel: *Die windvanger*. *Tydskrif vir Letterkunde* 45(1): 194-204.
- Breytenbach, B. 1964a. *Die ysterkoei moet sweet*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel.
- Breytenbach, B. 1964b. *Katastrofes*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel.
- Breytenbach, B. 1973. *Met ander woorde. Vrugte van die droom van stilte*. Kaapstad: Buren.
- Breytenbach, B. 1983. (*'Yk'*). Emmarentia: Taurus.
- Breytenbach, B. 1985. *Lewendood – kantlynkarteling by 'n digbundel: die eerste bundel van die ongedanste dans*. Emmarentia: Taurus.
- Breytenbach, B. 1990. *Soos die so*. Bramley: Taurus.
- Breytenbach, B. 2001. *Ysterkoei-blues: Versamelde gedigte (1964-1975)*. Kaapstad: Human & Rousseau
- Breytenbach, B. 2005. *Die ongedanste dans: Gevangenisgedigte (1975-1983)*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 2007. *Die windvanger*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 2016a. *die na-dood*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 2016b. *Die singende hand: Versamelde gedigte (1984-2014)*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 2019. *op weg na kû*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Galloway, F. 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. HAUM-Literêr.
- Joubert, I., Hartell, C. en Lombard, K. 2016. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Leech, G. 1991. The state of the art in corpus linguistics. In: Aijmer, K. and Altenberg, B. (eds.). *English Corpus Linguistics*. London: Longman.
- Leech, G. 1992. Corpora and theories of linguistic performance. In: Svartvik, J. (ed.). *Directions in Corpus Linguistics*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Lourens, A. 2017. Die toepassingsmoontlikhede van die teoretiese gesprek

oor laatwerk: 'n Onderzoek van die oeuvre van Pirow Bekker. *Stilet* 29(2): 73-94.

McEnergy, T. 2018 [2013]. *CASS: Briefings*. Lancaster: The ESRC Centre for Corpus Approaches to Social Science (CASS).

McEnergy, T., Xiao, R. en Tono, Y. 2006. *Corpus-Based Language Studies: An Advanced Resource Book*. London: Taylor & Francis.

Ngula, R.S. 2018. *Corpus methods in language studies. Perspectives on Conducting and Reporting Research in the Humanities*. Ghana: University of Cape Coast Press.

Potts, A. 2021. Part 1: Studying language change in diachronic corpora. Lecture (Corpus Linguistics: Method, Analysis, Interpretation). Lancaster University.

Roux, A. 2019. *op weg na kû* (2019) – Breyten se woordsterfverwerk ontroer. *Stilet* 31(1&2): 339-343.

Said, E.W. 2007 [2006]. *On Late Style. Music and Literature Against the Grain*. New York: Vintage Books.

Sanders, M. 2024. *Boekhouders van de vergankelĳkheid: Late styl in nuwe poësie*. Gent: Poëziecentrum.

Sinclair, J. 1996. Preliminary recommendations on Corpus Typology. EAGLES. <https://www.ilc.cnr.it/EAGLES96/corpusTyp/node5.html#SECTION00041000000000000000>. (Datum van gebruik: 22 Julie 2024).

Tait, C. en Van Vuuren, H. 2017. Die verjaardagsversritueel in Breyten Breytenbach se oeuvre: 1964-2014. *Stilet* 28(1): 149-192.

Van Rooy, B. en Kruger, H. 2016. Faktore wat die weglating van die Afrikaanse onderskikker dat bepaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(1): 102-116.

Van Vuuren, H. 2006. "Die taal asyn aan die lippe": 'n Oorsig van Breyten Breytenbach se poësie-oeuvre. *Tydskrif vir Letterkunde* 43(2): 46-56.

Van Vuuren, H. 2009. Labyrinth of loneliness: Breyten Breytenbach's prison poetry (1976-1985). *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2): 43-56.

Van Vuuren, H. 2011. "'n Almanak van klippe": Laatwerk en Breyten Breytenbach se *Die beginsel van stof (laat-verse, sprinkaanskaduwees, aandtekening)*. *LitNet Akademies* 8(3): 461-486.

Van Vuuren, H. 2012. LitNet Akademies-resensie-essay: katalekte deur Breyten Breytenbach – 'n Boeiende gesprek met van die grootstes. *LitNet Akademies*. <https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-katalekte-deur-breyten-breytenbach-n-boeiende-gesprek/>. (Datum van gebruik: 12 April 2021).

Van Vuuren, H. 2014. D.J. Opperman se laatwerk. *LitNet Akademies* 11(2): 688-714.

Note

1. Ek spreek my opregte dank uit aan die beurs wat deur die Ton en Anet Vosloo-leerstoel aan die US aan my bewillig is.
Die Taalkommissiekorpus word gebruik met erkenning aan die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexTTM), Noordwes-Universiteit, wat die korpus beskikbaar gestel het.

Die gedig as “ontvangsapparaat” van bewussyn: ’n Interpretasie van poëtiese bewussyn en die kreatiewe proses deur die lens van die kwantumteorie en Zen-Boeddhisme in die metagedig “Kû” deur Breyten Breytenbach

Annika (Mouton) van der Linde¹

The poem as a “reception apparatus” of consciousness: An interpretation of poetic consciousness and the creative process through the lens of quantum theory and Zen Buddhism in the meta-poem “Kû” by Breyten Breytenbach

Werner Heisenberg, a key figure in quantum theory, pondered the convergence of disparate ideas, suggesting that if two lines of thought from entirely different realms have enough connections, real interaction might occur, leading to intriguing developments. This notion resonates with the intersection of Zen Buddhism and quantum theory, as explored in various studies. Considering poetic consciousness in Breyten Breytenbach’s work alongside quantum theory and Zen Buddhism could add another dimension to this intersection. In this article, I delve into interpretive possibilities for Breytenbach’s meta-poetic poem “Kû”, examining how these three lines of thought – Zen Buddhism, quantum theory, and psychological perspectives on poetic consciousness – intersect, drawing from Sabine Coelsch-Foisner’s typological approach to poetic consciousness.

1. Inleiding

Werner Heisenberg, een van die vaders van die kwantumteorie, het die kruising van onverwante gedagtelyne bepeins: Indien daar kruisings is tussen twee gedagtelyne, wat in totaal verskillende velde, kulture en tradisies bestaan en by tye genoegsame verwantskappe vertoon om werklike interaksie te bemiddel, kan ’n mens net hoop dat interessante verwickelinge sal volg (Heisenberg, 1958: 187).

Die ontmoeting tussen Zen-Boeddhisme en kwantumteorie is so ’n kruising – soos dit uit verskeie studies blyk in onder meer Capra (1977), Wallace (2003), Bitbol (2014), en Shani en Keppler (2018). Maar wat is moontlik as nog ’n lyn tot daardie gedagtelynkruising gevoeg word? Watter interpretasiemoontlikhede kan ontsluit word indien die insigte verkry vanuit die verband tussen die kwantumteorie en die Zen-Boeddhisme gebruik word

om poëtiese bewussyn in die werk van Breyten Breytenbach te bestudeer?

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die interpretasiemoontlikhede vir die metapoëtikale gedig “Kû” wat deur die kruising van drie gedagtelyste voortgebring word, naamlik die Zen-Boeddhisme, die kwantumteorie en psigologiese opvattinge oor poëtiese bewussyn na aanleiding van Sabine Coelsch-Foisner (2002) se tipologiese benadering tot poëtiese bewussyn.

2. Agtergrond

Volgens Breytenbach (in Sienaert, 1993a: 27) is “every portrait – landscape or poem or other depiction – [...] a selfportrait”. Sienaert (1993a: 27) beaam dit deur die verwysing na Breytenbach se gesig wat dikwels in sy eie skilderye teenwoordig is, maar maak ook die volgende stelling: “However, [...] it is certainly not Breytenbach the individual who is at issue here, but rather that he feels himself, together with every other existing being, simultaneously and jointly, as a vassal of all the world and all of humanity.”

Dié uitgangspunt spruit uit die Zen-Boeddhistiese idee van selfloosheid. Hiernaas kontrasteer dit met die tradisionele Cartesiaanse Westerse begrip van die self as ’n afsonderlike entiteit met die verstand as middelpunt van gewaarwording en betekenisgewing.

Die Oosterse wêreldbeskouing beklemtoon die eenheid en onderlinge verband van alle dinge en gebeure, wat die essensie van Oosterse tradisies vorm. Omdat dit alle konsepte en kategorieë transendeer, noem die Boeddhiste dit ook *Tathātā*, of “Suchness”: “What is meant by the soul as suchness, is the oneness of the totality of all things, the great all-including whole” (Capra, 1977: 130).

Dit is reeds ’n gegewe dat ’n mens rekening moet hou met die inspraak wat die Zen-Boeddhisme op Breytenbach se beskouing van die self en subjektiwiteit in sy digkuns het, wat ook duidelik in Sienaert (2001) se studie na vore kom. Dit word ook reeds voorveronderstel deur die gedigtitel “Kû” uit *op weg na kû* (2019).

In Mahayana-Boeddhisme, waartoe die Zen-skool behoort, is Kû ekwivalent aan die *Śūnyatā*, die leegheid, waarna daar in die Zen-Boeddhisme gestreef word: *die nie-gemanifesteerde kosmiese potensiaal, die uiterste werklikheid onderliggend aan alle bestaan*. Hierdie gegewe speel derhalwe ’n sentrale rol in die interpretasie van die poëtiese bewussyn in die metapoëtikale besinning in “Kû”.

Sienaert (1993a) gebruik die Zen-Boeddhisme as ’n teoretiese raamwerk deur verwantskappe met poststrukturalisme in haar analise van Breyten Breytenbach

se werk uit te wys. Sy steun op André P. Brink (1985), wat raakpunte tussen kwantumteorie en Derrida se dekonstruksie identifiseer en voorstel dat kwantumteorie binne letterkundige analise toegepas kan word. Sienaert lê ook verbande tussen kwantumteorie en Zen-Boeddhisme. Hierdie verbande is al meermale gelê en is reeds in diepte deur Fritjof Capra (1977) ondersoek.

Sedert Fritjof Capra hierdie ooreenkomste uitgelig het, is daar volgehoue belangstelling in soortgelyke transdissiplinêre studies. Hierdie studies sentreer dikwels rondom die studie van en teoretisering oor die menslike bewussyn (Wallace (2003); Bitbol (2014); Shani en Keppler (2018)). Transdissiplinêre studies tussen die Boeddhisme, psigologie en neurowetenskappe (Austin (1999); Galin (2003); Nelson (2007); Thompson (2014)) is ook hier ter sprake sowel as die oorkruising tussen laasgenoemde velde en die kwantumteorie (Atmanspacher, Römer en Walach (2002); Atmanspacher en Fach (2005); Mensky (2011)).

Die gebruik van die kwantumteorie in hierdie studie is gebaseer op die ooreenkomste tussen Oosterse mistiek en moderne Westerse fisika, spesifiek die kwantumteorie en die toepassing daarvan op menslike bewussyn in studies sedert die tagtigerjare. Hierdie studies is belangrik vir beskouings oor subjektiwiteit en liriese subjektiwiteit, wat met selfbewussyn verbind is. Aangesien Zen-Boeddhisme soms vanuit 'n Westerse perspektief ontoeganklik is, bied die kwantumteorie 'n invalshoek om die paradoksale, surrealistiese en teenstrydige elemente in die gedig "Kû" te verklaar.

3. Metodologie

Aangesien poëtiese subjektiwiteit volgens Sabine Coelsch-Foisner (2002) gekarakteriseer word deur die behoefte om die mens se eksistensiële bewustheid te projekteer, dien haar tipologiese model as 'n goeie wegspringplek vir die bestudering van poëtiese bewussyn.

Coelsch-Foisner (2005: 73) beskou poësie as 'n representasie van self-wêreld-verhoudings wat bewussyn vorm. In haar studie poog sy om 'n teorie van poëtiese bewussyn tot stand te bring wat die neksus tussen verstand en gedig vanuit 'n kognitiewe perspektief ondersoek, asook sodanige teorieë waarin relevante filosofiese en psigologiese konsepte van self, identiteit en bewussyn aangeraak word (Coelsch-Foisner, 2005: 59). Slegs deur die 'konkrete' manifestasie van bewussyn in taal word die bewussyn van die digter vir die leser toeganklik.

Haar model berus op drie pilare: etos, modus en stem. Etos verteenwoordig die stel emosies en verstandelike ingesteldheid wat 'n skrywer gebruik om die

leser te affekteer (Coelsch-Foisner, 2002: 125). Dit dui die oortuigings aan wat 'n begrip van die self en die wêreld skep en 'n spesifieke eksistensiële perspektief op die self in verhouding tot die wêreld bepaal.

Etos verwys na disposisie, aannames, oortuigings, waardes, en prioriteite wat sentraal tot selfdefiniëring staan. Coelsch-Foisner (2005: 73) verdeel hierdie oortuigings in vier kategorieë: die etos van interioriteit (die verhouding van die self tot self), die etos van die numineuse (die verhouding tussen die self en die goddelike), die etos van fantasie (die verhouding tussen die self en dit wat nie bestaan nie), en die etos van anonimiteit (die verhouding van die self tot die bestaande wêreld).

Veral ter sprake vir 'n studie van poëtiese bewussyn in Breytenbach se werk is die etos van numineuse waaronder ek die gedig “Kû” uit *op weg na kû* (2019) kategoriseer. In hierdie artikel wil ek Coelsch-Foisner se veld van verkenning uitbrei deur die kwantumteoretiese benadering tot bewussyn (Atmanspacher et al., 2002) en diskursiewe praktyke (soos in die werk van Karen Barad (2007)) in te sluit. Dit sal gedoen word deur die onderlinge verhoudinge uit te brei wat binne die konsep van haar kategorie die etos van die numineuse vervat word deur insigte oor die bewussyn uit die kwantumteorie, spesifiek in die oorvleueling daarvan met die Zen-Boeddhisme, te betrek.

Die kwantumteorie word betrek deur Atmanspacher et al. (2002) se opvatting van bewussyn, waar die konsepte van komplementariteit en verstrengeling op die bewuste en onbewuste prosesse van die psige toegepas word (Atmanspacher et al., 2002: 397). Hierdie toepassing buite die natuurwetenskaplike veld word deur middel van 'n geformaliseerde “swak kwantumteorie” gedoen (Atmanspacher et al., 2002).

Verder word die a-kategorieë en kategorieë staat van bewussyn in die kreatiewe proses na aanleiding van Atmanspacher en Fach (2005) gebruik in die analise van “Kû” as kunstteoretiese gedig. Barad se gelykstelling van diskursiewe praktyke aan meetinstrumente in die kwantumteorie, gebaseer op Bohr se teorie van komplementariteit, word ook betrek.

Barad (2007) ondersoek die epistemologiese en ontologiese implikasies van die kwantumteorie met die fokus op objektiwiteit, meting, die natuur, betekenisgeving en die verhouding tussen diskursiewe praktyke en die materiële wêreld.

Een van die grondbeginsels van kwantumfisika is die golf-deeltjie-dualiteit, waarvolgens lig eienskappe van beide golwe en deeltjies toon, afhangend van die meetapparaat wat gebruik word. Heisenberg (1958: 43) se onsekerheidsbeginsel stel dat die momentum en die ligging van 'n deeltjie nie

gelyktydig bepaal kan word nie, aangesien meting die gegewens verander. Bohr (in Barad, 2007: 19) se komplementariteit stel dat deeltjies nie gelyktydig bepaalde waardes van posisie en momentum het nie. Bohr stel sy konsep van komplementariteit voor om die paradoks in die kwantumteorie te omseil. Hy beskou die partikelaard en golfaard van lig as twee komplementêre beskrywings van dieselfde werklikheid, en verduidelik dat elektrone onder sekere omstandighede as deeltjies en onder ander omstandighede as golwe optree, afhangend van hoe die meetinstrument opgestel is deur die waarnemer.

Barad (2007: 148-149) bou voort op Bohr se werk met die konsep van agentgebaseerde realisme en die agentgebaseerde snit om hierdie paradoks op te los. Sy betrek Bohr se komplementariteit in haar benadering tot diskursiewe praktyke: “[D]iscursive practices are ongoing agential intra-actions of the world through which specific determinacies (along with complementary indeterminacies) are enacted within the phenomena produced.”

Hierdie gelykstelling tussen meetinstrumente en diskursiewe praktyke is sentraal tot die lees van poëtiese bewussyn in hierdie studie.

4. Poëtiese bewussyn en die kreatiewe proses deur die lens van die kwantumteorie en Zen-Boeddhisme

Coelsch-Foisner (2002: 731) doen ’n omvangryke studie van poëtiese bewussyn in wat sy noem ’n “eksistensiële lesing” van die digters onder bespreking, om poësie as ’n representasie van self-wêreld-verhoudings wat bewussyn vorm te lees: “This involves concepts of identity and self as refracting the world, because consciousness, of necessity, refers us back to the world”.

In die woorde van Breytenbach (in De Vries en Breytenbach, 2019: 13): “Verstand/gees (vergees?) is slegs die groeiende bewuswording van die bestaande om-jou.”

Volgens Coelsch-Foisner (2002: 159) is poësie “self-bewus” en “self-verwysend” in die sin dat dit ’n eksterne representasie van ’n spesifieke etos is. Vir Coelsch-Foisner (2002: 159) beteken representasie hier egter nie die uitdrukking van die eng biografiese self of ’n demonstrasie van die werklikheid nie; dit is ook nie mimeties nie, maar is eerder intensionaliteit. Volgens Coelsch-Foisner (2002: 159) is die omvattendste weergawe van die menslike behoefte aan self-representasie afkomstig van die fenomenologiese kritiek, wat intensionaliteit in die middel van bewussyn plaas:

According to existentialist and phenomenological criticism, the poem has no being outside consciousness. It does not have an independent existence. It is simply part of consciousness; and in the measure that it appears to us, within consciousness, it has being – it *is*[.]

Hierdie stelling is in ooreenstemming met Barad se agentgebaseerde realisme. Volgens Barad (2007: 149) is dit slegs deur middel van agentgebaseerde intra-aksie (in teenstelling met die gewone ‘interaksie’, wat die voorafgaande bestaan van onafhanklike entiteite of relata veronderstel) dat die grense en eienskappe van die ‘komponente’ van fenomene bepaald word en spesifieke artikulasies betekenisvol word:

Outside of particular agential intra-actions, “words” and “things” are indeterminate. Matter is therefore not to be understood as a property of things but, like discursive practices, must be understood in more dynamic and productive terms – in terms of intra-activity.

Dus is betekenis ook nie ’n eienskap van individuele woorde of woordgroepe nie, maar ’n voortdurende uitvoering van die wêreld in sy “differential dance of intelligibility and unintelligibility” (Barad, 2007: 149). Hierdie gegewe is in ooreenstemming met wat Breytenbach in ’n onderhoud met Willem de Vries sê:

Dit is daardie spanning tussen “vol” en “leeg” wat *beweging* teweeg bring. [...] Die *denke* is verstrengel in die skrywe, die een gee die ander lyf. Jy sou kon sê jy skryf agter die woorde aan (wat beelde en ritme en klanke en tekstuur en kleure hibridiseer) omdat jy nuuskierig is waarheen dit lei. *Vloei* en *beweging* is belangrik [...]. (De Vries en Breytenbach, 2019: 12)

Na aanleiding van Barad kan ’n mens hierdie proses van bewuswording toeskryf aan agentgebaseerde intra-aksie waardeur die werklikheid deur diskursiewe praktyke begrens word. Volgens Barad (2007: 140) is dit deur spesifieke agentgebaseerde intra-aksies dat ’n differensiële sin van bestaan uitgevoer word in die voortdurende eb en vloei van agentskap. Hieruit is dit duidelik dat die mens se sin van sy bestaan en daardeur ook sy bewussyn gekoppel is aan die agentgebaseerde intra-aksies waarin nie net die self nie, maar ook die werklikheid tot stand kom. Deur die intra-aksie tussen die skrywer en leser as waarnemer manifesteer, koaguleer of stol die ervaring van bewussyn.

In Oosterse mistiek sluit hierdie universele verweefdheid altyd die menslike waarnemer en sy of haar bewussyn in. As verganklike manifestasies van die

Groot Niet het die elemente in hierdie wêreld nie enige fundamentele identiteit nie, soos wat Breytenbach teenoor De Vries sê: “[...] niks bestaan totdat ons nie kennis daarvan geneem het nie” (De Vries en Breytenbach, 2019: 12).

Dieselfde geld ook atoomfisika (Capra, 1977: 140). Op die atoomvlak kan ‘objekte’ slegs verstaan word in terme van die interaksie tussen die prosesse van voorbereiding en meting deur die waarnemer. Heisenberg (1958: 58) sê: “What we observe is not nature in itself but nature exposed to our method of questioning.” Heisenberg verduidelik hierdie stelling verder deur te sê dat ’n fisikus se werk bestaan uit die daarstelling van vrae oor die natuur in die taal tot die mens se beskikking en die poging om dan ’n antwoord te kry deur die skep van ’n eksperiment met die middele wat beskikbaar is.

Instrumente is nie passiewe waarnemingsinstrumente nie; intendeel, dit produseer en is deel van verskynsels wat dit waarneem of meet (Barad, 2007: 142).

Diskursiewe praktyke, net soos meetinstrumente in die kwantumfisika, is verantwoordelik vir die produksie van, en nie bloot net die beskrywing van, subjekte en objekte in die mens se kenniskeppende praktyke nie. Derhalwe is meetinstrumente (na aanleiding van Bohr) sowel as diskursiewe praktyke (na aanleiding van Foucault) volgens Barad grensbepalende praktyke (2007: 148) en dus *kousale intra-aksies* (2007: 149).

Dit is omdat die meetinstrument die agentgebaseerde snit uitvoer dat ’n oplossing vasgestel word binne die fenomeen van inherente ontologiese (en semantiese) onbepaaldheid (Barad, 2007: 140); dit wil sê ’n werklikheid word daardeur geaktualiseer.

Agentgebaseerde snitte is dus beide onties en semanties en verteenwoordig ’n oomblik in ’n aanhoudende proses van intra-aksie waar grense, identiteite en verhoudings tussen entiteite aktief gedefinieer en herdefinieer word. Dit hou in dat die grense, identiteite en verhoudings nie voorafbepaalde vaste gegewens is nie, maar deurgaans deur die voortdurende proses van intra-aksie gevorm word.

In Evan Thompson (2015: 325) se boek *Waking, Dreaming, Being – Self and Consciousness in Neuroscience, Meditation, and Philosophy* verduidelik hy sy siening van die self as proses soos volg:

[W]hen I say that the self is not a thing but a process, what I mean is that the self is a process of “I-ing,” a process that enacts an “I” and in which the “I” is no different from the I-ing process itself, rather like the way dancing is a process that enacts a dance and in which the dance is no different from the dancing.

'n Variasie op hierdie stelling uit die inleiding van Thompson se boek (2015: xxxix) word ook deur Breytenbach in een van die motto's voor in sy digbundel *die na-dood* (2016) aangehaal. Breytenbach stel sy soortgelyke opvatting van bewussyn soos volg in 'n onderhoud met Saayman (2009:203): "I am talking of songs of consciousness. Consciousness as procedure and as process, not as realization or as product – moving from depth to surface, from light to darkness."

Die self word volgens Thompson uitgevoer deur die proses van bewuswording; dus is die kom en gaan van die self vir Thompson afhanklik van hoe bewus die mens is.

Om die self as staties en onveranderlik te beskou, is volgens die Zen-Boeddhisme 'n foutiewe perspektief op die self en ook die kernoorsaak van verdriet en lyding. Die wanpersepsie van die self as vaste gegewe is die gevolg van 'n distorsie wat deur die menslike perspektief veroorsaak word (Galín, 2003: 108). Derhalwe is 'selfloosheid' 'n voorvereiste om verligting en die ervaring van *Satori* (die ervaring van die Groot Niet) te bereik. Hierdie oproep vir selfloosheid moet egter nie beskou word as die vernietiging van die self of die ontkenning van die bestaan van 'n self nie, maar eerder dat 'n "self nie 'n essensie of entiteit" is nie. In hierdie 'korrekte' beskouing van die self word die self dus nie gesien as entiteit, stof, of wese nie, maar soos Galín (2003: 108) uitdruk:

[...] as a dynamic process, a shifting web of relations among evanescent aspects of the person such as perceptions, ideas, and desires. [...] Ultimately, no separation is to be found between these dynamic processes and the universal frame of reference or ground of being; all is interdependent and changing. Thus, in this sense, there is no Self separable from a Nonself.

Hiervolgens word daar voorgestel dat die gedig, as diskursiewe praktyk, dus ook as meetinstrument beskou kan word waarin die self en bewussyn gemeet word wanneer die poëtiese bewussyn intra-aktief manifesteer in die stem van die gedig.

Die digter self tree ook as waarnemer op omdat die gedig 'n selfmeting van sy bewussyn is. Breyten Breytenbach stel hierdie gegewe soos volg: "The moment you become aware of consciousness it becomes a presence, a being or a double outside you" (Saayman, 2009: 207).

Breytenbach sê verder aan De Vries: "En in oënskylnike teenstelling: dat die gevraat en vertering van bewussyn lei tot die ontstaan van onbewuswees; selfs tot die vervanging daarvan. Dat daar geen 'omgewing' of 'wêreld' sou wees nie – slegs die aanwakker en binnerym van bewussyn" (De Vries

en Breytenbach, 2019). Hierdie stelling oor bewussyn en onbewuswees vind aansluiting by Atmanspacher et al. (2002: 402) se waarneming dat die konsepte van die bewussyn en die onbewuste komplimentêr is in ooreenstemming met Bohr se komplementariteit – in hierdie sin is die konsepte van bewussyn en die onbewuste aanvullend. Dit is teenstrydig en onderlinguitsluitend, maar is terselfdertyd beide nodig vir ’n volledige prentjie van die algehele geestelike stelsel. Die proses wat van onbewuste materiaal tot (gedeeltelik) bewuste manifestasies daarvan lei, kan gesien word as ’n sielkundige analogie van die fisiese proses van waarneming. In beide prosesse word ’n globale toestand ontbind in ’n plaaslike toestand plus ’n omgewing, wat die meetapparaat insluit (Atmanspacher et al., 2002: 402).

In die psigologiese geval beteken dit volgens Atmanspacher et al. (2002: 402) dat ’n deel van bewussyn die analogie van ’n “meetinstrument” is en ’n ander, opkomende deel van bewussyn die analogie van die fisiese subsisteem is wat uit die geheel ontstaan. In ’n noue analogie met die kwantum-situasie, waar meting ontiese (holistiese) en epistemiese (plaaslike) vlakke van beskrywing skei, moet die verskyning van bewuste inhoud as manifestasies van onbewuste materiaal beskou word. Die onbewuste modus word verlaat (en miskien selfs verander of “vervang” soos wat Breytenbach stel) wanneer ’n bewuste inhoud daaruit na vore kom.

Breytenbach stel die kreatiewe proses en die skryfproses gelyk aan meditasie (*zazen*) (Sienaert, 1993b: 147) waarin daar gestreef word om toegang te verkry tot die *Śūnyatā* (die Groot Niet) in die Zen-Boeddhisme. Die gedig is dus ’n instrument, soos meditasie, waarmee gepoog word om verligting te bekom en deur daardie verligting kan toegang verkry word tot ’n ander staat van bewussyn.

5. Breytenbach as numineutiese digter en die etos van die numineuse

Coelsch-Foisner (2002: 392) steun op Rudolf Otto se werk, *Das Heilige*, wat die numineuse beskou as die heilige minus die morele en rasonale dimensies. Die numineuse is ’n dinamiese effek wat nie deur wilskrag voortgebring word nie en verwys na ’n ervaring wat buite die individu ontstaan, wat alle ervaring transendeer.

Volgens Coelsch-Foisner (2002: 406) is die ingekeerdheid van die numineutiese digter nie ’n simptoom van die outonomie van die menslike bewussyn nie, maar eerder die verligting daarvan. Dit stem ooreen met die opvatting van Kannemeyer rakende die voorheen gekritiseerde “ek-Breytenrig”-heid van Breytenbach se gedigte. Vir Kannemeyer (1983: 465) is die

manier waarop Breytenbach met die subjek omgaan onderskeidend: “Teenoor die Dertigers met hulle ek-gesentreerdheid het ’n mens hier te make met ’n self-poësie wat wel die ek in sy animaliteit betrek, maar nie primêr oor die self handel nie deurdat die grense tussen die ek en sy wêreld opgehef word”. Olivier (in Stander, 1974: 87) meen Breytenbach se beheptheid met die self is die teenoorgestelde van die “verheerliking wat dit voorgee om te wees”, en is eerder ’n “aftakeling van die digter sodat hy later in ’n vervolmaakte versoening met die vaderland kan kom”.

Daarvolgens lei die weë van ingekeerdheid volgens Coelsch-Foisner (2002: 406) nie tot isolasie nie, maar tot self-kennis en daarna tot die *numinosum*, wat die transendensie van die self impliseer.

6. Die gedig “Kû” as behorende tot die etos van die numineuse

Die gedig “Kû” verskyn op bladsy 221-224 van Breyten Breytenbach se lywige bundel *op weg na kû* (2019) ná die gedig “op pad na Kû” en is daarmee die laaste getitelde gedig van die bundel. Dit wil dus voorkom of die digter met hierdie gedig die bestemming van die reis bereik wat deur die bundel gekarteer word. Hierdie bestemming is die ervaring van die Groot Niet (*Satori*) aangesien Kû ekwivalent is aan *Śūnyatā* (Leegte), soos voorheen genoem.

Die leser kan dus verwag dat hierdie gedig sprake sal hê van verligting en transendensie – vandaar die kategorisering van hierdie gedig onder Coelsch-Foisner se kategorie die etos van die numineuse.

Op die “tweede mottoblad” van *op weg na kû* (2019: 10) haal Breytenbach die volgende aan uit die Hart Sutra, die *Maka Hannya Haramita Shingyo*, ter verklaring van die bundeltitel en so ook die gedig, “Kû”: “Luister, Shariputra (Leser) / die vorm (shiki) is nie verskillend van die leeg (kû) / en léég is nie verskillend van vórm nie. / shiki is kû, kû is shiki.”

Hieruit is dit reeds duidelik dat Boeddhistiese mistici die uiteindelijke werklikheid as *Śūnyatā* – ‘Leemte’ of ‘die Leegte’ of ‘Groot Niet’ beskou – en daar word bevestig dat dit ’n *lewende* Leegte is wat alle vorme in die fenomenale wêreld voortbring. Die Zen-Boeddhistiese verligting, *Satori*, impliseer die ervaring van die Niet (*Śūnyatā*) deur die proses van *Zazen* (meditasie). Derhalwe sê Breytenbach: “Die suiwerste syn is om op te hou bestaan. Dus nie-syn” (De Vries en Breytenbach, 2019: 13).

Volgens Sienaert (1993b: 146) hang die dialektiese en dinamiese struktuur van die hierdie ervaring af van die transendering van dualiteit, soos geïllustreer deur uitruilbaarheid van vorm en leegheid in die Hart Sutra. Net

soos die vakuum in die kwantumveldteorie, impliseer die idee van die Groot Niet in die Zen-Boeddhisme egter nie leegheid nie; dit is nie nihilisties nie, en die Niet is 'n konstante “weaving in and out of meaning and non-meaning, being and non-being, emptiness and non-emptiness” (Sienaert 1993b, 146).

Hierdie fluktuasie tussen bestaan en nie-bestaan asook die konsep van die Niet word deur die kwantumveldteorie beskryf. Barad (2009: 354) stel dit soos volg: “According to quantum field theory, the vacuum is far from empty; indeed, it’s teeming with the full set of possibilities of what may come to be. Matter is regularly created and destroyed.”

Volgens Emilio Del Giudice word die vakuum nie meer soos in die klassieke wetenskap as “absoluut niks in 'n leë ruimte” beskou nie, maar is dit in die moderne fisika die “ensemble of all the quantum fluctuations of all physical fields; in other words what exists is already implicit in the vacuum” (Del Giudice, 2004: 79).

Joachim Keppler wend hierdie konseptuele raamwerk tot 'n hipotese vir die ontwikkeling van 'n Teorie van die Bewussyn (“Theory of Consciousness” (TOC)) wat op die opvatting gebaseer is dat die heelal deur 'n alomteenwoordige elektromagnetiese agtergrondveld deurdrenk is, bekend as die nulpuntveld (“zero point field” (ZPF)).

Keppler se teoretiese raamwerk is gebaseer op:

the notion that all conceivable shades of phenomenal awareness are woven into the frequency spectrum of a universal background field, called zero-point field (ZPF), implying that the fundamental mechanism underlying conscious systems rests upon the access to information available in the ZPF. (Keppler, 2018: 1)

'n Soortgelyke beginsel word beklemtoon in Boeddhistiese filosofie waar die bestaan van enige materiële substansie ontken word en daar aangeneem word dat die idee van 'n konstante self wat opeenvolgende ervarings ondergaan, 'n illusie is. Hierdie sentiment word weerspieël in die woorde van die Tantriese Boeddhis Lama Anagarika Govinda:

The Buddhist does not believe in an independent or separately existing external world, into whose dynamic forces he could insert himself. The external world and his inner world are for him only two sides of the same fabric, in which the threads of all forces and of all events, of all forms of consciousness and of their objects, are woven into an inseparable net of endless, mutually conditioned relations (soos aangehaal deur Capra, 1977: 143).

Die element van transendentale ervaring in die sin van 'n “bestaan buite die geskape wêreld” en 'n bestaan “vry van die grense inherent aan materie” word gesuggereer in die volgende woorde van Breytenbach:

die *oppervlak* van skepping/verbeelding [bring] 'n eie 'nie-fiksie' [mee] wanneer jy fokus op die materialiteit van jou middele om die illusie van waarskynlikheid te weerspieël. *Skrywe* word dan die produksie of die verheldering van bewussyn in 'n bemiddelde beweging tussen syn en skyn. (De Vries en Breytenbach, 2019: 12)

Hierdie ervarings word verbind aan objekte wat deur die numineuse ingesteldheid ('numinous stance') getransformeer is deurdat dit uit sy gewone rasonale omgewing of konteks verplaas word.

Numineuse ervaring dui op 'n bewussyn van die werklikheid wat buite die sintuiglik waarneembare wêreld bestaan en dit betrek 'n soeke na 'n tydlose waarheid en eenwording met 'n oppergesag. Hierdie einste gegewe is ter sprake as verklaring van die “olifant in die teks” wat in “Kû” as metafoor aangetref word.

Die etos van die numineuse berus op die aanname dat daar binne en anderkant die natuurlike wêreld of die aard van die mens sekere dinamiese faktore bestaan. Ongeag die vorm waarin die poëtiese bewussyn die numineuse ervaar, erken dit beide sy andersheid en sy invloed op hierdie lewe en dit erken 'n bestaan van 'n tydlose ruimte buite die mens se waarneembare bestaan waartoe hy op 'n onbewuste vlak reeds direkte of intuïtiewe (eerder as sistematiese of intellektuele) toegang het of kan verkry (Coelsch-Foisner, 2002: 393). In Breytenbach se definisie van sy nuutskepping “vergees” formuleer hy juis hierdie aspekte:

Vergees is net 'n klein rilling van die ongebore en onsterflike en allesomvattende trilling. Vergees gaan oop, gaan *oop* tot nie-bestaan. [...]. Vergees is beweging. Hierdie paradoks word in die skryflyn neergelê. Om te skryf is om dit wat sedert alle duisternis en afwesigheid reeds bestaan, deurlopend te verbeel en (uit) te vind. Dit is ons manier om die poging om ritme te adem sigbaar te maak. (De Vries en Breytenbach, 2019: 13)

Dit is betekenisvol dat Coelsch-Foisner etos van numineuse verbind aan die begeerte vir eenwording met 'n bewussyn wat buite die self staan (Coelsch-Foisner, 2002: 415).

Modusse binne die etos van numineuse behels “modusse van perseptuele verruiming” en verteenwoordig die wyse waarop die radikale sin van innerlike nietigheid oorkom word, die isolasie van die innerlike self en die “tronk van die

bewussyn” (Coelsch-Foisner, 2002: 394), omdat die ego-persoonlikheid in die weg staan van *numinosum*, terwyl die selfkennis wat deur middel van ernstige meditasie bekom word tot ’n verligting lei.

Hierdie tog op die weg na verligting deur middel van die kreatiewe proses, die skryf van die gedig as vorm van meditasie, word in die gedig “Kû” (Breytenbach, 2019:221) geïllustreer. Hierin word die gewaarwording van die Groot Niet (Kû) ’n bewussynsvlak buite die bewuste as olifant voorgestel soos gesien word in die gedig “Kû” (Breytenbach, 2019:221-224) wat hierna verskyn:

9.12 Kû

“Dentro y fuera del edén - países sin cuento ...

El relato nacedel cboque de dos mundos, de la traduccion

De un modo de vida perdido”

-Juan Bocanegra

Hoe moet ek dit by jou tuisbring, Leser?

Hoe moet ek ruimte skep ook terug in die verlede verspeelde leemte om te verduidelik dat alles moontlik is en niks sin maak nie?

Dat die skrywe nie wentel om ’n simbool, nie die beeld is vir nêrens anders bestaan nie

maar die bymeakaarkomkopulasie in beweging van lewe en dood, van binne en buite,

van ’n *verlede* nou teenswoordigheid wordende om te vergaan in ’n hede wat nog net in verdwyning ontstaan?

Dat die skryf, Leser, intiem bewus bly van die aai van jou oog onder lede na waar die oorspronklike pyn vandaan?

Herrie: so het ek hom/haar/dit in my kennisname genoem toe ek die onmoontlikheid vir ’n eerste keer soos ’n skadu oor die vel papier sien beweeg.

Wat jy lees, Leser, *gebeur* onder jou oë.

Of is dit jou oë wat die skaduhale koaguleer tot relaasmakende beweging?

Om aan te hou beweeg en die verhaal te versaak.

Skrywe is die vel papier waarin die vrug van afdrywing toegedraai en begrawe word,

strand (*plage/playa/page/stiltehuid*) vir die see se opdroog.

Die olifant.

Later sal ek weet die naam is nie *Herrie* nie maar iets veel vreemder uit 'n ander dimensie *oopgeskeur*, woord nie afhanklik van my beperkende verpakking nie.

Hoe gaan ek dit aan my medemense oordra?

Hoe moet ek die olifant in die teks, die skaduwee wat in die oopwonding van nag

oor die bleek lippe van lêmaakléés beweeg konkretiseer?

Eers bêre. Eers toesluit in 'n loods gedig tot tyd en wyl 'n besluit volgende week geneem kan word.

(*Volgende week* bloei in die hiernamaalskomende sin.)

Klere kry iewers om so 'n enorme dikhuid se naaktheid in toe te draai.

'n Luier; 'n dwangbuis. Laat die medemense dink dis maar net die vrug van verbeelding.

En toe vergeet.

En toe verkies ek om te vergeet.

Asof wat nie omskryf of verantwoord kan word nooit bestaan het nie.

En toe volgende week onthou.

Die drang om sin te wil maak en slegs in die oopgaan en aangee van vergaan te bestaan in die deel met medelesers, is onsinnig.

Op straat het ek 'n swart seun teëgekom – Johannes is sy vlugtelingsnaam uit die verre verlede waar die toekoms gesmoor is in vervreemding en verdeling

op soek na die droom. En 'n Blinde Bedelaar, Hoesê Buiteboer, om saam met my die olifant in die pakhuis te gaan haal en voorlopig in my woonkwartiere onder dak te bring.

Laat die mense dan maar dink ons optog is 'n sirkus.

Sal *Herrie* in sy/haar hool hom/haarself grys bekak het met uitskeid van die dood?

Metafisika hoort nie in hierdie spieëlledige bespiegeling nie.

Sy oë is bloedbelope verstar in die weemoed van 'n ondenkbare spesie wat nou geen raaksien verwag nie. Die Blinde Bedelaar streel sy hande oor die onkenbare sintaksis en probeer beskryf in woorde van betekenis aan Johannes wat hy sien.

“Sien, so kom 'n olifant tot stand om maat en metrum te loop soek in die

land.

Kom laat ons sing.”

Saam begelei ons die ingeklede skepping na my woonkwartiere
en los hom daar met leesstof en kos.

Kyk, die boekery is joune.

Nou moet ek ’n manier uitwerk, ’n bundel saamstel
om die olifant aan my medelesers *urbi et orbi* aanvaarbaar te maak.
Moenie skiet nie. Moenie oordeel nie. Moenie huil nie o moenie treur nie.

Kyk, dit is die som van my lewe.

Sal ek die hawelose kind in my vertrouwe neem, Leser?

Onthou jy nog hoe dit is om met die onkenbare getroud te wees?

“Die wêreld is oud is banja oud.

En nege die oorgang na die neweryk van geen.”

En toe weer vergeet om die onsêbare te probeer onthou.

Totdat die olifant ’n boodskap los op die ontvangsapparaat van hierdie teks.

Woorde het die betekenis van boeke opgevreet.

Die koskas is leeg.

Gewis is alles net ’n grap.

Dat sý *huis* toe wil gaan:

“Die wêreld is ons woning nie.”

En tog. Uit grond is ons gebore.

Tot aarde sal ons weer opklaar.

Kom, Leser, my liefde, my kind. Saam sal ons Herrie neem tot op die dak

waar son tussen die lende van nag verstrik raak,

die Blinde Bedelaar daar uitlewer

aan die genade van voëls uit die hemel.

En verder al langs die horison soek na die blou lyn so ver en vaag

verbeelde en vergete Afrika.

Kyk, hy is skadeloos, wees hom tog genadig.

Kom laat ons sing.

7. Die digter/teks/leser-verstrengeling

Wanneer die konsepte van komplementariteit, verstrengeling en intra-aksie op die begrip van die skrywer/boek of digter/gedig as subjek/objek toegepas

word, word die verhouding in kousaliteit ook geproblematiseer. Soos wat gesien kan word in Barad (2007: ix-x) se erkennings voor in haar boek *Meeting the Universe Halfway* beskou sy in die eerste plek die skryfdaad self as 'n intra-aktiewe proses waarin die outeur en die teks “mekaar intra-aktief skryf”. Barad beskou skryf nie as 'n eenrigting skeppingsdaad wat vloei van skrywer na teks nie, maar as 'n herhalende en wisselwerkende skepping en omskepping van beide die “teks” en “outeur”. Hiermee poog sy nie om die bestaan van die outeur se agentskap te ontken nie, maar bevestig eerder die aard van agentskap en die veronderstelde lokalisering daarvan in die individu.

Breytenbach druk hierdie selfde idee as volg uit: “I, Breyten Breytenbach write these words. Or they write me.”

Gevolglik is skryf vir Barad 'n vorm van verstrengeling wat nie bloot 'n geïsoleerde binêre ko-produksie deur die outeur-tekst is nie, maar eerder 'n verstrengelde web-produksie (Barad, 2007: x).

Die verstrengeling ter sprake by die totstandkoming van die teks is egter nie net 'n verstrengeling tussen outeur en teks nie, maar dit betrek ook die leser soos wat Roland Barthes hier voorstel:

On the stage of the text, no footlights: there is not, behind the text, someone active (the writer) and out front someone passive (the reader); there is not a subject and an object. The text supersedes grammatical attitudes: it is the undifferentiated eye which an excessive author (Angelus Silesius) describes: “The eye by which I see God is the same eye by which He sees me.” (Barthes en Miller, 1975: 16)

Die leser is die waarnemer van die poëtiese bewussyn wat in die liriese “ek” na vore tree. Op Saayman se vraag “Wie is Leser?” antwoord Breytenbach soos volg:

“Reader” is the single and unique reader. The confidante. The one who needs to be seduced. Is she unknowable? (Why should it be a “she”?) I have the conceit that when you communicate with somebody, the words you throw at her or him, or pour over her or him, will bestow or evoke an outline, a presence (if only a pre-absence), even if that “presence” never pulls aside the veil of words to step forward into broad text. Reader is unambiguous, the one person we can be sure about. As far as this book goes, without Reader no I. (Saayman, 2009: 207)

Dit is dus ook betekenisvol dat Breytenbach (2019:10) ‘(Leser)’ in hakies toevoeg tot sy aanhaling uit die Hart Sutra: “Luister, Shariputra (Leser) / die vorm (shiki)

is nie verskillend van die leeg (kû) / en léég is nie verskillend van vórm nie. / shiki is kû, kû is shiki.” Shariputra was die regterhand-dissipel van die Boeddha. Deur die leser gelyk te stel aan Shariputra verkry die leser erestatus en word hy meegevoer in die soeke na verligting. Dit is reeds met die intrapslag duidelik dat “Kû” gaan handel oor die digter se poging om iets van sy gewaarwording van die verligting en transenderende bewussyn aan die leser te kommunikeer wanneer die spreker die leser direk aanspreek in die openingsreël van die gedig. In strofe 12 nooi die spreker die leser eksplisiet, as geliefde én as “sy kind” uit, sodat hulle saam Herrie sal “neem tot op die dak [...]”.

Breytenbach se besinning oor die rol van die leser in die totstandkoming van die liriese “ek” bring ’n mate van duidelikheid rakende die implikasie van die aanhaling van Juan Bocanegra as motto tot die gedig. Vry vertaal uit Spaans lui die aanhaling: “Binne en buite Eden – lande sonder stories – die narratief ontstaan uit die botsing tussen twee wêrelde, uit vertaling. Van ’n verlore lewenswyse [...]”.

Binne en buite verteenwoordig die dualiteite – nes die dualiteit digter/leser wat sonder verhaal is totdat daar deur middel van die intra-aksie (botsing) tussen leser, teks en digter ’n narratief ontstaan – ’n bewussyn wat uit die vertaling ontstaan van die gewaarwording uit die kollektiewe onbewuste. Ook Breytenbach (2019: 249) se nota 2.12.1.1. agter in *op weg na kû* bied verdere insigte: “Alle skrywe is die vergestaltung van die talende vertolking as poging om die onvertaalbare te versin en as wig in te dryf tussen die onsêbare en die aanhoubeweegengeraasmaak. (*Kom laat ons sing*)”.

Hoewel hierdie nota eintlik op die volgende gedig van toepassing is, vind elemente daarvan regdeur “Kû” neerslag in verwysings, soos die “onsêbare” (strofe 11) en variasies daarvan in “onmoontlikheid” (strofe 3) en “onkenbare”, asook die variasie op “aanhoubeweegengeraasmaak” in strofe 4 “om aan te hou beweeg en verhaal te versaak”, en nog die afsluiting van beide die nota en gedig met die intertekstuele verwysing na Adam Small se “kom laat ons sing” (strofe 9 en 14). Tesame met die versugting dat “[s]krywe die vel papier is waarin die vrug van afdrywing toegedraai en begrawe word” asook die retoriese vrae: “Hoe moet ek dit by jou tuisbring, Leser?” (strofe 1) en “Hoe gaan ek dit aan my medemense oordra? / Hoe moet ek die olifant in die teks [...] konkretiseer?” (strofe 5) word die ontoereikendheid van taal om uiting te gee aan die digter se poëtiese bewussyn duidelik.

Hierdie onvermoë om die volle omvang van die digter se ervaring uit te druk, onderstreep die estetiese grondslag van baie van die gedigte wat Coelsch-Foisner (2002: 418) onder die etos van die numineuse klassifiseer. Die gedig “Kû” stel ’n soortgelyke uitdaging aan die leser soos die bekende

Boeddhistiese gelykenis van die blinde mans wat die aard van 'n olifant probeer bepaal deur hulle beperkte waarnemingsvermoë (tassintuig) en beperkte blootstelling aan die volle omvang van die dier, soos Nelson (2007: 237) aandui.

Dit word in “Kû” bewerkstellig deur die verwysing na “die olifant” (strofe 5) en die poging van ene “Blinde Bedelaar” om “in woorde van betekenis” te probeer beskryf wat hy “sien” wanneer hy met sy hande “oor die onkenbare sintaksis” streef.

Die simboliek van die olifant in die Boeddhisme verteenwoordig wysheid en geestelike krag. Aanvanklik word die onbeheersde denke tydens die meditasieproses gesimboliseer deur 'n ongetemde grys olifant wat enige oomblik vernietigend kan wees (Choskyi, 1988). Na die beoefening van *dharma* en die temming van die verstand deur meditasie, word die beheersde verstand gesimboliseer deur 'n wit olifant, wat sterk en kragtig is en hindernisse kan uitwis om *Satori* te bereik. Hierdie simboliese ontwikkeling van innerlike wysheid word geassosieer met die Boeddha, waar die beeld van die wit olifant in 'n droom aan sy moeder verskyn het voor sy geboorte, soos bespreek deur Choskyi (1988).

Die olifant verteenwoordig ook die verstand (of “vergees” uit die mond van Breytenbach) wat metafories aangekeer word in die meditasieproses na aanleiding van die Tibettaanse Boeddhisme waarin die meditasieproses as die “weg na Samatha” (dus die weg na kalmte) in 'n skildery uitgebeeld word as 'n reis wat deur 'n man, olifant en aap onderneem word. Soos wat die reis vanaf die tempel onder in die vallei tot bo op die bergpiek vorder, verander die olifant van grys na wit; die man verkry al hoe meer beheer oor die olifant en die aap verdwyn. Hierdie deel van die reis verteenwoordig die nege stadiums van die ontwikkeling van Samatha. Wanneer die man uiteindelik die olifant tem en hom bestyg, word die reis verder op 'n reënboogpad in die lug gevoer. Hiermee word die tiende stadium, werklike Samatha, bereik.

Hierop volg die elfde stadium wanneer die man op die olifant terugkeer met 'n vurige swaard in die hand. Hy het nou ingegaan op 'n nuwe soort meditasie van hoër insig. Hierdie meditasie word gesimboliseer deur sy vurige swaard, die skerp en deurdringende instrument wat tot die besef van Leegte deurdring.

By die lees van die gedig “Kû” word die leser herinner aan die Tibettaanse skildery deur die “optog” wat die spreker saam met die vlugteling Johannes en die Blinde Bedelaar (beide alter-ego's van die ek-spreker) onderneem om die olifant na sy “woonkwartiere” te “begelei”.

Hierdie selfde konsep weerklink in Breytenbach se eie woorde:

A point of observation, a locus of experience, a passage of consciousness. And since there is movement there will be the illusion of continuity, in other words an “I” that can be recognized and defined. He’s the fleeting moment, the flickering light asking, “Who is ‘I’?” In the landscape of this book he is alternatively or successively the I doing the writing, or “Wordfool,” who may also be “Wordbird” or “Wordprick” or “Breyten Dog” – sometimes more than one of these in the same sentence. When I think, am I not already two? (Saayman, 2009: 206)

Die verdubbeling en vermenigvuldiging van subjektiwiteit waarna Breytenbach verwys, is ook aanwesig in die gedig “Kû”: Dit kom ter sprake in die voorkoms van die identiteite “die vlugteling Johannes” as verteenwoordiger van die nie-burger (‘un-citizen’) vanuit Breytenbach se Middelwêreld (Breytenbach, 2010: 139) en “die Blinde Bedelaar”, die argetipiese digter in ooreenstemming met die argetipiese profeet: die blinde ou man as waarsêer (Fiedler, 1952: 262).

Na aanleiding hiervan is my hipotese wat hier gehuldig word dat die olifant in die gedig die poëtiese bewussyn verteenwoordig wat uit die vlak van die onbewuste op die bladsy manifesteer deur middel van die kreatiewe proses. Gegewe dat die kreatiewe proses gelykgestel word aan meditasie, word die metafoor van die olifant wat in hierdie gedig aangekeer word ook ’n metafoor vir die digter se proses om ’n bewussynsgewaarwording deur middel van die poësie te laat manifesteer, want soos Breytenbach vir Teju Cole aanhaal: “You write not after you’ve thought things through; you write to think things through” (De Vries en Breytenbach, 2019: 12).

Die olifant word vir die eerste maal in die derde strofe deur die spreker as “Herrie” geïdentifiseer: “Herrie: so het ek hom/haar/dit in my kennisname genoem toe ek die onmoontlikheid vir die eerste keer soos ’n skadu oor die vel papier sien beweeg.”

“Herrie” is ’n intertekstuele verwysing na C.J. Langenhoven se olifant-karakter, naamlik ’n afgetrede sirkusolifant in van sy verhale, maar word ook beskou as Langenhoven se eie ‘verbeelde olifant’. Verder in die gedig is daar ook verwysings hierna in strofe 7: “Laat die medemens dink dis maar die vrug van verbeelding” en in strofe 8: “Laat die mense dan maar dink ons optog is ’n sirkus.”

Langenhoven het ook as monument vir homself die naam “Herrie” by Meiringspoort op ’n klip uitgekerf. Dat ’n mens “Herrie” kan beskou as simbool of selfs metaforiese manifestasie van Langenhoven se skrywers-bewussyn, is moontlik. En dit is dalk hierdie assosiasie wat Breytenbach deur die verwysing wil oproep. Tog verklaar die ek-spreker in die vyfde strofe dat Herrie toe inderdaad nie die olifant se naam is nie, maar “iets veel vreemder uit ’n ander

dimensie *oopgeskeur*” wat nie afhanklik is van sy “beperkende verpakking” van die woord “Herrie” is nie.

Die olifant word beskryf as ’n “onmoontlikheid” wat aan “’n skadu” gelykgestel word wat die spreker oor “die vel papier sien beweeg”. Beide beskrywings getuig van ’n gewaarwording van iets wat buite die werklikheid staan, iets wat nie ten volle in taal vasgevang kan word nie. Dit word bevestig wanneer die spreker verklaar: “Die olifant. / Later sal ek weet die naam is nie *Herrie* nie, maar iets veel vreemder uit ’n ander dimensie *oopgeskeur*, woord nie afhanklik van my beperkende verpakking nie.” Die talige skrywe word as “beperkende verpakking” beskou in ooreenstemming met Barad se siening van diskursiewe praktyke as grensbepalende praktyke.

Hierdie begrensing is deel van die metingsprobleem, wat die ontoereikendheid van taal verklaar. Net soos meting die golf funksie laat ineestort, veroorsaak die poging om ervaring in taal te kommunikeer ’n verandering in die oomblik en ervaring van die werklikheid. Die spreker meen dat die naam “Herrie” nie werklik toepaslik is nie, omdat dit beperkings plaas op die gewaarwording wat hy probeer oordra. Dit dui op die voortdurende vloeiende beweging deur die intra-aksie tussen skrywer en teks, waar skryf en herskryf, benoeming en herbenoeming van die olifant getuig van hierdie intra-aktiewe proses.

Hierdie gewaarwording van iets “veel vreemder”, die “onmoontlikheid”, en die “ondenkbare spesie” wat uit “’n ander dimensie *oopgeskeur*” word, kan verstaan word as ’n verwysing na die kwantumveld in superposisie, soos Keppler se nulpuntveld (ZPF) – die a-kategorieese staat van bewussyn. Dit kan ook geïnterpreteer word vanuit Everett se teorie van veelvuldige wêrelde, waar elke keuse in die kwantumsisteem ’n ander parallelle wêreld laat ontstaan. Hierdie konsep van ander dimensies kom dikwels voor in wetenskapfiksie, gebou op kwantumteoretiese konsepte, soos gesien in die werk van H.P. Lovecraft en ander skrywers.

Oorweeg in hierdie verband Michel Bitbol (2014: 16) se beskrywing van die belang van die kwantumteorie in verband met bewussyn:

Consider that a state of mind which is fully receptive to thusness is “a-categorical”;
[...] In the generalized quantum theory, the a-categorical state can be formalized by the superposition of state-vectors, or by state vectors which have not yet been decomposed according to the vector-base of any observable whatsoever.

Bitbol (2014:16) verwys na Atmanspacher en Fach (2005) se klassifikasie van gemoedstoestande as a-kategoriees (teenoor nie-kategoriees) binne die

teorie van dinamiese sisteme. Hierdie “state of mind”, wat volgens Bitbol volledig ontvanklik is vir die Zen-Boeddhistiese konsep van ‘thusness’ (of ‘suchness’), word as a-kategoriees beskou. Bitbol skakel dit met die superposisie van die golffunksie in die algemene kwantumteorie, wat ook as a-kategoriees geformaliseer kan word. Dit impliseer dat die a-kategoriees bewussynstoestand in die gedig “Kû” ook as superposisie van die golffunksie beskou kan word.

Atmanspacher en Fach (2005: 195) identifiseer die a-kategoriees “state of mind” met die verligte bewustheidstoestand wat hulle ook “nothing-consciousness” noem, of *Satori* – die ervaring van die Niet. Volgens die Soto-skool van Zen-Boeddhisme word *Satori* bereik deur meditasie (*Zazen*), wat deur Breytenbach self direk met die kreatiewe proses verbind word (Sienaert, 1993b: 147). Sienaert impliseer dat elke gedig en skildery ’n oomblik van *Satori* bevat, waar die konseptuele grense van tyd, ruimte en dualiteit oorskry word.

Vir Sienaert (1993b: 142) is die opheffing van die self ’n voorvereiste vir die ervaring van verligting, *Satori*, omdat die ego ’n blote parodie is van die “ware subjek van bewussyn”, die *Perusa*. Breytenbach, soos aangehaal deur Sienaert (1993b: 148), bespreek hierdie gegewens in terme van subjektiwiteit in poësie:

The I becomes an observation point, a point of passage, through which the images and the perceptions move. You become part of your work, the way the archer and target and the arrow eventually become one. Because underlying Zen-Buddhism there is this notion of the non-being of the “I”, the non-exclusivity of the “I”.

Die voorbeeld van die boogskutter sluit aan by Barad se konsep van intra-aktiwiteit en saam met die “nie-eksklusiwiteit van die ‘ek’” word die skeiding van subjek en objek geproblematiseer. Atmanspacher en Fach (2005: 195) stel dat die a-kategoriees toestand van bewussyn die onderskeid tussen subjek en objek oorkom as *integrale bewussyn*, maar sonder om kompleksiteit in te boet of verskillende gelyk te maak. Dit vind plaas saam met kreatiewe aktiwiteit en nabetrugting, maar kan ook spontaan plaasvind. Hierdie toestande word met kreatiewe inspirasie, eksistensiële insigte en ervarings van heelheid en geloofstevredenheid geassosieer (Atmanspacher en Fach, 2005: 195).

In hulle bespreking hiervan verwys Atmanspacher en Fach (2005: 200) na Hadamard se vier fases van kreatiewe denke wat lei tot die kreatiewe produk (nie net kuns nie, maar enige kreatiewe oplossing; ook in wetenskaplike insigte) naamlik: (1) voorbereiding (2) inkubasie, (3) verligting en (4) bevestiging (Atmanspacher en Fach, 2005: 200).

Die eerste en vierde fase funksioneer hoofsaaklik op die vlak van bewussyn

terwyl fase twee en drie sterk onbewuste prosesse behels as die kern van werklike insig.

Hierdie fases is waarneembaar in “Kû”:

8. Hadamard se vier fases, soos waargeneem in “Kû”

8.1. Fase 1: Voorbereiding

Die voorbereidingsfase word gekenmerk aan die intense bewuste werk aan die probleem soos wat gesien kan word by die aanvang van die gedig. Hierdie bewuste poging blyk gewoonlik vrugtelos te wees (Atmanspacher en Fach, 2005: 200). In strofe 1 word besin oor die probleem wat die spreker ervaar om die ontoereikendheid van taal te oorbrug.

Die poging om die bewussynsvormingproses aan die leser te kommunikeer, word hier verwoord. Grobler (2015: 76) beskryf Breytenbach se verkenning van bewussynsvorming soos volg:

Through his exploration of consciousness formation, Breytenbach contributes to the contemporary literary context by moving beyond the post-structuralist confinement within the word, and opening up a “beyond” to the reader/viewer, where imagination and memory overlap, which leads to an ancient experience of healing and of the real, where migrants define their hybridity and where the poem constitutes the “perpetual” present that is already past. This interstice is the space of the “Middle World”.

Die verwysing in die tweede reël van “Kû” na die poging om ’n “ruimte” te skep “ook terug in die verlede verspeelde leemte”, is dus hier ’n verwysing na die “Middel Wêreld” waarin die temporaliteit van hede, verlede en toekoms opgehef is in relatiwiteit (“’n *verlede* nou teenswoordigheid wordende om te vergaan in die *hede* / wat nog net in verdwyning ontstaan”) en die voortdurende skeppings en vernietigingsproses wat ook deur die kwantumveldteorie beskryf word. Die relativisering van dualiteite kenmerkend van die Zen-Boeddhisme wat nuwe betekenis verkry wanneer daar deur die lens van kwantumteoretiese komplementariteit en verstrengeling daarna gekyk word, blyk ook hier aanwesig te wees. Wanneer konsepte van komplementariteit, verstrengeling en intra-aksie toegepas word op die begrip van die skrywer/boek of digter/gedig as subjek/objek word die verhouding in terme van kousaliteit ook geproblematiseer. Soos voorheen genoem, beskou Barad (2007: ix-x) in die eerste plek die skryfdaad self as ’n intra-aktiewe proses waarin die outeur en die teks “mekaar intra-aktief” skryf.

Deur middel van intra-aksie (“bymeakaarkomkopulasie” strofe 2 in “Kû”) word daar dus ’n agentgebaseerde snit uitgevoer deur die “skrywe”. Dit is egter nie ’n voorafbepaalde simbool nie, maar word deur middel van intra-aksie voortdurend tot stand gebring en daar word steeds verwys na die “beweging” tussen die dualiteite van “lewe en dood” en “binne en buite”.

Dit verklaar tot ’n mate die volgende reël in strofe 2 wanneer ’n mens die intra-aksie tussen digter/teks/leser in ag neem: “Dat skryf, Leser, intiem bewus bly van die aai van jou oog onder lede wanneer jy die saamvloei van uiterstes laat stol en terugdraai na waar die oorspronklike pyn vandaan?”

Dit is omdat die meetinstrument die agentgebaseerde snit uitvoer wat ’n oplossing vasstel binne die fenomeen van inherente ontologiese (en semantiese) onbepaaldheid (Barad, 2007: 140), dit wil sê ’n werklikheid word daardeur geaktualiseer van daar dat dit die “saamvloei van uiterstes laat stol”.

Die intra-aksie tussen die digter/teks/leser word bevestig in die volgende strofe 3 van “Kû” wanneer eerstens verklaar word dat die teks (“wat jy lees, Leser”) onder die leser se oë “*gebeur*” en dan die vraag of die moontlikheid dalk eerder bestaan dat die leesproses die “skaduhale koaguleer tot relaasmakende beweging”. Weereens word die idee van stolling (koagulering) hier aangetref, maar hierdie keer eerder net tot ’n semi-gestolde toestand waarin ’n mate van beweging steeds moontlik is vir ’n “relaasmakende beweging”. Hierby word betekenis of die poëtiese bewussyn nie finaal vasgevang nie, maar daar word ruimte gelaat vir die proses om voort te duur.

Die leser se poging om terug te draai na “waar die oorspronklike pyn vandaan” suggereer die leser se poging om die poëtiese bewussyn van die implisiete digter na te speur. Hierdie poëtiese bewussyn manifesteer in die gedaante van die olifant – wat net soos die probleem in die vertrek – ’n onmoontlikheid is om vas te vang en wat selfs die digter bloot “soos ’n skadu oor die vel papier sien beweeg”. Hierdie ervaring van die skadu-bewussyn verwys na die onbewuste wat vanuit die kollektiewe onbewuste kan deurdring deur a-kategorieuse bewussyn toestande soos die droomtoestand of tydens die meditasieproses tot die bewuste. Die spreker se gewaarwording hiervan is die onuitspreekbare “olifant in die teks, die skaduwee wat in die oopwonding van nag oor die bleek lippe van lêmaaklees beweeg”. In die eerste fase van die kreatiewe proses slaag die digter egter nie daarin om hierdie “olifant” in woorde vas te vang nie. Hy besef dat sy taal en benoeming van die olifant as “Herrie” ontoereikend is omdat dit “iets veel vreemder uit ’n ander *dimensie*” is. Uit frustrasie met sy onsuksesvolle pogings om die konsep aan sy medemens oor te dra en die skaduwee te konkretiseer, beweeg die digterspreker oor na die volgende fase van die kreatiewe proses.

8.2. Fase 2: Inkubasie

Tydens die inkubasiefase word die probleem uit die bewuste verwyder, hetsy doelbewus of as gevolg van aandagafleiding, maar met die onderbewustelike voortsetting daarvan na aanleiding van die aanvanklike bewuste werk aan die probleem. In “Kû” word daar in strofe 6 die doelbewuste verwydering uit die bewuste aangetref: “Eers bêre. Eers toesluit in ’n loods gedig tot tyd en wyl ’n besluit / volgende week geneem kan word.” Die onderbewustelike voortsetting van die bemoeienis met die probleem van die olifant vind hier steeds plaas in die besef dat daar iewers vir die “enorme dikheid” klere gekry moet word om sy naaktheid toe te draai.

Dit is opmerklik dat die kledingstukke wat oorweeg word ’n luier en ’n dwangbuis is – beide beperkende kledingstukke wat beweeglikheid inhibeer of stuit. Hierdeur word die beperking van die mens se begripsvermoë en selfs intellektuele kapasiteit geïmpliseer – die ontoereikendheid van die mens se vermoë om die ego te begryp, lei daartoe dat enige poging om dit te beskryf – om “klere” daarvoor te kry, ’n beperkende en grensbepalend praktyk sal wees. Die probleem word weereens na die onderbewuste verskuif – dié keer deur afleiding “vergeet” wat steeds ’n mate van intensionaliteit het in strofe 7: “En toe verkies ek om te vergeet. / Asof wat nie omskryf of verantwoord kan word nooit bestaan het nie.” Hier word die problematiek van taal weereens geopper, maar daarbenewens word dit wat Breytenbach self ook uitgedruk het, asook dit wat in beide die Zen-Boeddhisme en die kwantumteorie verwoord word, aangedui: dat bestaan onderhewig is aan die mens se kennisskeppende praktyke.

8.3. Fase 3: Verligting

Wanneer daar voldoende assosiatiewe spel in die onderbewuste gevestig is en “pare” van die onbewuste elemente verbind, en daardeur ’n stabiele verbintenis geskep het, sal die spesifieke konfigurasie stabiliseer en weer na die bewuste terugkeer (Hadamard, in Atmanspacher en Fach, 2005: 200). Dit vind dikwels holisties plaas en nie noodwendig chronologies met die verloop van tyd nie.

Wanneer die spreker saam met die swart seun, Johannes, die vlugteling en “’n Blinde Bedelaar, Hoesê Buiteboer” die olifant in die “pakhuis” gaan haal om hom “voorlopig in [sy] woonkwartiere onder dak te bring”, word die “optog” onderneem na verligting in ooreenstemming met die optog van die aap, man en die olifant in die Tibettaanse skildery wat die meditatiewe tog na verligting of kalmte voorstel.

Die beeld van die aap word binne 'n ander konteks as bobbejaan opgeroep deur die intertekstuele verwysing na die Afrikaanse volksliedjie “Bobbejaan klim die berg” met “moenie huil nie o moenie treur nie”. Aangesien daar ook verwys word na die “berg Kû” verkry hierdie tog 'n nuwe betekenislaag wanneer daar in ag geneem word dat Breytenbach dikwels na homself as ‘Ou Bobjaan’ verwys. Die opgaande pad in die kunswerk lei met 'n skerp draai by die berg Kû op, die man in die skildery verteenwoordig die mediteerder, die olifant simboliseer die verstand en die aap (bobbejaan) staan vir die onstuimigheid van die verstand wat aanvanklik die olifant lei met die man wat volg in die skilderwerk. Maar namate die prosessie teen die berg opbeweeg, neem die man beheer oor die olifant en bestyg hy later die olifant, terwyl die aap verdwyn. Hiermee word die vierde fase van die kreatiewe proses betree.

8.4. Fase 4: Bevestiging

Die fase van Bevestiging behels die rekonstruksie van die oplossing in 'n rasonale kommunikeerbare tekensisteem. Hierdie fase word in strofe 9 betree wanneer die Blinde Bedelaar oor die “onkenbare sintaksis” van die “olifant” streel, bykans asof dit in braille geskryf staan. Hy poog om aan Johannes in “woorde van betekenis” te beskryf wat hy “sien”, gevolg deur die stelling: “Sien, so kom 'n olifant tot stand om maat en metrum te loop soek in die land. / Kom laat ons sing.”

Die olifant kom tot stand om “maat en metrum” te loop soek – dit wil sê dat die kommunikeerbare tekensisteem hier die gedig is. Die intertekstuele verwysing na Adam Small (1962) se “Kô, laat os sing” verwys na die roeping van die argetipiese digter om as waarsêer en profeet die volk te lei ten spyte van sy liggaamlike gebreke (blindheid), maar ook na die intra-aktiewe rol wat die leser moet speel as medeleser.

Die volgende stap in die bevestigingsfase is wanneer die spreker onderneem om 'n “bundel” saam te stel waarmee hy die olifant aan al sy medelesers aanvaarbaar sal maak. Hier is weereens sprake van intra-aksie wat die digter as medeleser tipeer. As een van die beginsels van tekstualiteit is aanvaarbaarheid hier, naas sintaksis en woordbetekenis, 'n verdere poging om die gewaarwording van die “olifant” in 'n kommunikeerbare tekensisteem om te sit wat lesers sal begryp.

Uiteindelik word die poging om die “olifant” aan die lesers verstaanbaar te maak as die digter se lewensroeping verklaar met stellings soos: “Kyk dit is die som van my lewe”; “Iemand moet dit wat nie versinnebeeld kan word nie, oppas.”

Die suggestie hier aanwesig is dat hierdie kreatiewe proses weereens sal herhaal totdat die “olifant ’n boodskap op die ontvangsapparaat van hierdie teks los”. Hierdie reël vind aansluiting by my veronderstelling dat die gedig as ’n meetinstrument vir poëtiese bewussyn funksioneer. Die boodskap in die teks gelos, is daardie meting wat plaasgevind het, die agensgebaseerde snit wat deur die meting gemaak is waarbinne die bewussyn van die digter manifesteer. Die illusie word egter nie geskep dat hierdie boodskap noodwendig aan die leser toeganklik sal wees nie, want “woorde het die betekenis van boeke opgevreet”.

Wanneer die spreker die leser nooi om vir Herrie tot op die dak te neem waar die son tussen die “lende van die nag verstrik raak”, vind hierdie beskrywing aansluiting by Breytenbach se uitlating dat bewussyn die beweeg van diepte na oppervlak is, “from light to darkness” (Saayman, 2009: 203).

So word die kreatiewe proses voltooi en die Blinde Bedelaar word aan die voëls uitgelewer om oor hom te oordeel. Vandaar die versoek, in ’n terugkeer na Breytenbach se gedig “bedreiging van die siekes” uit sy debuutbundel *Die ysterkoei moet sweet* (1963): “Kyk hy is skadeloos, wees hom tog genadig. / Kom laat ons sing.”

9. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is Sabine Coelsch-Foisner se tipologie vir poëtiese bewussyn gebruik om die gedig “Kû” uit die bundel *op weg na kû* (2019) deur Breytenbach te klassifiseer as stem in die kategorie etos van die numineuse. Dit is gedoen na aanleiding van die prominensie van die Zen-Boeddhistiese verwysing in die titel en die verklaring vanuit die Hart Sutra as deel van die tweede mottoblad van die bundel. Verder is die uitbeelding van die tog na transendensie deur middel van die meditasieproses en derhalwe die kreatiewe proses waardeur die gedig tot stand kom, ook behorende tot die numineuse. Daar is getoon hoe die kwantumteorie na gelang van die ooreenkomste met die Zen-Boeddhisme by kan dra tot die interpretasie van poëtiese bewussyn in ’n gedig soos “Kû” deurdat dit ’n Westerse denkraamwerk bied vir soortgelyke konsepte vanuit die Zen-Boeddhisme. Verder bied dit ’n raamwerk waarbinne die gedig as diskursiewe praktyk gelykgestel kan word aan die meetinstrument in die kwantumsisteem en derhalwe interpretasiemoontlikhede vir die gedig “Kû” ontsluit.

Uit hierdie analise het dit duidelik geblyk dat intra-aksie tussen digter/teks/leser verantwoordelik is vir die totstandkoming van poëtiese bewussyn deurdat beide leser en digter optree as waarnemers in die kwantumsisteem en die gedig

funksioneer as meetinstrument/ontvangsapparaat vir poëtiese bewussyn.

Gevolglik kan die kwantumteorie ook die lesing van die poëtiese bewussyn belig. In “Kû” word dit geïllustreer deur metapoëtiese besinnings oor die poging om bewussyn in die gedig vas te vang, deur die lens van kwantumteorie en Zen-Boeddhisme. Hierdie gedig se inhoud stem ooreen met die uitbeelding van hierdie proses in Oosterse mistiek, soos gesien in Tibettaanse skilderye, sowel as met kwantumteoretiese beskouings van onder andere Barad, Atmanspacher et al., en Keppler oor bewussyn.

Vanuit my perspektief op bewussyn in die artikel, word die self en bewussyn beskou as dinamiese potensiaal. Die implikasie is dat die manifestasie van bewussyn ekwivalent is aan die meting van die posisie van die self of bewussyn, wat vanuit ’n kwantumteoretiese oogpunt tot die reduksie van die vektorstand of kwantumgolf kan lei. Hierdie benadering laat ’n mens toe om die gedig as ’n meetinstrument te beskou, na aanleiding van Barad. Die konkrete manifestasie van bewussyn in taal maak die bewussyn van die digter toeganklik vir die leser.

Coelsch-Foisner (2005: 59) het gepoog om ’n teorie van poëtiese bewussyn te ontwikkel wat die neksus tussen verstand en gedig ondersoek vanuit ’n wyer kognitiewe perspektief. Hierdie neksus word verder verhelder deur die kwantumteoretiese insigte van Atmanspacher et al., Keppler en Shani se teorie van die menslike bewussyn en Barad se insig in die rol van diskursiewe praktyke en die meetinstrument in die kwantumsisteem.

Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die konsepte uit die kwantumteorie ’n Westerse raamwerk bied waardeur die metapoëtiese proses wat in “Kû” beskryf word, verstaan kan word. Hierdie benadering bied ook insigte in die interpretasie van poëtiese bewussyn en subjektiwiteit in Breyten Breytenbach se werk. Daarbenewens glo ek dat Breytenbach se werk voortdurend vrugbare grond bied vir die verkenning van subjektiwiteit en poëtiese bewussyn.

Universiteit Stellenbosch en Universiteit van Namibië

Bronnelys

Atmanspacher, H. en Fach, W. 2005. Acategoriality as mental instability.

The Journal of Mind & Behavior 26(3): 181–205.

Atmanspacher, H., Römer, H. en Walach, H. 2002. Weak quantum theory:

Complementarity and entanglement in physics and beyond. *Foundations of Physics* 32(3): 379-406.

- Austin, J.H. 1999. *Zen and the Brain: Toward an Understanding of Meditation and Consciousness*. Massachusetts: MIT Press.
- Barad, K. 2007. *Meeting the Universe Halfway*. Durham: Duke University Press.
- Barthes, R. 1975. *The Pleasure of the Text*. Translated by Miller, Richard. New York: Hill and Wang.
- Bitbol, M. 2014. Making sense of non-sense in physics: The quantum koan. In: *Enactive Cognition at the Edge of Sense-Making*. Hampshire: Palgrave Macmillan.
- Breytenbach, B. 2010. *Notes from the Middle World*. Chicago: Haymarket Books.
- Breytenbach, B. 2016. *die na-dood*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 2019. *op weg na kû*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, A.P. 1985. Transgressions: A quantum approach to literary deconstruction. *Journal of Literary Studies* 1(3): 10-26.
- Capra, F. 1977. *The Tao of Physics: An Exploration of the Parallels between Modern Physics and Eastern Mysticism*. Boulder: Shambhala Publications.
- Choskyi, J. 1988. Symbolism of animals in Buddhism. *Buddhist Himalaya* 1(1):259–286.
- Coelsch-Foisner, S. 2002. *Revolution in Poetic Consciousness: An Existential Reading of Mid-Twentieth-Century British Women's Poetry Vol. 1*. Tübingen: Stauffenburg.
- Del Giudice, E. 2004. The psycho-emotional-physical unity of living organisms as an outcome of quantum physics. In: Globus, G.G., Pribram, K.H. and Vitiello, G. (eds.). *Brain and Being: At the Boundary between Science, Philosophy, Language and Arts*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Fiedler, L.A. 1952. Archetype and signature: A study of the relationship between biography and poetry. *The Sewanee Review* 60(2): 253-273.
- Galín, D. 2003. The concepts “self,” “person,” and “I” in Western psychology and in Buddhism. In: Wallace, B.A. (ed.). *Buddhism and Science: Breaking New Ground*, New York: Columbia University Press.
- Grobler, M. 2015. Breyten Breytenbach’s “middle world”: The “middle world as diaspora, identity, and consciousness”. MA-thesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Heisenberg, W. 1958. *Physics and Philosophy: The Revolution in Modern Science*. New York: Harper & Brothers Publishers.
- Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Vol. 2*. Pretoria, Kaapstad, Johannesburg: Academica.

- Mensky, M.B.** 2011. Logic of quantum mechanics and phenomenon of consciousness. *Journal of Cosmology* 14: 1097-1109.
- Nelson, A.** 2007. The spacious mind: Using archetypes for transformation towards wisdom. *The Humanistic Psychologist* 35(3): 235.
- Saayman, S.** 2009. "Writing is travelling unfolding it's own landscape." A discussion with Breyten Breytenbach on *A Veil of Footsteps*. *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2): 201-212.
- Shani, I. en Keppler, J.** 2018. Beyond combination: How cosmic consciousness grounds ordinary experience. *Journal of the American Philosophical Association* 4(3): 390-410
- Sienaert, M.** 1993a. Zen-Boeddhistiese selfloosheid as sentrale interteks van die Breytenbach-oeuvre. *Literator* 14(1): 25-46.
- Sienaert, M.** 1993b. Aspects of contemporary literary theory, Zen-Buddhism and the Breytenbach-Oeuvre: An intertextual reading. *Journal of Literary Studies* 9(2): 139-155.
- Sienaert, M.** 2001. *The I of the Beholder: Identity Formation in the Art and Writing of Breyten Breytenbach*. Cape Town: Kwela Books.
- Small, A.** 1962. *Kitaar my kruis*. Kaapstad: HAUM
- Stander, H.L.** 1974. 'n Verkenning van die surrealisme en Zen-Boeddhisme in *Die ysterkoei moet sweet* van Breyten Breytenbach. MA-tesis. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit.
- Thompson, E.** 2014. *Waking, Dreaming, Being: Self and Consciousness in Neuroscience, Meditation, and Philosophy*. New York: Columbia University Press.
- De Vries, W. en Breytenbach, B.** 2019. "Nogtans word die woorde aan die wind toevertrou". In: Galloway, F. (red.). *Breyten Breytenbach: woordenaar woordnar – 'n huldiging*. Pretoria: Protea.
- Wallace, B.A.** 2003. *Buddhism and Science: Breaking New Ground*. New York: Columbia University Press.

Note

1. Befondsing vir my magisterstudie deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns word hiermee bevestig.

Wokeness en politieke korrektheid met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se *Die 3 van ons* (2021) en *Toe ons oneindig was* (2020)

Alana Lourens

Wokeness and political correctness with specific focus on Zelda Bezuidenhout's Die 3 van ons (2021) and Toe ons oneindig was (2020)

This article seeks to answer whether Zelda Bezuidenhout's Die 3 van ons (2021) and Toe ons oneindig was (2020) can be labelled as woke and politically correct. If it contains any issues considered relevant in the scope of wokeness and political correctness, the article investigates whether Bezuidenhout has gone about the issues in a politically correct manner. The article briefly overviews some conceptualisations of wokeness and political correctness and identifies some possible issues usually mentioned in discourses concerning wokeness and political correctness. Based on this, the article identifies ideas concerning race, sexuality, (sexual) violence and family structures and relationships in Bezuidenhout's youth books. The analysis shows that these books and Bezuidenhout as a writer can be labelled as woke and politically correct in how these concepts are portrayed.

1. Inleiding

Jeugliteratuur¹ word tans internasionaal en plaaslik onder die vergrootglas geplaas – veral wanneer wokeness en politieke korrektheid ter sprake is (De Jager, 2023; Gardner, 2023; Meyer en Kulsén, 2023; Pople, 2023). Roald Dahl se boeke word byvoorbeeld aangepas om meer polities korrek te wees (Downey, 2023; Vernon, 2023).² En in Hongarye het daar weens die nuwe kontroversiële kinderbeskermingswet van 2021 'n herrie oor Alice Oseman se Heartstopper-jeugliteratuurreeks, wat queer karakters en verhoudings uitbeeld, ontstaan.³

Plaaslik het Hennie van Coller se *Netwerk24*-artikel, “Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie”, wat insgelyks ook onder die titel van “‘Gewone mense’ word al hoe meer randfigure” gepubliseer is, tot 'n debat oor wokeness en politieke korrektheid in Afrikaanse jeugliteratuur gelei. Van Coller (2022a; 2022b) postuleer dat jeugtekste “wêreldvreemd” is, omdat dit deur “maatskaplike en persoonlike probleme” oorheers word. Van hierdie probleme sluit die volgende in: “molestering, verkragting, owerspel, siekte, dood, geestesprobleme, die verlies van ledemate of sintuie, homoseksualiteit,

rasseprobleme en dergelike” (Van Coller, 2022a; 2022b). Hy insinueer dan dat jeugboekskrywers deur uitgewers gesensor word en aangemoedig word om polities korrekte tekste, wat dan volgens hom nie in realiteit gegrond is nie, te produseer (Van Coller, 2022a; 2022b).⁴

Bowendien meen Van Coller (2022a; 2022b) dat die uitbeeldings van die bogenoemde probleme hom laat wonder of daar nog “funksionele gesinne bestaan, met hardwerkende liefdevolle ouers” wat “eties” en “sinvol” lewe. Dit blyk hieruit dat Van Coller na die uitbeeldings van die tradisionele of kerngesin verlang en meen dat die uitbeeldings hiervan in Afrikaanse jeugliteratuur afwesig is. Voorts insinueer hy dat diegene wat nie aan die tradisionele gesinstruktuur behoort nie, soos enkelouers, nie etiese of sinvolle lewenstyle of lewens het nie (Van Coller, 2022a; 2022b). Myns insiens is sy stelling veral problematies in die Suid-Afrikaanse konteks. Statistieke Suid-Afrika wys daarop dat 41,5% van Suid-Afrikaanse gesinne in 2021 as kerngesinne (oftewel huishoudings met twee eggenote of ‘partners’ met of sonder biologiese kinders) beskou kan word. Dit wil sê dat amper 60% van huishoudings, dus die meerderheid, nie uit ’n kerngesin bestaan nie en dat kerngesinne nie die norm is nie.⁵

Van Coller (2022a; 2022b) verwys dan na ’n boek (die “droom van elke feministiese sosioloog of teoloog”) wat volgens hom aan al die eise van politieke korrektheid voldoen, omdat die vroulike hoofkarakter vriendin van kleur het, haar oupa ’n pro-struggle joernalis was en daar uitbeeldings van gay mans is. Alhoewel hy nooit die boek op die naam noem nie, het Zelda Bezuidenhout tydens ’n Woordfees-gesprek in 2022 (“Tiek ons boksies in kinderboeke”) erken dat hy na haar kinderboek, *Die 3 van ons* (2021), verwys.

Bezuidenhout⁶ se kinderboek, *Die 3 van ons*, sowel as een van haar jeugboeke, *Toe ons oneindig was* (2020), word daarom in die artikel teen die agtergrond van wokeness en politieke korrektheid ondersoek.

Hierdie artikel poog om die volgende vrae te beantwoord: In watter mate kom wokeness en politieke korrektheid in Bezuidenhout se twee jeugboeke voor? Indien enige kwessies voorkom, is die hantering daarvan polities korrek?

Die doelwit van die artikel, wat kwalitatief en deskriptief van aard is, is eerstens om meer duidelikheid te gee oor wat wokeness en politieke korrektheid is (afdeling 2, 3 en 4). Tweedens poog die artikel om twee van Bezuidenhout se boeke as gevallestudie teen die agtergrond van wokeness en politieke korrektheid te bestudeer om sodoende te bepaal of haar boeke enige kwessies bevat wat as woke beskou kan word (afdeling 5). Verder word daar dan gekyk na die hantering van die relevante kwessies wat as polities korrek beskou kan word (afdeling 5).

2. Wokeness

Myns insiens is ‘wokeness’ of ‘woke’ slegs sinonieme vir bewustheid. ‘Woke’, as term, is vir die eerste keer vanaf die 1930’s deur swart Amerikaners gebruik in die diskoers oor rassisme om sodoende te verwys na diegene wat sosiaal bewus is (Atkins, 2023: 322; Cammaerts, 2022: 734-735). Vandag word dit steeds gebruik wanneer rassisme ter sprake is, byvoorbeeld in die #BlackLivesMatter-veldtog wat in 2014 op sosiale media ontstaan het (Cammaerts, 2022: 734-735). Cherry (2020: 2) en De Klerk-Luttig (2024) stel dat dit intussen uitgebrei het om meer in die algemeen te verwys na bewustheid van enige vorm van ongelykheid, onderdrukking, uitbuiting en uitsluiting. Dit wil sê dat wokeness ook relevant is wanneer kwessies rondom byvoorbeeld gender en seksualiteit in die kollig geplaas word.

Cherry (2020: 1) beskou wokeness as ’n epistemiese toestand, oftewel ’n logiese lens of kennisbasis waardeur die woke individu na die wêreld kan kyk. De Klerk-Luttig (2024) deel hierdie mening en argumenteer dat wokeness ’n ideologie is “waar alles deur die bril van ras, gender en seksuele oriëntasie gesien word”. Alhoewel daar hoofsaaklik oor wokeness in verband met ras, gender en seksuele oriëntasie geskryf word, meen ek dit is belangrik om ook bewus te wees van ander aspekte of kwessies waar ongelykheid en diskriminasie voorkom, byvoorbeeld gestremdheid, ouderdom, chroniese siektes, liggaamsbou en fisieke gesondheid sowel as geestesgesondheid.

Wokeness as ’n vorm van bewustheid moet binne konteks verstaan word, omdat elke omgewing ’n eie geskiedenis van onderdrukking en uitsluiting het wat kwessies soos rassisme tot gevolg gehad het (Basu, 2019: 11). Dit wil sê die woke individu is terselfdertyd bewus van hulle omgewing en die geskiedenis. Bowendien sal die woke persoon moeite doen om op die uitkyk te wees vir enige vorms van onderdrukking of onregverdigheid in hulle omgewing sodat hulle dit krities kan bevraagteken en dan aanspreek (Atkins, 2023: 330). Woke Suid-Afrikaners sal myns insiens onder andere bewus wees van die land se geskiedenis van rassisme as gevolg van kolonialisme en die apartheidsregime. Dit sal daartoe lei dat hulle enige kontemporêre vorms van rassisme effektiewer kan identifiseer en aanspreek.

Atkins (2023: 321) argumenteer dat wokeness, soos met die sferiese uitgebreide sienings, deur die groeppartydigheidsbeskouing (“group partiality view”) verstaan moet word.⁷ Dit kom neer op die idee dat die woke of bewuste persoon die onderdrukte groep of slagoffers die voordeel van die twyfel gee. Dit sluit onder andere die epistemiese meganisme in waar die woke individu die “base rate” ignoreer (hoe gereeld ’n fenomeen in ’n omgewing of

groep voorkom, word daarom geïgnoreer) (Atkins, 2023: 321-322).⁸ Hierdie uitgebreide sienings lei tot die voorkoming van stereotipering (Atkins, 2023: 330, 332).⁹ Die woke persoon sal dus enige 'base rate'-inligting – veral negatiewe inligting – oor die onderdrukte groep verwerp of ignoreer en dié groep die voordeel van die twyfel gee.¹⁰

Insgelyks stel De Klerk-Luttig (2024) dat die morele hoë grond in die woke-ideologie aan slagoffers en die onderdrukte individue behoort. Die woke persoon is daarom meer geneig om enige negatiewe houdings of stereotipes wat teenoor die onderdrukte groep gerig word, krities en logies met behulp van bewyse (en teenstrydige bewyse) te bevraagteken en te verwerp, en só word die woke persoon as 'n rasonale denker voorgestel (Atkins, 2023: 321-322). Vanuit hierdie oogpunt baseer die woke persoon nie besluite of gedrag op hulle ervarings, belangstellings of emosies nie.¹¹

Uit die bogenoemde blyk dit dat woke persone bewus is van hulself en ander in die omgewing waarin hulle hulself bevind. Hulle is daarom daarvan bewus dat die dominante groep in die samelewing se perspektief dikwels geprioritiseer word en dat die nie-dominante groep as die Ander uitgemaak word en uitgesluit word. As gevolg van hulle kritiese bewustheid, kan hulle ongelykhede en gepaardgaande kwessies soos rassisme, seksisme en homofobie identifiseer. Die woke persoon bevraagteken dan, met bewyse en objektiewe waarnemings, die uitsluiting en onderdrukking van individue en groepe binne konteks en is terselfdertyd meer geneig om die slagoffer die voordeel van die twyfel te gee. Alhoewel die morele hoë grond aan slagoffers of voorheen benadeelde groepe behoort, moet woke persone steeds genoeg teenstrydige bewyse insamel om te verseker hulle kom tot logiese en regverdigde gevolgtrekkings, sodat hulle 'n bydrae kan lewer om verandering in die samelewing teweeg te bring.

Die bogenoemde konseptualiserings van wokeness stel dan voor dat woke skrywers in die eerste plek bewus is van hulself en die posisie wat hulle in die samelewing inneem. Net so is hulle bewus van die leser of die teikenmark van die boek en hulle verstaan dat jong Suid-Afrikaanse lesers in byvoorbeeld 'n postapartheidskonteks lewe waar gay huwelike wettig is en genderrolle toenemend uitgedaag word. Terselfdertyd is hulle bewus van die feit dat daar steeds teen queer individue diskrimineer word, dat gendergebaseerde geweld 'n realiteit is en dat rassisme nie 'n euwel van die verlede is nie. Maar soos genoem, raak die woke-ideologie aan meer as slegs kwessies van rassisme, seksisme en homofobie. Skrywers kan daarom ook kwessies soos geestesgesondheid, gestremdheid en outisme in hulle boeke ondersoek om sodoende seker te maak dat hulle nie stereotipiese karakters en verhoudings tussen karakters uitbeeld nie.

Myns insiens kan woke Afrikaanse jeugboekskrywers met die uitbeelding van woke kwessies in boeke bewustheid en empatie onder die lesers bevorder. Dit wil sê dat skrywers die lesers aan karakters kan blootstel wat ander lewenservarings het om sodoende vir lesers te wys dat ongelukheid, diskriminasie en uitsluiting ongelukkig steeds 'n rol in die samelewing speel en dat dit krities bevestigteken en uitgedaag moet word.

3. Politieke korrektheid

Soortgelyk aan wokeness is politieke korrektheid nie 'n nuwe konsep nie en daar word gereeld na politieke korrektheid as konsep verwys wanneer sosiale geregtigheidskwessies, soos die #BlackLivesMatter-veldtog, ter sprake is (Wikström, 2016: 160). Bowendien is daar talle raakpunte tussen die twee konsepte en myns insiens is politieke korrektheid 'n 'aksie' van bewuste of woke persone. Politieke korrektheid het in die 1990's op Westerse universiteitskampusse ontstaan tydens gesprekke tussen akademici oor hoofsaaklik feminisme en multikulturele perspektiewe in die geesteswetenskappe (*In These Times*, 2022). Die doel daarvan was om te oorweeg hoe politieke agendas akademiese navorsing beïnvloed.

Die fokus wat op kwessies van ongelukheid en onderdrukking soos rassisme, seksisme en homofobie geplaas word, maak politieke korrektheid dus soortgelyk aan wokeness. Maar politieke korrektheid fokus veral op die gebruik van taal.

Marques (2009: 258) verduidelik dat die gebruik van polities korrekte taalgebruik die positiewe doelwit het om boeliegedrag of diskriminasie te elimineer. Die gebruik hiervan sluit daarom die vervanging van woorde wat binne 'n spesifieke konteks enige stereotipiese of negatiewe konnotasies bevat met meer 'neutrale' woorde (O'Neill, 2011: 279, 281). Ten spyte van die goeie bedoelings van 'n woke persoon met die gebruik van polities korrekte taal, is politieke korrektheid 'n tweesnydende swaard (Marques, 2009: 258, 264): Die vervanging van woorde sonder om die konteks in ag te neem, lei nie noodwendig tot gelyke verhoudings en 'n meer gelyke en verdraagsame samelewing nie.

Die konteks waarbinne woorde gebruik word en hoe dit oorgedra word, is wat dit aanstootlik of polities inkorrekt maak (O'Neill, 2011: 281). Die vervanging van slegs die problematiese woord met 'n ander woord lei nie outomaties tot die uitwissing van enige boeliegedrag of diskriminasie in die spesifieke konteks of omgewing nie. Die onderliggende taboe of diskriminasie hou aan bestaan, ongeag die woordkeuses van die teksproduseerder. Dit stel

voor dat die neutrale term of eufemisme slegs vir die boelie of onderdrukker meer skietgoed gee om teen die slagoffer te gebruik (O'Neill, 2011: 282-283). Hoe die boodskap oorgedra word en wat die intensies van die spreker of produseerder van 'n teks is, is daarom belangrik.

Voorts is woorde konteks- en tydsgebonde. Die gebruik van 'queer' was byvoorbeeld 'n paar jaar gelede polities inkorrekt (Marques, 2011: 280), maar vandag word dit as aanvaarbare en insluitende sambreelterm gebruik om na die totale LGBTQIA+-gemeenskap en vloeibare gender-identiteite te verwys (Thomas, Hsieh en Varina, 2023).

Om sodoende polities korrek te kan wees, moet die persone bewus (en daarom woke) wees van hulle omgewing en tydskonteks. Dit wil sê dat woke skrywers bewus is van die geskiedenis van hulle omgewing en samelewing en die vorms van onderdrukking en uitsluiting wat steeds rondom hulle voorkom. Bowendien is hulle bewus daarvan dat daar woorde is wat tans meer aanvaarbaar is om te gebruik as ander. Hulle moet ook die woorde korrek gebruik, omdat die oordrag van die boodskap belangrik is, aangesien dit vir die leser wys of die skrywer se bedoelings skadelik is of nie. Die vervanging van 'vet' met byvoorbeeld 'enorm', soos in die geval van Dahl se boeke, moet daarom krities binne die konteks van die sin, die boek en die samelewing sowel as die tydskonteks bevraagteken word en daar moet eerder gekyk word na hoe die woord gebruik word en wat die intensies van Dahl as skrywer was.¹²

Die woke Afrikaanse skrywer wat die doelwit het om die leser aan nie-stereotipiese karakters met unieke lewenservarings bloot te stel, gaan myns insiens heel waarskynlik polities korrek om met verskeie kwessies wat met onderdrukking en diskriminasie geassosieer word. Die woke skrywer bly op hoogte van die gepaste en polities korrekte terme wat tans in hulle omgewing gebruik word, sowel as hoe dit gebruik word.

Goeie Afrikaanse jeugliteratuur wat polities korrek is, is daarom meer inklusief van aard en word heel waarskynlik deur 'n groter groep diverse lesers geniet. Terselfdertyd is daar myns insiens 'n opvoedkundige aspek aan dié boeke. Deur die korrekte terme te gebruik, kan jeugboeke (en die skrywers daarvan) die jong lesers indirek of direk aanspoor om self meer selfbewus of krities te wees ten opsigte van hoe hulle oor of met ander praat, asook hoe hulle met meer empatie met ander kan omgaan.

4. 'n Analise van twee van Bezuidenhout se jeugboeke

Die 3 van ons en *Toe ons oneindig* was is vir die doelwit van hierdie artikel teen die agtergrond van wokeness ondersoek. Daar word gekyk

of Bezuidenhout op 'n polities korrekte wyse met enige woke-verwante kwessies omgaan. Alhoewel daar 'n verskeidenheid temas en kwessies in hierdie boeke voorkom, soos vriendskap, identiteitsontwikkeling en die dood (in die geval van *Die 3 van ons*), word daar slegs gefokus op dit wat onder die sambreelterm van wokeness val. Uit Van Coller se artikel blyk dit dat die verwysings en uitbeeldings van ras (as aspek van fisieke voorkoms) en seksualiteit hom sterk opgeval het en daarom word daar veral na dié twee kwessies gekyk. Insgelyks word gesinsstrukture en -verhoudings voorgestel in beide boeke bespreek. Geweld, spesifiek seksuele aanranding, word vir die analyse van *Toe ons oneindig was* ondersoek.

4.1. *Die 3 van ons* (2021)

4.1.1. Ras en fisieke voorkoms

Die 3 van ons se voorblad bevat 'n illustrasie van drie meisies. Die meisie in die middel is die langste, het blonde hare en 'n ligte vel. Weerskant van haar is twee meisies wat beide donkerder van velkleur is. Alhoewel dit 'n kleurvolle illustrasie is, kan die ras van die karakters nie outomaties aangeneem word nie. Tydens die lees van die boek, word twee van die karakters se ras nooit duidelik gemaak nie.

Jana is die hoofkarakter en sy word beskryf as “brandmaer” en “so dun soos 'n riet”, en sy het “knopperige skouers en kniekoppe” (bladsy 41). Behalwe hiervoor is daar geen ander verwysings na Jana se fisieke voorkoms nie en daarom ook nie die kleur van haar vel nie.

Daar is nog minder verwysings na Jana se beste vriendin, Azlynn, se fisieke voorkoms en haar ras word nooit duidelik gemaak nie. Die beskrywings van die twee karakters sentreer eerder om hulle karaktereienskappe.¹³

Jessie is die nuwe meisie in die buurt en skool nadat sy en haar twee pa's by die oorlede tannie Kitta se huis intrek (bladsy 29). Jessie is die enigste karakter wie se fisieke voorkoms en ras beskryf word en dit word deur middel van Jana se eerste indruk van haar oorgedra: “Want behalwe dat Jessie heeltemal te klein lyk om so oud soos ons te wees, is sy ook swart. Sy is seker aangeneem, net soos 'n hele paar ander kinders in ons skool, maar dit is steeds vir my 'n verrassing” (bladsy 32). Jana se verbasing spruit moontlik meer uit die feit dat sy nuuskierig is oor wat Jessie en haar gesin se verhouding met tannie Kitta was en sy is veral nuuskierig oor Jessie se verlede en haar biologiese ma (bladsy 69).

Behalwe vir ras as aspek van fisieke voorkoms, is daar verwysings na

apartheid, wat ook met raskwessies geassosieer word. Jana se oupa Ignatius was tydens apartheid 'n vryskutjoernalis en hy is haar rolmodel, alhoewel sy hom nooit geken het nie (bladsy 53, 58). Volgens Jana se pa was hy een van die land se beste joernaliste en hy is in die spervuur van polisiemanne in Soweto moontlik met opset doodgeskiet (bladsy 58). Dit blyk verder dat Jana se ouers as woke beskou kan word: Hulle het byvoorbeeld al vir Jana en haar suster, Lika, na die apartheidsmuseum geneem omdat dit vir hulle belangrik is om seker te maak dat hulle dogters die geskiedenis van Suid-Afrika ken en verstaan (bladsy 79).

Jana het 'n vriendin van kleur (Jessie) soos wat Van Coller uitwys, maar dit is eerder Jessie se nonchalante houding oor tannie Kitta se dood (bladsy 36, 68-72) en Jana se eie onsekerhede wat tot haar jaloesie jeens Jessie lei (bladsy 44, 68-69). Dit veroorsaak wrywing tussen Jana en Jessie wat weer hulle verhouding met mekaar motiveer en dit laat ontwikkel. Ras is myns insiens nie 'n drywende faktor in die karakters se verhoudings met mekaar of hulle karakterisering nie.

Dit kom voor of Bezuidenhout polities korrek omgaan wanneer sy na ras of raskwessies verwys. Sy kan as woke skrywer ten opsigte van ras beskou word, omdat sy met haar verwysings na apartheid bewus is van die land se geskiedenis van rassediskriminasie en onderdrukking. Verder blyk dit dat sy die polisie van die apartheidsjare, oftewel die handhawers van die apartheidswette, nie in 'n baie positiewe lig uitbeeld nie, aangesien daar geïnsinueer word dat die polisie Jana se oupa met opset doodgeskiet het. Deur haar verwysings na apartheid en die geskiedenis, maak sy jong lesers ook bewus hiervan. Boonop is sy polities korrek. Haar beskrywings van Jessie se fisieke voorkoms is neutraal en haar karaktereienskappe word nie gestereotipeer as gevolg van haar ras nie.

4.1.2. Seksualiteit

Jana en haar twee vriendinne is tans twaalf jaar oud en dit blyk dat nie een van die meisies al veel in romantiese verhoudings belangstel nie. Jana dink byvoorbeeld dat seuns "grillerig" is (bladsy 50). Maar aan die einde van die boek lyk dit asof sy vir die eerste keer verlief raak. Jana ontvang 'n boek as geskenk wat met 'n "A" en 'n soenkruisie geteken is en die leser wonder of dit dalk Axl Adams, 'n seun in haar klas, is met wie sy 'n paar interaksies gehad het (bladsy 19, 50, 61-63), wat dié boek vir haar gegee het. Sy beskryf dan die gevoel wat sy kry soos volg: "Daar is iets baie spesiaals, amper magies aan iets wat jy vir die heel eerste keer besef, dink ek en glimlag"

(bladsy 112). Daar word egter nie verder hieroor uitgewei nie – die drie meisies se seksualiteit word nie in die kollig geplaas nie.

Jessie het twee pa's – oom Pierre en oom Herman – en só word queer karakters en verhoudings in hierdie kinderboek uitgebeeld. Wanneer Jana besef Jessie is aangeneem en Jana haar twee pa's ontmoet, stel sy dat daar baie ander kinders in haar skool is wat ook twee ouers van dieselfde gender het (bladsy 33). Die voorkoms van gay verhoudings en alternatiewe gesinstrukture skok nie vir Jana nie.

Oom Herman is tannie Kitta se seun, maar die twee het 'n slegte verhouding gehad (bladsy 29-30; 36) en tannie Kitta het nooit vir enige iemand in die buurt vertel dat sy 'n seun het nie (bladsy 10). Oom Herman wei nooit uit oor hoekom hulle verhouding sleg was nie, maar blykbaar is hy deur sy pa (en tannie Kitta se man) uit die huis geskop en tannie Kitta het niks gedoen om dit te keer nie (bladsy 42). Dit is egter nie duidelik of hy vanweë sy queer seksualiteit uit die huis geskop en verwerp is of nie. Tannie Kitta sê wel kort voor haar dood vir Jana dat sy moet onthou om altyd haarself te wees, want “jy is presies reg net soos jy is” (bladsy 15). Dit kan die leser die idee gee dat tannie Kitta wel 'n aanvaardende persoon was, maar dit kan ook wees dat sy eers later in haar lewe haar seun (en sy seksualiteit) begin aanvaar het. Bowendien los sy haar huis vir haar seun, wat beteken dat sy hom as 'n naasbestaande beskou het (bladsy 23).

Jessie se pa's, Herman en Pierre, se verhouding en seksualiteit speel nie 'n groot rol in die verhaal nie en daar is geen verdere verwysings na seksualiteit en kwessies soos byvoorbeeld homofobie nie. In Bezuidenhout se beskrywings van dié twee mans en hulle verhouding, blyk dit dat sy polities korrek daarmee omgaan. Geen aanstootlike terme wat verwys na gay mans kom na vore nie. Verder beeld sy, myns insiens, hulle nie stereotopies uit nie en hulle seksualiteit word nie in die kollig geplaas nie – hulle identiteit sentreer nie slegs om die feit dat hulle queer is nie, omdat hulle ook as werkende pa's gekarakteriseer word en Herman verder as 'n vervreemde seun beskryf word. Die fokus is eerder op die komplekse verhoudings wat tussen gesinslede, soos ma's en seuns, kan bestaan en dat geen gesin perfek is nie.

4.1.3. Gesinstrukture en -verhoudings

Hierdie afdeling fokus hoofsaaklik op die gesinne van Jana, Azlynn en Jessie. Daar word eerstens gekyk na Jana se gesin, dan na Azlynn s'n en laastens na die gesin van Jessie.

Jana behoort aan 'n kerngesin, aangesien sy 'n ma, pa en ouer suster (Lika)

het. Haar gesin het “meer planne as geld” (bladsy 21) en sy en Lika kry dikwels tweede- of derdehandsegeskenke van hulle ouers (bladsy 21). Jana is juis baie jaloers op Azlynn wat nét splinternuwe en duur geskenke van haar pa kry (bladsy 24, 27). Daarom lyk dit asof Jana aan ’n middelklasgesin behoort.

In terme van die verhoudings tussen gesinslede wil dit voorkom asof Jana en Lika goed oor die weg kom, alhoewel Lika se groen leefstyl as eko-frats (bladsy 6) partykeer vir Jana irriteer (bladsy 27). Lika vertrou vir Jana en vra dus haar hulp om briewe vir Eddie (Axl se ouer broer) te gee (bladsy 47). Lika ondersteun ook vir Jana in haar rouproses, gaan saam met haar suster en haar vriendinne *Big Wheel* toe en vra vir Eddie om hulle soontoe te neem (bladsy 98).

Alhoewel daar ’n paar verwysings na Jana se ma is, is daar minder inligting oor Jana se pa. Dit blyk dat haar ma meer betrokke is in haar lewe. Die verhouding tussen ma en dogter word veral in die kollig geplaas wanneer Jana besef dat haar ma ook deur die rouproses gaan, omdat sy en tannie Kitta vriendinne was (bladsy 65, 82).

Dit is nie duidelik of haar pa ’n verhouding met tannie Kitta gehad het nie, maar tydens die begrafnis noem Jana dat sy haar pa nog nooit sien huil het nie en sy wonder dan of hy ooit skelm huil (bladsy 18). Hy kom daarom as nie baie emosioneel voor nie. Jana is bewus van genderrolle en so raak die boek aan die verskillende sosiale verwagtinge vir mans en vroue. Haar pa word verder uitgebeeld as beskermend teenoor sy dogters – veral wanneer Lika saam met Eddie na ’n skooldans toe gaan en hy wil hê dat Eddie sy hande moet “tuishou” (bladsy 93). Tydens die aandete met Jessie se gesin word haar pa as streng en kwaai gekarakteriseer. Jana weet dat sy ten spyte van haar tranerigheid haar kos sal moet opeet, omdat haar pa haar gevra het om dit te doen (bladsy 73).

Daar is min inligting oor Azlynn se verhouding met haar ouers beskikbaar, maar dit is duidelik dat sy ’n enkelkind is wat by haar ma bly. In vergelyking met Jana behoort sy nie aan ’n kerngesin nie en dit blyk dat haar ouers vir ’n ruk al nie meer saam is en saam bly nie. Sy het tydens die Desembervakansie vir haar pa en sy nuwe meisie in Durban gaan kuier (bladsy 22, 24, 27). Haar pa en sy meisie het haar baie bederf deur vir haar duur geskenke te koop (bladsy 27). Daarom kan die leser aanneem dat sy ’n goeie verhouding met beide haar ouers, sowel as haar pa se meisie het.

Soos genoem, is Jessie as baba aangeneem deur twee pa’s en sy vertel vir Jana dat sy nooit haar biologiese ma geken het nie omdat sy oorlede is (bladsy 69).

Dit kom voor asof haar pa’s baie besorgd is en omgee oor haar. Hulle doen veral baie moeite om seker te maak dat sy goed aanpas in die nuwe buurt en

skool en nuwe vriende maak. Hulle pak byvoorbeeld vir haar ekstra muffins in haar skoolkosblik in sodat sy dit met Azlynn en Jana kan deel (bladsy 40). Bowendien is oom Herman baie opgewonde om vir Jessie aan Jana en Azlynn bekend te stel (bladsy 32-33) en hy “pleit” by Jana se ma om die meisies toestemming te gee om langer met Jessie te kuier (bladsy 33). Oom Pierre vra ook dadelik vir Jessie na haar eerste dag by die skool hoe haar dag gegaan het (bladsy 43).

Wanneer Jana die troufoto’s van Jessie se pa’s sien (waarvoor Jessie al by was), sê sy dat hulle ’n mooi gesin is. Hiermee word daar voorgestel dat Jessie se gesin baie gelukkig is en dat die verhoudings tussen die drie gesinslede goed is (bladsy 70). Die leser weet wel dat Herman se verhouding met sy ma, Kitta, nie so goed was nie en dat Jessie nooit haar ouma geken het nie. Dít herinner die leser aan die idee dat geen gesin altyd perfek is nie.

4.2. *Toe ons oneindig was* (2020)

4.2.1. Ras en fisieke voorkoms

Die voorblad van *Toe ons oneindig was* gee nie vir die leser baie inligting oor hoe die karakters op fisieke vlak lyk nie. Dit is ’n wit, swart en blou illustrasie van drie figure wat in ’n dam swem of dryf. Die drie figure word van agter uitgebeeld. Twee van die figure het lang hare en een se haarkleur is donkerder as die ander s’n. Die derde figuur het kort, donker hare. Met die lees van die boek word dit duidelik dat die figuur met die kort hare ’n illustrasie van Eduard is en dat die meisie met die lang, ligter hare Kara is. Die derde figuur met die donker hare is dan ’n illustrasie van Samantha.

Kara is die hoofkarakter van die boek en sy beskryf haarself as ’n “tomboy” met groen oë en donkerblonde hare en sy meen dat sy ’n generiese gesig het (bladsy 15, 18). Alhoewel sy self nie dink dat sy aantreklik is nie, komplimenteer ander karakters soos haar ma haar gereeld op haar voorkoms en atletiese lyf (bladsy 15). Behalwe vir bogenoemde is daar geen direkte verwysings na Kara se ras nie en haar haarkleur en oogkleur gee die leser nie genoeg inligting om met sekerheid te kan sê wat haar ras is nie. Die fokus wat op Kara se voorkoms geplaas word, sentreer eerder om haar onsekerheid oor haarself en haar lae selfbeeld wat weer tot die tema van identiteit bydra wat sterk in hierdie jeugboek na vore kom.

Kara se beste vriend is Eduard en daar word nog minder inligting oor sy fisieke voorkoms gegee. Alhoewel Kara nog nooit op ’n romantiese wyse in hom belanggestel het nie, noem sy dat hy aantreklik is (bladsy 20) en sy spot

hom daaroor dat hy as matriekseun nog nie borshare het nie (bladsy 20). Daar is geen verwysings na sy ras nie.

Samantha is die aantreklike nuwe meisie by die skool op wie Eduard dadelik verlief raak. Nog voordat Kara haar ontmoet, beskryf Eduard haar as “te mooi om te beskryf” (bladsy 21). Wanneer Kara haar vir die eerste keer sien, beskryf sy vir Sam soos volg:

... sy is beeldskoon. Ek sien heel eerste haar onmoontlike lang bruin bene onder die kort skoolrokkie. Haar hare kronkel in ’n lang donker vlegsels oor haar skouer en haar oë is pikswart onder die grasieuse boë van haar wenkbroue. En haar vel ... dit is moeilik om te beskryf. Dis die kleur van die skuimlagie bo-op Pa se Nespresso-koffie en dit gloei soos ’n seldsame edelsteen (bladsy 22).

Kara, wat later weer Sam se bene bewonder, noem dat Sam ’n “heuningkleur vel” het en dat sy “onmoontlik mooi” is (bladsy 66).

Sam se ma, tannie Bianca, beskryf haarself as “coloured” met “ghoema hare” (“wilde, kroeserige hare”) en noem dat sy aanvanklik tydens haar deelname aan Miss Sun Air-schoonheidskompetisie bang was dat sy slegs die “token coloured” van die groepie was (bladsy 70-71). Indien Sam se pa, wat sy nooit geken het nie, ook coloured was, sou Sam heel waarskynlik soos haar ma haarself as coloured beskou. Sam se ras word egter nooit in die boek bevestig nie. Die fokus wat op Sam se fisieke voorkoms geplaas word, beklemtoon eerder haar skoonheid en die idee dat Kara haar baie aantreklik vind en later verlief raak op Sam.

Bezuidenhout se beskrywings van Sam se velkleur is polities korrek. Die gebruik van ‘coloured’ vir mense wat as bruin identifiseer, is tans ook ’n polities korrekte term in Suid-Afrika.¹⁴ Die idee van ’n ‘token’ wees, verwys na die konsep ‘tokenism’.¹⁵ Hiermee wys Bezuidenhout dat sy bewus is van hoe minderheidsgroepe (wat in hierdie geval die bruin of coloured groep Suid-Afrikaners insluit) of individue wat deel is van hierdie groepe, slegs deur groter instellings gebruik word sodat hulle hulle eie agendas kan nastreef. Alhoewel sy tokenism nie in *Toe ons oneindig was* definieer nie, stel sy steeds die jong lesers bloot aan dié praktyk en dit sal weer die lesers meer bewus maak van dié tipe praktyke. Terselfdertyd beeld Bezuidenhout nie vir Sam, tannie Bianca of vir aunty Maeve (Sam se tannie en Bianca se suster) stereotipies uit nie en die fokus word eerder op beide Sam en tannie Bianca se aantreklikheid sowel as hulle karaktereenskappe geplaas.

Rassisme word wel in hierdie boek genoem wanneer daar na Kara se plakkaat van Beyoncé verwys word. Kara is mal oor Beyoncé en het ’n

plakkaat van die swart Amerikaanse sangeres in haar kamer. Kara se ma is nie so mal oor die plakkaat nie, omdat Beyoncé “halfkaal” daarop is (bladsy 87). Om die plakkaat te kan behou, speel Kara met opset die rassekaart: “Toe ek die rassekaart speel, het ek geweet Ma sal toegee. My ma gee nie om dat ’n mens haar konserwatief of outyds noem nie, maar ’n rassis is sy nié” (bladsy 87). Behalwe hiervoor is daar geen verdere verwysings van rassisme nie en daar word nie hieroor uitgewei nie.

Alhoewel rassisme hier genoem word, is die fokus meer op Kara se seksuele ontwikkeling aangesien sy begin besef dat sy vir Beyoncé nog altyd aantreklik gevind het. Sy besef onder andere dat sy nie van Beyoncé hou omdat sy soos die sangeres met haar “amasone-lyf” wil lyk nie, maar eerder dat sy met iemand wil wees wat soos Beyoncé lyk (bladsy 87). Seksualiteit en die ontwikkeling van Kara se seksuele identiteit is een van die belangrikste kwessies wat in hierdie boek voorkom.

4.2.2. Seksualiteit¹⁶

Reeds van die begin van die boek maak Kara, wat nog nooit verlief was nie (bladsy 12), dit baie duidelik aan almal (soos haar ouers en Sam) dat sy en Eduard slegs platoniese vriende is en dat hulle altyd net vriende sal bly (bladsy 14, 35, 37). Dit wil sê dat Kara nog nooit in Eduard en heel waarskynlik in ander seuns op ’n romantiese wyse belanggestel het nie.

Kara is aanvanklik geïrriteerd met Eduard wat verlief is op Sam, omdat sy bang is dat dit haar vriendskap met hom sal beïnvloed indien hy ’n meisie sou kry (bladsy 21, 35). Só word die tema van vriendskap sterk beklemtoon in hierdie jeugboek.

Later word Kara se irritasie met jaloesie vervang. Sy is veral baie jaloers wanneer Eduard vir Sam nooi vir ’n Netflix-aand, omdat hy alleentyd met haar wil spandeer (bladsy 64-65). Wanneer Kara uitvind dat daar egter tydens die aand niks tussen die twee gebeur het nie, voel sy verlig, maar terselfdertyd deurmekaar omdat sy vrolik voel ten spyte van Eduard se teleurstelling dat Sam moontlik nie in hom belangstel nie (bladsy 74-76).

Een dag, wanneer Eduard sy pa moet help om na sy oupa met dementia te kyk, spandeer Kara en Sam vir die eerste keer ’n middag alleen saam (bladsy 79). Kara vind dan meer uit oor die misterieuse Sam se verlede en dit kom voor asof Sam se ma juis besluit het om te trek, omdat sy geglo het dat Sam se vriende in Klerksdorp te “weird” en ’n slegte invloed was (bladsy 83). Haar ma het blykbaar veral “uitgefreak” oor Sam se goeie verhouding met ’n ander meisie, Amanda (bladsy 84). Sam wei nie uit oor haar verhouding met Amanda

nie, maar later vind die leser uit dat Sam as biseksueel identifiseer (bladsy 124).¹⁷ Nietemin vind Kara later tydens 'n gala by Klerksdorp-swemmers uit dat Sam by haar vorige skool as 'n "lesbo" en "dyke" bestempel is (bladsy 101-102).

Tydens die bogenoemde interaksie waar die meisies alleen is, vee Sam stroop van Kara se wang af. Kara bloos en stap met 'n glimlag terug huis toe (bladsy 85). Dié oomblik en gesprek tussen die twee meisies lei tot Kara wat oor haar seksualiteit begin wonder, omdat sy hierna konstant aan Sam dink en vlinders op haar maag kry wanneer sy oorweeg of sy vir Sam na haar huis toe moet nooi (bladsy 86-87).

Wanneer Kara die bogenoemde gevoelens vir Sam begin ontwikkel en sy geskok beseft sy vind Beyoncé aantreklik, wil sy dadelik haar gedagtes onderdruk en in die "goed-waaroor-ek-nie-dink-nie-boksie" (bladsy 87) plaas. Haar pogings misluk en sy begin dink aan of sy nie gay is nie. Sy dink ook aan haar obsessie as 13-jarige meisie met haar vroulike swemafrigter en sy beseft dan dat dit dalk die eerste teken van haar "gay-wees" was (bladsy 88).

Kara se worsteling met haar seksualiteit duur vir 'n tyd voort en dit is duidelik dat sy bang is om gay te wees, weens die samelewing se negatiewe houdings teenoor queer individue (bladsy 89):

Ek kán nie, ek wil nie gay wees nie. Ek weet mos hoe my polities-korrekte ouers praat van my pa se gay niggie. Net so 'n bietjie neerkyk op haar, omdat sy nie heeltemal 'normaal' is nie. Dit maak nie saak hoe gereeld Ma na Ellen DeGeneres se geselsprogram kyk nie, of hoe slim en snaaks ons dink sy is nie, dis nié oukei om 'n lesbian te wees nie. En ek, Kara Immelman, is beslis oukei.

Die diskriminasie wat teen queer groepe bestaan, word ook bevestig wanneer die swemmers vir Kara vertel dat Sam 'n "dyke"¹⁸ is. Ook Andries noem vir Sam 'n "dyke" wanneer hy die "Samantha Adams is 'n dyke"-graffiti naby 'n bushalte gaan verf (bladsy 128) nadat Sam hom verwerp (sien afdeling 4.2.3). "Dyke" word in hierdie gevalle gebruik met die doel om Sam uit te sluit en om teen haar te diskrimineer. Oom Sybie (Eduard se pa) vra wat "dyke" beteken en sy seun verduidelik dit soos volg: "Dit is 'n lelike woord vir 'n vrou wat van ander vroue hou" (bladsy 130). Uit Eduard se verduideliking kan die leser aflei dat Bezuidenhout die gebruik van "dyke" om na Sam te verwys in hierdie geval as neerhalend beskou. Myns insiens wil Bezuidenhout hiermee die lesers bewus maak van die diskriminasie wat teen queer individue bestaan en dat die gebruik van politieke inkorrekte woorde met die intensie om ander skade aan te doen, nie aanvaarbaar is nie.

Behalwe vir die diskriminasie teenoor die queer gemeenskap in die breër samelewing, blyk dit dat Sam en Kara se ouers self nie baie aanvaardend is nie. Sam noem aan Kara, wat uiteindelik aan Sam kan erken dat sy gay is en nog altyd gay was (bladsy 144)¹⁹, dat dit 'n "crazy pad is om te loop" indien sy vir ander oor haar seksualiteit wil vertel. Daarna noem sy dat haar ma steeds haar seksualiteit ontken (bladsy 143-144).

Ten spyte van haar ma se ontkenning, is Sam nie altyd skaam oor haar seksualiteit nie en sy onderdruk dit nie soos Kara nie. Sy het 'n reënboogvlag in haar kamer sowel as 'n pienk driehoek wat "die hele spektrum van sexual identity" verteenwoordig (bladsy 142). Newens het sy 'n tatoe van 'n driehoekie op haar pols wat volgens haar die Griekse simbool vir verkenning is (bladsy 34). Hierdie verkenning kan óf verwys na haar sowel as Kara en Eduard se behoefte om te reis en van die dorp te ontsnap (bladsy 8, 46, 66, 81, 108, 113, 171, 181), óf die verkenning van haar biseksuele identiteit.

Kara sê vir Sam dat sy nie reg is om met enige iemand anders oor haar seksualiteit te praat nie (bladsy 143), omdat haar ouers se reaksies op Sam se seksualiteit en al die skinderstories rondom dit nie baie positief is nie (bladsy 136, 150). Op die aand van die matriekafskeid skraap Kara haar moed bymekaar en sy probeer by haar ma uitvind hoe sy sou voel indien sy of haar broer, Francois, gay was (bladsy 168-169). Haar ma gee dan vir Kara 'n baie vae antwoord en dit klink vir Kara soos 'n politikus, omdat haar ma sê dat sy hoop sy sou die wysheid hê om die situasie reg te hanteer indien dit ooit oor haar pad kom (bladsy 168). Hierdie gesprek laat Kara nie veel beter voel oor haar seksualiteit nie en beklemtoon weer dat dit steeds vandag moeilik is om in Suid-Afrika openlik queer te wees.

Voordat ek die afdeling afsluit, wil ek uitwys dat die tipering van Kara as goeie swemmer of sportvrou sowel as gay tomboy ietwat as positiewe stereotipe beskou kan word. Alhoewel Bezuidenhout moontlik goeie bedoelings gehad het om haar as atleties uit te beeld, is daar bestaande negatiewe stereotipes van die gay sportvrou (Chandler, 2010: 3). Die gebruik van die positiewe stereotipe kan daarom krities bevraagteken word, omdat dit Kara se kompleksiteit as karakter afbreek. Dit het ook moontlike implikasies vir Bezuidenhout se status as woke skrywer en stel voor dat sy in die toekoms meer bewus van bestaande stereotipes kan wees om sodoende seker te maak dat sy nie weer in die slaggat van positiewe stereotipes sal val nie.

Bezuidenhout, in *Toe ons oneindig was*, kom woke voor in haar uit-beeldings van queer individue en verhoudings. Nie net beklemtoon sy die idee dat Kara se seksualiteit 'n inherente en natuurlike aspek van haar identiteit is nie, maar Bezuidenhout se boek fokus veral op die diskriminasie en uitsluiting wat baie

queer individue steeds ervaar. Terselfdertyd lig sy die jong lesers in oor wat die moontlike impak is wanneer neerhalende woorde soos 'dyke' gebruik word. Met haar wokeness is sy daarom ook polities korrek. Sy gebruik die korrekte terme vir die verskeie seksuele identiteite en verduidelik wat sommige van die terme, soos biseksueel, beteken. So ook is sy bewus van die verskeie simbole van die queer gemeenskap soos die reënboog en pienk driehoek, en daarom het hierdie boek die doelwit om lesers oor kwessies van seksualiteit op te voed. Desondanks impliseer haar gebruik van 'n positiewe stereotipe in haar karakterisering van Kara dat sy nie heeltemal bewus is van al die stereotipes wat vandag nog oor gay vroue bestaan nie.

4.2.3. Geweld (seksuele aanranding)

Seksuele aanranding is nie die belangrikste kwessie waaraan hierdie jeugboek raak nie, maar Andries se aanranding van Sam lei tot sy aanstootlike graffiti wat weer die gemeenskap teen Sam laat draai.

Sam het aanvanklik vir Andries, die skool se nutsman wat toevallig ook vriende is met Francois (Kara se ouer broer), aantreklik gevind en hy het haar 'n rygeleentheid huis toe aangebied ná die swemgala (bladsy 156). Sam erken dat hulle in die kar "geflirt" het, maar dat sy toe ongemaklik begin voel het toe sy besef het hy neem haar nie huis toe nie. Hy het die kar in 'n afgeleë gebied langs die pad afgetrek en Sam het toe gevra dat hy haar huis toe neem. Maar dit was asof hy volgens Sam "doof" was en toe steek hy sy hand onder haar hemp in (bladsy 157). Sam kon gelukkig uit die kar spring, maar hy het agter haar aan gehardloop en vasgegryp. Uiteindelik het Sam van sy greep ontsnap deur hom in sy "knaters" te skop (bladsy 157).

Weens Sam se selfverdediging het Andries ná die insident opmerklik vreemd geloop en vir Kara en haar gesin gejok en vertel dat hy beserings opgedoen het, omdat hy inbrekers by die skool vasgetrap het (bladsy 110). Net daarna het hy die graffiti wat vir Sam as "dyke" uitmaak gaan verf en dit is Kara wat besef dat hy die skuldige is, aangesien sy die spuitverfkannetjies in sy kar sien lê het (bladsy 155-156).

Wanneer Kara vir Sam vra hoekom Andries die graffiti geverf het, vertel Sam vir Kara van die aanranding. Sy noem dan dat sy vir die skoolhoof en vir juffrou Brits hiervan vertel het en dat Andries sy werk by die skool gaan verloor (bladsy 158-159). Alhoewel Kara vir Andries dan 'n "bliksem" noem en duidelik baie kwaad is, wonder sy tog hoe iemand wat sy al vir so lank ken só iets kan doen (bladsy 157). Sy probeer dan sy dade verdedig deur voor te stel dat sy steroïde-gebruik dalk tot sy aggressiewe gedrag aanleiding gegee het (bladsy

158-159). Sy besef dan vinnig dat sy eintlik haar vriendin en die slagoffer in hierdie geval moet bystaan en so stel sy vir Sam gerus deur te sê dat sy haar glo en dat sy bly is dat Sam die geval gaan aanmeld het by die skool (bladsy 158-159).

Die uitbeelding van seksuele aanranding in *Toe ons oneindig was* bevestig weer dat Bezuidenhout 'n woke Suid-Afrikaanse skrywer is wat kennis dra dat baie Suid-Afrikaanse vroue slagoffers van hierdie tipe geweld is. Belagriker is Kara se woke reaksie hierop: Sy besef dat sy die slagoffer (Sam) die morele hoë grond moet gee deur haar te glo en haar te ondersteun. Kara neem alle bewyse in ag voordat sy Sam se aantygings glo: Sy dink aan die tydsberekening van Andries wat oor sy beserings jok en aan hom wat die aandete (die aand toe die graffiti geverf is) met Kara se gesin vroeg moet verlaat weens 'n "noodgeval", sowel as die verkannetjies wat sy toe later in sy kar sien. Bezuidenhout gaan dan insgelyks polities korrek hiermee om en moedig die lesers indirek aan om enige gevalle van seksuele geweld te gaan aanmeld.

4.2.4. Gesinstrukture en -verhoudings

Toe ons oneindig was is soortgelyk aan *Die 3 van ons* in terme van die uitbeeldings van die verskillende tipes gesinne en die diverse verhoudings van die gesinslede. Daar word daarom in hierdie afdeling eerstens na Kara se gesin gekyk, daarna na Samantha se gesin en laastens na die gesin van Eduard. Kara behoort aan 'n kerngesin, Sam word deur haar enkelma grootgemaak en het geen verhouding met haar pa nie, en Eduard woon saam met sy pa en oupa, want sy ma is die broodwinner en werk in Saoedi-Arabië. Ongeag die struktuur van die gesinne, is dit duidelik dat nie een van die gesinne en die gesinslede se verhoudings met mekaar perfek is nie. Selfs Kara se kerngesin met haar liefdevolle ouers is nie ten alle tye funksioneel nie.

Kara se gesin bestaan uit haar, haar ouer broer, Francois, wat in Amerika studeer, en haar twee ouers. Vir die buitewêreld, soos vir Eduard, lyk hulle soos die perfekte gesin (bladsy 6). Maar Kara verduidelik dat sedert haar broer oorsee is, is niks perfek nie. Almal mis Francois: Kara dra byvoorbeeld sy ou T-hemde omdat sy hom mis (bladsy 6, 25, 42) en haar ouers, veral haar ma, is heeltemal te besorgd oor Kara en plaas al haar "omgee" en "hartseer en kommer" nou op haar dogter (bladsy 13, 15). Dit lei dikwels tot haar ma wat met haar geïrriteerd raak wanneer sy laat by die huis kom weens haar swemoefeninge en haar kuiers met Eduard (bladsy 9, 12-13). Kara se ma se gedrag affekteer die ma-en-dogter-verhouding en dit blyk verder dat haar ma graag wil hê dat sy meer "meisierig" moet wees (bladsy 16). Die oorbesorgdheid van haar ma en druk wat haar ma

op haar plaas om meer vroulik aan te trek, beïnvloed die verhouding negatief en Kara vra haar ma om haar te aanvaar en lief te hê vir die tomboy wat sy is (bladsy 16).

Haar pa is min by die huis weens sy werk en daarom het hulle min interaksies met mekaar (bladsy 10-11). Bowendien stel Kara dit dat haar ouers ook deesdae min het om vir mekaar te sê en dit suggereer dat hulle tans nie meer 'n goeie verhouding met mekaar het nie (bladsy 164).

Soos genoem, blyk dit verder dat haar sogenaamde “polities-korrekte” ouers (bladsy 89) nie baie aanvaardend teenoor queer individue is nie, en dit dra verder by tot Kara wat nie die perfekte gesin en die beste verhouding met haar ouers het nie.

Samantha word deur haar enkelma, Bianca, grootgemaak en hulle bly op die oomblik saam met aunty Maeve (wat “super weird” is) in haar “Krismishuis” (bladsy 41). Sam is veral baie skaam oor haar tannie se huis wat elke Desember in 'n ikoniese Kersfeeshuis verander vanweë al die Kersversierings (bladsy 42, 49). Sy wil daarom aan die begin nie hê dat Kara of Eduard in die huis moet inkom en haar eksentrieke tannie moet ontmoet nie (bladsy 47-51).

Sam en haar ma het 'n onstuielige verhouding. Volgens Sam klou haar ma aan die verlede en haar ou ervarings as lugwaardin vas (bladsy 43). So ook is haar ma in ontkenning oor haar dogter se biseksualiteit. Sam meen verder dat sy die gevoel kry dat haar ma soos 'n mislukking voel, omdat sy nooit getrou het of vir Sam 'n pa-figuur kon gee nie (bladsy 81). Sam is wel minder gepla daaroor dat sy nooit haar pa, wat die “pad gevat het” toe hy uitvind Bianca is swanger, leer ken het nie (bladsy 82).

Soortgelyk aan Kara se ma, is tannie Bianca baie beskermend oor haar dogter. Sy het hulle juis uit Klerksdorp laat trek omdat sy gedink het dat Sam se gewese maats te vreemd en 'n slegte invloed was. Dit blyk dat tannie Bianca ook wou trek omdat sy daar 'n verhouding met 'n man gehad het wat toe nie uitgewerk het nie (bladsy 82).

Alhoewel Sam nie aan die perfekte gesin behoort nie, is sy en haar ma tog baie lief vir mekaar en Sam gee vir haar ma 'n skouerband waarop “BESTE MAMMIE WÊRELD” geborduur is (bladsy 176). Hiermee stel Bezuidenhout as woke skrywer voor dat die kerngesinstruktuur nie 'n vereiste vir goeie en liefdevolle gesinsverhoudings is nie.

Vandat Eduard se pa, Sybie, sy werk verloor het, het sy ma as verpleegster Saoedi-Arabië toe getrek om daar te werk en die gesin finansiëel te ondersteun (bladsy 31, 96). Hy bly alleen met sy pa en sy oupa (oom Thinus) wat dementia (spesifiek Alzheimersiekte) het. Maar sy oupa het onlangs by hulle ingetrek omdat hulle nie die “regte plek” kan bekostig

nie (bladsy 96), en dit is duidelik dat sy siekte (wat tot sy oupa lei wat onder andere “nonsens” praat en deur die huis dwaal [bladsy 5] ook partykeer ’n gevaar vir homself en ander kan wees [bladsy 79, 89]) weer ’n impak op Eduard se verhouding met sy pa het (bladsy 5, 6). Sy pa raak al hoe stiller en ontsnap gereeld na sy tuin met sy broodbome toe en daarom praat hy min met sy seun (bladsy 42). Dit is dus baie stresvol om na oom Thinus te kyk en om agter hom skoon te maak wanneer hy byvoorbeeld pasteie se vulsels op die mure smeer en die gordyne in die sitkamer stukkend gesny het met ’n skêr (bladsy 31, 96).

Bezuidenhout beeld van die struikelblokke uit wat met ’n chroniese siekte soos dementia gepaard gaan en sy wys dat die siekte veral ook ’n uitwerking op die lyer se naastes het. Sy is dus bewus van die feit dat baie Suid-Afrikaners en hulle gesinne die impak van dementia voel, aangesien daar in 2016 meer as 176 000 mense bo 60 jaar in Suid-Afrika hiermee gediagnoseer is (Association for Dementia and Alzheimer’s of South Africa, s.a.).²⁰ Bezuidenhout se uitbeeldings van hierdie siekte skeep daarom bewustheid hiervan en só kan sy weer as woke beskryf word wanneer dit kom by kwessies soos chroniese siektes.

Later in die verhaal kom kuier Eduard se ma onverwags vir hom en hy is nie baie opgewonde om haar te sien nie (bladsy 160-162). Sy laai hom (en sy twee vriendinne) by die skool op in ’n spoggerige BMW wat sy gehuur het en Kara ruik haar “duur parfuum” (bladsy 160-161). Bowendien ontvang hy ’n nuwe slimfoon en klere van haar (bladsy 163). Later beseft hy dat sy hom slegs wou omkoop weens haar eie skuldgevoelens, want sy het Suid-Afrika toe gekom om te vertel dat sy vir oom Sybie los, omdat sy ’n ander man in Saoedi-Arabië ontmoet het (bladsy 162-163). Kara se ma is nie te geskok wanneer sy dit uitvind nie, want volgens haar het oom Sybie en tannie Ina vir lank nie meer soos “man en vrou” saamgeleef nie (bladsy 162). Kara reflekteer dan oor wat presies “man en vrou” beteken en of haar eie ouers dan nog so lewe. Hier raak Bezuidenhout ligtelik aan die normatiewe idees van die samelewing rondom verhoudings en gesinne.

Nadat Eduard se ma weer Saoedi-Arabië toe gaan teen die einde van die verhaal, verkoop oom Sybie sy broodbome om vir Eduard se vlieglesse te betaal, omdat sy seun graag eendag ’n vlieënier wil word (bladsy 165-166). Hy gee vir Eduard toestemming om oupa Thinus se Ford Fairlane na die matriekafskeid te neem (bladsy 171). Dit stel voor dat die pa-seun-verhouding aan die herstel is.

Met die uitbeelding van hierdie gesin daag Bezuidenhout genderrolle uit, aangesien Eduard se ma in hierdie geval die broodwinner is.

5. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is twee van Zelda Bezuidenhout se jeugboeke, *Die 3 van ons* en *Toe ons oneindig was*, teen die agtergrond van wokeness en politieke korrektheid ondersoek. My ondersoek spruit uit die feit dat jeugliteratuur onlangs onder die vergrootglas geplaas is en dat dit tot debatte rondom polities korrekte jeugliteratuur gelei het.

Vir die analise is daar hoofsaaklik gekyk na kwessies wat betrek word in diskoerse oor wokeness en politieke korrektheid. Daarom is daar nie ook gefokus op ander belangrike temas, soos vriendskap en identiteit, wat in die boeke voorkom nie. My analyses het gefokus op hoe Bezuidenhout met ras, seksualiteit en gesinstrukture en -verhoudings en geweld (in die geval van *Toe ons oneindig was*) omgaan.

Beide boeke plaas nie 'n groot fokus op ras nie, omdat die fokus eerder op die karakters se karaktereienskappe geplaas word wat weer lei tot karakters wat nie stereotopies of as “tokens” uitgemaak word nie. Slegs Jessie (*Die 3 van ons*) en tannie Bianca (*Toe ons oneindig was*) se ras word duidelik gemaak. Alhoewel Samantha se velkleur beskryf word, word sy nooit soos haar ma as coloured beskryf nie. Bezuidenhout raak net ligtelik aan rassisme in *Toe ons oneindig was*, en in *Die 3 van ons* word Bezuidenhout se bewustheid van Suid-Afrika se geskiedenis van rasse-ongelykheid weens apartheid beklemtoon. Sy is polities korrek in die manier waarop sy die karakters op fisieke vlak uitbeeld. Terwyl ras minder van 'n rol in die verhaallyne speel, is seksualiteit van groot belang in *Toe ons oneindig was*.

Kara se seksuele ontwikkeling as gay meisie en die diskriminasie wat Sam as biseksuele meisie ervaar, word in *Toe ons oneindig was* in die kollig geplaas. Daar word veral gefokus op die samelewing se onverdraagsaamheid ten opsigte van queer identiteite en hoe dit die karakters beïnvloed. Hieruit kan die leser aanneem dat Bezuidenhout bewus of woke is met betrekking tot queer identiteite. Sy is veral woke en polities korrek wanneer sy neerhalende woorde soos ‘dyke’ definieer en die gebruik daarvan kritiseer. Ek meen verder dat die boek lesers se bewustheid (en dalk empatie) teenoor mense met verskillende seksuele oriëntasies sal bevorder en hulle sal aanmoedig om meer krities te dink oor neerhalende terme wat teenoor queer groepe gebruik word. Dieselfde geld met *Die 3 van ons* in die uitbeeldings van Jessie se twee gay pa's. Tog gebruik Bezuidenhout, heel waarskynlik onbewustelik, 'n positiewe stereotipe wanneer sy Kara as die gay sportvrou en tomboy uitbeeld. Dit wil sê dat selfs Bezuidenhout in haar wokeness nie heeltemal bewus is van alle stereotipes wat rondom gay vroue bestaan nie en dit vat weg van haar woke status.

Die seksuele aanranding wat Sam ervaar en hoe Bezuidenhout daarmee omgaan, dien as nog 'n bewys van haar as woke en polities korrekte skrywer. Sy moedig die leser hiermee aan om soos Kara eerstens al die bewyse in ag te neem en om nie die 'base rate' te ignoreer nie. Maar terselfdertyd word daar voorgestel dat die morele hoë grond aan die slagoffer (Sam) behoort. Verder moedig sy lesers aan om seksuele aanranding aan te meld.

Beide boeke beeld verskillende gesinstrukture uit. Kara (*Toe ons oneindig was*) en Jana (*Die 3 van ons*) behoort aan kerngesinne. Dit is egter duidelik dat daar nie 'n direkte verwantskap tussen kerngesinne en funksionele gesinne met 'perfekte' gesinsverhoudings is nie. Kara is nie noodwendig meer gelukkig as byvoorbeeld Sam (wat 'n enkelma het) nie. Dieselfde geld vir Jana en Azlynn. Insgelyks blyk dit dat Jessie en haar twee pa's baie goed oor die weg kom, ten spyte daarvan dat oom Herman vervreemd was van sy ouers. Eduard (*Toe ons oneindig was*) se oupa bly by hom en sy pa weens sy dementia en Eduard se verhouding met sy pa ly daaronder. Bygesê is sy ma die broodwinner wat in Saoedi-Arabië bly en sy besluit om van Eduard se pa te skei. Dit kom voor dat hy nie 'n goeie verhouding met sy ma het nie omdat sy min kom kuier. Só word sy gesin ook nie as perfek uitgebeeld nie.

Die 3 van ons en *Toe ons oneindig was* kan met die sensitiewe uitbeeldings van diverse karakters en gesinsverhoudings binne die Suid-Afrikaanse konteks as woke en polities korrek bestempel word, want geen gesinstruktuur word as meer ideaal as 'n ander beskou nie. Dit stel dus voor dat Bezuidenhout as skrywer woke en polities korrek is. Soos my konseptualisering lui, word wokeness en politieke korrektheid in hierdie jeugboeke as positief beskou, want dit is juis die wokeness en korrektheid daarvan wat daartoe lei dat 'n groter groep van diverse Suid-Afrikaanse lesers hulself en hulle naastes in die karakters sal kan herken en die boeke sal kan geniet. Insgelyks sal die boeke se wokeness weer lesers se eie bewustheid kan bevorder ten opsigte van kwessies wat met ongelykheid of diskriminasie in die samelewing geassosieer word, en hulle dus aanmoedig om ongelykheid krities te bevraagteken en selfs uit te daag.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

Amid, J. 2019. Die dekonstruksie van Retta Blom: 'n Onderhoud met Zelda Bezuidenhout. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/die-dekonstruksie-van-retta>

blom-n-onderhoud-met-zelda-bezuidenhout/ (Datum van gebruik: 11 Februarie 2024).

- Association for Dementia and Alzheimer's of South Africa.** S.a. About Dementia. <https://www.acasa.org.za/about-dementia/> (Datum van gebruik: 19 Maart 2024).
- Atkins, J.S.** 2023. Defining wokeness. *Social Epistemology* 37(3): 321-338.
- Basu, R.** 2019. Radical moral encroachment: the moral stakes of racist beliefs. *Philosophical Issues* 29(1): 1-16.
- Bezuidenhout, Z.** 2020. *Toe ons oneindig was*. Johannesburg: Pan Macmillan.
- Bezuidenhout, Z.** 2021. *Die 3 van ons*. Johannesburg: Pan Macmillan.
- Bezuidenhout, Z.** 2022. Woordfees 2022 gesprek: Tiek ons boksies in kind-erboeke? [Persoonlik bygewoon]. 11 Oktober, Stellenbosch.
- Britz, E.** 2020. Zelda verskuif grense met gay meisie in haar boek. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/zelda-verskuif-grense-met-gay-meisie-in-haar-boek-20200624> (Datum van gebruik: 21 Mei 2024).
- Cammaerts, B.** 2022. The abnormalisation of social justice: “The anti-woke culture war” discourse in the UK. *Discourse & Society* 33(6): 730-743.
- Cherry, M.** 2020. Solidarity care: How to take care of each other in times of struggle. *Public Philosophy Journal* 3(1): 1-12.
- Davis-Delano, L.R. en Morgan, E.M.** 2023. An exploration of positive stereotypes: Legitimizing the system and naïve challenges to it. *Sociological Inquiry* 94(3): 570-599.
- De Jager, F.** 2023. Boekevat: Wat gaan van ons “Oompa Loompas” word? *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/boekevat-wat-gaan-van-ons-oompa-loompas-word-20230227> (Datum van gebruik: 1 Maart 2024).
- De Klerk-Luttig, J.** 2024. Só sypel “wokeness” skole binne. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/jeanette-deklerk-luttig-so-sypel-wokeness-skole-binne-20240111> (Datum van gebruik: 12 Januarie 2024).
- Downey, C.** 2023. Roald Dahl goes woke: Famous children’s author’s books heavily altered by ‘sensitivity readers’. *National Review*. <https://www.nationalreview.com/news/roald-dahl-goes-woke-famous-childrens-authors-books-heavily-altered-by-sensitivity-readers/> (Datum van gebruik: 28 Julie 2024).
- Garamvolgyi, F.** 2023. Hungarian bookseller wraps LGBTQ+ books in plastic to stop people reading them. *The Guardian*. <https://www.theguardian.com/world/2023/jul/12/hungarian-bookstore-chain-wraps-books-lgbtq->

characters-plastic (Datum van gebruik: 5 April 2024).

Gardner, A. 2023. A complete breakdown of the J.K. Rowling transgender-comments controversy. *Glamour*. <https://www.glamour.com/story/a-complete-breakdown-of-the-jk-rowling-transgender-comments-controversy> (Datum van gebruik: 4 September 2023).

Ghesquière, R. 1993. *Het verschijnsel jeugdliteratuur*. Leuven: Centraal Boekhuis.

Gordon, A. 2021. “Fat” isn’t a bad word – it’s just the way I describe my body. *Self*. <https://www.self.com/story/fat-isnt-bad-word> (Datum van gebruik: 6 April 2024).

Haverals, W., Geybels, L. en Joosen, V. 2022. A style for every age: A stylistic inquiry into crosswriters for children, adolescents and adults. *Language and Literature* 31(1):62-84.

Hogg, M.A. en Vaughan, G.M. 2022. *Social Psychology. Ninth edition*. United Kingdom: Pearson Limited Education.

In These Times. 2022. Before wokeness, there was “political correctness”. <https://inthesetimes.com/article/wokeness-political-correctness-dirtbag-left-capitalism-pc-cancel-identity-politics> (Datum van gebruik: 6 Januarie 2024).

Jantjies, C. 2021. Ronelda Kamfer gesels oor ’n ander taal in ’n “accidental space”. *SMF News*. <https://www.smfnews.org/ronelda-kamfer-gesels-oor-n-ander-taal-in-n-accidental-space/> (Datum van gebruik: 7 April 2024).

Lodge, S. 2002. Crossing over. *Publishers Weekly* 249(35): 28-30.

Marques, J.F. 2009. How politically correct is political correctness? *Business & Society* 48(2): 257-266.

Meyer, N. en Kulsen, A. 2023. Moet kinders hulself en hul omgewings in kinderboeke herken? *LitNet*. Beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/moet-kindere-hulself-en-hul-omgewings-in-kinderboeke-herken/> (Datum van gebruik: 22 Mei 2023).

O’Neill, B. 2011. A critique of politically incorrect language. *The Independent Review* 16(2): 279-291.

Oxford English Dictionary. 2023. Dyke. <https://www.oed.com/search/dictionary/?scope=Entries&q=dyke&tl=true> (Datum van gebruik: 7 April 2024).

Oxford English Dictionary. 2023. Tokenism. <https://www.oed.com/search/dictionary/?scope=Entries&q=tokenism> (Datum van gebruik: 7 April 2024).

Pople, L. 2023. Rushdie vaar uit teen “absurde sensuur” van Dahl se boeke. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/rushdie-vaar-uit-teen-absurde-sensuur-van-dahl-se-boeke-20230220> (Datum van gebruik: 11 Maart 2023).

- Rhebergen, J. en Human, T.** 2015. Darem meer as moffies? Stereotipering in die voorstelling van homoseksueles en homoseksualiteit in die Afrikaanse jeugliteratuur. *LitNet Akademies (Opvoedkunde)* 12(1): 33-67.
- Shackelford, A.** 2019. Fat is not a bad word. *Teen Vogue*. <https://www.teenvogue.com/story/fat-is-not-a-bad-word> (Datum van gebruik: 6 April 2024).
- Slabbert, M. en Labuschaigne, M.** 2022. Misplaaste weldade en griewe van die “Liquorice Allsorts-gesinnetjie”: ’n Regsletterkundige verkenning van Zelda Bezuidenhout se *Die waarde van stil bure*. *LitNet Akademies (Regte)* 19(2): 437-453.
- Slow, O.** 2023. Heartstopper: Hungarian retailer selling graphic novel fined under anti LGBT law. *BBC*. <https://www.bbc.com/news/world-europe-66197171> (Datum van gebruik: 5 April 2024).
- Statistiek Suid-Afrika.** 2021. What do South African households look like? <https://www.statssa.gov.za/?p=15473> (Datum van gebruik: 5 April 2024).
- Thomas, S.S., Hsieh, C. en Varina, R.** 2023. What does the word “queer” actually mean? Experts explain its history. *Cosmopolitan*. <https://www.cosmopolitan.com/sex-love/a25243218/queer-meaning-definition/> (Datum van gebruik: 6 April 2024).
- Van Coller, H.** 2022a. “Gewone mense” word al hoe meer randfigure. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/gewone-mense-word-al-hoe-meer-randfigure-20220506> (Datum van gebruik: 5 April 2024).
- Van Coller, H.** 2022b. Hennie van Coller: Jy kry hulle nie meer in boeke en op TV nie. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/hennie-van-coller-jy-kry-hulle-nie-meer-in-boeke-en-op-tv-nie-20220503> (Datum van gebruik: 9 Februarie 2023).
- Van der Merwe, L.** 2022. Karakters wat jou nie los nie. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/karakters-wat-jou-nie-los-nie-20220227> (Datum van gebruik: 11 Februarie 2024).
- Vernon, H.** 2023. Roald Dahl books rewritten to remove language deemed offensive. *The Guardian*. <https://www.theguardian.com/books/2023/feb/18/roald-dahl-books-rewritten-to-remove-language-deemed-offensive> (Datum van gebruik: 28 Julie 2024).
- Vorster, M.** 2022. Meester van wys eerder as vertel. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/meester-van-wys-eerder-as-vertel-20220318> (Datum van gebruik: 11 Februarie 2024).
- Wikström, P.** 2016. No one is “pro-politically correct”: Positive construals of political correctness in Twitter conversations. *Nordic Journal of English Studies* 15(2): 159-170.

Note

1. In hierdie artikel word 'jeugliteratuur' as sambreelterm gebruik (Ghesquière, 1993: 10) en daarom as die oorkoepelende genre beskou waaraan die subgenres van byvoorbeeld kinderliteratuur en jeugliteratuur behoort. Die bogenoemde subgenres kan weer verdere subafdelings bevat, byvoorbeeld: Bababoeke onder kinderliteratuur en jongvolwasseliteratuur onder jeugliteratuur.
2. Byvoorbeeld: Woorde soos 'fat' is met 'enormous' vervang (Downey, 2023; Vernon, 2023).
3. Die nuwe wette verbied onder andere die uitbeeldings van LGBTQIA+-identiteite in opvoedkundige materiaal en televisiereekse vir kinders en enige boeke wat uitbeeldings van queer identiteite bevat, moet met plastiek oorgetrek word (Garamvolgyi, 2023). As gevolg van hierdie anti-LGBTQIA+-wetgewing, is 'n boekwinkel beboet wat Oseman se boeke as jeugliteratuur verkoop het sonder om dit oor te trek (Slow, 2023).
4. Verder stel Van Coller (2022a; 2022b) dat jeugboeke wegstroom van ander, en heelwaarskynlik belangriker of meer realistiese kwessies. Van dit sluit die volgende in: "plaasaanvalle, korrupsie, die verval van dienslewering, beurtkrag, staatskorrupsie, gewelddadige (en misdadige) openbare optrede van bepaalde groepe, regstellende aksie en die kwotastelsel".
5. Bezuidenhout word juis gereeld in resensies vir haar jeugboeke geprys vir haar realistiese karakters en dat sy oor hedendaagse kwessies en temas skryf (Britz, 2022; Van der Merwe, 2022; Vorster, 2022). Ook haar tekste vir volwassenes beeld diverse gesinsstrukture uit soos in *Die waarde van stil bure* (2021) (Slabbert en Labuschaigne, 2022: 437, 445) en *Die dekonstruksie van Retta Blom* (2019) wat terselfdertyd tradisionele genderrolle in gesinne uitdaag (Amid, 2019).
6. Aangesien Bezuidenhout se oewre uit kinderboeke, jeugboeke sowel as boeke vir volwassenes bestaan, beskou ek haar as 'n Afrikaanse oorbruggingskrywer ('crosswriter') (Haverals, Geybels en Joosen, 2022: 62; Lodge, 2022: 28).
7. Hy het in sy vroeër navorsing vanuit 'n "moral encroachment"-standpunt na wokeness gekyk, maar meen nou dat die groeppartydigheidsbeskouing meer toepaslik is (Atkins, 2023: 321).
8. Ander meganismes sluit die volgende in: "serious scrutiny, different conclusions, interpretive charity, reason, inquiry degree" (Atkins, 2023: 321-322).
9. 'Positiewe' stereotipes word ook uitgedaag, omdat dit individue in boksies plaas en hulle individualiteit misken. Voorbeelde hiervan wat Davis-Delano en Morgan (2023: 570) gebruik, is die stereotipe dat alle vroue koesterend is en gay mans stylvol is.
10. "Base rate" kan nie altyd geïgnoreer word nie. Die woke persoon moet versigtig wees om die gebruik van hierdie inligting nie te vervang met meer 'kleurvolle' anekdotiese of konkrete voorbeelde of narratiewe van ander individue of groepe nie, omdat die woke persoon dan foutiewe afleidings oor groepe sal maak (Hogg en Vaughan, 2022: 71).
11. Hierdie assosiasie van wokeness met logika dien dan as teenargument vir anti-woke

groepe wat dikwels wokeness as irrasioneel en selfs antidemokraties beskou (Cammaerts, 2022: 735).

12. Die gebruik van die woord 'vet' om na iemand te verwys, word tans deur baie as nieproblematies beskou. Gordon (2021) stel selfs voor dat die gebruik van 'vet' neutraal en bevestigend is. Shackelford (2019) moedig lesers aan om 'vet' terug te eis in die "revolution against fat phobia".
13. Jana is nuuskierig en intelligent (bladsy 7-8, 53) sowel as verantwoordelik (bladsy 53). Azlynn word as gesofistikeerd met haar duur handelsmerk-klere beskryf (bladsy 26). Nogtans is Azlynn 'n leier by die skool en daarom blyk dit dat sy populêr by die skool is en sterk leierseienskappe het (bladsy 39).
14. Ronelda Kamfer verwys onder andere na haarself as coloured en vertel oor 'coloured culture' tydens 'n onderhoud met Jantjies (2021) vir *Stellenbosch Media Forum*.
15. 'Tokenism' word deur die aanlyn *Oxford English Dictionary* (2023) soos volg verklaar: "The practice or policy of making merely a token effort or granting only minimal concessions, esp. to minority or suppressed groups."
16. Alhoewel gay mans vanaf die 1980's in Afrikaanse fiksie uitgebeeld word, is die uitbeelding van queer identiteite en verhoudings nog taamlik taboe. In 2015 is daar slegs 'n totaal van 11 Afrikaanse jeugboeke gepubliseer wat gay mans uitbeeld en daar is 'n afwesigheid van gay vroue (Rhebergen en Human, 2015: 33, 38). Bezuidenhout se *Toe ons oneindig was* is die eerste Afrikaanse jeugboek wat 'n gay vroulike karakter uitbeeld (Britz, 2022).
17. Haar biseksualiteit verduidelik weer hoekom sy vir Kara aantreklik vind en haar gesoen het (bladsy 124) en op dieselfde tyd vir Andries aantreklik gevind het (bladsy 94-95).
18. *Oxford English Dictionary* (2023) noem dat 'dyke' 'n aanstootlike term is wat gebruik word om na gay vroue te verwys. Maar die woordeboek stel verder dat die gebruik van 'dyke' sedert die 1970's toenemend as 'n neutrale woord gebruik word om na gay vroue te verwys.
19. Hiermee word daar sterk voorgestel dat seksualiteit 'n inherente aspek van die mens is en dat Kara en ander queer individue nie kies om gay te wees nie. Insgelyks meen Kara dat haar soen met Samantha vir haar "eenhonderd present presies reg" voel (bladsy 124).
20. Volgens die Association for Dementia and Alzheimer's of South Africa (s.a.) bestaan daar steeds baie stigmas oor dementia en dit lei tot die moontlikheid dat hierdie siekte nog onder-gediagnoseer is, aangesien min mense die etiket van dementia-lyer wil dra en dus nooit vir behandeling gaan nie.

'n Kritiese ondersoek na die taalverskuiwing weg van Afrikaans in stedelike bruin middelklasgemeenskappe¹

Merlyn van der Rheede

A critical investigation into the language shift away from Afrikaans in urban Coloured middle-class communities

This article reports on research conducted on how the urban Coloured middle-class community perceives Afrikaans as a language and marker of identity. It empirically examines the nature and impact of language shift, focusing on Afrikaans as an identity marker and heritage language of the Coloured Afrikaans-speaking middle class. The study draws on the theory of sociolinguistics, particularly about language maintenance and shift, in the works of David et al. (2020), Kandler and Steele (2017, and Ostler (2011). The ethnographic and qualitative research technique of “thick description” is employed, working in depth with the community and aligning with the inseparable connection between language and identity because the researcher is part of this community. Previous research, conducted mainly with the Coloured working class and not necessarily with the middle class, indicates that a definitive language shift is evident and that a shift from Afrikaans to English has occurred. Findings are made regarding, among other things, respondents’ language priorities, language attitudes, and preferences.

1. Inleiding

Hierdie artikel fokus op navorsing aangaande die taalhoudings en taalidentiteit van die bruin¹ Afrikaanssprekende middelklasgemeenskappe in twee provinsies, naamlik die Wes-Kaap en Gauteng. Ek ondersoek spesifiek die antwoorde van die Afrikaanssprekende middelklas² op vrae oor hul houding teenoor die Afrikaanse taal, en poog om hierdie resultate te ontleed. 'n Kwalitatiewe ondersoek word gedoen na die taalhoudings en -voorkeure van die teikengroep sowel as 'n analise van die nie-numeriese data (teks) om die menings en ervarings van die groep te verstaan. Dit kan gebruik word om diepgaande insigte te verkry of om nuwe idees vir navorsing te genereer. Dit is 'n poging om nie net uit te vind hoe die respondente oor die Afrikaanse taal voel nie, maar ook om te sien of taalhoudings en -voorkeure oor 'n tydperk relatief dieselfde gebly het of verander as gevolg van die invloed van verskeie faktore, soos identifikasie met 'n mens se eie groep of blootstelling aan 'n wyer reeks menings oor taal.

Wat taal betref en hoe dit met identiteit verband hou, skryf Le Page en Tabouret-Keller (1985): “The language spoken by somebody and his or her identity as a speaker of this language are inseparable: This is surely a piece of knowledge as old as human speech itself. Language acts are acts of identity.” Hierdie stelling dien as hipotese 1 in die artikel. Volgens die stelling speel taal duidelik ’n belangrike rol in mense se lewens, nie net as kommunikasie-middel nie, maar ook as merker van identiteit, kultuur en tradisie. Taal is onlosmaaklik deel van wie iemand is (Le Page en Tabouret-Keller, 1985).

Hong et al. (2001) beweer dat taalvoorkeure ’n manier is waarop sprekers van ’n taal wys dat hulle lidmaatskap of identifikasie met ’n groep toeken, aanvaar of afwys. Vir die doeleindes van hierdie artikel dien dié stelling as hipotese 2.

Beide Hong et al. (2001) en Le Page en Tabouret-Keller (1985) se siening rakende taal se verband met identiteit is belangrik in die artikel. Beide stellings is tekenend van die kompleksiteit rondom taal en identiteit, veral in die bruin gemeenskap.

2. Agtergrond

Navorsing deur Schlemmer (in Steyn en Duvenhage, 2011:195) toon aan dat taalverskuiwing vanaf Afrikaansmoedertaalsprekers na Engelsmoedertaalsprekers in ’n redelike groot mate onder die bruin mense voorkom. Dyers (2008: 49) voer aan dat dié verskynsel meer opmerklik is onder die bruin middelklas- en swart mense, asook in gemengde gesinne in Suid-Afrika. Sy noem verder dat verskeie faktore hierdie tendens teenstaan in die werkersklas en landelike gebiede. Volgens Anthonissen (2009: 11) was van haar respondente eerlik oor die feit dat van hulle verkies het om oor te gaan na die gebruik van Engels in ruimtes waar hulle voorheen Afrikaans gebruik het. Hulle het veral hul keuses geregtvaardig om hul kinders na Engelse skole te stuur.

Dit is waarskynlik dat die navorsing wat in dié artikel beskryf word, verdere bewyse sal oplewer van taalverskuiwing, houdings, voorkeure en die gebruik van ’n spesifieke taal onder die fokusgroep, wat die Afrikaanssprekende bruin middelklasgemeenskap is. Milenkova en St. Peicheva (2017: 58) beweer dat onderwys ’n belangrike faktor in die identifisering van die middelklas is. Hulle noem dit beteken dat mense met middelklasstatus by verskeie strukture van die samelewing betrokke is en dat hulle gesogte posisies bereik het, wat weer die omvang van hul insluiting in die samelewing beïnvloed. Milenkova en St. Peicheva is ook van mening dat die middelklas meestal suksesvolle loopbane het en hulle aansienlik invloedryker is vanuit ’n sosiale oogpunt en suksesvoller

na aanleiding van die openbare aanwysers van persoonlike sukses: onderwys, inkomste, aansien en politieke mag (Milenkova en St. Peicheva, 2017: 58).

Statistiek SA se Algemene Huishoudelike Opname (GHS)-verslag (Maluleke, 2022) dui aan dat isiZulu die mees gesproke taal in die land gebly het, wat bykans 'n kwart (24,4%) van die bevolking uitmaak, gevolg deur isiXhosa (16,3%) en Afrikaans (10,6%). Engels word deur slegs 8,7% van mense by die huis gepraat, wat dit die vyfde grootste huistaal in Suid-Afrika maak. Afrikaans is steeds die derde grootste taal in die land met 10,06% (6,57 miljoen) sprekers en word hoofsaaklik in die Wes-Kaap en Noord-Kaap gepraat. Die bevindinge toon 'n afwaartse tendens in persone wat Afrikaans praat (vanaf 14,5% in 1996 tot 10,6% in 2022). Die verslag dui verder aan dat die tale wat meestal in die huishouding en provinsies gepraat word, is Afrikaans (41,2% in die Wes-Kaap en 7,7% in Gauteng) en Engels (22,0% in die Wes-Kaap en 9,2% in Gauteng). Elke provinsie het 'n dominante taal, en in die Wes-Kaap praat twee uit elke vyf mense Afrikaans, volgens die GHS-verslag.

Alhoewel die statistiek toon dat 77,4% van bruin mense se huistaal Afrikaans is, blyk dit uit Anthonissen (2009) en Fortuin (2009) dat meer en meer bruin mense na Engelse eentaligheid neig. In baie gevalle word Afrikaans deur die grootouers en ouer generasies as moedertaal⁹ gepraat, maar dit word nie meer deur hulle kinders gepraat nie, aldus Steyn en Duvenhage (2011:196).

Volgens Steyn en Duvenhage (2011: 196) het bruin Afrikaanssprekendes van 83,4% in 1993 tot 77,3% in 2008 afgeneem. Hierdie bron het ook bevind dat slegs 30,1% van die wit Afrikaanse huishoudings Engels in 2003 gebruik het, maar die gebruik van Engels het toegeneem tot 50,4% in 2008. Engels het ook gegroei onder die bruin Afrikaanse huishoudings vanaf 36,9% in 2003 tot 45,4% in 2008 (Steyn en Duvenhage, 2011:196).

Nog 'n faktor wat negatief op die Afrikaanse taal mag inwerk, soos deur Blignaut (2014) en Jordaan (2004) bekendgemaak het, is dat die gebruik van Afrikaans vir baie bruin sprekers gepaard gaan met 'n gevoel van minderwaardigheid. Blignaut (2014: 19) postuleer: "Soos binne die konteks van die apartheidsregering van die jare 1948 tot en met 1994, is daar neergesien op enige vorm van Afrikaans wat verband hou met bruin of swart mense." Die manier waarop bruin mense praat en klink is dikwels problematies vir ander, volgens Jordaan (2004:191-193, 197-200, 270-271). Anthonissen se navorsing het ook bogenoemde kwessie aangeraak en noem dat respondente se verweer is dat die verskuiwing van Afrikaans na Engels te doen het met die feit dat die manier waarop hulle oorkom nie goed genoeg is nie. "They believed that the Afrikaans of their home community was not of an acceptable

standard and, for this reason, they did not want their children to pick it up” Anthonissen (2009: 72).

Die “ander” soort Afrikaans wat deur groot dele van die bruin gemeenskap gepraat word, wyk af van die sogenaamde “Standaardafrikaans” en is in die verlede in sommige kringe as ’n minderwaardige of selfs as ’n komiese dialek beskou. Die konflik oor die soort Afrikaans wat gebruik word, vind dikwels neerslag in vrae oor wie die standaard daargestel het. Die digter en sanger Janine Van Rooy-Overmeyer merk in Brown (2018) op: “Wanneer jy buite jou gemeenskap gaan en sien hoe ander mense reageer op die manier waarop jy praat, begin jy voel daar is iets fout met jou.” [my vertaling]. Van Rooy-Overmeyer is verder van mening dat die impak daarvan diepliggend is en ’n negatiewe uitwerking op ’n hele groep mense het. Toe Van Rooy-Overmeyer volgens Brown (2018) haar loopbaan as Blaq Pearl begin het, het sy dikwels in Engels gesing en opgetree. Die rede wat sy aanvoer is [my vertaling] “omdat ons geleer is om ons eie taal as minderwaardig te sien” (Brown, 2018). Anzil Kulsen, skrywer en boorling van die Noord-Kaap, noem eweneens tydens 2022 se Suidoosterfees-gesprekreeks dat wanneer sy te doen het met mense wat Standaardafrikaans gebruik, sy mooi moet dink voordat sy praat omdat sy nie verkeerd wil praat nie (Vearey et al., 2022).

Soos uit bogenoemde stellings afgelei kan word, blyk dit dat sommige bruin sprekers bewus is van die soort Afrikaans wat hulle praat en hulle voel dat hul Afrikaans as minderwaardig gesien word. Dit blyk ook dat hulle voel dat hul Afrikaans nie op standaard is nie en dat hulle as mens daarvolgens beoordeel en selfs veroordeel word – daarom die oorskakeling na Engels.

3. Doelwit

Die doel van die artikel is om kwessies van taal en identiteit onder die bruin middelklasgemeenskap te ondersoek. Vorige navorsing, waarvan Dyers (2008) ’n voorbeeld is, het veral gefokus op die wegbeweeg of verskuiwing vanaf Afrikaans as huistaal na Engels as huistaal onder die werkersklas en nie sodanig onder die middelklas nie.

’n Ondersoek is daarom geloods na die taalhoudings en taalverskuiwing onder bruin Afrikaanssprekendes, veral in die middelklas. Hierdie artikel fokus spesifiek op die redes vir die voorkeur vir Engels bo Afrikaans, die impak wat hierdie Engelse voorkeur op kulturele identiteit het, en die implikasies daarvan vir die toekoms van Afrikaans. In die artikel word deur middel van empiriese navorsing na die aard en impak van genoemde faktore van taalverskuiwing gekyk. In die artikel stel ek ondersoek in na Afrikaans as ’n identiteitsmerker en

erfenistaal van die bruin Afrikaanse middelklas en ek poog om 'n omvattende begrip te verkry van die komplekse verhouding tussen taalhoudings en praktyke onder die bruin Afrikaanssprekende middelklas. Die redes na die voorkeur vir Engels, die kulturele en emosionele waarde van Afrikaans, en die implikasies van hierdie taalverskuiwing vir die gemeenskap en die taal se toekoms word ondersoek.

Die primêre doel van die artikel is om spesifiek te kyk na watter faktore daartoe aanleiding gegee het dat bruin middelklas Afrikaanssprekendes hulle kinders in Engels grootmaak en na Engelse skole stuur, asook om die onderliggende faktore en gevolge van hierdie verskuiwing te verstaan en te analiseer. Verder word gepoog om die sosiale en kulturele faktore te identifiseer wat tot die verskuiwing van Afrikaans na Engels bydra sowel as die houdings en persepsies van bruin middelklasgemeenskappe teenoor Afrikaans en Engels te ondersoek.

4. Literatuurstudie

Hierdie afdeling verskaf die konseptuele raamwerk waarbinne die bevindings van die navorsing uiteengesit en bespreek word. Die literatuur wat in die artikel bespreek word, bied 'n begrip van die teoretiese en historiese oorsig van taalverskuiwing en -handhawing binne die gesin. My ondersoek is gebaseer op sosiolinguistiese navorsing. Die teorie van die sosiolinguistiek, en veral taalverskuiwing, word gevind in die werke van David et al. (2020: 1), Kandler en Steele (2017) en Ostler (2011). Die artikel van Anthonissen (2009) is verken ten einde die agtergrond van taalverskuiwing in die bruin Afrikaanse middelklasgemeenskap beter te verstaan.

Die navorsing plaas die fokus op die konsep van identiteit, asook die verband tussen identiteit en taalhoudings. Dit ondersoek ook die rol van taal in die vorming van etniese en kulturele identiteite. Die unieke uitdagings en kompleksiteite van bruin identiteit in Suid-Afrika, insluitend die impak van apartheid, diskriminasie en die nasionale identiteitsdebat, kom ook aan bod. Die rol van Afrikaans as 'n gelade taal binne hierdie konteks word ondersoek, met erkenning van die historiese verband met die apartheidsregime. Verder word die oorsig aangevul deur die bespreking van persoonlike getuienisse en ervarings binne die bruin gemeenskap, wat 'n intieme blik bied op die gevoelens en persepsies rondom taal en identiteit. Dit dra by tot 'n meer holistiese begrip van die komplekse dinamika binne hierdie gemeenskap in my verkenning van identiteit en taalhoudings, taalhandhawing en taalverskuiwing in die genoemde gemeenskap.

Pfaff-Czarnecka (2011:2) voer aan dat in postmoderne terminologie, die term 'behoort' in plaas van 'identiteit' gebruik moet word, aangesien die term 'identiteit' so kompleks is. Sy noem voorts dat die sin van behoort afhang van die gemeenskaplike eienskappe van die groeplede, die wedersydse en erkenning, en die verknogtheid aan gemeenskaplike kwessies (Pfaff-Czarnecka, 2011: 2). Ek verkies die term 'behoort' in plaas van identiteit en daarom gebruik ek dié term in hierdie artikel, omdat identiteit 'n gelade konsep, gevul met soveel konnotasies vir hierdie genoemde gemeenskap, is.

Grin (2003:3) neem die standpunt in dat etnisiteit tweeledig is. Etnisiteit kan enersyds subjektiewelik gebaseer word op gemeenskaplike afkoms en moedertaal, en dit kan andersyds as selftoegewys beskou word (deur individue of ander). Castles en Miller (1998) argumenteer dat minderheidsgroepe hulself kan definieer. Aan die een kant kan taal as 'n merker van kulturele identiteit en etnisiteit dien. Mense wat 'n gemeenskaplike taal deel, deel dikwels soortgelyke kulturele praktyke, oortuigings en waardes, wat tot 'n gevoel van etniese identiteit kan bydra. Aan die ander kant word taalgebruik beïnvloed deur 'n reeks ander faktore, insluitend geografie, geskiedenis, politiek en sosiale klas. Mense kan verskillende tale of dialekte binne dieselfde etniese groep praat, of hulle kan 'n taal met mense van verskillende etniese agtergronde deel. Boonop kan individue met verskeie etniese of kulturele groepe identifiseer, elk met hul eie tale en linguistiese praktyke.

Die terme 'wit', 'bruin' of 'kleurling', en 'swart' wat algemeen in Suid-Afrika gebruik word om die verskillende rasse-groepe in die land te beskryf, is aanvanklik tydens die koloniale en apartheidsera ingestel en is sedertdien gebruik om mense op grond van hul velkleur en afkoms te klassifiseer. Die term 'bruin' of 'kleurling' verwys na mense van gemengde rasse-afkoms, insluitend individue van Europese, Afrika- en Asiatiese afkoms. Die term is tydens apartheid gebruik om mense te klassifiseer wat nie streng as óf 'wit' óf 'swart' gekategoriseer is nie en gaan gepaard met diskriminasie en segregasie. Hierdie terme is problematies en diskriminerend en speel 'n kritiese rol in Suid-Afrika se geskiedenis. Alhoewel sommige mense steeds hierdie terme gebruik, is dit al hoe meer algemeen dat individue hulself identifiseer op grond van hul kulturele of etniese identiteit eerder as hul velkleur.

Volgens Adhikari (2013: viii) het die term 'kleurling' in suidelike Afrika 'n komplekse betekenis, aangesien dit 'n persoon van gemengde afkoms aandui eerder as een wat swart is, soos in die meeste ander dele van die wêreld. Behalwe hierdie rasgebondenheid wat 'kleurlingskap' of bruinheid definieer, was die marginaliteit van bruin gemeenskappe sentraal tot die wyse waarop die identiteit sosiaal en polities oor die subkontinent gemanifesteer

het. Adhikari (2006: 467) noem dat bestaande literatuur oor bruin identiteit belangrike aspekte daarvan glad nie aanraak nie. Van die leemtes in literatuur aangaande bruin identiteit sluit in die aard sowel as die sosiale en politieke dinamika wat dit beïnvloed het.

Dit is belangrik om te besef dat die bruin gemeenskap nie monolities is nie. Daar is 'n wye verskeidenheid van kulture, gelowe en tradisies binne die groep (Petrus en Isaacs-Martin, 2012: 95). Die oortuigings en houdings wat in dié ondersoek aangaande die taalhoudings geopper word, moet binne hierdie konteks verstaan word. Dit wil sê, daar kan nie veralgemenings gemaak word omtrent taalhoudings jeens Afrikaans in die algemeen, óf om die resultate op die ander Afrikaanse bruin gemeenskappe toe te pas nie.

Taalhandhawing ondersoek die verband tussen taal, identiteit en taalverskuiwing, soos gesien in Steyn en Duvenhage (2011: 201-203). Verskeie artikels (Schmidt, 2008; Hino et al., 2018), illustreer die kompleksiteit van identiteitsvorming, veral in kontekste waar etniese en kulturele identiteite gekompliseer is deur historiese gebeure soos kolonialisme, apartheid en immigrasie. In Suid-Afrika het die bruin gemeenskap 'n uiters ingewikkelde geskiedenis wat aan die gevolge van rasseseiding en diskriminasie tydens die apartheidsera verbonde is. Navorsing in hierdie artikel dui daarop dat identiteit nie staties is nie, maar eerder 'n proses van konstruksie en navigasie, wat voortdurend aan verandering onderhewig is. Trotter (2020) beskryf bruin mense as 'n gemeenskap wat tussen swart en wit is. Hy noem verder dat dit geen eenvoudige taak is om hierdie gemeenskap aan 'n bepaalde sosio-kulturele identiteit te koppel nie (Trotter, 2020).

Die term 'taalhandhawing' verwys na die voortgesette gebruik van 'n taal te midde van mededinging met 'n meer kragtige taal (Steyn en Duvenhage, 2011: 200). 'Taalverskuiwing' is die teenoorgestelde van taalhandhawing. Dit dui op die vervanging van een taal deur 'n ander as die primêre manier van kommunikasie binne 'n gemeenskap (Steyn en Duvenhage, 2011:200). Die term 'taaluitsterwing' word gebruik wanneer daar in 'n bepaalde gemeenskap slegs een of twee sprekers in die wêreld oor is wat daardie taal gebruik ((Steyn en Duvenhage, 2011:201). Die uitwissing van Kornies in Engeland is 'n voorbeeld van taaluitsterwing sowel as taalverskuiwing (na Engels).

Hierdie konsepte is konteks-sensitief en hou dikwels verband met sosiale en politieke dinamika binne 'n gemeenskap. Taalverskuiwing en -uitsterwing hou verband met magstrukture en sosiale veranderinge binne 'n gemeenskap (University of Groningen, 2023).

Volgens MacNeil (2012) is taalhoudings, insluitend mense se persepsie oor die taalverskeidenheid in hul eie gemeenskap en taalvariëteite in ander

gemeenskappe, sedert die 1960's een van die deurslaggewende onderwerpe in sosiolinguistiek. Garvin en Mathiot (1968) het reeds in 1968 drie kenmerke van 'n positiewe taalhouding (taalhandhawing) geformuleer, naamlik taalloyaliteit, taaltrots en die bewustheid van die norm. Daar word geargumenteer dat die bruin Afrikaanse gemeenskap 'n gebrek aan taalloyaliteit en taaltrots het, aan die hand van die verskuiwing weg van Afrikaans wat in hierdie gemeenskap plaasvind. Steyn en Duvenhage (2011) lig in hul artikel uit dat die taalverskuiwing weg van Afrikaans groter afmetings in die bruin gemeenskap aanneem as gevolg van 'n onverwerkte Suid-Afrikaanse verlede en demografiese marginalisering. Savedra, Rosenberg en Macedo (2021: 399) argumenteer dat die tradisionele rasseveroordeling in 'n mate die bruin bevolking onsigbaar maak, daarom die nonchalante houding teenoor Afrikaans.

Anthonissen (2009: 61) noem in haar bevinding dat taal in die Suid-Afrikaanse konteks ook 'n teken van sosiale en politieke identiteit is. Volgens haar kan dit verband hou met die feit dat Afrikaans deel was van die voormalige koloniale tale – daarom die negatiewe daaromtrent en dat die ander nege (9) inheemse Afrikatale eers in 1994 amptelik erken is.

Tog is daar areas in die bruin gemeenskap, veral onder die werkersklas, waar Afrikaans gedy. Dyers (2008) ondersoek hierdie verskynsel om te bepaal hoe hoërskoolleerders van verskillende agtergronde, en gemarginaliseer deur armoede, ligging en ras, taal as identiteitsmerker kan gebruik. Die navorsing is in Wesbank, 'n informele nedersetting in Kaapstad, gedoen. Soos Dyers (2008: 53) in haar navorsing vermeld, is die mense wat in Wesbank woonagtig is vanuit verskillende gebiede daar saamgevoeg. Dit blyk dat Wesbank 'n bemagtigende rol gespeel het in die handhawing van Afrikaans (Dyers, 2008: 55). Ten tyde van haar navorsing was Afrikaans in 'n gunstige posisie in Wesbank, en die moeder- of huistaal van die meeste mense.

Ten spyte van Engels wat al hoe meer 'n dominante rol in baie van die Afrikaanse bruin gemeenskappe begin speel, word Afrikaans steeds in baie ander gemeenskappe gehandhaaf (Dyers, 2008: 49). Diegene wat wel na Engels geskuif het, hou die argument voor dat Engels meer voordelig is aangesien dit deure in die ekonomiese sfeer oopmaak.

Taalhoudings en taalvoorkeure is twee konsepte wat verband hou met hoe mense dink en voel oor tale, maar hulle het verskillende betekenis. Volgens Dyers (1997: 29) is taalhoudings gewoonlik diep gesetel en privaat, maar taalvoorkeure, daarenteen, word openlik uitgedruk en mense is glad nie huiwerig om hul taalvoorkeure bekend te maak nie. Taalhoudings word soos volg deur Dyers (1997: 29) beskryf: “Language attitudes can be defined as the strong positive or negative emotions experienced by people when they

are faced with a choice between languages in a variety of situations or are learning a language.” Dit verwys dus na die emosionele en sosiale evaluasies wat mense aan verskeie tale heg. Dit beskryf hoe mense voel oor ’n spesifieke taal, gemeenskap, of die sprekers van daardie taal (Dyers, 1997).

Daar is egter ’n duidelike taalverskuiwing vanaf Afrikaans na Engels te bespeur in die navorsing wat in die Afrikaanssprekende bruin gemeenskap gedoen is (Anthonissen, 2009; Neethling, 1998). Wat uit Dyers (1997) se navorsing voortspruit, is dat Afrikaans, veral in die werkersklas,⁴ as ’n identiteitsmerker gebruik word. Afrikaans bind die groep dus saam. Engels, hierteenoor, word deurslaggewend as ’n magsposisie gebruik en respondente sien Engels as die taal wat deure na ’n beter lewe oopmaak. Die twee tale, soos die bestaande navorsing bewys, speel ’n rol in status⁵ binne gemeenskappe.

5. Navorsingsprobleem en -vrae

Vorige navorsers, wat taalverskuiwing in Afrikaanssprekende gemeenskappe ondersoek het, het nie noodwendig met die middelklas gewerk nie en dit laat ruimte vir verdere ondersoek. Vervolgens word die volgende twee navorsingsvrae gebruik om hierdie artikel te rig:

1. Is daar definitiewe faktore wat ’n rol speel in die taalverskuiwing weg van Afrikaans in die bruin middelklasgemeenskap?
2. Watter implikasies hou taalverskuiwing in vir Afrikaans as ’n identiteitsmerker vir die bruin middelklasgemeenskap?

6. Metodologie⁶

In hierdie artikel word etnografie as navorsingsmetodologie benut, en word daar gestreef om ’n diepe begrip van die ingesamelde inligting te kry. Etnografie is ’n kwalitatiewe navorsingsmetodologie wat gebruik word om mense se kulture, gewoontes, gedrag en lewenswyse in hul natuurlike omgewing te bestudeer. ’n Etnografiese benadering is ’n diepgaande waarneming wat die sosiale en kulturele kontekste ondersoek en is dus gepas om hierdie verskuiwing van Afrikaans na Engels te verstaan. Ek, as die navorser, is deel van die Afrikaanssprekende middelklasgemeenskap en neem deel aan die alledaagse aktiwiteite van die genoemde gemeenskap.

Verder is sosiolinguistiese navorsing fundamenteel tot die bestudering van taalhoudings, omdat dit die metodologieë en teoretiese raamwerke bied om die komplekse verhoudings tussen taal, samelewing en individuele houdings

te verstaan. Die teorie van die sosiolinguistiek, en veral taalverskuiwing, word gevind in die werke van David et al. (2020: 1), Kandler en Steele (2017) en Ostler (2011). 'n Sosiolinguistiese benadering, in die vorm van 'n vraelys en onderhoude, is gebruik om die taalverskuiwing van Afrikaans na Engels onder die bruin middelklasgemeenskap te ondersoek en sodoende taalvoorkeure en houdings te meet. Kwalitatiewe data is deur vraelyste ingesamel om insig te verkry in die deelnemers se persepsies, voorkeure en gedrag wat met Afrikaans as taal in hul daaglikse lewens verband hou.

Sosiolinguistiese navorsing en etnografiese studie is komplementêre benaderings wat saam 'n ryker en meer genuanseerde begrip van taalgebruik en taalgedrag bied. Etnografie verskaf die diepgaande kulturele en sosiale konteks wat nodig is om sosiolinguistiese data volledig te interpreteer, terwyl sosiolinguistiese navorsing die spesifieke taalverskynsels en -houdings belig wat binne hierdie kontekste voorkom.

In die artikel is van die doelgerigte steekproef gebruik gemaak wat die seleksie van deelnemers behels, gebaseer op spesifieke kenmerke of eienskappe wat relevant is vir die artikel. Die opnamevraelys bestaan uit vier afdelings:

1. Persoonlike inligting van die respondent, soos geslag, ouderdom, woongebied, beroep en hoogste vlak van onderrig en/of opleiding;
2. In die tweede afdeling moes respondente slegs “Ja” of “Nee” antwoord op vrae wat met die gebruik van die Afrikaanse taal verband hou;
3. In hierdie afdeling moes die respondente vrae so eerlik as moontlik beantwoord en redes verskaf vir die antwoorde;
4. In die laaste afdeling moes respondente op 'n skaal van een tot vyf die mate aandui waarin hulle met elke stelling saamstem.

Daar is op die middelklas besluit, omdat daar betreklik min navorsing oor taalverskuiwing in hierdie groep gedoen is, asook omdat hulle 'n sekere vlak van sosio-ekonomiese status, opvoeding en ekonomiese stabiliteit bereik het. Hulle het toegang tot beter onderwys- en werksgeleenthede, het 'n relatief hoër lewenstandaard in vergelyking met die breër bevolking, en woon dikwels in stedelike of voorstedelike gebiede. Dit is belangrik om sensitiwiteit aan die dag te lê wanneer daar na klasse verwys word, om die nodige respek te toon en bewus te wees van die verskillende sosiale, ekonomiese en kulturele agtergronde van mense. Ek het gekies om die sosiale status van die respondente op hul akademiese kwalifikasies en sosiale klas te baseer.

7. Data-insameling

Die Afrikaanssprekende middelklasgemeenskap bestaan uit mense met verskillende soorte beroepe, soos onderwysers, verpleegsters, tegnici, ingenieurs en bestuurders. Lede van die middelklas is dikwels aktief deel van die samelewing, byvoorbeeld deur aan politieke aktiwiteite deel te neem, vrywilligerswerk te doen of lid te wees van sosiale organisasies.

Die eerste kommunikasiemedium tussen die navorser en die voorgestelde deelnemers was per e-pos, waarin die navorsing verduidelik is en die deelnemers vrywilliglik moes instem om aan die navorsing deel te neem. Die e-pos is na sowat 100 respondente gestuur wat in die Wes-Kaap en in die Pretoria- en Johannesburg-omgewing woonagtig is. In die e-pos is alle potensiële respondente verseker dat hulle deelname heeltemal vrywillig sal wees en dat hul antwoorde op die vrae beide anoniem en vertroulik sal wees. Geen persoonlik identifiseerbare inligting is aangevra nie.

Nadat die respondente vrywillig ingestem het om deel te neem, is die vraelys per e-pos aan hulle gestuur. Die finale groep van 67 Afrikaanssprekende volwassenes uit die bruin middelklasgemeenskap, woonagtig in Pretoria, Johannesburg en die Wes-Kaap, het uit sowel manlike as vroulike persone bestaan.

Die teikengroep het uit 28 manlike en 39 vroulike respondente bestaan. Hulle is gekies op grond van hul huistaal en sosiale klas.⁷ Die aantal respondente uit die Wes-Kaap is 37, met 29 uit Gauteng, en 1 respondent uit die Oos-Kaap. Die ouderdomme van die respondente wissel van 38 tot 76 jaar. Die meeste respondente val in die ouderdomsgroep van laat vyftigs tot vroeë sestigs.

Die respondente het 'n wye verskeidenheid vlakke van onderrig en/of opleiding, van matriek tot PhD-vlak. Die meeste respondente het 'n universiteitsgraad, terwyl ander 'n hoër diploma, meestersgraad of PhD het. Die beroepe van die respondente is baie uiteenlopend, insluitende projekbestuurders, onderwysers, joernaliste, akademici, pastore en entrepreneurs.

8. Bespreking van die resultate

Daar is 'n verskeidenheid redes waarom sommige mense wat as bruin geklassifiseer is, nie met die bruin Afrikaanssprekende middelklasgemeenskap wil identifiseer nie. Dit mag vanuit 'n historiese en politieke oorsprong wees, of omdat hulle nie as middelklas wil identifiseer nie – waar “middelklas” as deel van hierdie navorsing op die akademiese kwalifikasies en prestasies

van die respondente geskoei is. Terwyl die Afrikaanssprekende bruin gemeenskap 'n subgemeenskap binne die groter bruin gemeenskap is, is dit nie verteenwoordigend van alle bruin mense nie.

Die apartheidsregime het 'n diskriminerende beleid afgedwing en het Afrikaans as 'n instrument van onderdrukking gebruik. Die assosiasie van Afrikaans met die sistemiese ongeregtigheid van apartheid, het veroorsaak dat baie bruin mense komplekse gevoelens oor Afrikaans ontwikkel het. Die bruin gemeenskap in Suid-Afrika het 'n komplekse en pynlike geskiedenis, wat gedwonge verskuiwings, diskriminasie en marginalisering onder die apartheidsregime insluit.

Die nagevolge van bruin mense se marginalisering gedurende apartheid kan afgelei word uit die volgende response [verbatim] op die onderhoudsvrae wat met die respondente gedeel is:

- *Ons was vir lank identiteitsloos want vir lank het ons nie geweet hoe ons voorgeslagte bymekaar inpas en waar ons vandaan kom nie, herkoms is so belangrik want dit gee jou identiteit.*
- *Ek voel ongemaklik oor navorsing op hierdie spesifieke groep, ook omdat ek nie so identifiseer nie en hard daaraan werk om nie as sulks geïdentifiseer te word nie.*
- *My Engelssprekende kinders kan nie met 'n bruin identiteit klassifiseer nie omdat hulle hulself in 'n veelrassige omgewing bevind.*
- *Ek wil nie as sulks (bruin Afrikaanssprekende middelklas) geïdentifiseer word nie.*
- *Wat identiteit betref: wat adviseer ek my kind? Eis hy sy "bruinheid" op? Of sy gemengde Eerste Nasie/Slawerny-erfenis/Europeesheid?*

Sommige bruin individue identifiseer nie met die res van die Afrikaanse gemeenskap nie, omdat hulle nie met die Afrikaanse kulturele of taalagtergrond kan of wil identifiseer nie. Sommige bruin individue het moontlik negatiewe ervarings met die Afrikaanse gemeenskap gehad of ervaar eenvoudig nie 'n gevoel van behoort aan daardie groep nie. Ander het dalk weer positiewe ervarings met ander bruin gemeenskappe of voel 'n sterker verbintenis met ander aspekte van hul identiteit, soos hul etniese of rasse-agtergrond.

Die resultate (data) van die respondente wat deur middel van die vraelys verkry is, is as die primêre dokument gebruik.⁸ Die meeste van die respondente was vanuit die Wes-Kaap en dit strook met die feit dat die meeste Afrikaanssprekende bruin mense in die Wes-Kaap gesentreer is, aldus


die nuutste sensusopname. Daarbenewens is daar 'n verskeidenheid dorpe en stede waar die respondente woon, wat op 'n diversiteit in die demografie van die steekproef dui.

8.1. Reaksie van respondente op die vier stellings wat direk met die Afrikaanse taal verband hou.

1. 'n Opsomming van die resultate op die eerste vraag, of *Afrikaans die moeder- of huistaal van die respondente is*, word in die onderstaande grafiek aangedui. Van die 67 respondente het 61 respondente bevestig dat Afrikaans hul moeder- of huistaal is. Slegs 6 respondente het aangedui dat Afrikaans nie hul moeder- of huistaal is nie. Dit wil sê dat 91% van die respondente het “Ja” geantwoord en 9% “Nee”.


Is Afrikaans jou moedertaal/huistaal?

67 responses



Grafiek 1: Resultaat: Is Afrikaans jou moeder- of huistaal?

2. Die respondente het soos volg gereageer op die vraag of hulle al ooit minderwaardig gevoel het oor hul Afrikaans: 57 respondente het “Nee” geantwoord terwyl 10 aangedui dat hulle wel minderwaardig voel oor hul Afrikaans.



Grafiek 2: Minderwaardigheidsgevoel oor Afrikaans


Van al die respondente voel 85% nie minderwaardig as gevolg van hul Afrikaans nie. Die gemiddelde persentasie van respondente wat minderwaardig gevoel het teenoor hul Afrikaans in Gauteng was effens hoër as dié van die Wes-Kaap – sien tabel 1.

| Provinsie | Marked cells have counts > 10. Chi-square(df=1)=0.17, p=0.68 Fisher Exact p=0.74 | | |
|-----------|--|---------------------------------------|------------|
| | Minderwaardigheidsgevoel Nee | Minderwaardigheidsgevoel Ja | Row totals |
| Gauteng | 24 | 5 | 29 |
| Row % | 82,76% | 17,24% | |
| Wes-Kaap | 32 | 5 | 37 |
| Row % | 86,49% | 13,51% | |
| Totals | 56 | 10 | 66 |

Tabel 1: Minderwaardigheidsgevoel oor Afrikaans in die verskillende provinsies

- Die resultate op die vraag waar die respondente moes aandui watter taal die moeder- of huistaal van hul nageslag is:

| Provinsie | Marked cells have counts > 10. Chi-square(df=2)=3.37, p=0.19 Fisher Exact(r x c) p=0.37 | | | Row totals |
|-----------|---|------------------------|-----------------------|------------|
| | Kind moedertaal Afrikaans | Kind moedertaal Engels | Kind moedertaal Ander | |
| Gauteng | 6 | 21 | 2 | 29 |
| Row % | 20,69% | 72,41% | 6,90% | |
| Wes-Kaap | 8 | 29 | 0 | 37 |
| Row % | 21,62% | 78,38% | 0,00% | |
| Totals | 14 | 50 | 2 | 66 |




Grafiek 3: Moeder- of huistaal van die nageslag van die respondente

Die meerderheid van alle respondente, naamlik 50 (75%), het aangedui dat Engels die moeder- of huistaal van hul kinders is, 14 (22%) het Afrikaans as moeder- of huistaal aangedui, en 2 (3%) respondente het 'n ander taal aangedui. Uit die data blyk dit dat Engels voorkeur bo Afrikaans kry wanneer dit by taaloordrag kom, hoewel Afrikaans die moeder- of huistaal van die respondente self is. Dit suggereer 'n moontlike verskuiwing in taalvoorkeur binne die gesin, met 'n neiging na Engels as 'n voorkeurtal vir die nageslag.

Die aantal respondente, soos in tabel 2 uitgebeeld, wat Engels as moeder- of huistaal van hul kinders aangedui het, was 21 (72,41%) uit

Gauteng teenoor 29 (78,38%) uit die Wes-Kaap. Dit dui op 'n oorweldigende meerderheid van alle respondente se kinders wat Engels as moeder- of huistaal praat, veral in die Wes-Kaap. Resultate dui op 'n klein deel van die respondente se kinders wat Afrikaans as moeder- of huistaal praat. Hierdie resultaat kan dui op 'n neiging na die aanvaarding van Engels as die primêre taal binne die gemeenskappe. 'n Hoër getal respondente vanuit die Wes-Kaap het Engels as moeder- of huistaal van hul kinders aangedui, teenoor dié van Gauteng. Dit kan verband hou met die verskille in kulturele en sosio-ekonomiese faktore tussen die twee provinsies. Verdere navorsing kan help om hierdie verskille beter te verstaan en die impak daarvan te bepaal.

4. Hier volg die resultate op die vraag of Afrikaans as moeder- of huistaal aan die nageslag van die respondente oorgedra is:




Grafiek 4: Afrikaans as moeder- of huistaal oorgedra aan die nageslag van die respondente

Die totale aantal respondente wat “Nee” geantwoord het, is 37 (55%) en 30 (45%) het “Ja” geantwoord – dus is daar 'n meerderheid wat nie Afrikaans as moeder- of huistaal aan hul nageslag oorgedra het nie.

In Gauteng het 55% en in die Wes-Kaap het 57% respondente “Nee” geantwoord op die vraag of hulle Afrikaans as huis- of moedertaal aan hul nageslag oorgedra het, soos aangedui in grafiek 5. Dit dui op 'n meerderheid

van die respondente vanuit die Wes-Kaap wat nie Afrikaans as moeder- of huistaal aan hul nageslag oorgedra het nie. Alhoewel daar sekere verskille kan wees tussen Gauteng en die Wes-Kaap, blyk dit dat die grootste persentasie in albei provinsies nie Afrikaans as moeder- of huistaal aan hul nageslag oorgedra het nie en dat daar nie 'n sterk verskil tussen die twee provinsies waargeneem word nie.

Categorized Histogram: provinsie x aan nageslag oorgedra
 Chi-square(df=1)=0.02, p=0.90 Fisher Exact p=1.00



Grafiek 5: Oordrag van Afrikaans moeder- of huistaal aan die nageslag in die verskillende provinsies

8.2. Resultate: Oop vrae

- Hier volg 'n aantal antwoorde [ligweg geredigeer] van respondente op die vraag oor watter faktore hulle beïnvloed het om 'n bepaalde taal met hulle kinders te praat:


1.1. Daar is nie 'n toekoms vir Afrikaans nie.

1.2. Niks nie. Dit is my moedertaal.

1.8. Afrikaans is my moedertaal – wou in my moedertaal met my kinders kommunikeer.

- 1.10. *Die moontlike voordele wat dit vir verdere artikel [sic] in 'n veranderende Suid-Afrika vir my kinders teweeg gebring het. Engels as leertaal sou ook my kinders toegang gee tot die res van die wêreld om na skool te gaan studeer. Engels as spreektaal het daartoe gelei dat hulle met alle rasse sou kan kommunikeer in 'n veranderende wêreld, dus was Engels 'n spesifieke keuse vir bogenoemde redes.*
- 1.17. *Persepsies oor Afrikaans se nut op die ekonomiese, politieke, opvoedkundige en sosio-maatskaplike terreine van die nuwe demokratiese orde wat in 1994 beslag gekry het en in die res van die wêreld.*
- 1.18. *Internasionaal te werk, voertaal op universiteit en sakewêreld hoofsaak Engels.*
- 1.23. *Beroepsgeleenthede, vriendekring, wyer kulturele ervarings, internasionalisering.*
- 1.32. *Ek was 'n kind wat 1976 beleef het. Die pre-1994-regering het almal gedwing om Afrikaans te leer... en dit het my negatiewe [sic] teenoor die taal gelaat.*
- 1.39. *Die uitgangspunt was dat die kinders beter beroepsgeleenthede en blootstelling sal hê as toekomstige burgers.*
- 1.52. *In my gemeenskap (Pretoria), sou die meerderheid van middelklas bruin paartjies/gesinne – alhoewel hulle in Afrikaans met mekaar kommunikeer – in die meeste gevalle in Engels met hulle kinders kommunikeer en ook na Engelstalige skole stuur. Dit is om die kinders die geleentheid te bied om op 'n universele manier met alle bevolkings in Suid-Afrika, maar ook wêreldwyd, te kommunikeer, te debatteer en interaksie te hê.*
- 1.56. *Ek het Afrikaans met kinders gepraat om die taal se voortbestaan te verseker.*
2. *Op die vraag of hulle negatief of positief oor Afrikaans voel, en waarom, het die resultate soos volg daaruit gesien (grafiek 6):*

Van die respondente het 55 (82%) aangedui dat hulle positiewe gevoelens teenoor Afrikaans het, 5 (7%) voel negatief, en 7 (10%) staan neutraal teenoor Afrikaans. Alhoewel die meerderheid respondente positief oor Afrikaans voel, is dit belangrik om te let dat daar 'n klein, maar merkbare, aantal respondente is wat negatief oor die taal voel.



Grafiek 6: Resultate: Positiewe of negatiewe gevoelens oor Afrikaans

In beide Gauteng en die Wes-Kaap was respondente se antwoorde dieselfde – sien tabel 3. Daar blyk ’n konsensus te wees dat Engels meer geleenthede bied en dat die taal hulle kinders toegang gee om internasionaal te kan reis en werk. In albei provinsies is die positiewe gevoel teenoor Afrikaans aansienlik hoër as die negatiewe gevoelens, soos gesien word in grafiek 6. In Gauteng het 1 respondente negatiewe gevoelens teenoor Afrikaans aangedui en 4 in die Wes-Kaap. Die meerderheid negatiewe gevoelens van die respondente spruit uit die apartheidsverlede waar die Afrikaanse taal gebruik was om teen mense te diskrimineer en hulle te vervreem.

| Provinsie | Marked cells have counts > 10. Chi-square(df=2)=1.77, p=0.41 Fisher Exact(r x c) p=0.45 | | | Row totals |
|-----------|---|----------------------------|----------------------------|------------|
| | Gevoel oor Afr Negatief | Gevoel oor Afr Neutraal | Gevoel oor Afr Positief | |
| Gauteng | 1 | 4 | 24 | 29 |
| Row % | 3,45% | 13,79% | 82,76% | |
| Wes-Kaap | 4 | 3 | 30 | 37 |
| Row % | 10,81% | 8,11% | 81,08% | |
| Totals | 5 | 7 | 54 | 66 |


Tabel 3: Resultate: Positiewe of negatiewe gevoelens oor Afrikaans vir die twee provinsies

Hier volg van die antwoorde wat die respondente verskaf het [ligweg geredigeer]:

- 1.1. *Negatief – die taal word steeds gebruik om mense te verdeel.*
- 1.5. *Ek voel positief oor Afrikaans. Ek praat in winkels, restaurante, en met die publiek Afrikaans. Hulle is verbaas dan slaan hulle oor na Afrikaans, so leer ons hulle om die taal verder uit te brei.*
- 1.10. *Positief – Al hoe meer mense beseft dat Afrikaans nie meer die taal van die “Onderdrukker” is nie. Bruin mense kan uiteindelik ook Afrikaans eien as hulle herkoms, en nie net ’n taal wat op hulle afgedwing is tydens die Apartheidsjare nie. Baie meer bruin mense moet egter nog leer oor hul eie geskiedenis van Afrikaans en dit verwelkom in hulle midde.*
- 1.11. *Negatief. Sekere “Afrikaner”-organisasies gebruik dit om gemeenskappe op grond van etnisiteit onderling te verdeel en integrasie te ondermyn.*
- 1.13. *Positief, die taal is vir ons belangrik, dis ons moedertaal. Ons is lief vir die taal en dus positief. Daar is egter negatiewe aspekte wat dalk die taal se bestaan impakteer en meer moet gedoen word om die taal te bevorder.*
- 1.14. *My gevoel tot Afrikaans is ambivalent. By dae voel ek positief, en op sekere dae voel ek negatief. Ek voel positief in ’n sin dat Afrikaans my moedertaal is, en dat dit die taal is waarin ek liefde, vriendskap en aanvaarding gevind het in my gemeenskap. Afrikaans sal altyd die lyn tussen my verlede en waar ek myself tans bevind, bind. En hoewel Afrikaans my altyd aansluiting en insluiting in my gemeenskap laat vind; het die groter oorheersende ontkenning sosiaal en polities my negatief gelaat. Ek het ervaar hoe Afrikaans bruin Afrikaanses vervreem van goeie werksgeleenthede, en ook so ook ekonomies marginaliseer.*
- 1.19. *Positief, maar ek kry wel skaam vir van die taalvegters wat die openbare beeld van die taal ontsettend baie skade aandoen.*
- 1.20. *Positief en negatief want geen taal is neutraal nie – selfs Engels het koloniale geskiedenis.*
- 1.21. *Ek voel positief oor Afrikaans. Die ouer geslag praat nog Afrikaans.*
- 1.33. *Ek voel negatief omdat diegene wat voorheen die bevoorregtes was, nog steeds so teenoor ander mense optree en voel. Dit*

maak my kwaad, dan wil ek glad nie Afrikaans praat nie. Die meerderwaardigheid laat 'n slegte smaak in my mond.

3. Op die vraag of dit belangrik is om meertalig te wees in Suid-Afrika, het die respondente soos volg geantwoord: Uit die 67 respondente het 66 respondente (99%) gevoel dat meertaligheid belangrik is in Suid-Afrika en 1 (1%) het aangedui dat meertaligheid nie belangrik is nie. Die algehele gemiddelde resultate dui aan dat respondente die positiefste oortuigings ten opsigte van meertaligheid het.



Grafiek 7: Respondente se gevoel oor meertaligheid

8.3. Resultate: Geslote vrae


Die vyf graderingsmoontlikhede wat vir die volgende 7 stellings voorsien is, is die volgende:

Op 'n skaal van een tot vyf, dui die mate aan waarin jy met elke stelling saamstem [1. beteken dat jy glad nie saamstem nie en 5. beteken dat jy heeltemal saamstem].

- 1) stem sterk nie saam nie
- 3) neutraal
- 5) stem sterk saam

- 2) stem deels saam
- 4) stem saam


1. Die volgende resultate dui die gevoel aan van respondente op die stelling dat Afrikaans deel is van hul wortels, erfenis en kultuur.



Grafiek 8: Afrikaans is deel van jou wortels, erfenis en kultuur

49 van alle respondente (73%) het aangedui dat hulle sterk met die stelling saamstem. 12 (18%) van die respondente het net saamgestem, 5 (7%) voel neutraal teenoor die stelling, en 1 (1%) stem deels saam met die stelling. Geeneen van die respondente het glad nie saamgestem nie. Die algehele hoogste gemiddelde telling weerspieël die oortuiging dat die respondente Afrikaans as deel van hul wortels, erfenis en kultuur ervaar en dat hulle met Afrikaans identifiseer, volgens die resultate in grafiek 8.

2. Die respondente het soos volg gereageer op die stelling dat Afrikaans die taal van die “Afrikaner” is en dus steeds as die taal van die onderdrukker beskou word:



Grafiek 9: Afrikaans is die taal van die onderdrukker

Slegs 5 van die respondente (7%) het aangedui dat hulle sterk met die stelling saamstem, 10 (15%) van die respondente het saamgestem, 9 (13%) voel neutraal teenoor die stelling, 18 (27%) stem deels saam met die stelling, en 25 respondente (37%) stem glad nie saam nie.


| Effect | Descriptive Statistics (Spreadsheet in Untitled form (Responses)) | | | |
|-----------|---|----|---------------------------------|-------------------------------------|
| | Level of Factor | N | Taal van onderdrukker. Mean. | Taal van onderdrukker. Std. Dev. |
| Total | | 66 | 2,24 | 1,28 |
| provinsie | Gauteng | 29 | 2,21 | 1,32 |
| provinsie | Wes-Kaap | 37 | 2,27 | 1,26 |

Tabel 4: Afrikaans is die taal van die onderdrukker in die twee provinsies

In die Gautengprovinsie, wat uit 29 respondente bestaan, is die gemiddelde persepsie dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is 2,21, met 'n


standaardafwyking van 1,32. Dit dui op 'n effens laer gemiddelde persepsie in vergelyking met die algehele gemiddelde.

- Op die stelling dat kinders wat in hulle moeder- of huistaal (Afrikaans) skoolgaan, 'n agterstand teenoor hulle Engelse eweknieë het, het die respondente se antwoorde soos volg daaruit gesien:



Grafiek 10: Afrikaans het 'n agterstand teenoor Engels

- Op die stelling dat Afrikaans as moeder- of huistaal waardeloos is, het die respondente soos volg reageer:




Grafiek 11: Afrikaans is waardeloos

Slegs 1 respondent het sterk met die stelling saamgestem, 2 (3%) van die respondente het saamgestem, 1 voel neutraal teenoor die stelling, 11 (16%) stem deels saam met die stelling, en 52 respondente (78%) stem glad nie saam nie.

5. Afrikaans is my erfenistaal en daarom het ek stories, geregte en gebruike uniek aan my voorgeslagte, aan my kinders oorgedra. Stelling 1 reflekteer op die identiteit van die respondente, naamlik *Afrikaans is deel van my wortels, erfenis en kultuur. Dit is MY taal.*

Daar is 49 (73%) respondente wat aangedui het dat hulle **sterk** met die stelling saamstem; hulle identifiseer met die taal. Verder stem 12 (18%) respondente saam, 5 (7%) voel neutraal teenoor die stelling, 1 (1%) stem deels saam met die stelling, en geen respondente het glad nie saamgestem nie.


Die algehele hoogste gemiddelde telling weerspieël die oortuiging dat die respondente Afrikaans as deel van hul wortels, erfenis en kultuur ervaar en dat hulle met Afrikaans identifiseer.



Grafiek 12: Afrikaans is deel van my erfenis

| Descriptive Statistics (Spreadsheet in Untitled form (Responses)) | | | | |
|--|-----------------|----|------------------------|----------------------------|
| Effect | Level of Factor | N | Deel van Erfenis Mean. | Deel van Erfenis Std. Dev. |
| | | | | |
| Total | | 66 | 4,62 | 0,7 |
| provinsie | Gauteng | 29 | 4,41 | 0,91 |
| provinsie | Wes-Kaap | 37 | 4,78 | 0,42 |


6. Resultate van die stelling: Afrikaans is 'n kragtige taal met baie moontlikhede



Grafiek 13: Afrikaans is 'n kragtige taal met baie moontlikhede

Van alle respondente het 33 (49%) aangedui dat hulle sterk met die stelling saamstem, 26 (39%) stem saam, 2 (3%) voel neutraal teenoor die stelling, 4 (6%) stem deels saam met die stelling, en 2 respondente (3%) stem glad nie saam nie.

- Die finale stelling: Afrikaans het ekonomiese waarde en dit bied baie werksgeleenthede.



Die suggestie hier aan Grafiek 14: Afrikaans het ekonomiese waarde en bied werksgeleenthede

Op die laaste stelling het 24 respondente (36%) aangedui dat hulle sterk daarmee saamstem, 28 (42%) van die respondente het saamgestem, 10 (15%) voel neutraal teenoor die stelling, 4 (6%) stem deels saam met die stelling en 1 respondent (1%) het glad nie saamgestem nie.

9. Resultate en bespreking

Die bevindings word in die volgende volgorde aangebied en bespreek: Eerstens word die stellings bespreek wat 'n Ja- of Nee-antwoord vereis. Daarna word respondente se antwoorde op die “oop” vrae bespreek en laastens die resultate op die stellings oor erfenis en identiteit om die verhouding te bepaal tussen die Afrikaanse taal, die respondente en die oordrag daarvan aan hul kinders. Die resultate van hierdie drie afdelings, soos dit op die houdings ten opsigte van Afrikaans betrekking het, word dan saam bespreek.

Die resultate dui daarop dat die respondente se moeder- of huistaal hoofsaaklik Afrikaans is, met 91% wat bevestigend geantwoord het op die vraag of Afrikaans hul moeder- of huistaal is. Daarenteen is die respondente wat nie Afrikaans as moeder- of huistaal gebruik nie slegs 9%.

Die gemiddelde persentasie respondente wat minderwaardig voel oor hul Afrikaans, was in Gauteng effens hoër as dié in die Wes-Kaap, hoewel meer respondente uit die Wes-Kaap aan die peiling deelgeneem het. 86,49% van die respondente het aangedui dat hulle nie minderwaardig voel oor hul Afrikaans nie. Dit dui daarop dat die meerderheid van die respondente in beide provinsies nie minderwaardig voel oor hul Afrikaans nie.

Die bogenoemde resultate toon dat die meerderheid respondente positief voel oor die Afrikaanse taal.

Van alle respondente het 50 (75%) aangedui dat Engels die moeder- of huistaal van hul kinders is, met 72,41% respondente uit Gauteng en 78,38% uit die Wes-Kaap. Dit dui op 'n oorweldigende meerderheid kinders met Engels as huistaal, veral in die Wes-Kaap, teenoor 'n kleiner maar betekenisvolle aantal kinders met Afrikaans as moeder- of huistaal. Hierdie resultate dui moontlik op 'n tendens om Engels as die primêre taal vir onderwys en kommunikasie binne hierdie gemeenskappe te aanvaar.

Die totale aantal respondente wat “Nee” geantwoord het op die vraag of Afrikaans as huis- of moedertaal aan hul nageslag oorgedra het, is 37 (55%), terwyl 30 (45%) “Ja” geantwoord het. Dit wys dat die meerderheid van die respondente in die Wes-Kaap sowel as in Gauteng, ook nie Afrikaans as moeder- of huistaal aan hul nageslag oorgedra het nie. Dit toon dus moontlik

'n neiging weg van die oordrag van die Afrikaanse taal aan die volgende generasie. Met 75% van die kinders van die respondente wat Engels as moeder- of huistaal het, en slegs 22% wat Afrikaanssprekend is, is dit duidelik dat Engels die dominante taal is.

Die bevindinge kan dui op 'n algemene tendens van taalverskuiwing weg van Afrikaans as moeder- of huistaal binne hierdie spesifieke gemeenskappe. Die moontlike afname in die oordrag van Afrikaans aan die volgende generasie, kan negatiewe gevolge hê vir die volhoubare gebruik en voortbestaan van Afrikaans as 'n moeder- of huistaal in hierdie gesinne.

In Gauteng het 55% van die respondente en in die Wes-Kaap 57% van die respondente aangedui dat hulle nie Afrikaans as moeder- of huistaal aan hul nageslag oorgedra het nie. In beide provinsies was die redes soortgelyk. Die meerderheid respondente het Engels as die aanvaarbaarste taal vir die toekoms van hul kinders beskou. Die data toon dat alhoewel die meerderheid respondente (82%) positiewe gevoelens oor Afrikaans het, hulle nie die taal as moeder- of huistaal aan hul kinders oorgedra het nie. Dit dui op 'n skeiding tussen emosionele waardering van die taal en praktiese oorwegings wat die toekoms van hul kinders beïnvloed. Engels word gesien as 'n noodsaaklike taal vir beter geleenthede, wat die beperkte oordrag van Afrikaans verklaar. Hierdie bevindings sluit aan by Anthonissen (2009) dat hoewel die ouer geslag moontlik met Afrikaans as hul moeder- of huistaal identifiseer, hulle tog verkies om dit nie aan hul kinders oor te dra nie.

Slegs 7% van die respondente het 'n negatiewe gevoel en 10% van die respondente het neutrale gevoelens oor Afrikaans. Dit dui daarop dat daar oorwegend 'n sterk waardering en positiewe houding teenoor die Afrikaanse taal is en slegs 'n klein hoeveelheid is wat negatieweit teenoor die taal ervaar.

Op die stelling dat meertaligheid belangrik is, het 99% van die respondente daarmee saamgestem. Tog het hulle in die vraelys aangedui dat hul kinders Engelssprekend is en 55% het aangedui dat hulle geensins die Afrikaanse taal aan hul kinders oorgedra het nie.

Die meerderheid respondente voel dat kinders wat in hulle moeder- of huistaal, Afrikaans, skoolgaan, nie 'n agterstand het nie. 'n Oorgrote meerderheid respondente het ook saamgestem met die stelling dat Afrikaans ekonomiese waarde het en dat dit baie werksgeleenthede bied.

Die positiewe gevoelens van die respondente teenoor Afrikaans word verder gesien wanneer 73% van hulle sterk saamgestem het dat Afrikaans deel is van hul wortels, erfenis en kultuur, en hulle dit as "hulle taal" beskou. 'n Verdere 18% het saamgestem met die stelling, wat die totale persentasie respondente wat 'n positiewe verbintenis met Afrikaans het tot 91% verhoog. Slegs 7% van

die respondente is neutraal oor die stelling, en 1% stem deels saam. Niemand het glad nie saamgestem nie.

Die data dui daarop dat die meeste respondente 'n sterk verbintenis met Afrikaans het. Hulle beskou Afrikaans as 'n integrale deel van hul identiteit en erfenis. Alhoewel daar 'n sterk positiewe gevoel oor Afrikaans is, is dit belangrik om te let dat hierdie gevoelens nie altyd ooreenstem met die oordrag van die taal aan hul nageslag nie, soos vroeër geanaliseer.

Die meerderheid van die respondente (88%) stem sterk saam dat Afrikaans 'n kragtige taal is met baie moontlikhede. Dit dui op 'n diepgaande erkenning van die taal se sterkte en waarde.

10. Gevolgtrekkings

Die meerderheid van die respondente het 'n sterk positiewe verbintenis met Afrikaans en beskou dit as 'n belangrike deel van hul wortels, erfenis en kultuur. Hierdie positiewe gevoelens lei nie noodwendig tot die oordrag van Afrikaans aan hul kinders nie, maar dui op 'n kulturele waardering vir die taal.

Die resultate toon 'n oorweldigende verwerping van die stelling dat Afrikaans as moeder- of huistaal waardeloos is, met 78% respondente wat glad nie saamstem nie. Die meerderheid van die respondente het egter steeds nie die taal as moeder- of huistaal aan hul kinders oorgedra of hul kinders in Afrikaans laat onderrig ontvang nie. Dié teenstrydigheid dui op 'n skeiding tussen konseptuele waardering, wat deur data ondersteun word, en praktiese toepassing. Die sterk waardering vir Afrikaans as moeder- of huistaal is duidelik teenstrydig met die feit dat die taal nie aan die volgende generasie oorgedra word nie. Hoewel dit verskeie implikasies vir die volgende generasie se assosiasie met die taal het, kan dit egter verklaar word deur praktiese oorwegings, soos in antwoorde verskaf deur respondente.

Die meeste respondente beskou Afrikaans sterk as 'n erfenistaal, met 70% wat saamstem of sterk saamstem met die stelling. Hierdie verbintenis met Afrikaans dui op 'n sterk erfenis, ondanks die praktiese uitdagings wat die oordrag van die taal aan toekomstige generasies kan bied. Alhoewel die sterk waardering vir Afrikaans as 'n erfenistaal positief is, is die beperkte oordrag van Afrikaans aan die volgende geslag 'n uitdaging. Sonder voldoende blootstelling en onderrig kan die volgende generasie sukkel om met die taal te assosieer en die rykdom van hul kulturele erfenis ten volle te ervaar.

Respondente mag dalk Afrikaans as 'n kragtige taal en belangrike deel van hul kulturele identiteit beskou, maar nie noodwendig as 'n praktiese identiteitsmerker vir hul kinders nie. Dit is gesien in die data wat 'n

oorweldigende positiewe erkenning van Afrikaans as 'n kragtige taal onder die respondente toon, met 88% wat saamstem of sterk saamstem met die stelling. Dit dui daarop dat Afrikaans steeds deel kan wees van die kulturele identiteit van mense, maar hierdie verbintenis kan dalk oppervlakkig wees as dit nie ondersteun word deur aktiewe taalgebruik nie.

Die huidige teenstrydigheid in die waardering van Afrikaans en die beperkte oordrag aan die volgende generasie het verskeie potensieële implikasies vir die toekoms van die taal. Afrikaans word steeds beskou as 'n belangrike identiteitsmerker, maar die praktiese toepassing daarvan in die alledaagse lewe en onderwys is beperk. Praktiese oorwegings soos die voordele van Engels in 'n globale konteks lei tot 'n voorkeur vir Engels, wat 'n verskuiwing van taalgebruik teweegbring. Die gebruik van Afrikaans sal moontlik afneem oor tyd, met minder mense wat die taal as hul eerste taal beskou of dit vlot gebruik.

Daar is tekortkominge in hierdie navorsing – dit is nie moontlik om vaste gevolgtrekkings uit slegs een opname te maak nie en dit sal nodig wees om opvolgonderhoude met respondente te voer. Die hoofgevolgtrekking, op grond van die statistieke en analyses in hierdie artikel, is dat daar 'n definitiewe taalverskuiwing plaasgevind het. Die voorkeur vir Engels as medium van onderrig en vir internasionale geleenthede dui daarop dat baie ouers Engels bo Afrikaans verkies, ten spyte van hul waardering vir Afrikaans. Alhoewel respondente Afrikaans as 'n kragtige taal beskou en sterk daarmee identifiseer, dra hulle dit nie altyd oor aan hul kinders nie. Dit dui op 'n verskuiwing in die praktyk van taalgebruik binne gesinne. Die teenstrydigheid in waardering en praktiese oordrag wys dat daar 'n bewuste keuse gemaak word om Engels bo Afrikaans te gebruik in die alledaagse lewe en onderrig van hul kinders. Met die afname in die gebruik van Afrikaans kan unieke kulturele aspekte wat aan die taal verbonde is, verlore gaan. Jonger generasies kan sukkel om 'n sterk Afrikaanse identiteit te ontwikkel as die taal nie aktief in hul daaglikse lewe gebruik word nie. Dit kan negatiewe gevolge hê vir die volhoubare gebruik en voortbestaan van Afrikaans as 'n moeder- of huistaal in hierdie spesifieke gemeenskap. Die afname in die oordrag van Afrikaans kan ook lei tot 'n verminderde aantal moeder- of huistaalsprekers in toekomstige generasies, wat die bewaring van die taal kan beïnvloed.

'n Artikel deur Posel en Zeller (2015) handel oor taalverskuiwing en 'n toenemende neiging na tweetaligheid in Suid-Afrika, wat gebaseer is op sensusdata van 1996, 2001 en 2011. Hulle bevind dat die sensusopname die mense se voorkeure na tweetaligheid uitlig, en nie noodwendig taalverskuiwing tot gevolg gehad het nie. My navorsing se resultate is egter in teenstelling

met die genoemde bevinding van Posel en Zeller (2015), aangesien die artikel 'n duidelike taalverskuiwing vanaf Afrikaans na Engels in die bruin middelklasgemeenskap aandui. Soos kenmerkend van taalverskuiwing, en soos genoem, gebruik hul nageslag eerder Engels in hul daaglikse lewe, aangesien Afrikaans nie konsekwent aan hul nageslag oorgedra is nie.

As al die resultate en bevindings in ag geneem word, word twee spesifieke tendense deur hierdie artikel onthul. Eerstens wys die resultate dat die respondente Afrikaans as 'n belangrike deel van hul eie kulturele identiteit beskou en waarde aan die taal heg, maar nie noodwendig as 'n praktiese identiteitsmerker vir hul kinders nie. Tweedens toon die resultate ook die teenstrydigheid, soos reeds genoem in die inleiding tot hierdie artikel, in 'n oorwegend positiewe houding van die respondente teenoor Afrikaans en die werklike gebrek aan oordrag van die taal aan hul nageslag.

Slegs 3 van die 67 respondente het geantwoord dat hulle Afrikaans aan hul kinders oorgedra het om hul "erfenis" of die Afrikaanse taal te bewaar. Die woord 'erfenis' het drie keer voorgekom wat bevestig dat die behoud van kulturele en taalerfenis nie 'n hoë prioriteit is vir die meerderheid deelnemers aan hierdie steekproef nie.

Ander respondente se antwoorde het ingesluit:

- *Daar is nie 'n toekoms vir Afrikaans nie. Tydens die 90's was daar 'n sterk oorgang na Engels. Engels was ook meer algemeen, om multikulturele en ook veeltaligheid in mindergegoede gebiede op gelyke vlak te bring om 'n beter kans op vooruitgang nasionaal te hê.*
- *Sekere "Afrikaner"-organisasies gebruik dit om gemeenskappe op grond van etnisiteit onderling te verdeel en integrasie te ondermyn.*
- *My gevoel tot Afrikaans is ambivalent. By dae voel ek positief, en op sekere dae voel ek negatief.*
- *Ek voel negatief omdat diegene wat voorheen die bevoorregtes was nog steeds so teenoor ander mense optree en voel. Dit maak my kwaad. Dan wil ek glad nie Afrikaans praat nie. Die meerderwaardigheid laat 'n slegte smaak in my mond.*
- *Ek wil nie met Afrikaans of die Afrikaners geassosieer word nie.*

Afrikaans is dus aan die kwyn in dié groep. Dit is egter te vroeg om van 'n algehele taalverskuiwing te praat, waartydens die hele gemeenskap van identiteit wil verander. Daar is ook 'n beduidende poging van 'n kleiner groep bruin Afrikaanssprekendes om veeltaligheid te bevorder en om die diversiteit van tale en kulture in Suid-Afrika te erken en te respekteer.

Ten opsigte van die twee navorsingsvrae wat die artikel rig, bespreek en analiseer ek ten slotte die artikelresultate.

1. Is daar definitiewe faktore wat 'n rol speel in die taalverskuiwing weg van Afrikaans in die bruin middelklasgemeenskap?

Ja, die resultate van die artikel dui op verskeie faktore wat tot die taalverskuiwing weg van Afrikaans in die bruin middelklasgemeenskap bydra. Die feit dat slegs 3 van die 67 respondente genoem het dat hulle Afrikaans aan hul kinders oorgedra het om hul erfenis te bewaar, dui daarop dat taalbehoud nie 'n hoë prioriteit is vir die meerderheid van die respondente nie. Volgens Hong et al. (2001: 281) kan taalkeuse weerspieël hoe individue hul groepsidentiteit sien. Die oorskakeling na 'n ander taal, soos Engels, kan dui op 'n veranderende of nuwe identiteit wat meer in lyn is met globale of ekonomiese oorwegings. Engels word beskou as 'n meer praktiese taal, gegewe die groter ekonomiese en opvoedkundige geleenthede wat dit bied en dit is 'n belangrike faktor in die besluite van ouers in die bruin middelklasgemeenskap.

2. Watter implikasies hou taalverskuiwing in vir Afrikaans as 'n identiteitsmerker vir die bruin middelklasgemeenskap?

Dit dui op 'n breër tendens van taalverskuiwing wat nie noodwendig gedryf word deur 'n bewuste poging om taalerfenis te bewaar nie. Die artikel onthul ook dat praktiese oorwegings, soos beter ekonomiese en onderwys- en opleidingsgeleenthede, 'n belangrike rol speel in die besluit om Engels eerder as Afrikaans aan hul kinders oor te dra. Dit beklemtoon die pragmatiese benadering van ouers in die bruin Afrikaanse middelklasgemeenskap wat hul kinders se toekomsprioriteite bo kulturele behoud stel. Die enkele gebruike van die woord "erfenis" in die respondente se antwoorde dui op 'n afname in kulturele bewustheid of die waarde wat aan die behoud van kulturele erfenis geheg word. Dit impliseer ook dat die behoud van die taal nie as 'n bron van trots of belangrikheid gesien word nie.

Die navorsing wat uit hierdie artikel voortspruit, sluit aan by hipotese 2 in die inleiding, wat daarop neerkom dat daar geen definitiewe verband tussen taal en identiteit is nie en ook met die siening van Hong et al. (2001) wat sê dat taalvoorkeure 'n manier is waarop sprekers hul identifisering van 'n groep

toeken, aanvaar of afwys. Dit verklaar dan ook die afwaartse tendens in persone wat Afrikaans praat (vanaf 14,5% in 1996 tot 10,6% in 2022) volgens Statistiek SA se Algemene Huishoudelike Opname (GHS)-verslag (Maluleke, 2022).

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Adhikari, M.** 2006. Hope, fear, shame and frustration: Continuity and change in the expression of Coloured Identity in white supremacist South Africa 1910-1994. *Journal of Southern African Studies* 32(3): 467-487.
- Adhikari, M.** 2013. *Burdened by Race: Coloured Identities in Southern Africa*. Cape Town: UCT Press.
- Anthonissen, C.** 2009. Bilingualism and language shift in Western Cape communities. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS* 38: 61-76.
- Blignaut, J. en Lesch, H.** 2014. 'n Ondersoek na die taalgebruik in *Son* as verteenwoordigend van Kaapse Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS* 45:19-41.
- Brown, R.L.** 2018. In South Africa, a push to reclaim an Afrikaans as diverse as its speakers. *The Christian Science Monitor* 23 Maart. <https://www.csmonitor.com/World/Africa/2018/0323/In-South-Africa-a-push-to-reclaim-an-Afrikaans-as-diverse-as-its-speakers>. (Datum van gebruik: 24 September 2022).
- Castles, S. en Miller, M.J.** 1998. *The Age of Migration. International Population Movements in the Modern World*. London: MacMillan Press Ltd.
- David, M.K., Channa, L.A., Manan, S.A. en Dumanig, F.P.** 2020. Language shift and ethnic identity: Focus on Malaysian Sindhis. *IARS International Research Journal* 10(1): 1-6.
- Dyers, C.** 1997. An investigation into current attitudes towards English at the University of the Western Cape. *Perlinguam Journals* 29-38.
- Dyers, C.** 2008. Language shift or maintenance? Factors determining the use of Afrikaans among some township youth in South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics* 38: 49-72.
- Fortuin, E.** 2009. Language shift from Afrikaans to English in "Coloured" families in Port Elizabeth: Three case studies. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Garvin, P.L. en Mathiot, M.** 1968. The urbanization of the Guarani language: A problem in language and culture. In: Fishman, J.A. (ed.) *Readings in the Sociology of Language Berlin*, Boston: De Gruyter.

- Grin, F. 2003. *Language Policy Evaluation and the European Charter for Regional Minority Languages*. London: Palgrave Macmillan.
- Hino, H., Leibbrandt, M., Machema, R., Shifa, M. en Soudien, C. 2018. Identity, inequality and social contestation in the Post-Apartheid South Africa. *Saldru Working Paper* 233 (1): 1-31.
- Hong, Y., Ip, G., Chiu, C., Morris, M.W. en Menon, T. 2001. Cultural identity and dynamic construction of the self: Collective duties and individual rights in Chinese and American cultures. *Social Cognition* 19(3): 251-268.
- Jordaan, A.M. 2004. Mites rondom Afrikaans. Ongepubliseerde DLitt-tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kandler, A. en Steele, J. 2017. Modeling language shift. *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America (PNAS)* 114(19): 4851-4853.
- Khan, J.F. 2018. "So, what are you?" Analysing erasure, shame and (mis)-appropriation of Coloured narratives in South Africa through social media. Ongepubliseerde MA-tesis. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.
- Le Page, R.B. en Tabouret-Keller, A. 1985. *Acts of Identity: Creole-based Approaches to Language and Ethnicity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- MacNeil, R. 2012. *Literature Review: Language Attitudes*. Bartleby Research. <https://www.bartleby.com/essay/Literature-Review-Language-Attitudes-F3CSFJN9JPLL5>. (Datum van gebruik: 12 Januarie 2021).
- Maluleke, R. 2022. General household survey 2022. South Africa: Statistics South Africa. <https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/GHS%202022%20Presentation.pdf>. (Datum van gebruik: 12 Januarie 2023).
- Milenkova, V. en St. Peicheva, D. 2017. Middle class and the importance of education. Socio-cultural and political aspects. *Sectio K* 24(1): 57-72.
- Neethling, D. 1998. Language attitudes and identity – Influences on language use among two coloured communities in Kensington-Factreton. Ongepubliseerde MA-tesis. Cape Town: University of Cape Town.
- Ostler, N. 2011. *The last Lingua Franca English until the Return of Babel*. London: Allen Lane.
- Petrus, T. en Isaacs-Martin, W. 2012. The multiple meanings of Coloured identity in South Africa. *Africa Insight* 42(1): 87-102.
- Pfaff-Czarnecka, J. 2011. *From "identity" to "belonging" in social research: Plurality, social boundaries, and the politics of the self*. Working Papers in Development Sociology and Social Anthropology 368. Bielefeld: Bielefeld University.

- Posel, D. en Zeller, J. 2015. Language shift or increased bilingualism in South Africa: Evidence from census data. *Journal of Multilingual and Multicultural Development* 37(4): 357-370.
- Savedra, M.M.G., Rosenberg, P. en Macedo, A. 2021. Language and ethnicity among coloured students in Cape Town. *Gragoatá* 26(54): 380-404.
- Schmidt, V.A. 2008. Discursive institutionalism: The explanatory power of ideas and discourse. *Annual Review of Political Science* 11: 303-326.
- Steyn, J. en Duvenhage, A. 2011. Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: tendense en toekomspektiewe. *LitNet Akademies* 8(3): 196-242.
- Trotter, H. 2020. *Cape Town: A Place between*. South Africa: Penguin Random House.
- University of Groningen. 2023. Multilingual Practices: Tackling Challenges and Creating Opportunities. <https://www.futurelearn.com/courses/multilingual-practices>. (Datum van gebruik: 22 Januarie 2024).
- Vearey, J., Kulsén, A., Saal, E. en Odendaal, G. 2022, April 30. Vele tongvalle, een taal. In: Jakes Gerwel Foundation (ed.), *Suidoosterfees 2022: Jakes Gerwel discussions*. Cape Town: Artscape Theater.

Note

- i. Hierdie artikel is gebaseer op die navorsing vir my magistergraad aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Afrikaans en Nederlands
1. Khan (2018: 5) noem die kategorie 'kleurling' het amptelik as 'n rasseklassifikasie ontstaan kragtens die Wet op Bevolkingsregistrasie en rasseklassifikasie van 1950 en is deur die Nasionale Party afdedwing as 'n oorkoepelende kategorie wat ander subhiërargieë insluit. Ek verkies die term 'bruin mense' bo dié van 'kleurling', omdat laasgenoemde so polities gelaai is.
2. Dit is belangrik om daarop te let dat die definisie van die middelklas kan wissel afhange van die konteks, soos die ekonomiese situasie van 'n land, die lewenskoste, sosiale norme en ander faktore. Daarom kan die konsep van die middelklas in verskillende lande en kulture verskillende betekenisse hê.
3. Alhoewel sommige navorsers 'n onderskeid tussen huistaal en moedertaal tref, beskou ek die terme as sinonieme in hierdie studie.
4. Die term 'werkersklas' verwys na 'n sosiale groep binne 'n samelewing wat gewoonlik afhanklik is van betaalde arbeid vir hul lewensonderhoud. Werkersklasmense het gewoonlik 'n laer inkomstevlak en verrig gewoonlik arbeid wat nie hoogs geskoolde kwalifikasies vereis nie. Die werkersklas speel 'n belangrike rol in die ekonomie en samelewing, aangesien hulle die arbeidskrag verskaf wat die ruggraat van baie industrieë en dienste vorm.

5. Dit is iemand se posisie of aansien in verhouding tot die mense rondom hom of haar. Sy/haar maatskaplike posisie of stand. Middelklas-huishoudings het tipies 'n inkomste wat hulle in staat stel om 'n redelike lewenstandaard te handhaaf. Middelklas mense woon dikwels in veilige woonbuurte, het toegang tot goeie skole en gesondheidsorg, en het die vermoë om vir hul kinders se onderwys te betaal. Hulle het ook dikwels 'n mate van finansiële sekuriteit en kan spaargeld of bates hê.
6. Ek het die nodige etiese toestemming van die Universiteit Stellenbosch se Navorsingsetiekkomitee (NEK) ontvang. Ek het verseker dat alle protokolle en prosedures wat in die artikel gebruik is, in ooreenstemming is met die etiese riglyne.
7. Sosiale klas verwys na die onderskeiding gebaseer op ekonomiese en sosiale status. Mense in dieselfde sosiale klas deel tipies 'n soortgelyke vlak van rykdom, opvoedkundige prestasie, werk en inkomste.
8. Dit is statisties ontleed deur die Sentrum vir Statistiese Konsultasie, Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.

Houdings teenoor Afrikaans in Namibië circa 1780-2024¹

Nicolette Harmse Steyn²

Attitudes towards Afrikaans in Namibia circa 1780-2024

This article discusses attitudes towards Afrikaans in Namibia between 1780 and 2024. Some attitudes towards Afrikaans in South Africa and elsewhere are also discussed. Given the chequered history of Afrikaans in Namibia, it is to be expected that a range of attitudes and perceptions regarding Afrikaans have existed and still exist among its speakers as well as among non-speakers who are in contact with the various groups within its speech community. After three decades of Namibian independence, these attitudes remain largely undocumented. Therefore, this study, on which the article is based, aimed to document these attitudes. Although, over the years, there have been various and varied attitudes towards Afrikaans, the language has remained strong and even thrives in the midst of it all.

1. Inleiding

In hierdie artikel beoog ek om 'n oorsig te gee oor houdings teenoor Afrikaans in Namibië tussen 1780-2024.

Daar word eerstens aandag gegee aan wat 'n houding, en meer spesifiek 'n taalhouding, is. Daarna word kortliks gekyk na die vestiging van Afrikaans in Namibië, gevolg deur 'n diepgaande ondersoek na spesifieke houdings teenoor Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884 (nog voor die koloniale tydperk). Die soeklig val ook op die kriteria wat gebruik is om Namibië se amptelike taal te bepaal, asook verskeie veranderinge rakende Afrikaans in Namibië sedert onafhanklikheidswording in 1990.

Taalhoudings oor Afrikaans in Namibië ná onafhanklikheidswording is ook bestudeer. Daar bestaan 'n noue band tussen Afrikaans in Namibië en Afrikaans in Suid-Afrika en juis daarom is houdings teenoor Afrikaans in Suid-Afrika (en selfs elders in die wêreld) van belang en word daar na enkele van hierdie betrokke taalhoudings gekyk.

Verder word daar gefokus op die resultate van my taalhoudingstudie wat in 2020 gedoen is via 'n gerieflikheidssteekproef en vraelys (Harmse, 2022: 66-92). Die laaste item (37) in die vraelys het 'n geleentheid vir die respondente gebied om anoniem kommentaar te lewer rakende die vraelys, studie of tale. Enkele opmerkings word bespreek.

2. Wat is 'n houding?

Bohner en Wanke (2002: 5) stel die volgende werksdefinisie vir die term 'houding' voor: 'n evaluering van 'n voorwerp of gedagte. Verder verduidelik Eagly en Chaiken (1993: 2) dat 'n houding 'n hipotetiese konstruk is, wat nie direk waarneembaar is nie, maar afgelei kan word uit waarneembare antwoorde. Houdings kan gevolglik 'n kennisfunksie vervul omdat dit die individu toelaat om sin te maak van die wêreld, dit voorspelbaar te maak of te voel dat hy/sy effektief funksioneer (Erwin, 2001: 11). Die entiteite wat gevolglik ondersoek en evalueer word, staan bekend as 'houdingsobjekte' en omvat houdings teenoor voorwerpe, individue, instellings, gebeure en abstrakte idees (McKenzie, 2010: 25). In die geval van hierdie studie is dit houdings teenoor abstrakte idees en gebeure wat ondersoek en geëvalueer word, naamlik taal as 'n konstruk en die geskiedenis en sosiale aard daarvan (gebeure wat die taal tot stand gebring het en steeds veranderinge voortbring).

3. Wat is 'n taalhouding?

Houdings kan nie direk waargeneem word nie, maar word gedemonstreer deur werklike gedrag, byvoorbeeld hoe mense die sprekers van ander tale behandel (vermy/benader), asook in hulle begeerte (of nie) om 'n ander taal aan te leer (SIL International, 2018). 'n Taalhouding is 'n individu of 'n groep se evaluering van 'n taal waarin sy/haar voorkeure en afkeure van die spesifieke taal waargeneem kan word.

Volgens Fishman en Rubal-Lopez (1992: 310) kan houdings teenoor taalvariëteite 'n invloed hê op die mate waarin sekere groepe (soos sprekers van streeksdialekte of minderheidstale) aan hoër onderwys deelneem of werkseleenthede beïnvloed. Taalhoudings kan verder bepaal of en in watter mate tale of dialekte versprei of verval. Dit kan gemeet word aan die geografiese verspreiding en omvang van die gebruik van die taal, asook aan die individu se houding teenoor die gebruik daarvan. 'n Studie oor taalhoudings is belangrik in 'n multitalige land soos Namibië, aangesien dit 'n aanduiding kan gee van die moontlike voortbestaan en verspreiding van tale en die geassosieerde kulture.

4. Afrikaans as 'n taal in Namibië

4.1. Die vestiging van Afrikaans in Namibië

Die Oorlams het in die tydperk van 1780-1860 na Suidwes-Afrika/Namibië

[hierna Namibië] gekom en in vyf groepe verdeel – die Afrikaners, afkomstig uit die Hantam, het hulle aanvanklik noord van die Oranjerivier gevestig, terwyl 'n ander deel van die groep weggebreek het en hul naby Windhoek gaan vestig het. Twee ander groepe het hulle onderskeidelik by Bethanie en aan die Nossob gaan huisves. Die vierde groep was ook afkomstig van Bethanie en die vyfde groep van Gibeon (Stals en Ponelis, 2001: 12). Volgens Stals en Ponelis (2001: 12) was die Oorlams basies Koi wat die “Hollandse taal geken het, sekere begrippe van die Christelike geloof aanvaar het en vaardig in die gebruik van vuurwapens, perde en ossewaens was”.

Daarna het Hollands-Afrikaanssprekende Transvaalse trekboere in die noorde en trekboere vanuit die Kaapkolonie die suide van Suidwes-Afrika/Namibië binnegekom.

Gedurende die 19de eeu was daar verskeie streke en gemeenskappe in Namibië waar Hollands-Afrikaans 'n groterige “gebruikersbasis verkry” het en gevolglik deur die invloed van inheemse owerhede en sendelinge 'n “omgangs- sowel as onderwys- en regeringsfunksie ontwikkel het” (Stals en Ponelis, 2001: 13). Verder word daar onderskeid getref tussen die “informele vestiging en gebruik van die taal as spreektaal van mense”, en die “formele vestiging en gebruik daarvan deur die doelbewuste aanleer en aanwending van die taal” (Stals en Ponelis, 2001: 13).

'n Groter behoefte om te kommunikeer, het ontstaan namate al meer nuwe aankomelinge Namibië betree het. Hierdie aankomelinge het bestaan uit toevallige ontdekkingsreisigers, bewegende landverhuisers soos die “Oorlams en Basters”, sendelinge, handelaars en jagters, sowel as Duitse onderhandelaars (Stals en Ponelis, 2001: 76).

Die gevestigde inwoners en die nuwe inkomelinge het op drie wyses gekommunikeer. Hulle kon direk met mense in hulle moedertaal praat, het inheemse tale aangeleer, of gebruik gemaak van tolke. Al hoe meer mense het in skole en aan die Augustineum Hollands-Afrikaans aangeleer. Stals en Ponelis (2001: 82) verduidelik dat die “toevloei van Hollands-Afrikaanse moedertaalsprekers uit die Kaapkolonie sosiale onderbou verskaf het om verkeer oor etniese grense heen moontlik te maak”.

Hollands-Afrikaans het in die 19de eeu op laer en hoër vlakke in die Namibiese samelewing gefunksioneer. Die sprekers het die taal by hul leefwyse en landstreek aangepas en gebruik om na rigting of 'n pad te vra, stories te vertel, handel te dryf en sommer net om te gesels. Die sendelinge en leiersfigure was van mening dat “Hollands-Afrikaans die mees funksionele [taal] binne die taal-sosiologiese opset van die land sou wees” (Stals en Ponelis, 2001: 93). Die skole, kerke, formele korrespondensie en wette was gevolglik alles steeds in Hollands.

4.2. Houdings teenoor Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884

Daar is verskeie faktore wat mense se houding teenoor 'n taal bepaal, naamlik is dit hul moedertaal; is dit net 'n “gebruikerstaal” wat die “beeld [is] van die gemeenskap wie se moedertaal dit is”; het dit ontwikkel tot 'n “taal met 'n eie grammatika, letterkunde en wetenskaplike literatuur”; is dit 'n “middel tot wyer bemagtiging of is dit net tot 'n groep beperk”; het dit 'n “erkende status in onderrig, wetgewing en handel”? (Stals en Ponelis, 2001: 107).

Al die bogenoemde faktore was volgens Stals en Ponelis (2001) in Namibië teenwoordig. Verskeie inwoners se moedertaal was Hollands-Afrikaans; dit was die gebruikstaal van nog meer mense en die inwoners het toegang gehad tot Nederlandse letterkunde en literatuur en mense kon oor “groepsgrense heen kommunikeer” (Stals en Ponelis, 2001: 107). Hollands-Afrikaans het ook die taal van onderrig, wetgewing en handel geword. Die buitelanders (sendelinge en handelaars), asook die burgers self, het verskeie houdings teenoor Hollands-Afrikaans gehad. Van hierdie houdings sluit die sendeling J.H. Schmelen, wat met 'n Namavrou getroud was, se siening in dat dit onrealisties is dat tale soos Hollands en Engels as algemene gebruikstaal beskou word onder die mense van Groot Namakwaland, want Nama is reeds te sterk gevestig daar (Stals en Ponelis, 2001: 109). J.G. Krönlein meld dat die mense in die Namakwa en suid van die Grootrivier, ná ses dekades van sendingwerk steeds net die Namataal praat en soms 'n klein bietjie “Boer-Hollands” (Stals en Ponelis, 2001: 109). Krönlein het 'n afkeer van die Hollandse taal gehad en op 'n keer die volgende uitspraak gemaak: “Hoe beeldryk en welluidend is die egte Namakwataal nie! Hoe sierlik en oorspronklik is die konstruksie daarvan nie teenoor die Hollands-verbasterde Oorlamtaal nie” (Stals en Ponelis, 2001: 109).

Mettertyd was C. Hugo Hahn van mening dat die Namas eerder Hollands moet aanleer omdat die Nama nie “uit eie beweging tot mense van wet en orde sou ontwikkel” nie (Stals en Ponelis, 2001: 111). Dus sou Hollands 'n goeie bydrae lewer tot hul opvoeding en vooruitgang na 'n meer geordende gemeenskap. Selfs Krönlein het later toegegee en gesê (Stals en Ponelis, 2001: 111):

Dit is 'n geval van teen die stroom swem as 'n mens op die suiwer Namataal aandring.

Dit is onteenseglik van groot nut, en dien tot verbreding van die uitkyk by jonk en oud, dat hulle in albei tale onderrig word. Vir die oordraging van die heilswaarhede moet Nama egter deurgaans op die voorgrond bly.

Hererohoofde het vir Britse beskerming gevra, maar ten spyte daarvan het “Duitse onderhandelaars die gebied in 1884 en 1885 inbeweeg en beskermingsverdrae met die hoofde van Nama- en Hereroland gesluit” (Stals en Ponelis, 2001: 114). Laasgenoemde het die taalsituasie beïnvloed en gevolglik is Engels na die agtergrond gedryf en Duits het die “sanksie as die eerste amptelike taal van Namibië” gekry (Stals en Ponelis, 2001: 114). Die toekoms van die gevestigde inheemse tale, Hollands-Afrikaans ingesluit, sou deur die praktyk bepaal word en nie deur die owerheidsmaatreëls nie (Stals en Ponelis, 2001).

Die buitelanders het meestal hul menings op skrif gestel, terwyl die burgers nie hierdie voorreg gehad het nie, en hulle kon gevolglik ongelukkig nie op dieselfde sanksie vir hulle “menings en versugtinge” reken nie (Stals en Ponelis, 2001: 114).

Volgens Stals en Ponelis (2001: 116) kon groepe soos die Herero, Ovambo en Damara Hollands goed lees en verstaan, maar hulle het nie Hollands in die plek van hulle eie moedertale en algemene kommunikasie verkies nie. Die situasie onder die Namas was “effens anders en ingewikkelder”. Die Namas het later Hollands bo moedertaalonderrig verkies.

Die Namas se begeerte om Hollands te leer, was nie noodwendig hoofsaaklik die gevolg van ’n haat teenoor hul moedertaal nie, maar eerder omdat hul ’n behoefte het om deur Hollands toegang te kry tot Christelike godsdiens, lees, skryf en handel met smouse (Stals en Ponelis, 2001: 117).

Die Damaras en Herero’s het egter nie uitgesproke standpunte oor tale gehad nie en het hul onderskeie moedertale “met trots gebruik” (Stals en Ponelis, 2001: 119).

Die taaldebate, wat hieruit gespruit het, het deur drie fases gegaan (Stals en Ponelis, 2001: 118):

1. Aanvanklik was sendinggenootskappe van mening dat Hollands ’n geskikte medium vir lering en onderwys was, maar hul het later ook die mening gehad dat hulle makliker tot gemeenskappe kan deurdring indien hulle hul moedertale aanleer.
2. Naderhand het sekere sendelinge hulle daaraan toegewy om tussen Namasprekendes wat verkies het om in Hollands onderrig te word, ’n trots vir hul eie taal te skep. Hulle het laasgenoemde bewerkstellig deur taalstudie, prediking en ’n Nama-literatuur te skep.
3. Daar het ’n kompromie ontstaan tussen die feit dat moedertaal belangrik en noodsaaklik was as ’n algemene taal vir die hoër funksies, asook vir kommunikasie in die breë samelewing.

4.3. Namibië (destyds Suidwes-Afrika) as 'n Suid-Afrikaanse mandaat

Die Duitse mandaatgebied Suidwes-Afrika is in 1915 deur die Volkebond aan Suid-Afrika gegee (Boddy-Evans, 2021). Tydens hierdie periode toe Suid-Afrika beheer oor die gebied geneem het, is Engels en Hollands as amptelike tale in die destydse Suidwes-Afrika verklaar (Stals, 2008: 18). In 1925 is Afrikaans amptelik as taal verklaar, en dit het Hollands as amptelike taal vervang. Vanaf 1948 tot selfs ná Namibië se onafhanklikwording in 1990 is veral Standaardafrikaans geassosieer met die onderdrukkende Suid-Afrikaanse apartheidsregime teen wie die nasionale bevrydingstryd gevoer is (Maho, 1998). Suidwes-Afrika is in 1968 tot Namibië hernoem (Boddy-Evans, 2021).

Tydens 'n opknappingskursus vir Afrikaans-onderwysers in 1989, gereël deur die Departement Nasionale Opvoeding (SWA/Namibië), het George Weideman 'n toespraak gelewer. Hierin het hy onder andere gepraat oor hoe mense Afrikaans in die verlede gesien het en hoe Afrikaans in 1989 ervaar word. Afrikaans is aanvanklik as “kombuistaal”, “Hotnotstaal” of “Kitchen Dutch” in Suid-Afrika beskou (Weideman, 1989: 1). Afrikaans is gekoppel aan die Eerste Taalbeweging en gesien as vryheidstaal – “spesifiek as Blanke vryheidstaal”. Volgens Weideman (1989: 1) het politieke bewegings en beweegredes die sprekers en gebruikers van Afrikaans se houding teenoor die taal beïnvloed en sodoende ook bepaal. Laasgenoemde het gelei tot die “siening van Afrikaans as onderdrukkerstaal, taal van die veroweraar of koloniseerder; eksklusiewe Blanke besit”. Later het daar protesbewegings rondom Afrikaans ontstaan – soos “alternatiewe Afrikaans” – wat vanaf 1985 bly toeneem het en 'n belangrike deel uitgemaak het van die bevrydingsproses. Dit het daartoe gelei dat 'n “vernuwende aanwending van Afrikaans” bygedra het tot groter vryheid en menswaardigheid, 'n nuwe stel waardes vir almal (Weideman, 1989: 2). Weideman (1989: 2) het geglo dat Afrikaans, op die vooraand van onafhanklikwording in Namibië, 'n “boodskap van vrede, versoening en vriendskap kan uitdra”.

Weideman (1989) het ook in sy toespraak oor Afrikaans as lingua franca in Namibië gepraat. Volgens hom was Afrikaans in 1989 die lingua franca of omgangstaal, oftewel die “winkel- en geselstaal” van 'n aansienlike deel van die bevolking in Namibië. Volgens Weideman (1989: 2) het Randall van den Heever, skrywer van die alternatiewe leesboek, *Tree na vryheid*, Afrikaans die “kletstaal” genoem. Engels sou ook die rol van lingua franca kon speel, maar Afrikaans het 'n historiese voorsprong. 'n Verdere voorsprong van Afrikaans as lingua franca was omdat die toekoms van die land meertaligheid ingehou het en 'n omgangstaal dus nog benodig sou word (Weideman, 1989).

Weideman (1989) het verder gesê dat die volle Afrikaanse taalgemeenskap deur die “nodige sensitiwiteit en toleransie vir mekaar via Afrikaans” werklik vryheid kan bekom. Dié vryheid geld van koloniseerders, asook vryheid van enige vorm van gekoloniseerde denke.

Die toespraak word afgesluit met die volgende woorde (Weideman, 1989: 6):

Dit is 'n swaar – maar ook heerlike! – taak wat op die Afrikaans-onderwysers se skouers rus: kry Afrikaans aan die beweeg! Laat die taal – wat tog in die omgang, op die skoolgrond en op straat leef – loskom van die kettings wat politici daaromheen geslaan het.

4.4. Kriteria wat gebruik is om Namibië se amptelike taal te bepaal

Voor Namibië se onafhanklikwording in Maart 1990 is die moontlike amptelike tale deur middel van verskeie kriteria teen mekaar opgeweeg om te bepaal watter taal uiteindelik Namibië se amptelike taal sou word. Die keuse van Engels is gebaseer op grond van agt kriteria, waaraan 'n gekose amptelike taal volgens SWAPO (The South West Africa People's Organization) en UNIN (United Nations Institute for Namibia) moet voldoen (Maho, 1998: 187-188). Die gekose taal moes Namibiërs verenig en moes ook vir alle Namibiërs aanvaarbaar wees. 'n Verdere kriterium was dat die gekose taal aan almal bekend moes wees. Die gekose taal moes uitvoerbaar wees, met ander woorde, dit moes prakties en ekonomies moontlik wees om die gekose taal te implementeer in die onderwys, administrasie, ensovoorts. Verder moes die gekose taal 'n taal van wye kommunikasie in feitlik alle vakgebiede van wetenskap en tegnologie wees, sowel as 'n biblioteektaal wat ryk is aan gepubliseerde materiaal om opleidings- en navorsingsprogramme binne en buite die land te vergemaklik. Dit moes ook die groei van bande tussen die Namibiese en ander progressiewe gemeenskappe in Afrika vergemaklik. 'n Taal van wyer kommunikasie, in direkte kontras met die geïsoleerdheid en beperkings van ander tale, is as noodsaaklik gesien om 'n internasionale netwerk van kommunikasie, handel en diplomatie te ontwikkel. Die gekose taal behoort een van die hooftale van die Verenigde Nasies te wees (Maho, 1998: 187-188). Uit die onderskeie tale, naamlik inheems, Afrikaans, Duits, Frans en Engels, was Engels die enigste taal wat aan al agt kriteria voldoen het en daarom tot amptelike taal verkies is (Maho, 1998: 188).

Du Plessis het in 1987 'n lesing in Windhoek aangebied waarin hy kommentaar gelewer het op die UNIN-verslag. Volgens Du Plessis (1987) blyk dit uit die UNIN-verslag dat daar drie redes was vir die verwerping van

Afrikaans as amptelike taal. Eerstens is dit omdat Afrikaans gesien is as 'n taal wat afgedwing is, of as 'n koloniale taal. Die tweede rede is vanweë die beskouing van Afrikaans as die taal van die onderdrukker. Die derde rede vir verwerping is gegrond op Afrikaans se praktiese waarde.

Die UNIN het verslag gelewer dat Afrikaans 'n taal is wat van buite af op die inwoners van die gebied afgedwing is as gevolg van die “onwettige kolonialisering van die gebied” (Du Plessis, 1987: 4). Hy is van mening dat bogenoemde bewering 'n valse aanname is, want Afrikaans is deur die Oorlams na Namibië gebring en versprei, selfs voor die aanbreek van die Duitse koloniale periode. Dus is Afrikaans nie 'n afgedwonge taal nie, want dit is nie deur die Suid-Afrikaanse mandaat aan SWA/Namibië “afgesmeer” nie (Du Plessis, 1987: 10). Afrikaans het ook nie in SWA/Namibië as koloniale taal “vastrapplek kom kry nie”, want Engels en Hollands was die amptelike tale toe SWA/Namibië as 'n mandaatgebied in 1915 deur Suid-Afrika oorgeneem is. Afrikaans het eers in 1925 amptelike status in Suid-Afrika (en sodoende SWA/Namibië) verwerf (Du Plessis, 1987: 4). Ná 1925 sou dit nog baie jare neem voordat die Suid-Afrikaanse staatsdiens eers Afrikaans word en dit is die rede waarom Du Plessis (1987: 11) sê dat Namibiërs Engels eerder met koloniserende assosieer.

Du Plessis (1987: 11) aanvaar die aanname dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is, maar hy reken dat die verslag "n belangrike deel uitgelaat het – dat Afrikaans ook die “taal van 'n beduidende deel van die onderdrukktes is”. Du Plessis (1987: 12) redeneer dat Afrikaans as 'n taal gesien kan word wat 'n groot deel van die historiese erfenis van Namibiërs uitmaak en dus 'n “integreerende deel van die nasionale persoonlikhede van Namibiërs” is. Daarom vermeld Du Plessis (1987: 12) dat die “verandering van Afrikaans na Engels” vir hom baie na “neo-kolonialisme” lyk, want Duits as alternatief vir Afrikaans sou 'n meer praktiese oplossing bied.

Die UNIN-verslag sê verder dat Afrikaans buite suidelike Afrika geen praktiese waarde het nie en daarom word dit as 'n “instrument vir isolasie en insulasie gesien” (Du Plessis, 1987: 12). Hieroor noem Du Plessis (1987: 13) drie verskillende moontlikhede wat gevolg kon word om die beperking van Afrikaans, wat nie 'n wêreldtaal is nie, te oorkom:

1. Die hele bevolking moet van moedertaal verander (laasgenoemde word deur die verslag geïmpliseer, maar nie net ten opsigte van Afrikaans nie).
2. Stel die “taal met die praktiese waarde” (dus Engels) op skool as verpligte vak in.
3. Pak die uitdagende taak van vertaling in die isolerende taal aan.

Volgens Du Plessis (1987) bevat die verslag nie die feit dat Afrikaans die moedertaal van 'n groot deel van die bevolking was vóór die mandaat en selfs voor Duitse kolonisasie nie. Du Plessis (1987) kom tot die volgende gevolgtrekking:

Ek skakel Engels as een van die moontlike amptelike tale ook nie uit nie, ek is van een ding egter oortuig: wie ook al hierdie land as onafhanklike land regeer en hoe hy dit ook al regeer – hy sal moet oorneem en hy sal moet regeer op Afrikaans!

Die Ovambo's is die grootste bevolkingsgroep in Namibië. In 1980 het 79% van Ovambo's beweer dat hulle Afrikaans verstaan, terwyl net 13% van Ovambo's in 1989 beweer het dat hulle Afrikaans kan verstaan. Die geval was egter dieselfde met Engels. In 1980 het 53% beweer dat hulle Engels kan verstaan, en in 1989 net 31%. Verder het 69% van die Ovambo's beweer dat hul geen toegang tot Engels het nie. Dit blyk dus dat die gewildheid van Engels oorskat is (Maho, 1998: 190-191). Die afnemende getalle vir Engels kan toegeskryf word aan mense wat beweer het hulle verstaan Engels, of dit nou waar is of nie, want dit het gedien as 'n simbool van weerstand teen die apartheidsstelsel, aangesien Afrikaans – wat in bykans elke formele kontaksituasie nodig was – met die onderdrukkende owerhede geassosieer is. Met die verandering van die amptelike taal van Namibië, was die aanspraak daarop om Engels te ken nie meer 'n kwessie van sosiopolitieke houdings nie, maar een van werklike bevoegdheid (Maho, 1998: 190-191). Na aanleiding van laasgenoemde, veronderstel Maho (1998: 191) dat die relatiewe negatiewe voor-onafhanklikheids houdings teenoor Afrikaans en ander inheemse tale 'n positiewe verandering in die toekoms kan ondergaan, en dat die welwillende houding teenoor Engels in 'n mate sal afneem vanaf verheerliking na 'n meer neutrale houding. Hierdie studie kan gesien word as 'n stap daarheen om dié hipotese 30 jaar later te toets, alhoewel dit nie die studie se doelwit was nie.

4.5. Veranderinge rakende Afrikaans wat onafhanklikwording vergesel het

Afrikaans het met onafhanklikheid twee groot knoue gekry, naamlik dat dit sy posisie as amptelike landstaal verloor het toe Engels gekies is, en dat moedertaalonderrig in regeringskole beperk is tot graad 1 tot 3, afhangende van die demografie van die voedingsarea van die skool. Vanaf graad 4 is Engels die onderrigtaal in alle regeringskole en daardeur is nie net talle Afrikaanssprekendes dwarsdeur die land die voorreg ontnem om in hulle

moedertaal (huistaal) graad 12 in 'n regeringskool te voltooi nie, maar die taalbeleid benadeel terselfdertyd al die inheemse tale van die land (Opperman, 2015).

Opperman (2015) verduidelik dat die Grondwet van die Republiek van Namibië voorsiening maak vir die behoud en bevordering van taal en kultuur en dit gee ook ruimte vir die vestiging van privaatskole, sonder diskriminasie op grond van ras, godsdiens en geslag, maar 'n ouergemeenskap het wetlik die reg om die etos van hulle privaatskool te bepaal. Vanweë die taalbeleid vir regeringskole het die Afrikaanse ouergemeenskap naderhand privaatskole gestig waar die volgende drie pilare as grondslag geneem is: “die Christelike etos, Afrikaans as onderrigtaal en strewe na hoë kwaliteit” (Opperman, 2015). 'n Oorkoepelende organisasie, NAVCO (Namibiese Vereniging vir Christelike Onderwys), het tot stand gekom en daar is (teen 2015) ongeveer 5300 leerders in 18 skole wat by NAVCO aangesluit het. Opperman (2015) deel verder mee dat sewe van hierdie skole “Christelike Afrikaanse privaatskole is, wat graad 1 tot matriek aanbied, terwyl die ander skole verskillende keuses oor Afrikaans, Engels en Duits as onderrigmedium gemaak het”. Opperman (2015) skryf dat die onafhanklikheidspad, waarop Afrikaans sy bevoorregte posisie verloor het, gelei het tot 'n nuwe bewuswording van taal en kultuur by talle Afrikaanssprekendes en Afrikaanse taalgebruikers. 'n Nuwe vereniging “Netwerk vir Afrikanerbelange” (Netwerk) het volgens Opperman (2015) ontstaan omdat daar 'n behoefte was om na die kultuurbates van die Afrikaner in Namibië om te sien. Die funksie van Netwerk is om die “verskillende instansies, verenigings en individue wat hulle vir die Afrikaner en die Afrikaanse saak beywer, te laat kommunikeer en koördineer” (Opperman, 2015). Namibië beskik ook oor twee privaat Afrikaanse radiostasies, 'n 24-uur Afrikaanse uitsending op die nasionale radiodiens NBC (Namibia Broadcasting Corporation) en die *Republikein* wat in Afrikaans verslag lewer. Verder vermeld Opperman (2015) dat Afrikaanse boeke, tydskrifte en musiek goed onder die bevolking verkoop, dat jong Afrikaanse entrepreneurs hulle in die besigheidswêreld gevestig het en dat Afrikaans in die landbou en toerisme 'n groot bydrae lewer. Opperman (2015) deel sy mening oor die toekoms van Afrikaans in Namibië:

Kyk en luister 'n mens oppervlakkig, wil jy positief wees oor Afrikaans in Namibië. Baie mense praat nog die taal, selfs as kommunikasietaal tussen Afrikataalgebruikers. Die Damara-bevolkingsgroep en die nuwe president Geingob is bekend as mense wat naas hulle moedertaal Damara/Nama 'n baie suiwer Afrikaans praat. Daar word nie teen Afrikaans gediskrimineer deur wetgewing of openbare teenstand nie. Afrikaans word as

vak in die regeringskole aangebied. By die Universiteit van Namibië is 'n klein Afrikaans-departement. In baie besighede en regeringskantore kan jy in Afrikaans bedien word. Afrikaans geld vir 'n groot deel van die land nog as lingua franca, deurdat dit as tweede of derde taal gebruik word.

In 'n onlangse *LitNet*-onderhoud tussen Van Heerden en Carstens (2024) deel Carstens verdere inligting oor die onderwyssituasie in Namibië rakende Afrikaans. Daar is byna 2 000 skole in Namibië waarin leerders van graad 1 tot 3 in die moedertaal onderrig word, waarna daar na Engels oorgegaan word. Gevolglik word Afrikaans in 'n beperkte mate steeds as verpligtend op junior primêre vlak in staatskole aangebied. Afrikaans op skoolvlak is verder geprivatiseer en val onder beheer van die Namibiese Privaatskole Organisasie (NAPSO) wat afhanklik is van skoolfondse om die skole volhoubaar te maak (Van Heerden en Carstens, 2024). Verder meld Carstens (Van Heerden en Carstens, 2024):

Die gevaar van slegs Afrikaans in privaatskole is wel duidelik: As Afrikaans geprivatiseer word (wat heelwat koste vir ouers meebring), is dit buite die bereik van talle mense wat dit nie kan bekostig nie. Dit is daarom tog belangrik dat Afrikaans ook op wyer skaal in staatskole aangebied word. Die Professionele Vereniging vir Afrikaans-taalonderrig in Namibië (PVATN) het hier 'n groot verantwoordelikheid wat op hulle rus om steeds Afrikaans as vak aan Namibiese skole te bevorder.

4.6. Taalhoudings oor Afrikaans in Namibië ná onafhanklikwording

Op 26 Junie 2008 het De Bruyn in die *Republikein* berig oor twee graad 12-dogters wat onderskeidelik eerste en derde plekke in die ATKV-redenaarskompetisie se senior afdeling verwerf het – Josy Nghipandua (eerste) en Chantelle Kruger (derde), beide Jan Möhr-leerlinge. Volgens Nghipandua is dit 'n voorreg om so goed in 'n ander taal te kan kommunikeer dat jy ernstig deur mense opgeneem word. Verder vertel Nghipandua:

Om Afrikaans te kan praat, gee my die geleentheid om my kreatief te kan uitdruk. Hoe meer tale 'n mens praat, hoe beter. Dit maak ook nie saak van watter kultuur 'n mens is nie. Afrikaans is vandag 'n taal vir almal. Ons leef nie meer in die verlede nie.

Nghipandua voel dit is onregverdig dat daar so baie klem daarop gelê word dat sy as swart kind 'n Afrikaanse Huistaal-kompetisie gewen het. Sy

redeneer Afrikaans is tog 'n "Afrika-taal". Sy sê verder dat dit sielkundige skade aanrig as daar klem gelê word op watter kleur die persoon is; sy sê almal behoort bevoorreg te voel om die taal te kan praat, ongeag uit watter kultuur hul kom (De Bruyn, 2008).

Die Republikein berig op 6 Augustus 2018 oor Koos Marais, skrywer van *Die Keiservoël oor Namaland* (Rademeyer, 2018). Hierdie boek gee erkenning aan die geskiedenis en kultuur van die Namas, asook aan die onregte wat hulle aangedoen is. Die boek fokus op die belangrike bydrae wat die Namas van Namibië tot die Afrikaanse taal gelewer het (Rademeyer, 2018). Rademeyer (2018) noem dat Marais vroeër tydens 'n geleentheid op Maltahöhe 400 eksemplare van die boek aan die Nama-gemeenskap oorhandig het en gesê het hy wil hê die mense van hierdie land moet lees van hul eie helde – mense wat baie opgeoffer het. Marais het ook die volgende gedeel (Rademeyer, 2018: 1):

Ek wil hê julle moet trots wees op jul helde, julle moet hul nagedagtenis vereer, julle moet trots wees op jul kultuur, jul taal en jul Afrikaans. Bo alles wil ek hê julle moet lees. Om te lees, is om mag te hê.

Die hoof van die Nama-stam in Suid-Afrika, kaptein John Witbooi, was een van die eregaste tydens die verering van die boek en het gesê dat Afrikaans sy hartstaal is en dat dit sal voortleef solank as wat mense dit praat (Rademeyer, 2018).

Op Moedertaaldag, 21 Februarie 2019, verskyn daar 'n berig in die *Republikein* genaamd "Meer as 'n taal" waarin Lloyd Zandberg (2019: 3) met verskeie Namibiërs oor Afrikaans gesels.

Zandberg (2019: 3) berig dat Chrisna Beuke-Muir, voormalige senior lektor aan die Universiteit van Namibië (UNAM), van mening is dat Afrikaans Namibiërs verenig. Verder deel sy dat haar moedertaal vir haar 'n gevoel van werklikheid gee, van ritme, soos om gemaklik op 'n perd se rug te wees met die wye wêreld wat voor haar oopmaak (Zandberg, 2019: 3).

Zandberg (2019: 3) haal die volgende woorde van die bekende komediant, Neville Basson, aan:

Dit maak my trots as Namibiër om te hoor ons hou al ons moedertale lewend deur dit te praat. Vir ons wat in die informele nedersetting Katutura grootgeword het, was Afrikaans die gemeenskap se medium. Baie van ons het in Khomasdal skoolgegaan en het, wanneer ons skool toe en terugstap, met mekaar Afrikaans gepraat – al het ons ander tale by die huis gepraat. My kinders praat Afrikaans. Ek dink nie Afrikaans het hier die sterk koloniale band wat dit in Suid-Afrika het nie.

Basson noem verder dat Afrikaanssprekendes hulself dalk ook moet herkondisioneer en nie moet skrik vir ander tale nie en probeer om iets daarin te leer – al is dit net om te groet. Só kan mense ook “oor die draad klim”, soos hulle daardie tyd gedoen het. Hy glo dat al die tale gevier moet word (Zandberg, 2019: 3).

Volgens die bekroonde Namibiese digter Kobus Lombard vervul Afrikaans ’n baie belangrike kommunikasie- en sosiale rol in dié sin dat dit die algemene gebruikstaal van ’n groot persentasie Namibiërs is. Selfs al is dit nie meer ’n amptelike taal nie, is dit die taal wat mense op straatvlak bind (Zandberg, 2019: 3).

Zandberg (2019: 3) skryf verder dat Elzeth Harmse, Afrikaansonderwyser en voormalige joernalis, sê sy verdien haar brood en botter danksy haar moedertaal. Harmse sê sy is bevoorreg om haar kennis van en passie vir Afrikaans daagliks met die jeug (en toekoms) van Namibië te deel. Verder glo sy dat dit elke Afrikaanssprekende in dié land se plig, maar belangriker nog, se voorreg is om te kan sorg dat dié taal nie sal uitsterf nie. Harmse se boodskap aan mede-Afrikaanssprekendes is: “As ons Afrikaans aanhou praat, lees, skryf, sing, droom en lééf, sal dit geliefd bly vir ons kinders, kleinkinders en ook húl kinders” (Zandberg, 2019: 3).

’n Somerskool Afrikaans het van 11 tot 15 Julie 2016, asook van 9 tot 13 Julie 2018 by die Universität Duisburg-Essen (UDE) in Duitsland binne die raamwerk van die Germanistische Institutpartnerschaft (GIP) plaasgevind. Chrisna Beuke-Muir en Herman Beyer het die Somerskool in 2016 aangebied en Petronella Genis en Herman Beyer, almal verbonde aan UNAM se Vakgroep Afrikaans, het die Somerskool in 2018 aangebied. Beide Somerskole het ten doel gehad om die kursusdeelnemers bekend te stel aan basiese kommunikasievaardighede, die geskiedenis van Afrikaans in Suid-Afrika en Namibië, asook verskeie aspekte van die geskiedenis, kultuur en landkunde van Namibië en Suid-Afrika (Beyer, 2016 en 2018). In 2016 het die aanbieders ’n tendens onder die kursusgangers opgemerk – hulle stel belang in ’n linguistiese vergelyking tussen Afrikaans, Nederlands en Duits. Gegewe die kontaksituasie tussen Afrikaans en Duits in Namibië en die sterk taalkundige bande tussen Afrikaans en Nederlands, is ’n sessie oor hierdie spesifieke aspek in 2018 se program ingewerk (Beyer, 2016 en 2018).

’n Koerantberig getiteld “Afrikaans: The language we love to hate”, deur Gerson Uaripi Tjihenuna, het op 6 November 2020 in die Namibiese *New Era*-regeringskoerant verskyn. Volgens Tjihenuna (2020: 11) verwys radio-omroepers van die NBC Omurari-diens soms grappenderwys na Afrikaans as die “weestaal” (‘orphan language’). Tjihenuna (2020: 11) reken bogenoemde is

vanweë die feit dat Afrikaans voor onafhanklikwording in 1990 'n baie dominante taal in Namibië was en ná 1990 Afrikaans skielik na die kantlyn geskuif is. Verder meen Tjihenua (2020) dat 'n oorbrugging van etniese en kulturele hindernisse een van die taal se eerste funksies was. Tjihenua (2020: 11) sluit aan by die vroeër genoemde stelling van Du Plessis (1987), naamlik dat Afrikaans die “taal van 'n beduidende deel van die onderdrukte is”, want Tjihenua (2020: 11) meld dat Afrikaans ook die taal is van die “Kleurlinge, Basters en party ander groepe in Suid-Afrika én Namibië” wat as destydse onderdrukte gesien word. Daar word verder berig dat Afrikaans deur die werkersklas gebruik word wanneer hul oor verskeie etniese groepe heen kommunikeer, veral diegene wat voor onafhanklikheid gebore is. 'n Verdere tendens is dat selfs die sogenaamde ‘born frees’ soms in sosiale omstandighede Afrikaans praat – selfs al kom hul vanuit dieselfde kulturele agtergrond (Tjihenua, 2020: 11). Die meerderheid Damaras en Namas gebruik ook Afrikaans as hul tweede huistaal. Tjihenua (2020: 11) kom tot die gevolgtrekking dat Namibiërs met nugter gedagtes en sonder vrees of guns na Afrikaans moet kyk en probeer uitpluis hoe die taal as gereedskap kan dien om nasionale eenheid te bewerkstellig.

In dieselfde *LitNet*-onderhoud wat vroeër genoem is, deel Carstens sy onlangse ervaring oor Afrikaans in Namibië (Van Heerden en Carstens, 2024):

Ek was verlede jaar in April vir 'n maand op besoek aan Namibië en het wyd met mense gepraat en natuurlik ook geluister. Ek was nuuskierig oor hoe dinge sedert my vorige besoek (2015) verander het. Dit was natuurlik heerlik om die uniekheid van my grootwordland weer te ervaar en na die mense (wit, bruin en swart) se taalgebruik te luister. Daar was steeds die unieke mengsel van Afrikaans, Duits en van die inheemse tale in een gesprek. Ek het gedink Engels sal op alle terreine oorheers, maar kom toe agter dat Afrikaans die lingua franca is orals waar ons gery het – van die suide tot aan die kus. By die grenspos, vulstasies, winkels, restaurante, bakkerie, padstalletjie, toevallige gesprekke in die strate. Ek het gehoor Suid-Afrikaanse toeriste wat die land besoek het, sê so. En toe vind ek dit is waar. Die artikel van Steyn bevestig dit ook. Vir soveel sprekers uit ander kultuurgroepe (Damara, Nama) is Afrikaans steeds 'n moedertaal en dit ten spyte van die geskiedenis. Dit beklemtoon ook die ekonomiese waarde van taal – as jy die taal van die grootste gebruikersgroepe aanleer, kan dit werk gee. In die sentrale, oostelike, westelike en suidelike dele van die land skyn Afrikaans tans steeds die lingua franca te wees. Wat dit oor 20–30 jaar gaan wees, is natuurlik moeilik om te sê, maar die tekens is wel daar dat dit sal voortduur.

Engels is wel die taal van die staat en van amptelike kommunikasie. Engels het 'n sterker voorkeur onder die Oshiwambo-bevolking omdat skoolonderrig se

invloed sterk is en dit kom voor of Afrikaans nie vir hulle belangrik is nie omdat hulle goed regkom met Engels. Carstens vertel ook dat hy nog die verskeie variëteite uit sy kinderdae onthou: Rehoboth-Afrikaans, Nama-Afrikaans, Damara-Afrikaans, Herero-Afrikaans, Duits-Afrikaans, en dat dit lyk of hierdie variëteite steeds deel is van baie Namibiërs se daaglikse lewens (Van Heerden en Carstens, 2024).

Carstens beantwoord verder die vraag: “Hoe vergelyk beskouings oor Afrikaans as die sogenaamde taal van die onderdrukker in sekere geleedere met die persepsies in Namibië?” soos volg (Van Heerden en Carstens, 2024):

Ek het min tekens waargeneem dat Afrikaans nog 'n etiket dra. Daarvoor word dit te veel spontaan gebruik. Ek het self 'n persepsie gehad dat die geskiedenis daartoe sou lei dat Afrikaans in Namibië sou afskaal en binne 20–30 jaar sou begin verdwyn, maar tot op hede is ek, en ek dink talle ander, verkeerd. Dit is nou eers 30 jaar ná onafhanklikheid en dinge gaan nog goed. Die situasie kan natuurlik steeds verander, maar tot op hede is Afrikaans 'n aktiewe en lewendige gebruikstaal vir die breër Namibiese bevolking en ook bykans landswyd. Ek dink dit sal nog lank so wees.

Daar bestaan 'n noue band tussen Afrikaans in Namibië en Afrikaans in Suid-Afrika en juis daarom is houdings teenoor Afrikaans in Suid-Afrika (en selfs elders in die wêreld) ook van belang.

De Vries het 'n berig in die *Perspektief* geskryf oor Afrikaans se 80-jaarvieringe as amptelike taal. Hierin berig De Vries (2005: 1) dat die resesent Michael Morris die volgende gesê het: “Afrikaans was eens 'n stowwerige en streng antie, wie se stemmigheid in 'n outydse leksikografie gebalsem is. Maar nou is daar seker geen taal in Suider-Afrika wat so vindingryk en uitdruklik inheems soos Afrikaans is nie.” Hy noem dan as voorbeeld die Afrikaanse vertaling vir ‘bungee’ – brugkettie (De Vries, 2005: 1).

Op 16 Desember 2018 verskyn die berig “Lank lewe ons taal – in Europa”, geskryf deur Jacob Rooi in die *Rapport Weekliks*, wat verskeie menings en houdings teenoor Afrikaans weerspieël. Volgens Rooi sukkel Afrikaansdepartemente by baie Suid-Afrikaanse universiteite, maar in Europa woeker hulle met Afrikaans. Daar word Afrikaanse taal- en letterkundekursusse in België, Nederland en Switserland aangebied, en daar is nog baie potensieël belangstelling in lande soos Kroasië, Duitsland en Tsjeggië. Een van die 25 derdejaarstudente aan Universiteit Gent wat Afrikaans neem, Stan Geernaert, sê dat hy Afrikaans vreeslik interessant vind vanweë die letterkunde. Hy sê dat die taalkunde hom help om die letterkunde beter te begryp. Verder sê die student Gaëlle Rycx dat die ryk geskiedenis van Afrikaans haar interesseer, en

Lore Fonteyn beskryf Afrikaans as “een heel mooi taal” (Rooi, 2018: 11). Yves T’Sjoen, hoogleraar in Nederlandse letterkunde aan die Universiteit Gent, sê dat tussen 20 en 60 studente jaarliks Afrikaans as vak neem (Rooi, 2018: 11).

Rooi (2018: 11) berig ook dat Carstens dit vreemd vind dat die aanvraag na Afrikaans as akademiese vak elders in die wêreld toeneem, terwyl die taal in Suid-Afrika aan universiteite onder druk is, en van 2016 tot 2018 beduidend as taal van onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite ingekort is.

Ses jaar later is Carstens steeds vol moed en hoop oor Afrikaans wanneer hy sê dat Afrikaanssprekendes nie moed moet verloor rakende Afrikaans nie, maar hulle kan ook nie agteroor sit en dink dinge gaan vanself beter raak nie.

Afrikaanssprekendes moet hulle ding doen vir Afrikaans daar waar hulle is, maar hulle moet ook help om ander tale geleenthede te gee. Hande moet oor taalgrense heen gevat word en daar moet saam aan die pragtige land gebou word. Flip Buys het by geleentheid in 2004 gesê: “Die Afrikaanse gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie toekoms en self aktief daaraan begin werk. Nie in isolasie nie, maar saam met geleentheidsvennote waar nodig en waar moontlik.” Twintig jaar later geld dit nog steeds. ’n Gemaksone is ’n gevaarlike plek en die Afrikaanse gemeenskap moet saamwerk met ander taalgemeenskappe om dit wat vir hulle kosbaar is, te behou en ook volhoubaar te maak (Van Heerden en Carstens, 2024).

5. Taalhoudingstudie (2020)

5.1. Navorsingsontwerp en -instrumente³

’n Navorsingsontwerp met gemengde metodes is gebruik vir hierdie verkennende navorsing, met behulp van ’n opnamemetodologie en gerieflikheidssteekproef. Die studie is meestal kwalitatief omdat dit subjektiewe resultate weergee, want deelnemers se houdings en persepsies vorm die basis van die gevolgtrekkings. Die studie is ook kwantitatief, want die houdingsveranderlikes word binne en oor groepe heen gekwantifiseer en statisties verwerk. Kwantitatiewe veranderlikes wat gebruik word, is drie verskillende groepe, naamlik Afrikaanssprekendes (174 respondente), nie-Afrikaanssprekendes (53 respondente) en multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale – 48 respondente). Die 275 respondente is in die bogenoemde drie groepe ingedeel na aanleiding van item 9: Watter taal/tale sou jy as jou eerste taal beskou?


Die vraelys het eerstens basiese biografiese data versamel. Tweedens is data oor houdings en persepsies van taal en tale oor die algemeen in Namibië deur Likert-skaalitems versamel. Derdens handel die vraelys oor wat die respondent

spesifiek oor Afrikaans in Khomas/Namibië dink (items 22-36). Aan die einde van die vraelys is daar 'n oop vraag: “Enige ander kommentaar?” (Harmse, 2022).

5.2. Resultate van houdings teenoor Afrikaans


'n Positiewe/negatiewe/neutrale houding word getoon, afhangende daarvan of die respondente saamstem/nie saamstem nie/neutraal reageer op die volgende stellings:

22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om 'n ander taal te leer (behalwe vir Engels).
23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.
24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en te verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.
25. Dit is goed dat Afrikaans as 'n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.
26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.
27. Afrikaans is 'n taal wat in die Khomasstreek gebruik word as 'n gemeenskaplike taal tussen sprekers wie se moedertaal van mekaar verskil (dit wil sê as 'n lingua franca).
28. Afrikaans is die taal van die koloniale onderdrukker.



Figuur 1: Item 22 tot 28 se resultate

29. Afrikaans is 'n inheemse taal in Namibië. ('n Inheemse taal sou wees van 'n taalkundig afsonderlike gemeenskap wat hulle vir baie geslagte in die gebied gevestig het.)
30. Afrikaans verbind mense van verskillende kultuurgroepe.
31. Afrikaans is deel van die nasionale erfenis van Namibië.
32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.
33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.
34. Afrikaans sal oor 30 jaar van nou af uitsterf.



Figuur 2: Item 29 tot 34 se resultate


Item 35 handel oor die ontstaan van Afrikaans in Namibië, met verskeie opsies waaruit hul kon kies. Hieronder verskyn die opsies, sowel as die hoeveelheid respondente wat die opsies gekies het.

- Afrikaans is aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring: 90 respondente (33%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Oorlam- en Bastergemeenskappe vóór die koloniale tydperk na Namibië gebring: 88 respondente (32,3%)
- Afrikaans het reeds vóór die koloniale tydperk in Namibië ontstaan: 9 respondente (3,3%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Duitse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring: 8 respondente (2,9%)

- Afrikaans is aanvanklik deur die Bantu-gemeenskappe voor die koloniale tydperk na Namibië gebring: 2 respondente (0,7%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Khoi/San-gemeenskappe voor die koloniale tydperk na Namibië gebring: 8 respondente (2,9%)
- Ek weet nie: 68 respondente (24,9%)
- Twee respondente het nie die item beantwoord nie.

Die bogenoemde data word in figuur 3 ten toon gestel.

Ontstaan van Afrikaans in Namibië



Figuur 3: Ontstaan van Afrikaans in Namibië

Die respondente moes in item 36 aandui hoe gereeld hul Afrikaans hoor – 242 het geantwoord dat hul daagliks Afrikaans hoor, 25 byna elke dag, 5 hoor 'n paar keer 'n week Afrikaans, en 1 het aangedui dat hy/sy baie selde Afrikaans hoor. Twee het die item onbeantwoord gelaat.

5.3. Enkele houdings wat uitstaan

Vanuit die drie verskillende groepe lyk dit asof die Khomasstreek-inwoners oor die algemeen 'n positiewe houding teenoor Afrikaans het en dat hul graag Afrikaans wil bevorder en ander mense – asook hul eie toekomstige kinders – aanraai om Afrikaans te leer. Dit is net by die nie-Afrikaanssprekende groep waar hul meer neutraal voel oor die stelling dat hul eendag vir hul kinders Afrikaans wil leer, maar verder was hul houdings ook meer positief as neutraal of negatief.

Daar is vroeër verwys na Tjihenuna (2020) wat aanbeveel dat daar na

Afrikaans gekyk moet word en probeer uitpluis hoe die taal as gereedskap kan dien om nasionale eenheid te bewerkstellig. Die feit dat al drie groepe hoofsaaklik positiewe houdings teenoor Afrikaans het, dui daarop dat daar volgens die steekproef tog 'n mate van nasionale eenheid en versoening tussen Khomasstreek-inwoners is.

Maho (1998: 191) het veronderstel dat die relatiewe negatiewe voor-onafhanklikheidshoudings teenoor Afrikaans 'n positiewe verandering in die toekoms kan ondergaan. Uit die resultate van Harmse (2022) lyk dit of hierdie verandering tog plaasgevind het.

'n Verdere verskynsel wat die navorsing oplewer, is dat hoofsaaklik Afrikaanssprekendes onder die wanpersepsie verkeer dat Afrikaans aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring is. Uit die Afrikaanssprekendes het 37,6% die opsie van die Suid-Afrikaanse kolonialiste gekies, 31,9% van die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) het dieselfde opsie gekies, terwyl slegs 18,9% van die nie-Afrikaanssprekendes hierdie opsie gekies het. Dit is ook die Afrikaanssprekendes wat meestal aangedui het dat hul glad nie weet hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het nie:

- Afrikaanssprekendes 25,4%
- Nie-Afrikaanssprekendes 24,5%
- Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) 23,4%

Die navorsing se resultate toon ook dat die nie-Afrikaanssprekendes die groep is wat die korrekte opsie van die Oorlam- en Bastergemeenskappe die meeste gekies het – 56,6%. Onder die Afrikaanssprekendes was daar net 25,5% wat weet hoe Afrikaans werklik in Namibië ontstaan het, terwyl 29,8% van die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) weet wat die ware toedrag van sake is. Dit is dalk vanweë die feit dat daar nie eintlik in die Namibiese skole onderrig verskaf word oor die ontstaan van Afrikaans in Namibië nie. Voor onafhanklikwording is Suid-Afrikaanse sillabusse gevolg en ná onafhanklikwording is daar nie so baie fokus geplaas op die Namibiese ontstaan en geskiedenis van Afrikaans nie. Die meerderheid Namibiese privaatskole volg vandag nog internasionale sillabusse wat meer gerig is op 'n Suid-Afrikaanse konteks (Onafhanklike Eksamineringsraad - IEB).

Dit blyk uit die navorsing dat dit juis die jonger respondente is wat nie presies weet hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het nie. Uit die Afrikaanssprekendes wat aangedui het dat die Suid-Afrikaanse kolonialiste Afrikaans na Namibië gebring het, is 72,2% tussen die ouderdom van 18 en

50. Die Afrikaanssprekende respondente tussen die ouderdom van 18 en 50 wat aangedui het dat die Oorlam- en Bastergemeenskappe Afrikaans na Namibië gebring het, is slegs 46,5%.

Hieruit kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die jonger generasies oningelig is oor hul eie taal, en dit kan moontlik toekomstige houdings en persepsies teenoor Afrikaans in Namibië beïnvloed.

5.4. Vraelys: algemene kommentaar

Die laaste item (37) het 'n geleentheid vir die respondente gebied om anoniem kommentaar te lewer rakende die vraelys, studie of tale. Enkele opmerkings word hier verbatim aangebied:

- “We spoke Afrikaans at home, I went to an Afrikaans school and went to university in Afrikaans, and I have never struggled to communicate or felt disadvantaged because I did everything in Afrikaans. I will instil the same pride for Afrikaans in my children so that the language will never die out.”
- “My daughter is doing/learning Afrikaans as a Second Language and is now in Grade 7 but the way she is being taught is so discouraging – she gets homework which is bulky and incompressible and when I sent it to a Grade 12 Native Speaker of Afrikaans, she said that this is so difficult for her, and the questions are highly ambiguous. And up to now my daughter cannot even utter the elementary stuff in Afrikaans and as such I ask myself – How is this language being taught and is it worth continuing to allow my daughter to be this frustrated? So, there is a need to really revisit how the language is being taught to cultivate the love for the language.”
- “Special effort should be made to promote and defend Afrikaans in Namibia alongside the other indigenous languages, i.e., cultural events, sponsorship of workshops, films, video productions, etc. A newspaper such as the *Republikein* can play a crucial role to promote Afrikaans if it is made freely available online and in schools, colleges, and universities, and not hidden behind a paywall, as the majority of Afrikaans speakers are economically marginalised and impoverished. They can't afford to buy it but would love to read it every day. Afrikaans writers and speakers should be identified in communities and be supported through training schemes to produce cultural products and services in Namibia.”

- “My mother tongue is Afrikaans, but I do not speak it as often as I speak German, English or French.”
- “Your research theme seems to imply that you are concerned that Afrikaans may become extinct in Namibia? I think there is no possibility of this happening. I detect this tendency in many of my very Afrikaans friends.”
- “I consider Afrikaans an important language of expression in literature, poetry, music and pop-culture in Namibia. I write poetry in Afrikaans.”
- “I feel like a lot of people associate Afrikaans with oppression, hence they tend to stay away from actually learning the language and its history.”
- “It saddens me that Afrikaans is poorly spoken by many people through downright laziness.”
- “I believe the more languages you speak and are fluent in, the better you are geared to communicate with the people around you. Also, children should be taught in their mother tongue to be able to fully understand and learn to their best advantage, which unfortunately is mostly not the case in Namibia. Afrikaans is still one of my favourite languages, despite it not being my mother tongue, and I think it is definitely an advantage to speak it.”
- “I grew up in Tsumeb (a mining town), was fluently speaking Afrikaans before going to school, just by playing with the neighbour’s child opposite of the yards fence and simultaneously learning the language. Primary school language medium was 100% German & High school language medium was 100% Afrikaans. Unfortunately, many Government schools don’t offer Afrikaans as a language anymore and I was glad that my kids had the option to choose between French & Afrikaans, when we switched to a Private School. “Neutral” at question 34, as I hope that the language will not extinct – however it may be possible. I strongly believe that every indigenous language of Namibia, played & still plays its role to make what Namibia is today, and that is what we all should nurture.”
- “Although Afrikaans is my second language, I really like to speak, read and listen to it. I think it is very expressive and there are some words that you cannot replace in any other language, like ‘sterkte’. I hope it will stay with us and am quite sure it will.”
- “Afrikaans is a very expressive language but not a world language unfortunately.”
- “I worked in a Public Office for 25 years and would address the

employees in English but explain procedures, instructions etc. in Afrikaans as they would better understand once explained in Afrikaans.”

- “From the earliest years through history the English tried their utmost to destroy Afrikaans but could not succeed. As long as it’s spoken at home it will grow stronger.”
- “Ek wens mense wil die taal Afrikaans uitlos en almal gelyk die kans gun om te besluit in watter taal ons wil onderrig wees, asook om op te hou om Afrikaans as die witmens se taal te beskou. Almal kan trots wees op hulle taal. Ek gaan beslis nie verwag mense in Duitsland moet nie Duits praat nie en ek voel ons word geforseer om altyd in Engels te moet praat, lees of leer. Ek vind dit juis moeiliker om te onthou in Engels as in Afrikaans, so waarom wil ek in Engels onderrig hê as dit my benadeel?”
- “Uit ’n besigheid perspektief [*sic*] is Engels die manier om te gaan, want dit is die wêreld se taal so dit kan jou net baat om in Engels te leer, maar dit beteken nie mens praat nie elke dag Afrikaans met mekaar en maak jou kinders in Afrikaans groot nie, ek was in ’n Engelse-medium skool gewees maar tussen klas het almal altyd Afrikaans gepraat met mekaar, en selfs nou op Uni gaan ek klas in Engels, maar Afrikaans is steeds al taal wat mens hoor om jou wat lekker is.”
- “Afrikaans verdien soos al die ander inheemse tale ’n regmatige plek in Namibië. Lank lewe Afrikaans!”
- “Afrikaans is die taal waarin ons praat, baklei, redeneer, droom en bid ... dis ons taal en dit krioel van lewe.”
- “Die ding wat my die hartseerste maak is dat meeste nie ordentlik Afrikaans kan praat nie en sodoende van hulle taal en kultuur stelselmatig vervreemd raak. Ek wens meer mense het geweet van die geskiedenis van Afrikaans wat ontstaan het as ’n kombuistaal en die waardes en geloof van ons voorouers en dit verder kan uitleef in ons moderne tyd. Ek wens ons kan ’n manier vind om vir die Afrikaner van vandag te laat identifiseer met hulle erfenis en weer trots daarop sal wees en soos die gelofte sê dat ons dit aan ons kinders se kinders sal oordra en vir die toekomstige geslagte.”
- “Namibiërs moet veg vir Afrikaans!”
- “Afrikaans, die wonderlike, moderne, lewendige, pragtige beeldspraak-taal mag nooit ooit verdwyn nie; dit sal ’n groot verlies wees vir die (selfs) wêreld.”

Uit die bogenoemde kommentaar kan daar gesien word dat die respondente uiteenlopende menings oor tale, en meer spesifiek Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië, het. Die meerderheid van hierdie menings is tog hoofsaaklik die taal goedgesind. Daar is byvoorbeeld heelwat opmerkings dat Afrikaans nie sal uitsterf nie en dat Namibiërs moet aanhou veg daarvoor, asook dat dit beslis voordelig is om Afrikaans te kan verstaan en te praat in Namibië spesifiek. Sekere opmerkings bevestig ook vroeëre besprekings oor die wanpersepsie dat Afrikaans in Namibië tydens die koloniale tydperk ontstaan het en gevolglik steeds soms in die lig van “die taal van die onderdrukker” gesien word. Verder spreek respondente hul liefde en voorkeur vir die taal uit, wat spreek van die positiewe gesindheid teenoor Afrikaans in Namibië.

6. Samevatting

In hierdie artikel is daar melding gemaak van hoofsaaklik houdings teenoor Afrikaans in Namibië, asook enkele houdings teenoor Afrikaans in Suid-Afrika en ook elders in die wêreld, in die jare tussen 1780-2024. Alhoewel daar oor die jare heen al verskeie en uiteenlopende houdings teenoor Afrikaans was, het die taal steeds sterk bly staan en selfs floreer tussen alles deur. Laasgenoemde kan gesien word in die feit dat die relatiewe negatiewe voor-onafhanklikheidshoudings teenoor Afrikaans ’n positiewe verandering ondergaan het. Dit is verblydend om te sien dat dit nie net die Afrikaanssprekendes is wat positief is teenoor Afrikaans in Namibië nie, maar selfs die nie-Afrikaanssprekendes. Die respondente was grootliks ten gunste daarvan om in die toekoms vir hul eie kinders Afrikaans te leer, asook om ander mense aan te raai om Afrikaans te leer en dit kan gevolglik lei tot die voortbestaan van, en voortdurende positiewe houdings teenoor Afrikaans.

Universiteit van Namibië

Bronnelys

- Beyer, H.L. 2016. Report on the *Somerskool Afrikaans*, 11-15 July 2016 on the Essen Campus of the Universität Duisburg-Essen. Windhoek, Universiteit van Namibië.
- Beyer, H.L. 2018. Report on the *Somerskool Afrikaans*, 9-13 July 2018 on the Essen Campus of the Universität Duisburg-Essen. Windhoek, Universiteit van Namibië.
- Boddy-Evans, A. 2021. *'n Kronologie van Suider-Afrikaanse Onafhanklikheid*.

- <http://af.eferrit.com/n-kronologie-van-suider-afrikaanse-onafhanklikheid/>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).
- Bohner, G. en Wanke, M.** 2002. *Attitudes and Attitude Change*. Hove: Psychology Press.
- De Bruyn, E.** 2008. Afrikaans is plesierig. *Republikein* 26 Junie: 5. <http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/afrikaans-is-plesierig.68937.php>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).
- De Vries, A.** 2005. 80 jaar amptelik ... en die antie dans nou éérs. *Die Burger* 28 Mei: 8.
- Du Plessis, H.G.W.** 1987. Afrikaans en sy moontlikhede in SWA/Namibië. *Akademie* 1-18.
- Eagly, A.H. en Chaiken, S.** 1993. *The Psychology of Attitudes*. Orlando: Harcourt Brace.
- Erwin, P.** 2001. *Attitudes and Persuasion*. Hove: Psychology Press.
- Fishman, J.A. en Rubal-Lopez, A.** 1992. Cross-policy analysis of factors affecting English language spread: Predicting three criteria of spread from a large pool of independent variables. *World Englishes* 11(2): 309-29.
- Harmse, N.** 2022. 'n Verkenning en vergelyking van houdings en persepsies rakende Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië ná drie dekades van onafhanklikheid. Ongepubliseerde MA-tesis. Windhoek: Universiteit van Namibië.
- Maho, J.F.** 1998. *Few People, Many Tongues: The Languages of Namibia*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.
- McKenzie, R.M.** 2010. *The Social Psychology of English as a Global Language: Attitudes, Awareness and Identity in the Japanese Context*. London: Springer.
- Opperman, C.** 2015. Afrikaans in Namibië. *Standpunte.co.za*. <http://www.standpunte.co.za/afrikaans-in-namibie/>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).
- Rademeyer, R.** 2018. Afrikaans leef solank ons dit praat. *Republikein* 6 Augustus: 1. <https://www.republikein.com.na/nuus/afrikaans-leef-solank-ons-dit-praat2018-08-05>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).
- Rooi, J.** 2018. Lank lewe ons taal – in Europa. *Rapport Weekliks* 16 Desember: 11.
- SIL International.** 2018. Language Attitudes. *Language assessment*. <https://www.sil.org/language-assessment/language-attitudes>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).
- Stals, E.L.P. en Ponelis, F.A.** 2001. *Só het Afrikaans na Namibië gekom*. Windhoek: Gamsberg Macmillan.

- Stals, E.L.P. 2008. *Wie is jy? 'n Bundel historiese opstelle oor die Afrikaner in die voormalige Suidwes-Afrika*. Windhoek: Macmillan Namibia.
- Tjihenuna, G.U. 2020. Afrikaans: The language we love to hate. *New Era* 6 November: 11.
- Van Heerden, M. en Carstens, W.A.M. 2024. Afrikaans in Namibië, Afrikaans in Suid-Afrika. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/afrikaans-in-namibie-afrikaans-in-suid-afrika/>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).
- Weideman, G. 1989. *Kry Afrikaans aan die beweeg!* Openingstoespraak, Opknappingskursus vir Afrikaansonderwysers (SWA/Namibië).
- Zandberg, L. 2019. Meer as 'n taal. *Republikein* 21 Februarie: 2-3. <https://www.republikein.com.na/nuus/meer-as-n-taal-2019-02-21>. (Datum van gebruik: 27 Junie 2024).

Note

1. Die artikel is gebaseer op gedeeltes uit my meestersstudie met die titel *'n Verkenning en vergelyking van houdings en persepsies rakende Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië ná drie dekades van onafhanklikheid*.
2. Hiermee wil ek graag erkenning gee en dank betoon aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK), wat 'n meestersbeurs aan my toegeken het.
3. Navorsing het eers begin nadat etiese klaring vanaf die UNAM Navorsingsetiëkkomitee op 6 Februarie 2020 verkry is (Verwysingsnommer: FHSS/557/2020).

Die konseptuele raamwerk vir die ontwerp van 'n taakgebaseerde sillabus met gefokusde pedagogiese vertaaltake vir Afrikaansvreemdetaalstudente

Asambese Mkumatela

The conceptual framework for designing a task-based syllabus with focused pedagogic translation tasks for Afrikaans foreign language students

This article reports on the conceptual framework for a current study examining whether focused pedagogical translation tasks can improve Afrikaans language learning for students and lecturers and how these tasks can be incorporated into an Afrikaans language learning syllabus. Furthermore, it explores which tasks can be used within the task-based syllabus for Afrikaans language learning students. The current study is motivated by my master's research (Mkumatela, 2023) investigating translation methods used by Afrikaans Second Language Acquisition students.

Three research fields are explored in this article: pedagogical translation, the task-based language and teaching approach (TBLT), and language-learning strategies. Combining these fields, a task-based syllabus incorporating pedagogical translation tasks as a language-learning strategy is proposed. A participatory action research (PAR) design will be applied involving Afrikaans Language Learning 179 students (a module for foreign-language speakers of Afrikaans) at Stellenbosch University.

As the study is ongoing, no results are presented in this article.

1. Inleiding

Vertaling is effektief vir niemoedertaalstudente om 'n nuwe taal aan te leer – kyk Adendorff (2020) en Mkumatela (2023). Studies onderneem deur Human (2022), Mkumatela (2023) en Matroos (2024) wys daarop dat die meerderheid niemoedertaalsprekers van Afrikaans sukkel om moeilike Afrikaanse woorde of terme te verstaan. Dit ontmoedig hulle om aan klasaktiwiteite deel te neem, wat beteken dat, wanneer die studente vir die eerste keer 'n moeilike woord of term in Afrikaans hoor of sien, en dan sukkel om dit te verstaan, hulle onmiddellik angstig voel en fokus verloor – kyk Human (2022), Mkumatela (2023) en Matroos (2024). Hierdie angstigheid verhoed, volgens Krashen (2013), dat doeltreffende en suksesvolle taalaanleer plaasvind. Studente wat niemoedertaalsprekers van Afrikaans is, verkies dikwels dat

die dosent moeilike woorde of terme vertaal wat vir die eerste keer binne die taalaanleerklaskamer genoem word. Hierdie aanname blyk uit resultate van 'n studie deur die outeur (sien Mkumatela, 2023) wat die gebruik van vertaalmetodes binne die Afrikaanstaalaanleerklaskamer ondersoek.

Leonardi (2011) in Gunawan (2020: 226) meen dat 'n toenemende belangstelling aan die ontwikkel is in die gebruik van vertaling as 'n onderrig- en leerbenadering binne die taalaanleerklaskamer – soos ook deur Adendorff (2020) bepaal is. Dit beteken dat vertaling as 'n taalaanleerhulpmiddel gebruik word (Gunawan, 2020: 226) – dit gaan nie om vertaling per definisie as 'n beroep of 'n aktiwiteit nie, maar eerder om vertaling as 'n pedagogiese hulpmiddel wat in die taalaanleerklaskamer gebruik kan word. Daarom gebruik ek die term 'pedagogiese vertaling' – my eie vertaling van (Banitz, 2022: 2) se term 'pedagogic translation'. Die taalaanleerproses vereis volgens Hardan (2013: 1713) dat 'n strategie aangepas moet word om suksesvolle taalaanleer te bereik. Vir dié doel is die gebruik van taalaanleerstrategieë nuttig en die taalaanleerders¹ gebruik hierdie strategieë om sukses met hulle taalaanleerproses te bereik.

Dit is na my mening belangrik dat taalaanbieders gebruik maak van verskeie taalaanleerstrategieë om te verseker dat doeltreffende en suksesvolle taalaanleer bereik word. Die verskeie taalaanleerstrategieë kan volgens die taalbehoefte van die taalaanleerders toegepas word en kan dan ook deur die taalaanbieder gebruik word om die taalaanleerders in hulle taalaanleerproses te begelei. In die studie waaroor die artikel verslag lewer, word taalaanleerstrategieë, asook vertaling as 'n pedagogiese hulpmiddel, gebruik om te bepaal hoe pedagogiese vertaaltake ontwerp kan word.

Adendorff (2012: 11) noem dat meer aandag geskenk moet word aan taakgebaseerde sillabusontwerp. Sy omskryf 'sillabus' as 'n breë en komplekse konsep wat soms as 'n sinoniem vir 'kurrikulum' gebruik word (Adendorff, 2012: 73). 'n Sillabus bemoedig volgens Berardo (2007: 7) die taalaanbieder om te dink aan hoe en wat aangeleer word, asook met die uitlig van die beginsels wat in taalaanleer betrokke is. Verder skep 'n sillabus die beste omstandighede vir die taalaanleerders om suksesvolle taalaanleer te bereik. Dit is daarom volgens Cronjé (2021: 22) belangrik om 'n sillabus te ontwerp wat op die linguistiese aspekte fokus, asook op die praktiese gebruiksmoontlikhede van die taal wat aangeleer word.

Een manier om taalaanleerstudente meer doeltreffend by die taalaanleerproses te betrek, is deur die gebruik van taakgebaseerde onderrig (Ellis, 2003: 16; Iswahyudi, Bambang Setiyadi en Sukirlan, 2019: 9; East, 2021). Om dit te bereik, stel Iswahyudi et al. (2019: 10) spesifiek gefokusde take voor. Ellis (2003: 16) meen dat gefokusde take daarop gemik is om taalaanleerstudente

aan te moedig om 'n spesifieke linguistiese item (byvoorbeeld voorsetsels, woordeskat of intensiewe vorme) op 'n produktiewe manier aan te leer. Die studie is daarop gemik om te ondersoek of die ontwerp van gefokusde pedagogiese vertaaltake voordelig kan wees vir Afrikaansstaalaanleerstudente sowel as vir hulle dosente. Hierdie gefokusde pedagogiese vertaaltake sal uiteindelik gebruik kan word in die ontwerp van 'n sillabus vir Afrikaansvreemdetaalaanleer.²

Die insluiting van vertaling in die sillabus vir Afrikaansvreemdetaalaanleer kan moontlik voordelig wees ten opsigte van taalaanleerstudente se woordeskatuitbreiding, asook vir hulle gebruik van woorde in verskillende kontekste, binne sowel as buite die vreemdetaalklasskamer. Dit kan ook die studente se begrip van die inhoud versterk van die werk wat behandel word. Dit is na my mening belangrik om te fokus op die taalontwikkeling van beginneraanleerders, sodat hulle nie in 'n latere stadium – wanneer hulle reeds die taal aangeleer het – taalprobleme teëkom soortgelyk aan dié van tweedetaalstudente nie (kyk Mkumatela, 2023). Die insluiting van vertaaltake is ook daarop gemik om die vreemdetaalstudente aan te moedig om voort te gaan met die aanleer van Afrikaans op 'n hoër vlak as die beginnervlak.

Om te bepaal of pedagogiese vertaling by 'n sillabus vir Afrikaansvreemdetaalstudente ingesluit kan word, is die volgende navorsingsvraag vir die artikel geformuleer: In watter mate kan pedagogiese vertaling, ander taalaanleerstrategieë en die taakgebaseerde benadering met mekaar verbind word as 'n konseptuele raamwerk om uiteindelik te bepaal of pedagogiese vertaling as 'n taalaanleerstrategie in 'n taakgebaseerde sillabus vir Afrikaansvreemdetaalstudente ingesluit moet word?

In die artikel word daar dus eerder gefokus op die navorsingsteorieë wat in die studie as konseptuele raamwerk ondersoek word, asook op die wyse waarop dit in die Afrikaansvreemdetaalsillabus geïntegreer kan word. Daar word geen bevindinge in die artikel aangebied nie, aangesien my navorsing nog nie afgehandel is nie.

2. Konseptuele raamwerk

Pedagogiese vertaling as navorsingsteorie, asook die gebruik daarvan in taalaanleer, word eerstens bespreek. Daarna word die taakgebaseerde onderrigbenadering (TGO) (spesifiek die gebruik van gefokusde take en die taakraamwerk) én taalaanleerstrategieë as konseptuele raamwerke bespreek – spesifiek met die doel om 'n sillabus te ontwerp wat in Afrikaansvreemdetaalonderrig gebruik kan word. Hierdie navorsingsteorieë

word ineengeveg om voor te stel hoe 'n taakgebaseerde sillabus ontwerp kan word waarvolgens die gebruik van pedagogiese vertaaltake as taalaanleerstrategieë ingesluit word met die doel om taalaanleer te bevorder.

2.1. Pedagogiese vertaling

Vertaling as navorsingsterrein word nie in die artikel bespreek of gebruik nie. Die term 'vertaling' word volgens Banitz (2022: 2) binne die konteks van vreemdetaalonderrig nie duidelik omskryf nie. Daar word eerder na vertaling verwys as 'n akademiese dissipline of 'n beroep; dit word andersins ook gebruik as 'n term om na die resultaat of doel van die vertaalde teks (doelteks) te verwys (Cook, 2010; Banitz, 2022: 2). Dit is volgens Banitz (2022: 2) belangrik om onderskeid te tref tussen vertaling as 'n metode en vertaling as 'n middel.³ Vertaling as 'n metode verwys na 'n taalonderrigbenadering waartydens die enigste onderrigmetode wat gebruik word vertaling is – soos in die grammatikavertaalmetode⁴ – terwyl vertaling as 'n middel verwys na die gebruik van 'n groot verskeidenheid oefeninge, aktiwiteite of take wat in die taalaanleerklaskamer gebruik word om studente tydens die taalaanleerproses te ondersteun (Banitz, 2022: 2).

Banitz (2022: 2) meen dat “vertaling as 'n middel” beteken dat dit gebruik kan word as 'n manier om 'n taal aan te leer. Vertaling word volgens Gunawan (2020: 227) gebruik om die taalaanleerproses te verbeter. Met betrekking tot hierdie doel word daar volgens Banitz (2022: 2) gebruik gemaak van die term 'pedagogic translation'. Pedagogiese vertaling word in hierdie artikel gebruik as 'n hulpmiddel deur middel van vertaal oefeninge (soos die mondelingse of skriftelike vertaling van nuwe of moeilike terme) wat as gefokusde take aan die vreemdetaalstudente gegee word om te voltooi.

Daar ontwikkel, volgens Leonardi (2011) in Gunawan (2020: 226), 'n toenemende belangstelling in die gebruik van vertaling as 'n benadering binne die vreemdetaalklaskamer. Leonardi (2011) in Gunawan (2020: 6) verwys hierna as die tweetalige benadering, wat van die veronderstelling uitgaan dat tweetaligheid⁵ binne die vreemdetaalklaskamer die taalaanleerder se taalaanleerproses kan vergemaklik, terwyl dit terselfdertyd 'n positiewe impak op die vreemdetaalstudente se eerstetaalvaardigheid het. Dié benadering maak staat op vertaling as 'n taalaanleerhulpmiddel, soos ander taalaanleerhulpmiddels wat ook binne die taalaanleerklaskamer gebruik word (Banitz, 2020: 226) – kyk byvoorbeeld Genis (2020) se studie met speletjies as taalaanleerhulpmiddel en ook Matroos (2023) se studie waarvolgens gedigte as taalaanleerhulpmiddel gebruik kan word.

Volgens Petrocchi (2014: 96) beklemtoon vertaling die sensitiewe benadering tot 'n teks en behels dit nie slegs die aanleer en begrip van grammatika nie, maar ook intonasie, uitspraak en gebare. Brownlees (1992) in Petrocchi (2014: 96) beweer dat vertaling as 'n metode binne taalaanleer en -onderrig wêreldwyd verouderd is, maar Petrocchi (2014: 96) stem nie hiermee saam nie en argumenteer op grond van haar ervaring as taalonderwyser én vertaler dat dit in die taalaanleercurriculum ingesluit moet word, aangesien dit onder andere taalaanleerders ondersteun om die vier taalvaardighede (skryf, lees, praat en luister) te oefen en aan te leer.

Petrocchi (2014: 96) voer aan dat pedagogiese vertaling danksy die moderne tegnologie opnuut onder die soeklig kom. Verder is die gebruik van die internet en van oudiovisuele vertaling tans hoofsaaklik beperk tot skryfvaardighede, maar dit kan deur middel van vertaling uitgebrei word om ook die ander vaardighede in te sluit (Petrocchi, 2014: 96; Banitz, 2022: 6).

Banitz (2022: 6) meen dat pedagogiese vertaling studente kan aanmoedig om 'n leermeganisme te sistematiseer en te rasionaliseer, aangesien vreemdetaalstudente hulle eerste taal gebruik om doeltaal-strukture te verstaan. Dit beteken dat pedagogiese vertaling studente kan bemoedig om taalstrukture op 'n logiese en gestruktureerde manier te organiseer en te verstaan, wat tot beter taalbegrip kan lei. Vertaal-oefeninge skep, volgens Machida (2011: 742) in Banitz (2022: 6), leeromstandighede wat kognitiewe prosesse genereer – met ander woorde, leeromstandighede wat studente aanmoedig om opletend te wees. Dit stel taalaanleerstudente in staat om nuwe kennis te verwerf en dit met hulle bestaande kennis te konsolideer.

Volgens Petrocchi (2014: 96) is die proses van vertaling nie net 'n doel nie, maar 'n manier om 'n tweede of 'n vreemde taal aan te leer. Sy volstaan dat dit nie teenproduktief is nie, aangesien dit studente ondersteun om die vier taalvaardighede (skryf, lees, praat en luister) te oefen en aan te leer. Sy argumenteer dat dit in die tweede- of vreemdetaalcurriculum ingesluit en gebruik moet word. Na my mening is dit bevorderlik om die studente toe te laat om, wanneer hulle sukkel, hulle eerste taal in die taalaanleerklaskamer te gebruik, aangesien dit hulle aanmoedig om in die taalaanleerklaskamer deel te neem en omdat hulle 'n beter begrip kry van wat bespreek word of waarna daar verwys word. Dit bevorder ook hul woordeskatkennis en uitbreiding.

Banitz (2022: 7) stel voor dat pedagogiese vertaling binne die taalaanleerklaskamer gebruik word deur die toepassing van die taakgebaseerde benadering, aangesien dit in die kommunikatiewe taalklaskamer besonder toepaslik is. Volgens Petrocchi (2014: 96) word vertaling as 'n pedagogiese hulpmiddel gebruik na gelang van die individuele metode wat deur

taalaanbieders aanvaar word. Kazeni (2012: 26) beweer dat, in taakgebaseerde taalonderrig, klaskameronderrig gebaseer is op 'n spesifieke taalgebruikstaak binne 'n bepaalde kommunikatiewe konteks. Die taakgebaseerde pedagogiese gefokusde vertaaltake wat in die studie ontwerp word, word dus ontwerp om werklikewêreldsituasies te weerspieël, met die spesifieke doel om die gebruik van Afrikaans deur vreemdetaalstudente in verskillende kommunikatiewe kontekste buite die vreemdetaalklaskamer te bevorder.

2.2. Taakgebaseerde onderrigbenadering

Die tweede konseptuele raamwerk is die taakgebaseerde benadering wat deur East (2021) omskryf word as 'n leerdergesentreerde ervarings-benadering tot taalonderrig en -aanleer. Hy noem dat dit gebaseer is op die uitgangspunt dat taalaanleerders kan bydra tot die taalaanleerproses deur deel te neem aan kommunikatiewe take wat hulle verplig om die vreemde taal te gebruik. Die idee dat 'n taak iets is wat taalaanleerders op hulle eie aanpak om taalaanleer vir hulself te bevorder, is die kern van die taakgebaseerde benadering (East, 2021: 3).

Nunan (2006: 14) noem dat die taakgebaseerde benadering pedagogies deur die volgende benaderings, riglyne en praktyke versterk word:

- 'n behoefte-gebaseerde benadering tot inhoudskeuse;
- aandrag daarop dat studente deur middel van interaksie met die doeltaal moet leer om in die doeltaal te kommunikeer;
- die invoer en gebruik van outentieke tekste tydens die aanleerproses;
- die skep van geleenthede vir taalaanleerders om nie net op taalgebruik en/of grammatika te fokus nie, maar ook op die taalaanleerproses;
- nadruk op die taalaanleerder se persoonlike ervarings as belangrike bydraende elemente tot die aanleerproses in die klaskamer; en
- beklemtoning van die verband tussen die aanleerproses *binne* die klaskamer met studente se gebruik van die doeltaal *buite* die klaskamer.

2.2.1. Gefokusde take

Gefokusde take dwing studente om spesifieke grammatikale strukture aan te leer (volgens Ellis, 2003 en Solares-Altamirano, 2020). Die uitvoer van gefokusde take moet natuurlikerwyse tot hierdie verwerwing lei, wat beteken dat taal pragmaties gebruik word om die een of ander uitkoms te bereik. Solares-

Altamirano (2020: 199) noem dat vreemdetaalstudente tydens die uitvoer van gefokusde take spesifieke taal met 'n spesifieke doel moet gebruik – naamlik om dit in werklike kontekste te kan gebruik en toe te pas – kyk afdeling 2.1. oor konteksgebaseerde onderrig. Dit het ten doel om kommunikatiewe taalgebruik te bevorder en om die gebruik van 'n spesifieke vooraf bepaalde taalstruktuur te teiken. Dit beteken dat vreemdetaalstudente vooraf weet waarom hulle die spesifieke taak doen.

Ellis (2003) wys op die volgende kenmerke wat gebruik kan word om 'n taak te identifiseer:

1. 'n Werkplan – volgens Ellis (2003) 'n plan vir 'n leerderaktiwiteit of 'n taak. Die werklike aktiwiteit kan tot die oorspronklike plan lei of nie; dus bestaan die moontlikheid dat 'n taak nie noodwendig kommunikatiewe optrede tot gevolg het nie.
2. 'n Primêre fokus op betekenis – 'n taak het ten doel om vaardigheid in Taal 2 deur middel van kommunikasie te ontwikkel. Dit vereis dus fokus op betekenis. Vir hierdie doel sal take 'n inligtings-, menings- of redenasiegaping insluit. Taalaanbieders het die vryheid om die linguistiese en nie-linguistiese middele te kies om die gaping te oorbrug en die uitkoms te bereik. 'n Taak kan egter 'n sekere semantiese ruimte skep, asook die behoefte aan spesifieke prosesse wat verband hou met linguistiese opsies. Taalaanbieders kan die inhoud van die taak aandui, maar die taal wat gebruik word, is die taalaanleerder se keuse.
3. Werklike prosesse tydens taalgebruik – die werkplan kan taalaanleerders betrek by werklike taalaktiwiteite soos die invul van 'n vorm. Dit kan hulle ook betrek by 'n kunsmatige taalaktiwiteit, byvoorbeeld om die verskille tussen twee prente te identifiseer. Wat belangrik is, is dat die prosesse van taalgebruik wat uit die taakuitvoering (vrae en die beantwoording van vrae, die hantering van misverstande ensovoorts) voortspruit dié prosesse weerspieël wat tydens werklike kommunikasie plaasvind.
4. Enige van die vier taalvaardighede – die werkplan kan taalaanleerders betrek deur hulle na 'n teks te laat luister of hulle dit self te laat lees; om hulle begrip te toon; om 'n mondelinge of 'n geskrewe teks te produseer; om 'n kombinasie van ontvanklike en produktiewe vaardighede te gebruik; óf deur middel van veeleisende dialogiese of monologiese taalgebruik. Hiermee wys Ellis (2003) daarop dat take nie van oefeninge verskil nie.

5. Kognitiewe prosesse – die werkplan doen 'n beroep op kognitiewe prosesse tydens die uitvoering van die taak: seleksie, klassifisering, die ordening van inligting, redenasie en evaluering. Sulke prosesse beïnvloed maar bepaal nie die taalkeuse nie. Daardie keuse word aan die taalaanleerder oorgelaat.
6. 'n Duidelik gedefinieerde kommunikatiewe uitkoms – die werkplan spesifiseer die nielinguistiese uitkoms van die taak. Dit dien om vas te stel wanneer taalaanleerders die taak voltooi het.

Ellis (2003) noem dat party van die bogenoemde kriteria as meer deurslaggewend beskou word om te bepaal of 'n aktiwiteit as 'n taak kwalifiseer. Kriterium 2, wat die noodsaaklikheid van 'n primêre fokus op betekenis beklemtoon, word as 'n sleutfaktor geïdentifiseer. Gevolglik meen Ellis (2003) dat kriteria 3 en 4 ook as beduidende oorwegings uitgelig moet word, terwyl kriteria 1, 5 en 6 beskou word as synde van toepassing op 'n breër reeks onderrigmateriaal, met die inbegrip van oefeninge. Op grond van hierdie sleutelkriteria formuleer Ellis (2003) sy definisie van 'n taak in taalaanleer en -onderrig.

Volgens Ellis (2003) is 'n taak 'n werkplan wat van taalaanleerders vereis om taal pragmaties te verwerk ten einde 'n uitkoms te bereik wat geëvalueer kan word in terme daarvan dat óf die korrekte, óf die toepaslike proposisionele inhoud oorgedra is. Vir hierdie doel word vereis dat die taalaanleerders primêre aandag gee aan betekenis én dat hulle gebruik maak van hulle eie linguistiese hulpbronne, alhoewel die ontwerp van die taak hulle daartoe kan lei om spesifieke taakvorme te kies. Verder meen Ellis (2003) dat 'n taak bedoel is om te lei tot taalgebruik wat direk of indirek ooreenstem met die manier waarop taal in die werklike wêreld gebruik word. Soos ander taalaktiwiteite kan 'n taak dus produktiewe of reseptiewe, mondelinge of geskrewe vaardighede asook verskeie kognitiewe prosesse behels.

Ellis (2003) en Solares-Altamirano (2020) meen dat gefokusde take studente dwing om spesifieke grammatikale strukture te verwerf. In gefokusde take moet die vreemdetaalstudente spesifieke taal met 'n spesifieke doel gebruik – met ander woorde, hulle moet dit in werklike kontekste kan gebruik en kan toepas. Gefokusde take het dus ten doel om kommunikatiewe taalgebruik te bevorder en om die gebruik van 'n spesifieke, vooraf bepaalde taalstruktuur te teiken. Dit beteken dat vreemdetaalstudente vooraf weet waarom hulle die spesifieke taak doen (Solares-Altamirano, 2020: 199).

Daar is volgens Ellis (2003) en Solares-Altamirano (2020: 200) twee maniere waarop 'n gefokusde taak opgestel kan word. Eerstens kan die taak beplan

word op 'n manier wat sal verseker dat taalaanleerstudente die spesifieke taalstrukture gebruik om die taak uit te voer. Hierdie soort gefokusde taak staan bekend as 'n grammatikale taak (Solares-Altamirano, 2020: 200). Die tweede manier is om taal die eintlike inhoud van die taak te maak. Solares-Altamirano (2020: 200) noem dat 'n paar voorbeelde van 'n spesifieke taalstruktuur wat aan vreemdetaalstudente gegee word, waar hulle die reëls van hierdie taalstruktuur moet afei om te beskryf hoe daardie spesifieke taalstruktuur gebruik word. Dié soort gefokusde taak word 'n bewusmakingstaak genoem, aangesien dit die kognitiewe prosesse van analise en afleiding deur die vreemdetaalstudente behels (Solares-Altamirano, 2020: 200). Ek maak tydens die studie van beide soorte gefokusde take gebruik.

Een voordeel van gefokusde take binne die vreemdetaalklaskamer is dat die taaksiklus (voortaak-taak-nataak) die siening ondersteun dat grammatika 'n middel tot 'n kommunikatiewe doel is. Nóg 'n voordeel is dat gefokusde take tematies georiënteerde kommunikasie bevorder en dat dit leerdergesentreerd en betekenisgesentreerd is. Laastens is gefokusde take ook nuttig vir werklikewêreldkontekste, aangesien dit vreemdetaalstudente se individualiteit, belangstellings en kreatiwiteit respekteer. Dit is myns insiens belangrik om studente se individualiteit te respekteer, veral binne die konteks van deelnemers as vreemdetaalsprekers van Afrikaans – soos in die studie waaroor hierdie artikel verslag lewer.

Ek beoog om gefokusde pedagogiese vertaaltake op te stel, met die uiteindelijke doel dat die inhoud van die take verseker dat studente dieselfde take buite die klaskamer kan uitvoer. Die take is verder daarop gemik dat studente Afrikaans kommunikatief in verskillende kontekste binne sowel as buite die klaskamer gebruik. Die pedagogiese vertaaltake word opgestel om die studente se linguistiese taalvaardigheidsvlak in ag te neem – minder komplekse take word eers voltooi en die moeilikheidsgraad neem toe met elke daaropvolgende vertaaltak. Die manier waarop gefokusde pedagogiese vertaaltake in die klaskamer gebruik en ingesluit kan word, word dus in die studie ondersoek om te verseker dat Afrikaanstaalaanleer plaasvind.

2.2.2. Taakraamwerk

Hosseinpour en Koosha (2016) argumenteer dat taakgebaseerde lesse uit drie algemene fases bestaan, naamlik uit die voortaak, die taak en die nataak. Ellis (2003) in Hosseinpour en Koosha (2016) meen dat slegs die taakfase verpligtend is, maar volgens Hosseinpour en Koosha (2016) verseker die voortaak en nataak die doeltreffendheid van taakverrigting.

Die funksie van die voortaak is om die vreemdetaalstudente daarop voor te berei om die taak uit te voer op maniere wat vreemdetaalaanleer sal aanspoor (Ellis, 2018: 220). Verder stel dit, volgens Ellis (2018: 220), die vreemdetaaldosent in staat om die studente in te lig oor die onderwerp wat bespreek word. Hy meen dat die onderwerp en die taak deur middel van byvoorbeeld prente, plakkate en demonstrasie deeglik aan die vreemdetaalstudente verduidelik moet word.

Die volgende fase is die eintlike taak wat aan die studente gegee word. Hierdie taak kan opgestel word in die vorm van 'n reeks verskillende “subtake” wat gerig is op die spesifieke onderwerp waarop die vreemdetaaldosent wil fokus. Ellis (2018:224) meen dat vreemdetaalstudente tydens die taakfase die doeltaal moet gebruik en daarmee moet werk deur byvoorbeeld groepwerk, kommunikatiewe take en aanbiedings.

Die laaste fase waaruit 'n taakgebaseerde les bestaan, is die nataak. Die vreemdetaalstudente word in die nataak gevra om hulle terugvoer oor die taak – of selfs van die antwoorde – te deel. Die studente bied die nuwe woorde wat hulle geleer het aan as deel van die uitbreiding van hulle woordeskatkennis.

Ellis (2018: 229) stel voor dat vreemdetaalstudente in die nataak verskeie aktiwiteite voltooi wat op die uitvoering van die taak volg, byvoorbeeld om algemene woorde en frases te identifiseer en te klassifiseer, of om woorde en frases wat tydens die voltooiing van die taak aangeleer is, in die klaskamer te oefen. Dit behels ook dat die studente die linguistiese probleme aanspreek wat hulle tydens die voltooiing van die taak teëgekom het.

Die gefokusde pedagogiese vertaaltake wat in die studie ontwerp en gebruik word, volg bostaande taakraamwerk.

2.3. Taalaanleerstrategieë

Alhoewel die taaksiklus 'n nuttige rol speel in die ontwerp van die taakgebaseerde, gefokusde pedagogiese vertaaltake, vereis die voltooiing van hierdie vertaaltake dat die vreemdetaalstudente oor sekere eienskappe en vaardighede beskik wat hulle in staat kan stel om hierdie take te voltooi. Dit is boonop belangrik om daardie strategieë en metodes te identifiseer wat vir hierdie studente bruikbaar kan wees tydens die taalaanleerproses, aangesien die vertaaltake 'n taakgebaseerde benadering volg om die studente in staat te stel om die vreemde taal in werklikewêreldkontekste kommunikatief te gebruik. Die doel van die vertaaltake is om die studente te kan toerus met hierdie nodige strategieë, wat hulle kan motiveer om suksesvolle taalaanleer te bereik, asook dat die vertaaltake deur die dosent ontwerp word om vir die

vreemdetaalstudente as taalaanleerstrategieë bruikbaar te kan wees.

Taalaanleerstrategieë⁶ word gebruik om vreemdetaalstudente se vreemde-taalkennis en -begrip te bevorder (Cohen, Weaver en Li, 1996: 3). Volgens Hardan (2013: 1713) vereis elke taalaanleerproses 'n metode of 'n strategie wat aangepas moet word ten einde die hoofdoel van taalaanleer te bereik. Hardan (2013: 1713) meen verder dat van die belangrikste kwessies tydens die taalaanleerproses die vraag is *wat* vir taalaanleer gebruik moet word, asook *hoe* dit gebruik moet word.

Williams en Burden (1997) in Hardan (2013: 1713) definieer taalaanleerstrategieë as metodes wat taalaanleerders benut om tydens die taalaanleerproses inligting in te neem, te stoor en te herroep. Taalaanleerders gebruik dus taalaanleerstrategieë om suksesvolle taalaanleer te bereik. Hierdie taalaanleerstrategieë bestaan uit vier subkategorieë: die kognitiewe strategieë, die metakognitiewe strategieë, die sosiale strategieë en die affektiewe strategieë.

Oxford (1990) in Hardan (2013: 1716) argumenteer dat verskeie taalaanleerstrategieë deur vreemdetaalstudente toegepas kan word.

Die kognitiewe strategieë behels volgens Cohen et al. (1996: 3) gewoonlik die identifikasie, behoud, berging of hergebruik van woorde, frases en ander elemente van die doeltaal, byvoorbeeld die gebruik van voorkennis of bestaande taalkennis en woordeskat om nuwe taalmateriaal te begryp, of die toepassing van grammatikareëls op 'n nuwe konteks, of die klassifikasie van woordeskat volgens onderwerp.

Hierdie strategieë word deur Beckman (2002: 2) beskryf as 'n groep strategieë of prosedures wat vreemdetaalstudente gebruik om akademiese take uit te voer óf om hulle sosiale vaardighede te verbeter. Dit word gewoonlik saam met ander strategieë gebruik, na gelang van die studente se leerskema⁷ (Beckman, 2002: 2).

Die metakognitiewe strategieë handel, aldus Cohen et al. (1996: 3), oor vooraf beplanning asook oor selfassessering, aanlyn beplanning, monitering en evaluering, sowel as oor na-evaluering van taalaanleeraktiwiteite – byvoorbeeld die vooraf bekendmaking van die taalmateriaal vir die dag se les; die organisering van gedagtes voordat daar gepraat word, of 'n nabetragtingsessie oor prestasie.

Sosiale strategieë is, volgens Cohen et al. (1996: 3), strategieë wat interaksie insluit: Vreemdetaalstudente tree in interaksie met mekaar of met die taaldosent – óf met eerstetaalsprekers van die doeltaal. Die doel van die interaksies is byvoorbeeld om vrae te vra ter verduideliking, om 'n medestudent te ondersteun om 'n taak te voltooi of om met die ander studente saam te werk.

Cohen et al. (1996: 3) meen dat affektiewe strategieë leerdermotivering, emosies en houdings reguleer, byvoorbeeld strategieë vir die verlaging van angsvlakke, vir selfbemoediging en ook vir selfbeloning. Dit sluit onder andere in dat die studente hulself beloon vir goeie prestasie, dat hulle met mekaar en die dosent oor hul gevoelens praat, asook positiewe selfspraak.

Taalgebruikstrategieë behels beide taalprestasie- en kommunikasie-strategieë (Cohen et al., 1996: 4). Taalprestasiestrategieë sluit ook strategieë in om die strukture van die vreemde taal te kan oefen. Dit sluit boonop in hoe om die vreemdetaalklaskamer te kan benader en uiteindelik te hanteer. In die geval van taalprestasiestrategieë is daar gewoonlik geen bedoeling of poging vanaf die vreemdetaalstudent se kant om die vreemde taal of enige spesifieke afdeling daarvan aan te leer of daarin te kan kommunikeer nie. Die vreemdetaalstudent neem gewoonlik slegs aan take deel om ander studente te beïndruk (Cohen et al., 1996: 4).

Kommunikatiewe strategieë verskil van bogenoemde strategieë deurdat hulle daarop fokus om te verseker dat die boodskap suksesvol in die vreemde taal oorgedra word. In hierdie geval kan vreemdetaalstudente byvoorbeeld nuwe woorde gebruik om in die taalklaskamer te kommunikeer (Cohen et al., 1996: 4).

Volgens Cohen et al. (1996: 6) en Beckman (2002: 3) is strategiegeba-seerde onderrig (strategie-opleiding) 'n leerdergesentreerde benadering tot onderrig wat twee hoofkomponente bevat. Eerstens moet studente eksplisiet geleer word *hoe*, *wanneer* en *waarom* strategieë gebruik word om taalaanleer en taalgebruiktake te fasiliteer. In dié studie word vreemdetaalstudente die voordele van pedagogiese vertaling geleer, asook hoe die gebruik daarvan benut kan word om die vreemde taal beter aan te leer en om dit ook kommunikatief in verskillende kontekste te kan gebruik. Die studente word ook bewus gemaak van hoe hulle woordeskatkennis in die taalaanleerproses kan verbeter wanneer hulle van vertaling gebruik maak, byvoorbeeld deur moeilike woorde of terme te vertaal wat vir die eerste keer genoem word.

Tweedens word strategieë in alledaagse klasmateriaal geïntegreer. Hierdie strategieë is eksplisiet of implisiet in die taaltake ingebed.

Sewell (2003: 4) noem dat vreemdetaalstudente wat 'n verskeidenheid effektiewe taalaanleerstrategieë toepas (dit wil sê, metakognitiewe, kognitiewe en kommunikatiewe strategieë) gewoonlik groter sukses tydens hulle taalaanleerproses bereik. Verder meen Sewell (2003: 6) dat 'n verskil in persoonlikheidseienskappe, in taalaanleerstyle asook in taalaanleerstrategieë 'n belemmerende invloed op taalaanleersukses kan inhou. Dit kan byvoorbeeld lei tot 'n tegniek of 'n bevoegdheid wat vir een taalaanleerstudent voordelig is, terwyl dit vir 'n ander nadele inhou.

Volgens Plonsky (2011: 1014) is een van die voordele van strategie-opleiding binne vreemdetaal aanleer dat die studente aangemoedig word deur toenemende blootstelling aan die vreemde taal, asook aan meer geleenthede om hulle strategieë en vaardighede in te oefen. Vreemdetaalstudente word tydens die studie deur middel van gefokusde pedagogiese vertaaltake blootgestel aan nuwe woordeskat, asook aan die verskillende kontekste waarin woorde gebruik word. Vertaling word deur middel van gefokusde vertaaltake gebruik as 'n strategie vir vreemdetaal aanleer.

'n Voordeel daarvan is onder meer dat studente leer om strategies te wees, dat hulle selfvertroue verhoog en dat hulle weet hoe om te probeer. Hulle leer om onafhanklik te dink en te werk (Beckman, 2002: 4). Die insluiting van vertaling binne die Afrikaanstaalaanleersillabus kan die studente moontlik aanmoedig om minder angstig te voel, aangesien die fokus nie op die gehalte van hulle vertaalde tekste sal wees nie, maar op hoe die vertaalproses vir hulle bruikbaar kan wees om die vreemde taal aan te leer. Die fokus val dus op die verbetering en die ontwikkeling van hulle taalgebruik, woordeskat, grammatika en kommunikatiewe vaardighede, eerder as op die feit dat studente "perfekte" vertalings of vertaalde tekste moet produseer.

2.3.1. Voorbeeldlesse

'n Les waartydens taalaanleerstrategieë met die inhoud geïntegreer word, kan byvoorbeeld die volgende formaat behels (ek stel voor dat die les in twee verdeel word):

Studente word aan die begin van die eerste les die woordeskat aangeleer wat gebruik kan word om hulself voor te stel. Dit sluit in groetvorme, stokperdjies, ensovoorts. Die studente kry dan 'n klasoefening waarvolgens hulle die Engelse vertalings van die verskillende woorde en uitdrukkings by die Afrikaanse vertalings laat pas.

Die studente word dan gevra om self te oefen hoe om hulleself aan mekaar voor te stel. Hier kan die studente gebruik maak van memorisering en herroeping om die woorde en uitdrukkings te oefen. Die les fokus dus op die kognitiewe taalaanleerstrategieë.

In die volgende les word die taalaanleerstudente in groepe van twee verdeel. Hulle word dan versoek om in die vorm van 'n dialoog 'n gesprek te voer waartydens hulle hulself aan mekaar voorstel. Dit bevorder samewerking tussen die studente (sosiale strategieë).

Aangesien die studente in groepe van twee kan werk, bied dit die geleentheid dat hulle iets van mekaar kan leer. Hiernaas bied dit 'n geleentheid om

hulle angstigheid te verminder wanneer hulle in pare werk om hulleself? aan mekaar voor te stel, in plaas daarvan om alleen te werk (affektiewe strategieë). Aan die einde van die les word die studente versoek om die nuwe woordeskat neer te skryf wat hulle geleer het.

Laastens kry die studente opdrag om nabetragting te hou oor die verskillende oefeninge en hoe hulle elke deel van die oefening ervaar het, asook oor wat hulle geleer en het en waarmee hulle die meeste gesukkel het (metakognitiewe strategieë). Hierdie oefening fokus ook op sosiale taalaanleerstrategieë, aangesien die vaardighede waarop hierdie les fokus, aan studente die geleentheid bied om te oefen hoe om in werklikewêreldkontekste dieselfde woordeskat en vaardighede te gebruik om te kommunikeer.

Die gebruik van vertaaltake as taalaanleerstrategieë is nie net voordelig vir die studente om suksesvolle taalaanleer te bereik nie, maar ook vir die doel van die studie, aangesien deelnemende aksienavorsing toelaat dat die studente deur middel van hul ervaring en terugvoer ook kan bydra tot die identifisering van hoe die pedagogiese vertaaltake in die Afrikaansvreemde-taalsillabus ingesluit kan word.

2.4. Sillabusontwerp

Die sillabusontwerpproses bevat volgens Robinson (2009) in Greyling (2014: 44) die keuse van die tipe eenhede wat in die sillabus ingesluit moet word en daarna die bepaling van die volgorde van die geselekteerde eenhede. Daarbenewens bestaan 'n sillabus uit vooraf bepaalde, vaste besluite oor wat onderrig word, asook die volgorde daarvan. Soos vroeër genoem, voltooi die vreemdetaalstudente vertaaltake wat in werklike situasies relevant is – byvoorbeeld die voltooiing van 'n vertaaltaak wat op riglyne fokus. Hierdie taak kan insluit dat die studente 'n Engelse teks ontvang, met wenke en riglyne vir tydbestuur.

Die teks bevat kort, eenvoudige sinne, aangesien die studente vreemde-taalsprekers is. Die studente kry opdrag om die teks te lees en die hoofpunte te identifiseer. Hulle kry dan 'n blad met kernwoordeskat in Engels, wat hulle moet vertaal.

Die studente word dan in die laaste deel van die taak gevra om hulle eie wenke (in kort sinne) te verskaf oor onderwerpe waaruit hulle kan kies, soos hoe om vir 'n vakansie in te pak, hoe om op universiteit vriende te maak, of hoe om water te bespaar. Die laaste deel van die taak laat studente toe om hulle eie wenke en riglyne te gee en fokus ook op hulle skryfvaardighede in Afrikaans. Sulke take stel studente in staat om in werklike situasies te

kommunikeer, asook om woordeskat op te bou wat hulle goed genoeg ken om te weet binne watter kontekste verskillende woorde gebruik kan word.

Die take sal nie net ontwerp word met inagneming van die kommunikatiewe gebruik buite die vreemdetaalklaskamer nie, maar met die doelwit dat die tekste relevant is tot die studente se lewens buite die taalaanleerklaskamer én dat hulle in die spesifieke inhoud belangstel wat in die take behandel word. Greyling (2014: 45) noem dat woordeskataanleer makliker is vir die taalaanleerstudente wanneer hulle in die teks belangstel, aangesien die teks hulle aandag makliker sal behou.

'n Behoefte-analise word tydens die sillabusontwerpproses gedoen. Nunan (1988: 13) meen dat dit verwys na die tegnieke en prosedures wat gebruik word vir die verkryging van inligting wat tydens sillabusontwerp gebruik word. Die inligting wat ingesamel word, handel nie slegs oor die redes waarom die studente die taal wil aanleer nie, maar ook oor die samelewingsverwagtinge en beperkings, en oor die bronne wat beskikbaar is om die sillabus te ontwerp. Die behoefte-analise wat deur vreemdetaalstudente in die studie voltooi word, sal gebruik word om te bepaal watter taalaanleerbehoefte die studente het om uiteindelik gepaste vertaaltake te ontwerp wat hierdie behoeftes aanspreek. Dit is belangrik om vertaaltake te ontwerp met inagneming van die behoeftes van vreemdetaalstudente vir die bevordering van suksesvolle taalaanleer.

Die gefokusde pedagogiese vertaaltake wat by die sillabus ingesluit word, word gebruik om 'n vreemdetaalaanleeratmosfeer te skep wat rondom die studente se behoeftes gesentreer is. Deur hierdie vertaaltake in die Afrikaansvreemdetaalsillabus in te sluit, word vreemdetaaldosente aangemoedig om kreatiewer en meer vernuwende take te ontwerp, aangesien studente verskillende behoeftes het en omdat elke vreemdetaalklaskamer verskillend lyk en funksioneer na gelang van die studente se taalaanleerbehoefte.

Deur aandag te gee aan die gebruik van taalaanleerstrategieë, kan studente met behulp van die verskillende strategieë waarop daar in lesse gefokus word, beter vaar in die gefokusde pedagogiese vertaaltake aangesien hulle al binne die vreemdetaalklaskamer voorberei word om hierdie take te voltooi. Dit sluit byvoorbeeld in hoe hulle geleentheid kry om in die vreemdetaalklaskamer nabetragting te hou oor die inhoud wat behandel is, asook op die fokus op affektiewe strategieë om die studente se angsvlakke tydens die afhandeling van klasoefeninge te verlaag. Dit kan die studente motiveer om meer dikwels in die vreemdetaalklaskamer deel te neem en om meer take sonder enige angstigheidsaanpak.

Dit kan ook die studente bemoedig om terugvoer te gee oor hierdie

take, sodat die vreemdetaaldosent kan identifiseer waarop daar nog in die Afrikaansvreemdetaalklaskamer en sillabus gefokus kan word. Dit hou ook verband met die doel van die behoefte-analise soos genoem deur Cronjé (2021: 48), naamlik dat die gebruik van 'n behoefte-analise binne 'n taakgebaseerde sillabus die vreemdetaalstudente se vaardigheidsvlakke bepaal, terwyl dit terselfdertyd leerderoutonomie bevorder, aangesien dit vir die studente die geleentheid verskaf om hul menings te lug.

Die fokus op die gebruik van taalaanleerstrategieë kan vir die vreemdetaaldosent bruikbaar wees om vertaaltake te ontwerp wat nie net relevant is ten opsigte van die studente se behoeftes nie, maar wat ook daarop gemik is om die studente se belangstelling en entoesiasme oor die inhoud te bevorder ten einde suksesvolle taalaanleer te bereik. Die studente se aktiewe deelname deur die voltooiing van die behoefte-analise, gefokusde pedagogiese vertaaltake, asook die terugvoer wat hulle tydens die taakfase aan die vreemdetaaldosent gee, skep die geleentheid om te kan identifiseer watter vertaaltake in die Afrikaansvreemdetaalsillabus ingesluit kan word. Dit bied ook die geleentheid om te bepaal hoe dit in die sillabus geïntegreer kan word. Dit dra ook daartoe by dat die vreemdetaaldosent kan bepaal waarop daar gefokus kan word en wat tydens die ontwerpproses van hierdie vertaaltake verbeter kan word.

Die vertaaltake word wel as 'n riglyn gebruik om verskillende taalaanleerprobleme aan te pak wat deur die studente ervaar word. Die onderskeie vertaaltake word in die sillabus voltooi, gebaseer op die spesifieke onderwerp wat in die vreemdetaalklaskamer op 'n spesifieke tyd behandel word. Hierdie vertaaltake word verbind met ander take wat reeds in die sillabus bestaan, sodat die vreemdetaaldosent nie afhanklik is van een spesifieke taak nie, maar eerder van 'n verskeidenheid take wat verskillende taalaanleerprobleme en -behoefte aanpak.

3. Samevatting

Die taakgebaseerde pedagogiese vertaaltake wat met behulp van 'n behoefte-analise ontwerp word, kan uiteindelik bruikbaar wees om vertaaltake te ontwerp wat as taalaanleerstrategieë deur Afrikaansvreemdetaalstudente gebruik word. Deur die taakgebaseerde benadering te volg, stel dit die vreemdetaaldosent in staat om gefokusde take te ontwerp wat die vreemdetaalstudente kan motiveer om kommunikatief buite die vreemdetaalklaskamer te kommunikeer.

Die vreemdetaalstudente se deelname aan die studie is voordelig vir

die ontwerp van gefokusde pedagogiese vertaaltake wat in die sillabus vir Afrikaansvreemdetaalstudente ingesluit kan word. Die behoefte-analise kan nuttig wees vir die dosent om spesifieke vertaaltake te ontwerp wat op die studente se taalaanleerbehoefte fokus, terwyl die gebruik van die taakgebaseerde benadering vir die studente die geleentheid gun om in die nataakfase terugvoer te kan gee oor hul ervaring van en menings oor die voltooiing van die taak. Dit kan effektief wees vir die dosent om te identifiseer waarop daar gefokus moet word, asook watter taalaanleerstrategieë gebruik kan word om te verseker dat die studente se ervaring tydens die voltooiing van die taak verbeter word, terwyl hulle terselfdertyd gemotiveer word om met belangstelling en entoesiasme aan die taalaanleerproses deel te neem.

Die vertaaltake wat vir die taakgebaseerde sillabus ontwerp word, sal nie net as 'n hulpmiddel vir kommunikatiewe bevoegdheid in wêreldwerklike kontekste dien nie, maar ook as taalaanleerstrategieë wat deur studente gebruik kan word om die aanleer van 'n spesifieke vreemde taal suksesvol te bereik.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Adendorff, E.M.** 2012. Kompleksiteit in taakgebaseerde onderrig en leer van Afrikaans as tweede taal binne universiteitskonteks. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Adendorff, E.** 2020. Vertaling en taalverwerwing – 'n literatuuroorsig oor die vertaling van intertalige onderskrifte. *LitNet Akademies* 17(2): 484-509.
- Banitz, B.** 2022. To translate or not to translate: The case of pedagogic translation in the foreign language classroom. *MEXTESOL Journal* 46(2): 1-9.
- Beckman, P.** 2002. *Strategy Instruction*. Arlington: ERIC Digest.
- Berardo, S.A.** 2007. *Designing a Language Syllabus*. Rome: Aracne Editrice.
- Cohen, A.D., Weaver, S.J. en Li, T.** 1996. *The Impact of Strategies-Based Instruction on Speaking a Foreign Language*. University of Minnesota: Center for Advanced Research on Language Acquisition (CARLA).
- Cook, G.** 2010. *Translation in Language Teaching: An Argument for Reassessment*. Oxford: Oxford University Press.
- Cronjé, D.** 2021. Riglyne vir die ontwerp van 'n Afrikaanse tweedetaalsillabus op universiteitsvlak. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- East, M.** 2021. *Foundational Principles of Task-Based Language Teaching*. ESL and Applied Linguistics Professional Series. New York: Routledge.

- Ellis, R.** 2003. *Task-Based Language Learning and Teaching*. Oxford: Oxford University Press.
- Genis, P.F.** 2020. Die gebruik van taalspeletjies as hulpmiddel vir woordeskat-uitbreiding in 'n taakgebaseerde onderrigprogram vir taalverwerwing-studente. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Greyling, A.** 2014. Die ontwerp van 'n kursus vir Afrikaans vir spesifieke doeleindes vir eerstejaar-onderwysstudente binne die taakgebaseerde benadering. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Gunawan, S.A.** 2020. Pedagogical translation in second language acquisition. *Jurnal Basis UPB* 7(2): 225-232.
- Hardan, A.** 2013. Language learning strategies: A general overview. *Procedia - Social and Behavioral Sciences* 106: 1712-1716.
- Human, E.** 2022. 'n Ondersoek na die verband tussen taalangstigtheid en taalaanleerstrategieë onder Afrikaanstweedetaalstudente aan die Universiteit Stellenbosch. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Hosseinpour, N. en Mansour, K.** 2016. Pedagogical efficiency of teacher-led whole-class scaffolding as a pre-writing task. *Theory and Practice in Language Studies* 6(3): 495-500.
- Iswahyudi, I., Bambang Setiyadi, A. en Sukirlan, M.** 2019. The effect of focused and unfocused tasks on students' spoken performance at Junior High School 4. Bandar Lampung. *CORE* 8(3): 1-12.
- Kazeni, M.** 2012. Comparative effectiveness of context-based and traditional teaching approaches in enhancing learner performance in life sciences. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Krashen, S.D.** 2013. The case for non-targeted, comprehensible input. *Journal of Bilingual Education Research and Instruction* 15: 102-110.
- Matroos, A.** 2023. 'n Ondersoek na die gebruik van gedigte vir tweedetaalstudente op universiteitsvlak. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Mkumatela, A.** 2023. 'n Ondersoek na die gebruik van verskillende vertaalmetodes deur Afrikaanstaalverwerwingstudente. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Nunan, D.** 2006. Task-based language teaching in the Asia context: Defining "task". *Asian EFL Journal* 8(3): 12-18.
- Petrocchi, V.** 2014. Pedagogic translations vs. Translation teaching: A compromise between theory and practice. *Italica* 91(1): 95-109.

- Plonsky, L.** 2011. The effectiveness of second language strategy instruction: A meta-analysis. *Language Learning* 61(4): 993-1015.
- Sewell, D.H.** 2003. The good language learner: Second language acquisition. Question PG/03/09. <https://www.birmingham.ac.uk/Documents/college-artslaw/cels/essays/secondlanguage/SewellSLA.pdf> (Datum van gebruik: 18 Mei 2024)
- Solares-Altamirano, M.E.** 2020. Teachers' responses to an online course on task-based language teaching in Mexico. In: Lambert, C. and Olivier, R. 2020. *Using Tasks in Second Language Teaching: Practice in Diverse Contexts*. Bristol: Multilingual Matters.

Note

1. 'n Taalaanbieder is enige persoon wat 'n taalaanleerkursus of lesse aanbied. Die term *taalaanleerder* verwys na enige persoon wat 'n nuwe taal aanleer.
2. "Vreemde taal" verwys na die aanleer van 'n taal waarvan die aanleerder geen of baie min kennis het.
3. Daar kan naas "vertaling as 'n middel" ook verwys word na vertaling as 'n hulpmiddel of 'n tegniek.
4. Die fokus van taalonderrig in die grammatikavertaalmetode was eerder op lees en skryf as om die taalaanleerstudente te motiveer om suksesvol in die doeltaal te kommunikeer (mondelinge vaardighede). Taalaanleerstudente was suksesvol as hulle tekste, veral literêre tekste, in hulle eerstetaal kon vertaal (Banitz, 2022: 2-3). Taalaanleer het bestaan uit die memorisering van eindelose lyste van onbruikbare grammatikareëls en woordeskat en 'n poging om perfekte vertalings van stylvolle of literêre prosa te produseer.
5. Tweektaligheid verwys na die gebruik van beide die eerste asook vreemde taal in die klaskamer.
6. Kyk Human (2022) se tesis oor die verband tussen taalaanleerstrategieë en taalangstigtheid.
7. 'n Leerskema is die stelsel strategieë wat 'n student outomaties gebruik om uit te voer, te produseer, te kommunikeer of te leer. Dit kan lank duur voordat 'n persoonlike leerskema ontwikkel. (Beckman, 2002: 3).

Die ideologiese invloed van die patronaat op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se *The Sound of Thunder*

Carolyn Meads

The ideological influence of the patronage on the Afrikaans retranslation of Wilbur Smith's The Sound of Thunder

This study examines the influence of ideology on the form and content of the Afrikaans retranslation of Wilbur Smith's The Sound of Thunder (Smith, 1966) to contribute to the rise in studies about sociocultural influences on retranslation. A descriptive study is presented using a corpus consisting of The Sound of Thunder (Smith, 1966), the first Afrikaans translation, As die donderweer dreun (Smith, 1977a), and the retranslation, Donderslag (Smith, 2015). Lefevere's (2017) framework and concept of patronage are used to contextually describe the prevailing ideology at the time that the translation and retranslation were published. Lambert and Van Gorp's (1985) model is used for the textual comparison of the corpus of texts. It is found that ideology had a marked influence on both target texts by drawing correlations between the prevailing ideology at the time of publication and the form and content of the first translation and retranslation.

1. Inleiding¹

Wilbur Smith se debuutroman, *When the Lion Feeds* (1964), het in 1965 opslae gemaak omdat dit in Suid-Afrika deur die apartheidsensuurburokrasie verban is weens die inhoud wat glo “promiscuity, passionate love scenes, lust, sexual intercourse, obscene language, blasphemous language, sadism, and cruelty” (Laros, 2018: 58) bevat. In 1977 is *A Sparrow Falls* (Smith, 1977b) ook weens sogenaamde onwelvoeglikheid en godslastering daarin verban (McDonald, 2009: 64).

Eietyds is Smith se werk deur party kommentators as seksisties en rassisties beskryf. Peck (1994: 154-155) noem 'n aantal mites wat hy glo deur Smith se werk versterk word, byvoorbeeld: “Black Africans are inferior to whites. They lack intelligence and imagination and are inarticulate, incapable of technology, and incompetent in agriculture”; “Africa is a cruel and violent land and produces hard men”; “Africans are cruel and savage, given to bloodlust and a madness to kill”. Volgens Santaulària (2001: 300-302) word selfs Smith se sterkste vrouekarakter, Centaine, ook maar

uitgebeeld as “weak, trembly, forlorn, crying and girlish every time something nasty occurs, giving men the opportunity to rise to the occasion and play their knightly roles of valiant rescuers of damsels in distress”.

Dit blyk dus dat daar in verskillende sosiohistoriese kontekste uiteenlopende ideologies gefundeerde opvattinge oor Smith se werk bestaan.

Hierdie studie ondersoek die invloed van ideologie op die vorm en inhoud van ’n Afrikaanse hervertaling van een van Smith se romans, *The Sound of Thunder* (Smith, 1966). Dié roman van die Zambies-Suid-Afrikaanse topverkoperskrywer is deur Heinemann in Londen uitgegee en vertel die verhaal van Sean Courtney wat saam met sy regterhand, Mbejane, en sy seun, Dirk, uit die wildernis terugkeer net toe die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899 uitbreek. Uit frustrasie omdat die vrou op wie hy verlief raak getroud is, sluit Sean by die vegtende Britse magte aan. Hy kom teenoor sy oorlede vrou, Katrina, se broer, die Boeregeneraal Jan Paulus Leroux, te staan.

Die eerste Afrikaanse vertaling, *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a), is deur Johann Swanepoel gedoen en deur Olympos uitgegee. Zirk van den Berg is die vertaler van die hervertaling, *Donderslag* (Smith, 2015), wat deur Adamastor uitgegee is.

Ontwikkelings in die groeiende navorsingsveld oor hervertaling word kortliks in hierdie artikel bespreek voordat daar ’n vergelykende studie onderneem word in die tradisie van Toury (2012) se beskrywende vertaalteorie, met as korpus *The Sound of Thunder* (Smith, 1966), *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) en *Donderslag* (Smith, 2015). Aan die hand van Lefevere (2017) se raamwerk vir die bestudering van ideologie in ’n literêre sisteem en sy konsep van die patronaat word ’n kontekstuele beskrywing gedoen van die heersende ideologie in die tydperke waarin die eerste vertaling en hervertaling onderskeidelik gepubliseer is. Lambert en Van Gorp (1985) se beskrywende model word benut om geselekteerde tekssegmente uit die brontekste en twee doeltekste met mekaar te vergelyk. Verskille word geïdentifiseer tussen die vertaalkeuses by die hervertaling en dié by die eerste vertaling. Laastens word verbande getrek tussen die heersende ideologieë ten tyde van publikasie van die onderskeie doeltekste en die vertaalkeuses by onderskeidelik die eerste vertaling en hervertaling. Daar word bevind dat ideologie ’n merkbare invloed op albei doeltekste uitoefen.

Daar is nog weinig navorsing oor hervertaling in Afrikaans gedoen,² veral wat vollengte romans vir volwasse lesers betref. Hierdie studie dra dus by tot navorsing oor Afrikaanse hervertalings en vul ’n leemte in dié navorsing.

2. Hervertaling

Hervertaling word in hierdie studie gedefinieer as 'n tweede of latere vertaling van dieselfde bronteks in dieselfde doeltaal – waar 'vertaling' kan verwys na die aktiwiteit of na die teks wat die resultaat van die aktiwiteit is. Daar word onderskei tussen hervertaling en hersiening in die sin dat die hervertaling direk vanaf die bronteks geskied, en nie net 'n aanpassing van die eerste vertaling behels nie (vergelyk Koskinen en Paloposki, 2010: 294; Tahir-Gürçağlar, 2011: 233; Deane-Cox, 2016: 1).

Hervertaling het eers sedert die 1990's 'n sentrale tema van vertaalteoretiese navorsing geword en vanaf 2010 het studies oor hervertaling veral 'n opbloeï beleef (Albachten en Tahir-Gürçağlar, 2019: 2). Van die vroegste studies oor hervertaling het daarop gefokus om die hervertalingshipotese, soos geformuleer deur Chesterman (2000: 23), te toets. Dié hipotese, gebaseer op uitsprake deur Berman (1990) en Bensimon (1990), postuleer dat latere vertalings vanaf dieselfde bronteks in dieselfde doeltaal neig om nader aan die oorspronklike teks te wees as die vroeëre vertalings (Chesterman, 2000: 23), dit wil sê meer 'vervreemdend' in Venuti (2008) se terme. Paloposki en Koskinen (2004: 33-36) vind egter nie genoeg bewyse om die hervertalingshipotese te staaf nie en kom tot die gevolgtrekking dat daar geen inherente eienskap van hervertaling is wat voorkeur aan vervreemding gee nie.

Navorsers het toenemend van die hervertalingshipotese wegbeweeg en begin kyk na eksterne sosiokulturele invloede om te verklaar waarom hervertalings se vorm en inhoud dikwels van vroeëre vertalings s'n verskil, en om vas te stel om watter rede hervertalings geskep word gegewe dat daar reeds 'n vertaling van die bronteks in die betrokke taal bestaan.

Cadera en Walsh (2017) ondersoek byvoorbeeld die hipotese dat elke nuwe vertaling verbind kan word tot 'n verandering in die historiese, kulturele en sosiale konteks van die doelkultuur. Ooreenstemmend met dié onlangse navorsing fokus hierdie studie ook op sosiokulturele faktore – spesifiek op die invloed van ideologie op hervertaling.

3. Beskrywing van ideologiese konteks aan die hand van Lefevere (2017) se raamwerk

Die definisie van ideologie wat vir hierdie studie geld, is soos volg: 'n gedeelde konseptuele netwerk van opvattinge en oortuigings wat aanvaarbaar beskou word in 'n sekere samelewing en in 'n sekere tyd, en wat sosiale interaksie en magsverhoudings tussen groepe rig. Dié definisie is saamgestel uit Lefevere

(1998: 48) en Van Dijk (1998: 8) se omskrywings van die term. Aangesien Lefevere (2017) se raamwerk vir die bestudering van ideologie in 'n literêre sisteem in hierdie studie gebruik word, is sy beskouing van ideologie hier van waarde. Die verwysing na mag, ontleen aan Van Dijk (1998: 8), is egter belangrik vir effektiewe afbakening van die begrip (vergelyk Hermans, 1999: 122). Die 'magsverhoudings' wat in die definisie genoem word, verwys egter nie noodwendig na onderdrukkende mag nie (vergelyk Van Dijk, 1998: 11 en Decker, 2004: 69).

Lefevere (2017: 9-11) span die heuristiese konsep van sisteme in vir sy raamwerk vir die beskrywende bestudering van 'herskrywing' en die manier waarop dit in diens van 'n bepaalde ideologie kan staan. Sy term 'herskrywing' sluit in literêre kritiek, historiografie en die samestelling van bloemlesings, maar dit verwys veral na vertaling (Lefevere, 1985: 234). Volgens Lefevere (2017: 11-13) se raamwerk is daar twee groeperinge wat ideologiese beheer uitoefen oor die literêre sisteem. Die patronaat oefen beheer uit van buite die sisteem en kan bestaan uit invloedryke persone, religieuse instansies, politieke partye, sosiale klasse, uitgewers en die media. Die professionele agente, byvoorbeeld vertalers, resensente, akademici en onderwysers, oefen van binne die sisteem beheer uit. Die patronaat het 'n ideologiese, ekonomiese en statuskomponent. Die professionele agente fokus gewoonlik op poëtika, oftewel die heersende literêre tendense, maar hulle kan ook tekste 'herskryf' om by 'n bepaalde ideologie te pas.

In hierdie artikel word gefokus op die ideologiese invloed van die patronaat op die doeltekste, maar die vertalers, as professionele agente, sou die ideologie van die patronaat kon bevorder óf teenstaan, dus sal hier ook kortliks na die ideologie van die vertalers van *As die donderweer dreun* en *Donderslag* verwys word (vergelyk afdeling 3.3.).

3.1. Ideologie van die patronaat in 1977

Die patronaat in 1977, toe die eerste Afrikaanse vertaling van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) verskyn het, sluit onder meer die regering, die sensuurburokrasie en die uitgewersbedryf in. Hieronder word die ideologie van dié liggame bespreek.

3.1.1. Gefokusde take

Die Nasionale Party het die land in 1977 regeer. Soos uit onderstaande bespreking sal blyk, omvat die ideologie van die regering in hierdie tyd

Afrikanernasionalisme, apartheidsideologie en Christelike konserwatisme.

Uit Giliomee (2020) se oorsig oor hoe die Afrikanernasie gevorm is, kan gesien word dat Afrikanernasionaliste meen dié nasie is saamgesnoer op grond van gedeelde taal, godsdiens, ras, geskiedenis en geografiese gebied. Volgens hierdie siening is Afrikaners wit Afrikaanssprekende Christene, wat in Suid-Afrika gebore is en woon. Hulle deel onder meer die geskiedenis van die Groot Trek en die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 en vereenselwig hul met sowel die lyding as die waagmoed van die Boerekrygers. Dit strook met Heywood (2017: 163-168) se uiteensetting van die verskillende faktore waarop nasionalisme gegrond kan wees. Die verdeling van die mensdom in verskillende nasionaliteite is volgens dié ideologie 'n natuurlike verskynsel en vervolgens is die nasie die mees gepaste eenheid van politieke organisasie.

Die aanwakker van 'n Afrikanernasionalistiese gevoel is volgens Welsh (2020: 37-42) een van die redes waarom die Nasionale Party aanvanklik in 1948 aan bewind gekom het. Dié party het 'n gevoel van trots op 'n gedeelde geskiedenis aangemoedig, asook 'n afkeer van Britsgeesinde ondersteuning tydens die Tweede Wêreldoorlog, en 'n paranoia ten opsigte van swart bedreiging van Afrikaners se sogenaamde rassuiwerheid en van hulle werksekerheid. In 1977 het Vorster se regering, met 'n kabinet wat net uit wit (meestal Afrikaner-) mans bestaan het, steeds Afrikanerbelange bevorder deur onder meer die ondersteuning van ondernemings in Afrikanerbesit.

Die regering se apartheidsideologie – 'n oortuiging dat daar segregasie tussen wit mense en ander rasse moet wees, met die implikasie dat wit mense bo ander rasse verhewe is (Wilburn, 1996: 71) – het neerslag gevind in 'n magdom wette wat deur die regering afgedwing is. Die Wet op Bevolkingsregistrasie van 1950 het mense byvoorbeeld op grond van ras geklassifiseer. Giliomee (2020: 145-146) noem dié wet die “hoeksteen van apartheid”, want mense se rasklassifikasie het, ingevolge talle ander wette, byna alles in hulle lewe bepaal – byvoorbeeld of hulle stemreg het, met wie hulle mag trou, waar hulle mag bly en watter skoolonderrig hulle mag ontvang. Die regering het sogenaamde Bantoe-onderrig ingestel waarvolgens swart kinders net tot op 'n vlak opgelei is waar hulle goedkoop migrante-arbeid in die wit gebiede kon bied of in die tuislande kon werk (Giliomee, 2020: 150).

Die tuislandbeleid is 'n verdere manier waarop die apartheidsideologie van die regering uitdrukking gekry het. Volgens dié beleid sou elke etniese groep as 'n aparte nasie gesien word en sy eie tuisland hê (Welsh, 2020: 41), maar die gebiede was oorbevolk en nie ekonomies lewensvatbaar nie omdat daar nie genoeg grond aan hulle toegestaan is nie. In die tuislande wat 'onafhanklik' geword het (maar wat steeds in 'n ondergeskikte posisie tot die Suid-

Afrikaanse regering gestaan het), het die mense wat daar bly ook hul Suid-Afrikaanse burgerskap verloor. Die idee was dus dat Suid-Afrika uiteindelik nie meer swart burgers sou hê nie (Giliomee, 2020: 163-182).

Volgens Seekings (2020: 1147) is die regering in 1977 ook deur 'n ideologie van konserwatisme gelei. Volgens Heywood (2017: 66) se verduideliking is konserwatisme 'n ideologie wat tradisie hoog op prys stel en dikwels saamval met 'n sterk verbintenis tot 'n spesifieke godsdiens. In die geval van die Nasionale Party was daar 'n noue band met die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk. Die NG Kerk het indertyd beweer dat apartheid op Bybelse beginsels gebaseer is (Welsh, 2020: 40). Seekings (2020: 1160) meen die NP was neuroties oor drankmisbruik, voorhuwelikse seks en aborsie en dit is aanduidings van hulle konserwatisme.

Die samelewing het volgens konserwatisme 'n natuurlike hiërargie, en sosiale gelykheid is nie wenslik nie. Mag, status en eiendom sal altyd ongelyk verdeel wees (Heywood, 2017: 72). Die konserwatisme van die NP-regering kan byvoorbeeld gesien word in die waarde wat hulle aan die familie-eenheid geheg het, met die pa as hoof van die huis en die ma as versorger (Seekings, 2020: 1150) en in hulle uitgangspunt dat wit mense 'n natuurlike hoër posisie in die hiërargie van die samelewing beklee (Welsh, 2020: 49).

Outoriteit word ook volgens konserwatisme as 'n natuurlike deel van die samelewing gesien. Dissipline en respek vir gesag word deur konserwatiewes hoog geag. Daarom is daar by hierdie ideologie 'n voorkeur vir 'n sterk regering en swaar strawwe vir kriminele dade (Heywood, 2017: 67-72). Die talle drakoniëse apartheidswette en die swaar strawwe wat daarmee gepaard gegaan het, strook duidelik met konserwatisme.

Daar was egter sommige lede van die regering wat meer konserwatief was as ander. In hierdie tyd is daar gepraat van die “verligtes” en “verkramptes” oftewel ultrakonserwatiewes (Welsh, 2020: 41).

3.1.2. Ideologie van die sensuurburokrasie in 1977

Die sensuurburokrasie het in 1977 bestaan uit 'n direktoraat vir publikasies wat toesig gehou het oor verskeie sensuurkomitees. Die sensors moes almal deur die regering goedgekeur word. Indien hulle ideologie te ver afgewyk het van dit wat vir die regering aanvaarbaar was, sou hulle nie goedgekeur word nie (McDonald, 2009: 60-62). Die heersende ideologie van die sensuurburokrasie het dus ooreengestem met dié van die regering en het Afrikanernasionalisme, apartheidsideologie en Christelike konserwatisme omsluit.

Die ideologie van die sensuurburokrasie kan gesien word aan die hand

van hulle interpretasie van die 1974 Wet op Publikasies (Wet 42 van 1974) (McDonald, 2009: 35). Subartikel 5(2) van dié wet het “onwenslikheid” uiters vaag omskryf, wat die sensors uitsonderlike mag gegee het om dit te interpreteer soos hulle goeddink, volgens hulle eie ideologie (McDonald, 2009: 35). Die omskrywing is soos volg:

- ’n Publikasie of voorwerp word geag ongewens te wees indien dit of ’n deel daarvan –
- onbetaamlik of onwelvoeglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;
 - godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is;
 - enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak;
 - vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is;
 - vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is (Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, 1974).

Onderliggend aan die vertolking van subartikel 5(2), paragraaf (a) en (b) soos hier bo gegee, is ’n Christelik konserwatiewe ideologie. Onbetaamlikheid en onwelvoeglikheid het volgens die sensors ingesluit die onvanpaste hantering van onderwerpe soos aborsie, wellus, buite-egtelikheid, homoseksualiteit, sodomie, egbreuk en owerspel (McDonald, 2009: 35-36). Hoewel daar in paragraaf (b) verwys word na godslastering met betrekking tot enige bevolkingsdeel se godsdienste, word daar reeds in artikel 1 van die 1974-wet verklaar dat dit die strewe van die bevolking van die Republiek van Suid-Afrika is om spesifiek ’n Christelike lewensuitkyk te handhaaf. Volgens McDonald (2009: 34) is dié verklaring onder druk van die NG Kerk bygevoeg. Die Christelik-nasionale ideologie wat die wetgewing onderlê was dus duidelik sigbaar.

Die manier waarop die sensors paragraaf (c) en paragraaf (d) van subartikel 5(2) vertolk het, openbaar ’n ideologie van Afrikanernasionalisme, want hoewel “enige bevolkingsdeel” weereens genoem word, is dit veral publikasies wat Afrikaners in ’n slegte lig stel wat deur die sensors vir verbanning oorweeg is. Volgens McDonald (2009: 35) is paragraaf (c) gebruik om publikasies te verban wat as anti-wit of anti-Afrikaner beskou is.

Apartheidsideologie is te bespeur by die sensors se vertolking van paragraaf (d) en paragraaf (e), want die tipe boeke wat hiervolgens verban is, blyk verhale te wees wat die dominante magsposisie van wit mense en die onderdanige en onderdrukte posisie van swart mense omvergewerp het. Hieronder val ook byvoorbeeld die uitbeelding van romantiese verhoudinge tussen wit en swart mense wat die ontugwet oortree (McDonald, 2009: 49).

Enigiets wat die apartheidsregering uitgedaag het, kon onder paragraaf (e) as onwenslik beskou word. Sekere tydskrifte wat op swart lesers gemik was, is byvoorbeeld verban omdat dit beskou is as leesstof wat ontevredenheid en oproer aanwakker deur vir swart lesers ambisies te gee wat hulle volgens apartheidsideologie nie toekom nie (McDonald, 2009: 25).

3.1.3. Ideologie van die uitgewersbedryf in 1977

Sommige uitgewerye het in 1977 die heersende ideologie van die regering bevorder, terwyl ander neutraal probeer staan het, en 'n paar die heersende ideologie teengestaan het met 'n meer liberale uitkyk.

Nasionale Boekhandel en Perskor het byvoorbeeld (vir hulle eie finansiële voordeel) boeke vir Bantoe-onderrig gepubliseer wat die apartheidsideologie verskans het (Mpe en Seeber, 2000: 21). Dié uitgewers het ten nouste saam met die taalrade van die tuislande en die inspekteurs van Bantoe-onderrig gewerk om die boeke te skep (McDonald, 2009: 85-90).

Verskeie uitgewerye het slegs boeke uitgegee wat niepolitities was en wat die ideologie van die regering nie uitgedaag het nie. Sodoende het hulle sensuur vrygespring (vergelyk Botha, 2020: 178-179 en Oliphant, 2000: 118). Dié benadering kan egter ook volgens Oliphant (2000: 118) as 'n "uneasy complicity with the status quo" gesien word.

Daar was ook 'n aantal plaaslike uitgewers wat boeke gepubliseer het wat teen die dominante ideologie gegaan het, byvoorbeeld David Philip Publishers, Ravan Press, Taurus en Ad Donker (Mpe en Seeber, 2000: 23-27). Daar het in 1977 meer verligtheid by Nasionale Boekhandel gekom toe Human & Rousseau, wat in Human (2006: 54) se eie woorde "volgens tradisionele standaarde links van die sentrum" was, 'n filiaal van die maatskappy geword het. Volgens Human (2006: 54) was dit moeilik om verlig op te tree binne 'n bestel waar uitgewers met die wet gedreig is of as 'volksgevaarlik' gebrandmerk kon word. Tog het Human & Rousseau Afrikaanse skrywers gepubliseer wat sedert die sestigs toenemend ontnugter geraak het met die apartheidsregering en hulle misnoeë met ongeregtheid in hulle skryfwerk uitgedruk het, byvoorbeeld Etienne Leroux, André P. Brink en Breyten Breytenbach.

Olympos, die uitgewery waar *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) verskyn het, het Afrikaanse vertalings van Westerse niepolititiese massamarkfiksie uitgegee (Kleyn, 2012), wat dit laat lyk asof hulle weggebly het van publikasies wat die heersende ideologie van byvoorbeeld apartheid kon uitdaag. Dit kan 'n pragmatiese publikasiebesluit wees, want verbanning van

'n uitgewery se boeke beteken finansiële verliese. Dit is nog nie te sê dat die heersende ideologie deur hulle publikasiekeuses bevorder is nie. Louis Botha (2023, aangehaal in Meads, 2024)⁵, een van die vertalers wat destyds vir Olympos vryskutvertaling gedoen het, onder meer van Tarzan-boeke, onthou egter hoe 'n reviseur opdrag gegee het dat 'n detail wat skynbaar as onwelvoeglik beskou is, weggelaat moes word. Die reviseur het “Out” in die kantlyn geskryf by 'n toneel in *Tarzan se terugkeer* (Burroughs, 1983) waar Tarzan gerook het. Dit wil dus voorkom asof dié uitgewery wel aan 'n konserwatiewe ideologie gekonformeer het, maar dié veronderstelling word verder tydens die tekstuele ontleding ondersoek.

3.2. Ideologie van die patronaat in 2015

Die patronaat in 2015, toe die hervertaling, *Donderslag* (Smith, 2015), gepubliseer is, sluit onder meer die regering en uitgewersbedryf in. Die apartheidsensuurraad bestaan nie meer nie. Hieronder word die ideologie van dié liggame bespreek.

3.2.1. Ideologie van die regering in 2015

Die amptelike ideologie van die regering in 2015, met die ANC as regerende party, kan beskryf word as liberalisme wat klassieke én moderne aspekte bevat. Die regering is gekies deur 'n stelsel waar volwassenes van alle rasse stemreg het, ooreenstemmend met liberalisme se geloof in gelyke politieke en wetlike vryhede vir alle individue (Heywood, 2017: 24). Die regering is in 2015 divers wat ras en gender betref. Verteenwoordigend van die demografie van die land, is die meeste lede van die parlement swart. In 2015 is 40% van die parlamentslede vroue terwyl vroue tydens apartheid nooit meer as 3% uitgemaak het nie (Graham, 2020a: 220). Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) wat die regering se optrede rig, is ook in liberalisme gegrond (Dixon en Roux, 2018: 24).

Klassieke liberalisme is volgens Heywood (2017: 32) “difference blind” ten opsigte van gender, ras, taal, godsdiens, ensovoorts, en bevorder gelykheid vir almal. Anders as tydens apartheid is die ideologiese benadering van die regering in 2015 dat daar geen diskriminasie op grond van sulke eienskappe mag wees nie (vergelyk subartikel 9(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996). Terselfdertyd is faktore soos ras en gender ook (oënskylik paradoksaal) die grondslag waarop die regering in 2015 die voortslepende negatiewe sosio-ekonomiese impak van apartheid teenwerk.

Laasgenoemde is 'n kenmerk van moderne liberalisme waar die staat tot 'n groter mate ingryp om ongelykheid reg te stel en nie bloot op die werkinge van die vrye mark vertrou om lewensgehalte te verbeter nie (Heywood, 2017: 24). Hierdie pogings deur die regering om sosio-ekonomiese gelykheid te bevorder word egter deur korrupsie bedreig (Graham, 2020b: 257).

Vryheid van uitdrukking en artistieke kreatiwiteit word in 2015 beskerm, onder meer in die Grondwet (vergelyk artikel 16 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996), maar die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 4 van 2000 (Republiek van Suid-Afrika, 2000) wat deur die regering ingestel is, bepaal ook dat woorde nie gepubliseer of oorgedra mag word met die doel om op grond van ras, geslag of gestremdheid kwetsend, skadelik of haatdraend te wees nie.

3.2.2. Ideologie van die uitgewersbedryf in 2015

Volgens Cochrane (2001: 68-69) speel uitgewerye sedert 1994 'n belangrike rol in die bevordering van demokratisering, vryheid van spraak en respek vir diversiteit. Met ander woorde, die uitgewersbedryf openbaar 'n ideologie van liberalisme. Impey (aangehaal in Gibixego en Masola 2021: 386) bevestig dat daar 'n groter diversiteit van stories uitgegee word en dat daar ook meer diversiteit onder die skrywers is wie se werk uitgegee word. 'n Mens sien hierdie diversiteit op grond van die ras, gender, seksualiteit en geloof van die skrywers en die karakters waaroor geskryf word. Hoewel daar in die uitgewersbedryf die ideologiese strewe blyk te wees na groter diversiteit, meen Gibixego en Masola (2021: 368) egter dat daar in die praktyk nog nie voldoende transformasie in die uitgewersbedryf plaasgevind het sedert die einde van apartheid nie. Die sosio-ekonomiese benadeling van die swart bevolking van die land tydens apartheid het steeds 'n voortslepende impak op die bedryf. Daar is byvoorbeeld meer wit personeel in besluitnemingsposte in uitgewerye as swart personeel. Uitgewerye wat in die algemene handel voorsien, het in die meeste gevalle nie personeel wat redaksioneel in Afrika-tale (buiten Afrikaans) kan werk nie (Gibixego en Masola, 2021: 389-390) en daar word bitter min oorspronklike werk in Afrika-tale (afgesien van Afrikaans) in die algemene handel uitgegee (Botha, 2020: 219).

Adamastor, waar *Donderslag* (Smith, 2015) verskyn het, is 'n druknaam van NB-Uitgewers, hoewel die druknaam nie gereeld gebruik word nie. NB-Uitgewers blyk in 2015 'n liberale ideologie te hê wat vryheid van spraak en kreatiewe uitdrukking bevorder. Die ou Nasionale Boekhandel het onder beheer van die multinasionale mediagroep Naspers sedert apartheid groot

veranderinge ondergaan. Maatskappye in die groep het saamgesmelt en aandele is aan swart aandeelhouders gebied. Mpe en Seeber (2000: 31) meen: “[T]he nature of Naspers became too complex for anyone to insist that the group, nowadays, is politically suspect”. Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela, Queillierie en Pharos is sedert 1998 onder die naam NB-Uitgewers in een onderneming byeengebring (Van Zyl, 2007: 95). Die druknaam Adamastor word soms onder Kwela en soms onder Queillierie benut (Meads, 2024).

Dieselfde voortslepende effek van apartheid wat stremming op die diversifisering van ander uitgewers se publikasielyste plaas, beïnvloed ook NB-Uitgewers s’n. Hoewel NB-Uitgewers byvoorbeeld in 2015 een van die min uitgewerye is wat in ander landstale (afgesien van Engels en Afrikaans) probeer publiseer en hulle 2015-katalogus 18 boeke lys wat nie (net) Afrikaans of Engels bevat nie, maar Zoeloe, Xhosa, Sotho, Tswana en Venda, is dit slegs ’n klein persentasie van die totaal van 1630 boeke in dié katalogus (vergelyk NB-katalogus, 2015).

Nietemin word daar sedert 1994 by NB-Uitgewers in Engels en Afrikaans toenemend ’n groter diversiteit van skrywers en stories uitgegee wat tydens apartheid onderdruk was (Van Zyl, 2007: 99). Wat die uitgee van Afrikaanse prosa en digkuns betref, word verskillende variëteite van die taal, dikwels uit verskillende rasgroepe, nou gepubliseer (My Afrikaans, 2021). NB-Uitgewers se liberale ideologie kan byvoorbeeld ook gesien word in die feit dat hulle hulself in die openbaar gedistansieer het van die skrywer Annelie Botes se uitsprake dat sy nie van swart mense hou nie (Staff reporter, 2010).

3.3. Ideologie van die professionele agente

In die volgende afdeling van hierdie artikel word bestudeer hoe die bogenoemde ideologiese kontekste in 1977 en 2015 die vorm en inhoud van die eerste vertaling en hervertaling van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) onderskeidelik beïnvloed het. Een punt van kritiek by die bestudering van die invloed van groot sosiale magte op vertaling is egter dat dit deterministies kan klink en dat die vertaler se agentskap misken kan word (vergelyk Brownlie, 2006: 156-157; Tahir-Gürçağlar, 2011: 236; Venuti, 2013: 101). Daar moet in ag geneem word dat die vertaler die heersende ideologie van die patronaat in ’n meerdere of mindere mate kan navolg óf in stryd daarmee kan optree wanneer vertaalkeuses gemaak word en dat daar verskillende permutasies van navolging en weerstand in een werk deur een vertaler kan wees. Hoewel die fokus van hierdie artikel die patronaat se ideologiese invloed op die hervertaling van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) is, word

daar in hierdie afdeling dus ook kortliks na die ideologie van die vertalers, as professionele agente in Lefevere (2017) se raamwerk, verwys.⁶

Daar is 'n gebrek aan inligting oor Johann Swanepoel,⁷ die vertaler van *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a), en gevolglik kan daar nie veel oor sy ideologiese ingesteldheid afgelei word nie. Venuti (2008) meen dat die 'onsigbaarheid' van 'n vertaler – Swanepoel kry byvoorbeeld nie in resensies of onderhoude as vertaler erkenning nie en word nie as vertaler op die voorblad van die boek aangedui nie – met verminderde mag gepaard kan gaan. Weens sy relatiewe 'onsigbaarheid' kan daar veronderstel word dat Swanepoel dalk nie vanuit 'n magsposisie in die vertaalproses kon optree nie en dit is te betwyfel dat hy téén die heersende ideologie van die patronaat in 1977 sou optree, ongeag sy persoonlike ideologiese oortuigings. Dié veronderstelling moet egter aan die tekstuele ontleding van *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) getoets word.

Oor Zirk van den Berg, die vertaler van *Donderslag* (Smith, 2015), is daarteenoor veel meer inligting beskikbaar. Hy word byvoorbeeld in resensies as die vertaler van *Donderslag* (Smith, 2015) geïdentifiseer en daar word lof vir sy vertaling uitgespreek (vergelyk Verster, 2016 en Rust, 2016).

In 'n bloginskrywing oor sy vertaling van Wilbur Smith-romans, noem Van den Berg (2018) “the narrator sometimes casually makes a sexist or racist statement that was probably unexceptional in the 1960s, but which really grates on the reader now”. Dit is 'n aanduiding dat Van den Berg die bronteks vanuit 'n liberale ideologie beskou waarvolgens sulke stellings aanstoot gee. Hy verduidelik dat hy saam met die uitgewer, James Woodhouse, besluit het om die aanstootlike stellings, waar moontlik, te versag, sonder dat dit die storie verander. Ongepubliseerde vertalersnotas van Van den Berg (2015, aangehaal in Meads, 2024)⁸ bevestig hierdie werkswyse. Hier noem Van den Berg dat daar besluit is om karakters se houdings en handeling te behou wat in die konteks van die historiese roman gepas is, selfs al sou dit volgens vandag se waardes aanstootlik wees, “maar die **verteller** se onbedoelde seksisme en rassisme te temper” (oorspronklike vetdruk). 'n Liberale benadering waar mense as individue gesien word en daar nie op grond van faktore soos gender, ras, en godsdiens diskriminerend of kwetsend opgetree word nie, kan gesien word in Van den Berg (2015) se stelling dat hy “potensieel kwetsende veralgemenings oor Zoeloes, Jode en vroue probeer merendeels herskryf [het] sodat dit net op die spesifieke karakter van toepassing is”. Dit blyk dus dat Van den Berg se ideologie grootliks ooreenstem met dié van die patronaat in 2015.

4. Tekstuele vergelyking aan die hand van Lambert en Van Gorp (1985) se model


Ten einde vas te stel hoe die bogenoemde ideologiese kontekste die vorm en inhoud van die hervertaling en eerste vertaling van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) beïnvloed het, is 'n tekstuele beskrywing en vergelyking van elk van die doeltekste met die bronteks nodig, asook die twee doeltekste met mekaar (vergelyk Koskinen en Paloposki, 2010: 295). Aangesien die twee doeltekste vanaf dieselfde bronteks in dieselfde doeltaal vertaal is, is die sosiohistoriese kontekste waarin hulle ontstaan het, insluitend die ideologiese kontekste, 'n veranderlike. Die onderskeie ideologiese kontekste ten tyde van hul publikasie kan dus 'n rede bied waarom hulle vertaalkeuses en -strategieë verskil.

Só 'n studie val binne die veld van beskrywende vertaalteorie soos uiteengesit deur Toury (2012). Die beskrywende vertaalteorie is nie preskriptief nie, maar – soos die naam aandui – beskrywend. Empiriese, waarneembare data word gebruik om afleidings te maak oor die aard van vertaling en hoe daar vertaal word. Die doel is om te beskryf, afleidings te maak, te verduidelik en voorspellings te maak, nie om voorskriftelik te wees nie (Brownlie, 2011: 187-188). Toury (2012: 31-32) stel voor dat 'n doelteks wat as 'n vertaling in die doelkultuur aanvaar word met die bronteks vergelyk moet word om verskuiwings te identifiseer en retrospektief afleidings te maak oor watter vertaalprobleme die vertaler ondervind het en watter vertaalkeuses uitgevoer is.


Lambert en Van Gorp (1985) bied 'n praktiese model vir 'n studie in die beskrywende vertaalteorie. Hulle model stel verskillende stappe in die vergelyking van 'n doelteks met 'n bronteks voor: Eers word daar vergelykend na preliminêre data gekyk, wat die verpakking van die teks, byvoorbeeld die omslag, insluit. Tweedens word daar na verskuiwings op die makrovlak gekyk, insluitend die verdeling van hoofstukke en paragrawe. Die derde stap behels dat verskuiwings op die mikrovlak ondersoek word. Daar word byvoorbeeld na woordkeuses en register opgelet. In hierdie artikel word hulle model nie net ingespan om elk van die doeltekste met die bronteks te vergelyk nie, maar op al hierdie vlakke word die hervertaling ook met die eerste vertaling vergelyk.

4.1. Vergelyking van preliminêre data


In figuur 1, 2 en 3 word die voorblaaie van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966), *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) en *Donderslag* (Smith, 2015) onderskeidelik vertoon.



Figuur 1



Figuur 2



Figuur 3

The Sound of Thunder (Smith, 1966) is in 'n groot (220 mm x 140 mm) hardebandformaat uitgegee, met garing gebind en het 'n losstaande stofomslag van fotopapier, met flappe. Die foto op die voorblad is dié van 'n vrou se gesig in profiel.

As die donderweer dreun (Smith, 1977a) is veel kleiner (178 mm x 110 mm) en in sagteband uitgegee – die tradisionele formaat van 'n goedkoop massamark-slapbandboek (vergelyk Blackmore, 2020: 50). Die gombinding, die dun papier waarop gedruk is en die geïllustreerde voorblad – destyds goedkoper as om foto's te gebruik (vergelyk Blackmore, 2020: 50-54) – is kenmerkend van pulpfiksie, bedoel vir tydelike vermaak van 'n sensasionele en aksiebelaaide aard (Server, 2002: xi).

Die uitbeelding op die omslag van 'n macho man se bebaarde gesig strook ook met 'n pulpfiksievoorkoms (vergelyk Blackmore, 2020: 51). Dié man moet waarskynlik die held van die verhaal, Sean Courtney, verteenwoordig. Hoewel Sean 'n Engelse Suid-Afrikaner is, herinner hierdie uitbeelding aan die voorkoms van 'n Boerekryger in die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die ambivalensie is dalk doelbewus, in 'n tydperk wat Afrikanernasionalisme die heersende ideologie was. Dit kan 'n manier wees om meer lesers met 'n Afrikanernasionalistiese ideologie te lok.

'n Aantreklike vrou word ook op die voorblad uitgebeeld – nog 'n kenmerk van pulpfiksie (Alam en Tewari, 2012), hoewel sy minder uitlokkend is as wat gewoonlik die geval by pulpfiksie is (vergelyk Blackmore, 2020: 51). Die smaakvoller uitbeelding kan dalk aan die invloed van die heersende konserwatiewe ideologie toegeskryf word.

Voorts is daar 'n uitbeelding op die omslag van 'n swart man met 'n luiperdvel om sy skouers. Die insluiting van die luiperdvel kan moontlik 'n voorbeeld van eksotisering wees in 'n tyd toe swart karakters dikwels volgens apartheidsideologie as 'die ander' uitgebeeld is.

Die vertaler se naam word nie op die voorblad van *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) genoem nie, maar wel op die kolofonblad. Daar is dus beperkte 'sigbaarheid' (vergelyk Venuti, 2008) van die vertaler, wat op beperkte mag kan dui.

Donderslag (Smith, 2015) is ook in 'n groot formaat soos dié van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) uitgegee – trouens, dit is selfs effens groter (234 mm x 152 mm). Dié roman is wel in sagteband uitgegee soos *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a), maar dit is nie met gom gebind of op dun papier gedruk soos laasgenoemde nie. Daar is by *Donderslag* (Smith, 2015) van duurder garingbinding en dikker papier gebruik gemaak. Die formaat, die eenwoordtitel en die uitbeelding op die voorblad wat aksie suggereer, herinner aan dié van kontemporêre spanningsverhale. Dié genre het in die afgelope jare in Suid-Afrika 'n hoër status verkry (vergelyk Brink, 2011: 12).

Op die voorblad van *Donderslag* (Smith, 2015), 'n roman oor die oorlog waar Boer teen Brit te staan gekom het, is daar nie daarvan weggeskram om die kleure van die Britse vlag vir die titelontwerp te gebruik nie. Daar is dus geen teken van die invloed van die Afrikanernasionalisme van die vorige bedeling in dié ontwerp wat te midde van 'n heersende liberale ideologie geskep is nie.

Die vertaler se naam word op die voorblad en op die kolofonblad van *Donderslag* (Smith, 2015) vertoon en Zirk van den Berg geniet dus groter sigbaarheid (Venuti, 2008).

4.2. Vergelyking van makrovlakverskuiwings

Wanneer dit kom by verdeling van hoofstukke, paragrawe en narratiewe struktuur bly *Donderslag* (Smith, 2015) veel nader aan *The Sound of Thunder* (Smith, 1966), terwyl *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) meer daarvan afwyk. In *Donderslag* (Smith, 2015) is daar soms 'n woord, frase of hoogstens 'n sin weggelaat wat in die bronteks voorkom. Klein teenstrydighede of inkonsekwentheid in die bronteks, wat Van den Berg (2015, aangehaal in Meads, 2024) aan swak redigering van die oorspronklike teks toeskryf, het hy soms in die hervertaling weggelaat. Enkele kere is 'n woord of sin blykbaar om ideologiese redes verwyder as dit moontlik aanstoot sou kon gee, maar oor die algemeen is aanstootlike dele eerder net in die hervertaling aangepas en nie weggelaat nie (vergelyk wel die weglating wat by afdeling 4.3.2. beskryf

word). In *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) is daar egter verskeie groot teksgedeeltes weggelaat. Soms lyk dit asof teksgedeeltes uit *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) weggelaat is om die pas van die verhaal vinnig en aksiebelaaie te hou. Só word dele waar die hoofkarakter nadink of opsommend oor gebeure terugkyk byvoorbeeld nie na die eerste vertaling toe oorgedra nie. Dit strook met die verpakking van *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) as aksiebelaaide pulpfiksie. Weglatings sorg ook vir 'n dunner boek wat goedkoper publikasie moontlik maak. Sommige weglatings blyk egter ideologies gefundeer te wees, byvoorbeeld wanneer 'n toneel weggelaat is waar daar met 'n predikant gespot word (vergelyk afdeling 4.3.3). Die invloed van ideologie by weglatings in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a), asook die maniere waarop ideologie die vorm en inhoud van *Donderslag* (Smith, 2015) beïnvloed, word verder in die mikrovlakvergelyking ondersoek.

4.3. Vergelyking van mikrovlakverskuiwings

Aangesien hierdie studie oor ideologiese invloed gaan, is tekssegmente⁹ vir mikrovlakontleding gekies wat te make het met onderwerpe soos ras, gender, geloof en seks (vergelyk Van Doorslaer, 1995: 245-260 se kwalitatiewe oorweging by die keuse van tekssegmente vir mikrovlakvergelyking). Opvattinge oor sulke onderwerpe het dikwels met tyd verander en kan ideologies gelade wees. Sulke tekssegmente in die brontekste kon potensieel ideologies gefundeerde vertaalkeuses in die doeltekste uitgelok het. Tekssegmente oor dié onderwerpe is ook al in ander studies oor ideologie in hervertaling ondersoek (vergelyk Urgorri, 2017; Walsh, 2017; Ségeral, 2019; Walsh, 2019).

4.3.1. Tekssegmente oor ras

Raspejoratiewe word oor die algemeen in die brontekste en al twee doeltekste vermy, maar daar kom wel 'n klompie gevalle in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) en in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) voor. Hierdie gevalle word in *Donderslag* (Smith, 2015) weggewerk, ooreenstemmend met die heersende liberale ideologie van die tydperk waarin laasgenoemde teks ontstaan het. In *The Sound of Thunder* (Smith, 1966: 351-352) word die naam “Hottentot Daisies” byvoorbeeld aan sekere blomme gegee en dit word in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 278) vertaal as “Hottentotse madeliefies”. Aangesien “hottentot” egter in hedendaagse tye 'n onaanvaarbare term is wat “as neerhalend en beledigend ervaar word” (Luther, Gouws en Pheiffer, 2015: 479), word die blomme in *Donderslag* (Smith, 2015: 305) as “gousblomme” beskryf.

In *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) kom daar soms 'n raspejo-ratief voor wat nie in die bronteks teenwoordig is nie. Die skeldwoord vir swart vroue, “meide” (Smith, 1977a: 138), word byvoorbeeld gebruik waar die verteller na Zoeloevroue verwys, terwyl die woord in die bronteks “matrons” (Smith, 1966: 163) is. “Meid” het reeds in 1977 'n neerhalende konnotasie gehad toe dit in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 138) gebruik is. Die uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyesen, 1970: 535) wat indertyd in gebruik was, noem dit 'n “verouderde benaming” wat na 'n “vroulike Kleurlingbediende of vroulike Bantoebediende” verwys. Die idee dat dit 'n swart vrou is wat in wit mense se huis werk, is dus in die woord vervat. Die apartheidsideologie wat veronderstel dat swart mense vir wit mense moet werk, is lank reeds in dié woord opgesluit. In *Donderslag* (Smith, 2015: 143) is “matrons” vertaal met 'n neutrale voornaamwoord “hulle”.

Eksotisering, stereotipering, en die uitbeelding van swart mense as primitief vind op verskeie plekke in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) plaas. Oor die algemeen word dié beskrywings in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) behou. Hierdie uitbeeldings strook met die apartheids-ideologie van 1977 wat swart mense voorstel as ‘die ander’ en minderwaardig teenoor wit mense. In *Donderslag* (Smith, 2015) word sulke beskrywings gewoonlik aangepas. Dit stem ooreen met liberalisme wat gelykheid van alle mense beklemtoon.

Tydens 'n brand op die hoofkarakter, Sean, se plaas word die gesigte van swart werkers in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966: 331) as emosieloos beskryf terwyl die wit gesigte tekens van uiterste emosie wys. Uit Van den Berg (2015, aangehaal in Meads, 2024) se vertalersnotas blyk dit dat hy die onderskeid problematies vind, moontlik omdat dié uitbeelding kan impliseer dat swart mense se uitdrukkings onleesbaar is, dat hulle byvoorbeeld nie empatiese emosie voel nie of dat daar 'n afgetrokkenheid of stoïsinse gelatenheid by hulle is. Hulle word as die eksotiese ‘ander’ uitgebeeld. Die tersaaklike sinsnede uit *The Sound of Thunder* (Smith, 1966: 331) lui: “[...] black faces impassive, white ones flushed with heat and working anxiously”. In *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 264) word die verskil tussen die twee rasse se gesigte behou: “[...] swart gesigte uitdrukkingloos, wit gesigte rooi van die hitte en vermoeidheid”. In *Donderslag* (Smith, 2015: 288) word albei rasse se gesigte dieselfde beskryf: “[...] die wit gesigte en swart gesigte, afwagtend, warm van die vuur se hitte”.

'n Veralgemening oor Zoeloes word in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966: 46) gemaak wanneer daar oor die Zoeloe-karakter Mbejane gesê word: “[...]”

he had the bargaining patience peculiar to his race that could if necessary devote two days to the purchase of a single ox". Die veralgemening word in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 41) behou: "Hy het die geduld om 'n goeie slag te slaan. Dis nie ongewoon dat 'n Zoeloe tot twee dae neem om 'n os te koop nie". In *Donderslag* (Smith, 2015: 44) word daar egter nie gesê dat alle Zoeloes so lank neem met onderhandelings nie. Die stelling word aangepas sodat dit, ooreenstemmend met klassieke liberalisme se fokus op individue, oor Mbejane spesifiek gaan: "[...] hy is 'n geduldige onderhandelaar wat, indien nodig, twee dae daaraan kan wy om 'n enkele os te koop".

4.3.2. Tekssegmente oor gender

Veralgemenings ten opsigte van gender wat in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) voorkom, verskyn meestal ook in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a). In *Donderslag* (Smith, 2015) word sulke veralgemenings egter verander sodat die stelling op 'n individuele karakter van toepassing is, eerder as 'n gegewe gender. Dit is in ooreenstemming met klassieke liberalisme se blindheid ten opsigte van faktore soos gender en dié ideologie se fokus op individualisme.

Wanneer Mary, 'n meisie wat by Sean se stiefma loseer, hom die eerste keer sien, word daar gesê sy is "exhibiting all the signs of confusion peculiar to the unmarried female who finds herself suddenly and unexpectedly in the presence of a large, well-dressed and attractive male" (Smith, 1966: 50). Hierdie veralgemening oor (ongetroude) vroue word in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 45) oorgedra: "[S]y openbaar alle tekens eie aan 'n ongetroude dame wat skielik en onverwags in die geselskap van 'n groot, welgeklede, mooi jong man beland". In *Donderslag* (Smith, 2015: 47) word daar egter nie gesê dat haar optrede kenmerkend van alle ongetroude vroue is nie. Dit word bloot as Mary se eie, individuele reaksie voorgehou: Sy is "skoon verward omdat sy haar skielik in die teenwoordigheid van 'n groot, goedgeklede en aantreklike man bevind".

'n Toneel vind in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966: 287-290) plaas waar Sean die karakter Candy Rautenbach oor sy skoot trek en haar 'n pak slae gee. Candy is 'n vrou met wie Sean vantevore af en toe seks gehad het, maar hy besoek haar in dié toneel juis om haar te vertel dat hy die volgende dag iemand anders gaan vra om te trou. Sean betrap haar in die bed met 'n ander man. Hy storm op die man af en jaag hom weg. Wanneer Sean hom aanmatig om te sê dat Candy aan hom behoort, word sy woedend en gooi hom met 'n portret. Hoewel hy werklik geen aanspraak op Candy het nie, straf hy haar dan met 'n pak slae. Aan die einde van die toneel sê Candy:

“Please forgive me, darling. I deserved that [...] Please forgive me, Sean. I’m so terribly sorry” (Smith, 1966: 287-290). Candy se woorde word na *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 233) oorgedra: “Vergewe my asseblief, liefing. Ek het dit verdien [...] Vergewe my asseblief, Sean. Ek is so vreeslik jammer” (Smith, 1977a: 233). In *Donderslag* (Smith, 2015: 253) word die woorde “I deserved that” egter nie vertaal nie, hoewel Candy steeds om vergifnis vra: “Vergewe my, asseblief my liefing [...] Vergewe my, Sean. Ek is so vreeslik jammer.” Hierdie toneel kan steeds aanstoot gee in die heersende liberale ideologie van die tydperk waarin *Donderslag* (Smith, 2015) verskyn het, maar dit word waarskynlik ingesluit omdat dit beskou word as die optrede van ’n spesifieke karakter in ’n historiese konteks (begin van die 1900’s) en nie as gedrag wat deur die verteller onderskryf word nie. Trouens, die verteller gee in hierdie toneel te kenne dat Sean eintlik nie ’n reg het om so op te tree nie. Nietemin is ’n vrouekarakter wat sê dat sy dit verdien dat ’n man haar slaan waarskynlik net té onversoenbaar met die heersende ideologie van gelyke regte vir vroue ten tyde van *Donderslag* (Smith, 2015) se verskyning en daarom word dit weggelaat.

4.3.3. Tekssegmente oor geloof

Daar is enkele tonele in *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) wat as ’n bespotting van predikante gesien kan word. In een so ’n toneel bepaal Sean die volgorde van die mans tydens ’n jagtog. Hy besluit dat die predikant langs hom moet stelling inneem, want “the Almighty will obviously send most of the game his way, I might as well profit by it” (Smith, 1966: 315). Die verteller beskryf die grappie as godslasterlik wanneer daar gesê word dat die predikant “wavered between horror at the blasphemy and delight at his own good fortune” (Smith, 1966: 315).

Daarna word die predikant ook as belaglik uitgebeeld en deur Sean uitgekryt as ’n idioot – “Shut up, you fool!” (Smith, 1966: 318) – wanneer hy wild en wakker begin skiet sonder om sy teiken te tref.

Bogenoemde teksgedeeltes kom nie in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 254) voor nie. Gegewe die Christelik konserwatiewe ideologie van die patronaat in die tydperk toe dié vertaling verskyn het, is dit te wagte. Dié teksgedeeltes sou moontlik as godslasterlik gesien kon word. Die uitgewers sou nie die risiko wou loop om tonele in te sluit wat daartoe kon lei dat hulle boek deur die sensuurburokrasie verban word nie.

In *Donderslag* (Smith, 2015: 277) word bogenoemde teksgedeeltes wel ingesluit. In die heersende liberale ideologie van die patronaat ten tyde van

die hervertaling se publikasie is daar vryheid van spraak, selfs wanneer daar 'n grap gemaak word oor 'n gesagsfiguur, religieuse figuur of religieuse instansie – solank dit nie haat vir 'n bepaalde groepering aanwakker nie.

4.3.4. Tekssegmente oor seks

Verskeie tonele wat in 1977 as 'onweloweglik' beskou kon word, is ook uit *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) weggelaat, terwyl dit in *Donderslag* (Smith, 2015) ingesluit is, byvoorbeeld 'n toneel met 'n homoërotiese ondertoon (Smith, 1966: 285), 'n toneel waar Garrick Courtney sensuele opwinding beleef by die aanskouing van 'n bronstige perd (Smith, 1966: 240), en tonele waar die tienderjarige Dirk Courtney hom aan seksuele uitbuiting en sadisme skuldig maak (Smith, 1966: 300-302; 381-382; 388-389).¹⁰

Seks- en sensuele tonele tussen Sean Courtney en verskeie vroue word egter in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) behou, waarskynlik omdat dit nodig is vir die storielyn, of miskien omdat dit tussen twee heteroseksuele volwassenes plaasvind.

'n Onvoorsiene bevinding by die ontleding van seks- en sensuele tonele wat met Sean verband hou, is dat die woordkeuses soms méér eksplisiet in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) is as in die bronteks, ondanks die heersende konserwatiewe ideologie van die patronaat ten tyde van dié vertaling se verskyning.

Daar is oorweeg of die vertaler doelbewus teen die ideologie van die patronaat opgetree het. Tydens die tekstuele vergelyking op mikrovlak is egter bevind dat Swanepoel se vertaalstyl oor die algemeen neig na verheldering en uitbreiding of oorvertaling (vergelyk Meads, 2024). Dit wil sê iets wat in die bronteks doelbewus slegs geïnsinueer word of subtiel gestel word, word in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) eksplisiet gestel. Dié tipe uitbreiding dra volgens Berman (2000: 247-248) niks van waarde by nie. Een voorbeeld hiervan is waar daar eufemisties in *The Sound of Thunder* na 'n manlike geslagsorgaan verwys word as 'n "branch" (Smith, 1966: 31). In beide doelt tekste word dit as "tak" vertaal (Smith, 1977a: 28; Smith, 2015: 31), maar dan gaan die vertaler van *As die donderweer dreun* voort om die platvloerse woord "swingel" (Smith, 1977a: 28) in te span om duidelik te maak wat geïnsinueer word (vergelyk Meads, 2024 vir verdere voorbeelde).

Die neiging tot oorvertaling kan waarskynlik aan 'n gebrek aan vaardigheid by die vertaler en/of tydsdruk toegeskryf word eerder as aan 'n ideologies gefundeerde besluit om teen die heersende konserwatiewe ideologie op te tree. Olympos se vertalers is met advertensies in koerante gewerf en was

nie noodwendig opgelei in vertaling nie (Botha, 2023, aangehaal in Meads, 2024). Die vryskutwerkers het ook klaarblyklik onder tydsdruk vertaal (Botha, 2019). Die gevolg van tydsdruk en/of 'n gebrek aan vaardigheid kan ook gesien word in teksdele wat minder akkuraat vertaal is. Een voorbeeld is die vertaling van “moonfaced” (Smith, 1966: 162) wat gebruik word om Zoeloemeisies se gesigte te beskryf. In *Donderslag* (Smith, 2015: 143) word dit korrek as “rond” vertaal, maar in *As die donderweer dreun* word die Zoeloemeisies se gesigte as “maanbleek” (Smith, 1977a: 137) beskryf (vergelyk verdere voorbeelde in Meads, 2024).

Een sensuele tekssegment wat meer eksplisiet in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 109) vertaal is, maar ook duidelik die gevolg van 'n wanbegrip deur die vertaler is, is die toneel waar Sean en Ruth nakend op 'n piekniekkomers lê en 'n skoenlapper op haar swanger maag kom sit. In *The Sound of Thunder* (Smith, 1966: 126) word Ruth se liggaam eufemisties as 'n landskap met verskeie bakens beskryf:

‘He’s come to bless the baby.’

The butterfly skirted the deep, delicately chiselled pit and moved on downwards.

‘Don’t you think he is being just a little forward – he doesn’t have to bless that as well?’ Ruth asked.

‘He certainly seems to know his way around,’ Sean admitted dubiously.

The butterfly found its road southwards blocked by a forest of dark curls, so laboriously it turned and retraced its steps towards the north. Once more it detoured round her navel and then headed unerringly for the pass between her breasts.

‘Keep right on, friend,’ Sean cautioned, but it turned suddenly and climbed the steep slope until at last it sat triumphant on the peak.

(Smith, 1966: 126)

Die “deep, delicately chiselled pit” verwys na Ruth se naeltjie; die “forest of dark curls” verwys eufemisties na haar skaamhare; die “steep slope” is 'n eufemisme vir haar bors en “the peak” verwys na haar tepel.

In *Donderslag* (Smith, 2015: 112) word hierdie eufemismes behou: “diep, delikaat gevormde holte” word gebruik om haar naeltjie te beskryf, “'n woud donker krulle” verwys na haar skaamhare, “die steil helling” na haar bors, en “die piek” na haar tepel. In die liberale konteks waarin *Donderslag* (Smith, 2015) verskyn, word daar nie selfsensuur toegepas nie, maar die toneel word ook nie méér gewaagd as in die bronteks uitgebeeld nie. Daar word naby aan die bronteks gebly.

In *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 109) word daar egter oorvertaal.

Die eufemisme “a forest of dark curls” (Smith, 1966: 126) word eksplisiet vertaal met “skaamhare” (Smith, 1977a: 109). Die “deep, delicately chiselled pit” wat na Ruth se naeltjie verwys, is blykbaar verkeerd verstaan, want die vertaler laat die skoenlapper “tussen haar bene in verdwyn” (Smith, 1977a: 109) – ’n veel meer gewaagde stelling as wat in die bronteks bedoel word.

Die toneel in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a: 109) is dus wel meer eksplisiet, maar dit blyk die gevolg van ’n misverstand te wees eerder as ’n ideologies gefundeerde vertaalkeuse. Die feit dat selfsensuur steeds toegepas is in *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) by tonele wat indertyd as ‘onweloweglik’ beskou kon word, wys dat daar wel ag geslaan is op die heersende konserwatiewe ideologie van die patronaat.

5. Gevolgtrekking

Met die trek van verbande tussen die vertaalkeuses in die doeltekste en die heersende ideologie ten tyde van elkeen se publikasie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die vorm en inhoud van *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) wel deur die apartheidsideologie, Christelike konserwatisme en Afrikanernasionalisme van die patronaat in 1977 beïnvloed is. Apartheidsideologie se invloed kan byvoorbeeld gesien word in die gebruik van enkele raspejoratiewe in die vertaling. Konserwatisme (en Afrikanernasionalisme wat onder meer op gedeelde Christelike geloof gegrond is) se invloed is te bespeur in die weglating van tonele waar daar met predikante die spot gedryf word en die weglating van tonele wat indertyd as ‘onweloweglik’ beskou kon word.

Net so is die vorm en inhoud van *Donderslag* (Smith, 2015) ook beïnvloed deur die patronaat se heersende ideologie van liberalisme ten tyde van die hervertaling se publikasie. Die invloed van liberalisme kan gesien word in die feit dat stereotipiese en eksotiserende uitbeeldings van swart mense oor die algemeen aangepas is sodat dit in die hervertaling nie aanstoot sal gee nie; en dat veralgemenings ten opsigte van ras en gender verander is sodat dit net op ’n spesifieke individu van toepassing is. Die liberale reg tot vryheid van spraak en kreatiewe uitdrukking is te sien in die feit dat sogenaamd ‘onweloweglike’ teksdele asook tonele waar die spot met predikante gedryf word nie in die hervertaling gesensor is nie.

Verskille in die vorm en inhoud van die hervertaling en dié van die eerste vertaling kan dus grootliks toegeskryf word aan die invloed van die verskillende ideologiese kontekste waarin die doeltekste ontstaan het.

Die gevolgtrekking kan ook gemaak word dat veranderende ideologie

in hierdie geval 'n rede gebied het vir die skep van 'n hervertaling. Die 1977-vertaling sou nie in die heersende ideologie van 2015 geskik wees nie en 'n nuwe Afrikaanse vertaling van dieselfde bronteks is geskep.

Op dié manier dra hierdie artikel by tot studies soos dié van Caderra en Walsh (2017; vergelyk afdeling 2) wat hervertalings koppel aan veranderinge in die sosiohistoriese en kulturele konteks van die doelkultuur.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Alam, M.T. en Tewari, M. 2012. Pulp fiction art in Meerut is now losing out to graphic art. *The Economic Times*. <https://economictimes.indiatimes.com/news/news-by-industry/et-cetera/pulp-fiction-art-in-meerut-is-now-losing-out-to-graphic-art/articleshow/msid-12644554,curpg-2.cms?from=mdr>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Albachten, Ö.B. en Tahir-Gürçağlar, Ş. 2019. Introduction. In: Albachten, Ö.B. en Şehnaz Tahir-G. (eds.). *Perspectives on Retranslation*. New York: Routledge.
- Asimakoulas, D. 2011. Rewriting. In: Baker, M. en Saldanha, G. (eds.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Abingdon: Routledge.
- Bensimon, P. 1990. Présentation. *Palimpsestes* 4: ix-xiii.
- Berman, A. 1990. La retraduction comme espace de la traduction. *Palimpsestes* 4: 1-7.
- Berman, A. 2000 (1985). Translation and the trials of the foreign. In: Venuti, L. (ed.). *The Translation Studies Reader*. Abingdon: Routledge.
- Blackmore, T. 2020. Full paper jacket: Vietnam book cover art. *Canadian Review of American Studies* 50(1): 45-101.
- Botha, M. 2020. *Power and Ideology in South African Translation: A Social Systems Perspective*. London: Palgrave.
- Botha, L. 2019. Profiel (Facebook). <https://www.facebook.com/louis.botha.79/posts/pfbid0BaKu8KAT68N5jhSgE12wsueYRnT8uULJ1UCehEYzSMeWvPvgtvScU75AZG6YujHGI>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Botha, L. 2023. Olympos. E-pos aan C. Meads. 7 September. Beskikbare e-pos: carolynmeads@gmail.com.
- Brink, A.P. 2011. Grond zero: Die Suid-Afrikaanse literêre landskap ná apartheid. *Werkwinkel* 6(1): 9-22.
- Brownlie, S. 2011. Descriptive vs. committed approaches. In: Baker, M. en

- Saldanha, G. (eds.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Abingdon: Routledge.
- Burroughs, E.R.** 1983. *Tarzan se terugkeer*. Botha, L. (vert.). Johannesburg: Olympos.
- Cadera, S.M. en Walsh, A.S.** 2017. Introduction. In: Cadera, S.M. en Walsh, A.S. (eds.). *Literary Retranslation in Context*. Bern: Peter Lang.
- Chesterman, A.** 2000. A causal model for translation studies. In: Olohan, M. (ed.). *Intercultural Faultlines: Research Models in Translation Studies 1: Textual and Cognitive Aspects*. Manchester: St Jerome.
- Cochrane, N.** 2001. Literêre minderhede binne die Afrikaanse uitgewersbedryf ná 1994: Homeros en Kwela Uitgewers as gevallestudies. *Tydskrif vir Letterkunde* 39(3): 67-77.
- Cupido, A.** 2018. Die hervertaling van 'n tegniese teks in gewone taal: 'n Gevallestudie. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Cupido, A en Lesch, H.** 2020. Gemeenskapsvertaalpraktyk: Gewone taal vir die hervertaling van 'n bankteks. *LitNet Akademies* 17(1): 138-170.
- Deane-Cox, S.** 2016. *Retranslation: Translation, Literature and Reinterpretation*. London: Bloomsbury Academic.
- Decker, J.M.** 2004. *Ideology*. Hampshire: Palgrave Macmillan.
- De Roubaix, L.** 2010. Alice se avonture in Afrikaans: 'n Vertaalteoretiese beskouing van geskiktheid, aanvaarbaarheid en gepastheid. Ongepubliseerde MPhil-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Dixon, R. en Roux, T.** 2018. Introduction. In: Dixon, R. en Roux, T. (eds.). *Constitutional Triumphs, Constitutional Disappointments: A Critical Assessment of the 1996 South African Constitution's Local and International Influence*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fouché, M.** 2012. Vertaling en die kindervers: 'n Vergelykende studie van Afrikaanse en Franse vertalings van geselekteerde humoristiese Engelse kleuter- en kinderverse. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Fourie, J.** 2003. The quality of translation regarding medical research questionnaires. Ongepubliseerde MPhil-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Fourie, J.M. en Feinauer, I.** 2005. The quality of translated medical research questionnaires. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 23(4): 349-367.
- Gibixego, A. en Masola, A.** 2021. South Africa's trade publishing sector:

- Has there been transformation? In: Mhlambi, I.J. and Ngidi, S. (eds.). *Mintirho ya Vulavula: Arts, National Identities and Democracy in South Africa*. Johannesburg: Mapungubwe Institute for Strategic Reflection (MISTRA).
- Giliomee, H.** 2020. *Die Afrikaners: Verkorte en aangevulde uitgawe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Graham, V.** 2020a. Civil society and civic participation. In: De Jager, N. (ed.). *South African Politics: An Introduction*. Cape Town: Oxford University Press.
- Graham, V.** 2020b. Socio-economic contexts. In: De Jager, N. (ed.). *South African Politics: An Introduction*. Cape Town: Oxford University Press.
- Groeneveld, E.** 2023. 'n Hervertalingsondersoek na die Afrikaanse *Asterix* en *Die avonture van Kuifje*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Hermans, T.** 1999. *Translation in Systems*. Manchester: St. Jerome.
- Heywood, A.** 2017. *Political Ideologies: An Introduction*. London: Palgrave.
- Human, K.** 2006. 'n Lewe met boeke. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kleyn, L.** 2012. Dons hulle op, James Bond! *Rapport*. <https://www.news24.com/news24/rapport/Boeke/Nuus/Dons-hulle-op-James-Bond-20120503>
(Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Koskinen, K. en Paloposki, O.** 2010. Retranslation. In: Gambier, Y. en Van Doorslaer, L. (eds.). *Handbook of Translation Studies: Volume 1*. Amsterdam: John Benjamins.
- Lambert, J. en Van Gorp, H.** 1985. On describing translations. In: Hermans, J. (ed.). *The Manipulation of Literature: Studies in Literary Translation*. London: Croom Helm.
- Laros, T.** 2018. *Literature and the Law in South Africa, 1910-2010*. Lanham: Fairleigh Dickinson University Press.
- Lefevere, A.** 1985. Why waste our time on rewrites? In: Hermans, T. (ed.). *The Manipulation of Literature*. London: Croom Helm.
- Lefevere, A.** 1998. Translation practice(s) and the circulation of cultural capital: Some Aeneids in English. In: Bassnett, S. en Lefevere, A. (eds.). *Constructing Cultures: Essays on Literary Translation*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Lefevere, A.** 2017 (1992). *Translation, Rewriting and the Manipulation of Literary Fame*. Abingdon: Routledge.
- Luther, J., Gouws, R.H. en Pheiffer, F.** (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Pinelands: Pearson.

- McDonald, P.D.** 2009. *The Literature Police: Apartheid Censorship and Its Cultural Consequences*. Oxford: Oxford University Press.
- Meads, C.** 2024. 'n Ondersoek na die ideologiese invloed op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se *The Sound of Thunder*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Mpe, P. en Seeber, M.** 2000. The politics of book publishing in South Africa: A critical overview. In: Evans, N. en Seeber, M. (eds.). *The Politics of Publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press.
- My Afrikaans.** 2021. @afrikaansaanlyn – Variante in digkuns. <https://www.youtube.com/watch?v=HvBwFC5ENbg>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Naudé, J.A.** 2020. Nuwe en ou skatte: Die 2020- Afrikaanse vertaling van *Die Bybel* as 'n hervertaling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(4): 869-891.
- NB-katalogus.** 2015. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Oliphant, A.** 2000. From colonialism to democracy: Writers and publishing in South Africa. In: Evans, N. en Seeber, M. (eds.). *The Politics of Publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press.
- Paloposki, O. en Koskinen, K.** 2004. A thousand and one translations: Revisiting retranslation. In: Hansen, G. Malmkjaer, M. en Gile, D. (eds.). *Claims, Changes and Challenges in Translation Studies*. Amsterdam: John Benjamins.
- Peck, R.** 1994. Beware Wilbur Smith's Gaboon adder: Purple prose, propaganda and politics in South Africa. *Journal of Contemporary African Studies* 12(2): 151-178.
- Republiek van Suid-Afrika.** 1996. *Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996*. <https://www.justice.gov.za/legislation/constitution/SACConstitution-web-afr.pdf>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Republiek van Suid-Afrika.** 2000. *Die wet op die bevordering van gelykheid en voorkoming van onbillike diskriminasie 4 van 2000*. <http://www.justice.gov.za/EQCact/legislation/2000-04-afr.pdf>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Rust, R.** 2016. Boek van 1966 tref nou in Afrikaans. *Netwerk24*. <https://www.netwerk24.com/Netwerk24/boek-van-1966-tref-nou-in-afrikaans-2016-0115>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Santaulària, M.I.** 2001. "I did not like the idea of having you ladies on board!". Heroines in adventure. In: Ballesteros, A. en Mora, L. (eds.). *Popular Texts in English: New Perspectives*. Cuenca: Ediciones de la Universidad de Castilla-La Mancha.

- Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. en Booyesen, C.M. 1970. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Klerksdorp: Voortrekkerpers.
- Seekings, J. 2020. The National Party and the ideology of welfare in South Africa under Apartheid. *Journal of African Studies* 46(6): 1145-1162.
- Ségeral, N. 2019. Retranslating D.H. Lawrence in the 21st century: From censorship to marketability. In: Albachten, Ö.B. en Tahir-Gürçağlar, S. (eds.). *Perspectives on Retranslation*. New York: Routledge.
- Server, L. 2002. *Encyclopedia of Pulp Fiction Writers*. New York: Facts On File.
- Smith, W. 1964. *When the Lion Feeds*. London: Heinemann.
- Smith, W. 1966. *The Sound of Thunder*. London: Heinemann.
- Smith, W. 1977a. *As die donderweer dreun*. Swanepoel, J. (vert.). Johannesburg: Olympos.
- Smith, W. 1977b. *A Sparrow Falls*. London: Heinemann.
- Smith, W. 2015. *Donderslag*. Van den Berg, Z. (vert.). Kaapstad: Adamastor.
- Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika. 1974. *Wet op Publikasies*. Wet no. 42. Pretoria: Regeringsdrukkery.
- Staff reporter. 2010. Author Annelie Botes stands by racist comments. *Mail & Guardian*. <https://mg.co.za/article/2010-11-26-author-annelie-botes-stands-by-racist-comments/>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Tahir-Gürçağlar, Ş. 2011. Retranslation. In: Baker, M. en Saldanha, G. (eds.). *Routledge Encyclopedia of Translation Studies*. Abingdon: Routledge.
- Van Dijk, T.A. 1998. *Ideology: A multidisciplinary approach*. London: Sage.
- Toury, G. 2012 (1995). *Descriptive Translation Studies – and beyond*. Amsterdam: John Benjamins.
- Urgorri, A.M.R. 2017. Retranslation as a reaction to ideological change: The history of Spanish versions of gay American twentieth-century novels. In: Cadera, S.M. en Walsh, A.S. (eds.). *Literary Retranslation in Context*. Bern: Peter Lang.
- Van den Berg, Z. 2015. Notas by die vertaling van *The Sound of Thunder*. Ongepubliseerde vertalersnotas.
- Van den Berg, Z. 2018. Gained in translation. Zirk van den Berg blog. <http://zirkvandenbergh.com/index.php/2018/12/20/gained-in-translation/>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Van der Merwe, C.H.J. 2020. Nog 'n vertaling van die *Bybel* in Afrikaans: Wat maak dit anders? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(4): 892-911.
- Van Doorslaer, L. 1995. Quantitative and qualitative aspects of corpus selection in Translation Studies. *Target* 7(2): 245-260.
- Van Zyl, H. 2007. Aanpassing in die uitgewersbedryf: Die geval van NB-Uitgewers rondom die millenniumwending. *Werkwinkel* 2(1): 87-100.

- Venuti, L. 2008. *The Translator's Invisibility*. Abingdon: Routledge.
- Venuti, L. 2013. *Translation Changes Everything: Theory and Practice*. Abingdon: Routledge.
- Verster, F. 2016. Boekresensie: *Donderslag* deur Wilbur Smith. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/boekresensie-donderslag-deur-wilbur-smith/>. (Datum van gebruik: 30 April 2024).
- Walsh, A.S. 2017. Lorca's Poet in New York as a paradigm of poetic retranslation. In: Cadera, S.M. en Walsh, A.S. (eds.). *Literary Retranslation in Context*. Bern: Peter Lang.
- Walsh, A.S. 2019. Retranslating Lorca's "Ode to Walt Whitman": From taboo to totem. In: Albachten, Ö.B. en Tahir-Gürçağlar, S. (eds.). *Perspectives on Retranslation*. New York: Routledge.
- Wilburn, K. 1996. Apartheid. In: Olson, J.S. en Shadle, R. (eds.). *Historical Dictionary of the British Empire. Volume 2*. Westport: Greenwood Press.
- Welsh, D. 2020. Apartheid and its legacies. In: De Jager, N. (ed.). *South African Politics: An Introduction*. Cape Town: Oxford University Press.

Note

1. Hierdie artikel is gegrond op my ongepubliseerde MA-studie getiteld "'n Ondersoek na die ideologiese invloed op die Afrikaanse hervertaling van Wilbur Smith se *The Sound of Thunder*" (Meads, 2024), asook 'n gelyknamige referaat wat in Januarie 2024 tydens die USAN-kongres aan die Universiteit Stellenbosch gelewer is.
2. Studies bestaan oor hervertaling in Afrikaans op die gebied van Bybelvertaling (byvoorbeeld Naudé, 2020; Van der Merwe, 2020), mediese vraelyste (Fourie, 2003; Fourie en Feinauer, 2005), banktekste (Cupido, 2018; Cupido en Lesch, 2020), en strokiesprente (Groeneveld, 2023). Hervertaling het ook al in studies oor kinderliteratuur ter sprake gekom (byvoorbeeld De Roubaix, 2010; Fouché, 2012).
3. By tye voeg Lefevere (1985: 235; 2017: 66-85) ander beheerfaktore by sy raamwerk, soos "the universe of discourse" en "natural language", waarvoor hy gekritiseer is, maar dit is veral sy konsepte van die patronaat en ideologie wat suksesvol in vele studies gebruik is (Asimakoulas, 2011:244-245) en daarom word dit ook hier met vertroue ingespan.
4. Die media, onderwysstelsel en kerk sou ook as deel van die patronaat ondersoek kon word, maar binne die bestek van hierdie artikel is dit nie moontlik nie. Daar word gefokus op die patronaat wat die direkste invloed op die vertaling van *The Sound of Thunder* (Smith, 1966) sou hê. Die regering en sensuurburokrasie het in hierdie tyd die Christelike konserwatisme van die NG Kerk gedeel, dus is dit voldoende dat dié liggame bestudeer word.
5. Vir my MA-studie (Meads, 2024) is vroeë per e-pos aan Botha gestel en daar is etiese klaring van die Universiteit Stellenbosch ontvang om sy antwoorde in my studie te gebruik.

6. Ander professionele agente wat 'n invloed op die vertaling en hervertaling gehad het se ideologie sou ook ondersoek kon word, byvoorbeeld die reviseurs of proeflesers, maar binne die bestek van hierdie artikel is dit nie moontlik nie. Die fokus is hier op die ideologie van die patronaat. Die vertalers se ideologie word net kortliks hier bespreek (vergelyk Meads, 2024 vir 'n vollediger bespreking van die vertalers).
7. Soektogte is op die internet en in elektroniese databasisse uitgevoer, navraag is by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum se argief gedoen, asook by ander destydse vertalers van Olympos wat wél opgespoor kon word. Die navrae het egter niks van waarde opgelewer nie. Daar is ook geen vertalersnotas by die publikasie van *As die donderweer dreun* (Smith, 1977a) ingesluit nie.
8. Van den Berg (2015) se ongepubliseerde vertalersnotas en korrespondensie is met sy toestemming en die toestemming van NB-Uitgewers in my MA-tesis (Meads, 2024) gebruik en etiese klaring om dit in my studie in te sluit is van die Universiteit Stellenbosch ontvang.
9. Die vergelyking van 'n groter aantal tekssegmente kan in my MA-tesis (Meads, 2024) gelees word. In hierdie artikel word slegs na enkele voorbeelde gekyk.
10. In my MA-studie (Meads, 2024) word elk van hierdie tonele bespreek.

Die ondersoek van genderkonstruksies in Afrikaanse tydskrifte: 'n Multidissiplinêre metodologie

Susann Louw

The investigation of gender constructions in Afrikaans magazines: A multidisciplinary methodology

This article overviews the multidisciplinary methodology used to explore gender construction, based on my PhD study examining Afrikaans masculinity in magazines from 2005 to 2015 (Louw, 2023). The study integrates various theoretical perspectives from scholars like Kimmel, Hearn, Connell (2005), Anderson (2009) and Creswell (2009). An inductive approach allows flexibility in the analytical process when theoretical viewpoints do not apply to specific subthemes. The methodology combines ATLAS.ti software, grounded theory, discourse analysis, critical discourse analysis, multimodal discourse analysis, gender theory, and theories within masculinity studies. Qualitative and quantitative research elements are used, with a social constructivist perspective (Creswell, 2009). In the article, I synthesise the multimodal critical discourse analysis method, structured around five steps: (1) Selecting magazine contributions, (2) Coding, (3) Context and visual schemas, (4) Using ATLAS.ti functions, and (5) Analysis and discussion. The methodology's strengths and limitations are examined in the conclusion.

1. Inleiding

Volgens Creswell (2009: 5) is daar drie aspekte van belang wanneer 'n navorsingsprojek gekonseptualiseer en beplan word, naamlik die filosofiese wêreldbeskouing waarop die studie gebaseer is, die navorsingsontwerp wat met die spesifieke wêreldbeskouing geassosieer word en die spesifieke metodes waardeur die gekose benadering in praktiese stappe vertaal word.

Die artikel fokus op die praktiese stappe wat gekonseptualiseer is as 'n multidissiplinêre metodologie waarmee die konstruksie van gender ondersoek is. Dit is gebaseer op my PhD-studie (Louw, 2023) waarin ek die vergestaltings van Afrikaanse manlikheid in Afrikaanse tydskrifte bestudeer het.¹ Die datastel bestaan uit 67 uitgawes van onderskeidelik *Huisgenoot*, *Landbouweekblad*, *Sarie*, *Kuier*, *Weg!*, *Plaastoe* en *Intiem vir Mans* tussen 2005 en 2015.


Die studie het bestaan uit elemente van kwalitatiewe en kwantitatiewe

navorsing. My vertrekpunt was 'n sosiaal-konstruktivistiese perspektief wat met 'n kwalitatiewe benadering verbind word (Creswell, 2009: 4). Die kwalitatiewe benadering is prakties toegepas deur teksanalitiese navorsingsmetodes, onder meer multimodale kritiese diskoersanalise, te gebruik. Hierteenoor is die grootte van die datastel en die gebruik van gerekenariseerde programmatuur nader aan die kwantitatiewe sy van navorsing.

Creswell (2009: 172-175) meen dat die ideale benadering tot kwalitatiewe data-analise is om die analyse-stappe met die spesifieke navorsingstrategie-stappe te vervleg. Kimmel, Hearn en Connell (2005: 4) en Anderson (2009: 32, 33) is van mening dat teorieë saam gebruik moet word om die meeste daaruit te put. Verder skeep 'n induktiewe benadering die ruimte dat die stappe van analise aangepas kan word soos ontleding plaasvind (Charmaz, 2006; Edwards, 2007; Irwin, 2017). Die teoretiese vertrekpunte (soos in afdeling 2 bespreek) is volgens die fokus van elke subtema aangepas in die geval waar dit nie volledig versoenbaar met mekaar was nie. Om hierdie redes maak ek gebruik van 'n multidissiplinêre metodologie wat uit die volgende navorsingsinstrumente, -metodes en teorieë bestaan: ATLAS.ti-programmatuur, gegronde teorie, diskoersanalise, kritiese diskoersanalise, multimodale diskoersanalise, genderteorie en verskeie teorieë binne manlikheidstudies.

Tydens die literatuuropskrywing is heelwat navorsing waargeneem waarin kritiese diskoersanalise, multimodale diskoersanalise en gender-teorie gebruik is om temas binne manlikheidstudies te ondersoek (Kress en Van Leeuwen, 2001; Bezemer, 2012; Jewitt, 2012; Edwards en Milani, 2014). Alhoewel talle studies en diskoersanalitiese benaderings geraadpleeg is (soos in afdeling 2 bespreek word), is daar 'n tekort aan 'n analitiese raamwerk waarin metodologiese stappe uiteengesit word. Ek poog om nuwe strategieë te verskaf aan navorsers wat ook sulke gemengde navorsingsmetodes in 'n Suid-Afrikaanse omgewing wil toepas. Die doel van die artikel is om 'n metodologie te verskaf wat as handleiding vir toekomstige studies kan dien.

In die onderstaande afdeling sit ek die relevante teorieë kortliks uiteen en bespreek agtergrond en literatuur aangaande ATLAS.ti-programmatuur en diskoersanalitiese benaderings. Daarna word die vyf oorkoepelende hoofstappe van die analise uiteengesit – toegelig deur voorbeelde uit die studie – om juis die multidissiplinêre metodologie van die studie te openbaar (figuur 1).



Figuur 1: Vyf oorkoepelende stappe van analise

2. Teoretiese raamwerk

Hieronder word 'n kort oorsig gegee van die teoretiese raamwerk soos gevolg in die studie van Afrikaanse manlikheid in tydskrifte. Alhoewel die teorie nie die fokus van die artikel is nie, gee die teoretiese raamwerke tog agtergrond tot die multidissiplinêre aard van die metodologie. Die teoretiese lens wat in hierdie studie gebruik word, is drieledig, naamlik genderteorie, manlikheid as 'n konstruksie en gegronde teorie. Gegronde teorie vorm deel van die teoretiese raamwerk, aangesien die konstant-vergelykende aard van gegronde teorie as agtergrond dien waarteen die analise plaasvind.

2.1. Genderteorie

Butler (1990: 9, 10, 24) se definisie van gender word as seminale navorsing binne gendernavorsing beskou. Butler (1990) sien gender as 'n aksie wat deur persone op verskillende vlakke uitgevoer word eerder as 'n eienskap wat deur persone besit word. Daar is verskeie genderteorieë en metodologieë waarvolgens die ondersoek na gender benader kan word. Butler (1990) sowel as talle ander teoretici wat hulle navorsing voortsit en ontwikkel, se aanname van gender as sosiale konstruksie is besonder relevant vir hierdie studie, omdat dit ruimte laat vir die onvermydelike sosiale verandering in genderrolle wat globaal plaasvind, hetsy in die omgewing van mans of dié van vroue (Gardiner, 2002:12).

Verder vorm verskillende manlikheidsteorieë deel van die teoretiese raamwerk. Connell (2005) se vier kategorieë, naamlik essensialisme, positivisme, normatiwiteit en semiotiek word in ag geneem met die ontleding van manlikheid, alhoewel ek 'n samesmelting van die vier kategorieë gebruik.

2.2. Manlikheid as konstruksie

Connell (2005: 67) is van mening manlikheid is een van vele elemente wat deel vorm van 'n groter struktuur binne samelewings. Hierdie struktuur bestaan uit konstante interaktiewe verhoudings tussen gender, ras, klas, nasionaliteit en selfs wêreldorde (Connell, 2005: 75). In die tradisionele opvatting van hegemoniese manlikheid staan die onderdrukking van vroue en verguising van homoseksuele mans sentraal (Milani, 2015: 1). Cleaver (2002) en Hearn (2004) ondersteun soortgelyke definisies van hegemoniese manlikheid. Hulle definieer dit as manlikheid en/of gendergebruike wat 'n hoër posisie as die onderdrukte (met ander woorde die gemarginaliseerde en 'ander') inneem, ongeag die gender waarmee die onderdrukte ook al identifiseer (Cleaver, 2002: 7; Hearn, 2004: 57). Hegemoniese manlikheid is die manifestasie van gendergebruike tekenend van die heersende tendense in die samelewing, en waardeur mans hulle heersende posisie teenoor die gemarginaliseerde groep handhaaf (Visagie, 2004: 20). Dit stel 'n aanvaarbare vergestaltung van manlikheid voor, maar dit kan te eniger tyd deur vroue of enige gendergroep uitgedaag word. Hegemoniese manlikheid is dus nie 'n vaste of konstante tendens nie en verskil van area tot area (Connell, 2018: 9).

Bykomend tot bogenoemde hegemoniese manlikheid is daar volgens Connell (2005: 78-81) drie benaderings tot manlikheid wat in gendersisteme voorkom, naamlik ondergeskiktheid ('subordination'), medepligtigheid ('complicity') en marginalisering ('marginalisation'). Hierdie drie benaderings kan gebruik word om vergestaltungen van gender in 'n spesifieke konteks in 'n veranderende struktuur van verhoudings te ondersoek (Connell, 2005: 81). Die belang en relevansie van dié benaderings lê op twee vlakke. Eerstens is die groepe wat gevorm word, beeldend van veranderende manlikhede in die samelewing. Tweedens kan die benaderings en die verhouding tussen die verskillende genderkonstruksies meer insig verskaf in die onstabiele en veranderende konstruksie van manlikheid, soos Connell (2005: 81; 2018: 11) aandui.

Nes daar verskillende konstruksies van manlikheid is, is daar ook verskeie vorme en weergawes van die sogenaamde manlikheid-in-krisis-fenomeen. Dié fenomeen word veroorsaak deur die emosies van angs of vrees wat reeds ervaar word of ervaar gaan word, byvoorbeeld weens die gevolge van die ondermyning van tradisionele manlike genderrolle (Jefferson, 1994: 10; Edwards, 2006: 7). Die manlikheid-in-krisis-fenomeen word in navorsing ewe veel geskakel aan manlikheid as konsep as aan mans se ervaring daarvan. Die krisis van binne verwys na die emosie wat die mans ervaar wanneer hulle die krisis beleef, byvoorbeeld onsekerheid en magteloosheid (Edwards, 2006: 8).

Wiegman (2002) se drie benaderings tot manlikheid vorm deel van die teoretiese raamwerk, naamlik die afkeuring van die normatiewe verbintenis tussen gender en geslag; die verwerping van gender se direkte verbintenis met geslag en die gedagte dat manlikheid deel vorm van identiteit in plaas van 'n persoon se liggaam. Dié benaderings is belangrik vir die ondersoek, omdat dit die veelsydigheid van manlikheid kan uitwys. Beide Wiegman (2002) en Connell (2005) se benaderings tot manlikheid is van belang vir die ontleding van manlikheid, omdat dit ruimte laat om sosiale en kontekstuele faktore in ag te neem.

Laastens is Anderson (2009) se inklusiewe manlikheidsteorie gebruik omdat dit as 'n uitbreiding van Connell (2005) se benadering tot die analise van manlikheid beskou kan word. Dit beskryf die hedendaagse proses waar mans die tradisionele hegemones manlikheid bevraagteken en ondermyn. Die gevolg daarvan is dat kulturele homofobie verminder het en jonger mans homofobiese beginsels begin bevraagteken het.

2.3. Gegronde teorie

Die derde element van die teoretiese raamwerk is gegronde teorie (GT), wat sistematiese, induktiewe metodes behels en wat gebruik word om kwalitatiewe navorsing (met teorie-ontwikkeling ten doel) uit te voer (Charmaz, 2012: 2-3, 4). In GT lei navorsers die hipotese uit die data af, in plaas daarvan om deur 'n voorafopgestelde hipotese gelei te word (Silverman, 2011: 67). Die doel van GT is volgens Dick (2005: 5) om die navorsingsituasie te verstaan, oftewel om die implisiete teorie in die data te ontdek. Dié doel sluit aan by my gekose kwalitatiewe navorsingsontwerp sowel as die teksanalitiese benadering deurdat die gemene deler die interpretasie van data is om betekenis te vind. GT is 'n data gedrewe teorie, aangesien dit gepas moet wees vir die spesifieke navorsingsituasie en antwoorde op die navorsingsvrae moet gee (Dick, 2005: 5-6). Talle navorsers van verskillende velde gebruik GT op hulle eie unieke manier (Dey, 1999: 2) – daarom word GT as aanpasbaar beskryf en die beginsels daarvan word as riglyne eerder as reëls of vereistes beskou (Charmaz, 2006: 9; Dey, 1999). Die programmatuur ATLAS.ti is gebaseer op GT en word gebruik om die navorser te help om kwalitatiewe ontledings uit te voer.

Bogenoemde raamwerke vorm die agtergrond waarteen die ondersoek plaasvind.

3. Literatuur

3.1. ATLAS.ti-programmatuur

Ek maak gebruik van een navorsingsinstrument, naamlik kwalitatiewe programmatuur (ATLAS.ti). Die gebruik van kwalitatiewe programmatuur word deur Creswell (2009: 164, 175) gesteun, aangesien die programmatuur juis die versameling en stoor van data moontlik maak. Vervolgens word die navorsingsinstrument se gebruik en voordele bespreek.


Kwalitatiewe programmatuur is gebaseer op drie elemente, naamlik “noticing things, collecting things and thinking about things” (Friese, 2019: 92). Die ontleding vind plaas wanneer daar tussen bogenoemde drie elemente beweeg word, byvoorbeeld deur ’n waarneming aan ’n datasegment te verbind, daarna meer data te versamel en die nuwe data aan ou en nuwe waarnemings en kodes te verbind (Friese, 2019: 92). Hierdie beweging tussen verskillende elemente sowel as die interpretasie daarvan is ’n praktiese toepassing van die kwalitatiewe sowel as die sosiaal-konstruktivistiese perspektief.

Kwalitatiewe programmatuur soos ATLAS.ti word in verskeie dissiplines gebruik en is nie beperk tot een studieveld nie (Friese, 2014: 6; Lewins en Silver, 2014: 10-11). Weergawe 8² van ATLAS.ti is in my PhD-studie (Louw, 2023) gebruik om ’n skakel tussen ’n datasegment en ’n kode te vorm (Lewins en Silver, 2014: 82). ’n Datasegment verwys na ’n segment in ’n dokument wat uitstaan en/of belangrik is vir die analise, byvoorbeeld ’n woord, sin, frase, gedeelte van ’n foto, ’n grafiese voorstelling of ’n enkele karakter (Friese, 2019: 13). Friese (2019: 13-14) noem dat ’n datasegment wat elektronies gemerk word (soos wat ’n persoon ’n frase en/of woord in ’n hardekopieteks sou onderstreep) as ’n aanhaling bekend staan. Ek het van Friese (2019) se metode afgewyk en nie die onderskeid tussen ’n datasegment en ’n aanhaling gemaak nie, omdat ek ’n multimodale analise gevolg het en ook visuele elemente ondersoek het. Sodoende benoem ek alle segmente wat in ATLAS.ti gemerk word as datasegmente.

Nadat ’n datasegment in ’n dokument gemerk is, kan die navorser ’n kode aan die datasegment toeken. Volgens Friese (2019: 16) is ’n kode ’n etiket wat aan ’n datasegment toegeken word en gebruik word om ’n lys datasegmente in verskillende groepe te organiseer. Friese (2019: 15) vergelyk hierdie proses met die opstel van ’n indeks omdat kodes gebruik word om ’n groot hoeveelheid data volgens ’n gekose struktuur te organiseer. Die proses om kodes aan datasegmente toe te ken, staan bekend as kodering of die kodeerproses, wat

volgens Petrova (2014: 4) dieselfde beginsel volg as onderstreping en die maak van notas in 'n handboek.

Kodering beïnvloed die digtheid en/of gegrondheid van 'n kode en 'n datasegment. Die kodes se gegrondheid verwys na die hoeveelheid skakels wat 'n spesifieke kode met verskillende datasegmente het (Friese, 2019: 38). Die kode Gesin: Familie³ se gegrondheid is byvoorbeeld 99, dit wil sê die kode is aan 99 datasegmente toegeken. Digtheid verwys weer na direkte skakels tussen kode en kode, of datasegment en datasegment (Friese, 2019: 36, 172). Die SEKSUALITEIT-kode⁴ is byvoorbeeld aan vier kodes (Gesin: Man se pa-, Seksualiteit: Heteroseksualiteit-, Liggaam: Voorkoms en Seksualiteit: Homoseksualiteit-kode) gekoppel soos in figuur 2 aangedui. Die digtheid van 'n kode kan net verhoog wanneer daar 'n skakel toegeken word, byvoorbeeld Seksualiteit: Heteroseksualiteit-kode staan in 'n "deel van"-verhouding met die SEKSUALITEIT-kode. Die gegrondheid en digtheid kan dus die verspreiding van kode- en datasegmentverhoudings in die datastel aandui en uitwys in watter tydskryfbydraes sekere temas meer of minder voorkom.



Figuur 2: Voorbeeld van verhoudingsaanduiding

Die gebruik van ATLAS.ti in verskillende studieveld kan onder andere toegeskryf word aan die voordele wat die program vir navorsers bied, naamlik dat verskeie stukke gelyktydig bestudeer kan word (Friese, 2014: 6; Lewins en Silver, 2014: 10-11). ATLAS.ti verminder die moontlikheid van foute asook die tyd wat aan die kodeerproses spandeer word omdat konsekwentheid en deursigtigheid deurentyd toegepas word (Ngalande en Mkwinda, 2013: 4).

Daarbenewens bied ATLAS.ti verskeie metodes en funksies, soos in afdeling 4 uiteengesit, waarmee data geanaliseer kan word (Lewins en Silver, 2014: 90).

3.2. Studies oor ATLAS.ti

Gorin en Dubied (2011) en Rothman, Nagaswaran, Johnson, Adams, Scrivens en Baughman (2012) se studies sluit beide tydskrifte as data, asook 'n teksanalitiese benadering in. Gorin en Dubied (2011) analiseer 3 875 nuusartikels om prominente temas rondom bekende figure te identifiseer, terwyl Rothman et al. (2012) 48 artikels uit 20 tydskrifte ontleed om die uitbeelding van mishandeling in romantiese verhoudings te ondersoek. Rothman et al. (2012), in teenstelling met my studie, fokus meer op kwantitatiewe resultate, soos die ontdekking dat 53% van die artikels mishandeling as eroties, romanties en normaal uitbeeld.

Paulus en Lester (2016: 405, 418) se studie (met 'n datastel van 77 datasegmente) fokus op die sistematiek van ATLAS.ti (weergawe 7) en die wyse waarop dit in samewerking met diskoersanalitiese benaderings gebruik kan word. Hulle maak gebruik van ATLAS.ti om data te organiseer, kodes toe te ken en 'n teksanalitiese benadering te volg. Net soos in hulle studie, het ek my studie temas geïdentifiseer deur kodes toe te ken aan datasegmente, gevolg deur 'n reël-vir-reël analise en die gebruik van die kommentaarfunksie in ATLAS.ti.

3.3. Studies oor diskoersanalitiese metodes

3.3.1. Diskoersanalise

Die navorsing oor taal en gender kan volgens Coates (2012) in twee velde verdeel word. Die eerste veld is kwantitatiewe sosiolinguistiese navorsing waarin die verskillende variëteite van taal en die invloed van elemente soos sosiale klas- en genderverskille ondersoek word. Die tweede veld fokus op taal as diskoers, waarin taal binne sosiale kontekste in sy geheel bestudeer word. Hierdie hollitiese benadering bied nuwe insigte oor die verhouding tussen diskoers en sosiale kontekste. Fairclough (2015: 7 8) definieer diskoers soos volg: Diskoers word as taal beskou wat in verskillende mediums voorkom en in verhouding staan tot elemente wat deel vorm van sosiale praktyke. Fairclough (2015) se definisie van diskoers is gepas vir Coates (2012) se tweede navorsingsveld, aangesien beide se beskouing van diskoers melding maak van die sosiale konteks waarin diskoers gebruik en gevorm word.

In die afgelope 40 jaar was daar drie hoofbenaderings tot gender binne

diskoersanalise: die dominante ('dominance'), onderskeidende ('difference') en sosiaal konstruktivistiese ('social constructionist') benadering (Coates, 2012: 91). Alhoewel die sosiaal-konstruktivistiese benadering die meeste voorkom in hedendaagse navorsing, is 'n kort beskrywing van elke benadering nuttig as agtergrond. Die dominante benadering beskou geslagsverskille in taal as 'n weerspieëling van die magsverhouding tussen mans en vroue (Coates, 2012: 91-92, 93). Die onderskeidende benadering spruit voort uit die idee dat geslagsverskille in gesprekstyle voortkom uit sosialisering binne onderskeie subkulture. Die sosiaal-konstruktivistiese benadering, wat ooreenstem met Butler (1990) se siening van performatiewe gender, beskou gender as 'n sosiale konstruksie en nie 'n gegewe kategorie nie (Coates, 2012: 91, 96, 99).

Volgens Paltridge en Wang (2015: 206) word diskoersanalise vir die volgende vyf doeleindes gebruik. Dit word eerstens gebruik om linguistiese patrone in taalgebruik te analiseer, en tweedens om kennis oor taal, wat nodig is vir suksesvolle kommunikasie, in te samel. Die derde doeleinde beklemtoon die redes vir die gebruik van taal sowel as die betekenis wat daaraan gekoppel word. Vierdens word die verhouding ondersoek tussen taal en die sosiale sowel as die kulturele kontekste waarin dit gebruik word. Laasgenoemde doeleinde en die vyfde doeleinde is ook dié wat vir my studie (waarin ek 'n sosiaal konstruktivistiese vertrekpunt volg) geld, naamlik dat taal verskeie wyses van begrip en wêreldbeskouings vorm (Paltridge en Wang, 2015: 206). Dit beteken dat diskoersanalise gebruik kan word om die konstruksie van manlikhede te ondersoek wat deur die taalgebruik in die tydskrifbydraes gevorm word. Die laaste twee doeleindes is verteenwoordigend van die paradigmaskuif en die soort diskoersanalise wat merendeels in navorsing toegepas word.

Voorbeelde van diskoersanalise in verskeie studies, soos dié van Kiesling (2001; 2007), Du Plessis (2015) en Owen en Campbell (2018), illustreer verskillende metodes en toepassings binne die veld. Hierdie studies fokus op diverse onderwerpe, soos die konstruksie van manlikheid deur taalgebruik in verskeie kontekste, insluitend tydskrifte en onderhoude. Die gebruik van diskoersanalise bied insig in hoe taalgebruik genderidentiteite vorm en beïnvloed.

Daar is dus verskillende stappe en metodes vir die toepassing van diskoersanalise. Die volgende riglyne is uit studies geneem om my eie diskoersanalitiese metode te vorm: Die data is nie as alleenstaande objekte beskou nie, maar is ontleed in verhouding tot die sosiale konteks waarbinne dit verskyn. Dit het plaasgevind deur vrae oor die teks te stel sodat die sosiale situasie in ag geneem word. Daarnaas is gesprekstyl, taalgewoontes, afwesige of aanwesige onderwerpe, magsposisies van betrokke persone en enige visuele grafika uitgelig vir 'n holistiese benadering tot die diskoersanalitiese metode. Die

data is deeglik en herhaaldelik herlees om temas en subtemas te identifiseer en te verfyn. Sodoende het ek diskoersanalise gebruik om die konstruksie van manlikhede te ondersoek wat deur diskoers in die tydskrifbydraes gevorm word.

3.3.2. Kritiese diskoersanalise

Navorsers soos Van Leeuwen, Van Dijk en Fairclough het seminale navorsing in kritiese diskoersanalise (KDA) onderneem (Jaworski en Coupland, 2014: 5; Paltridge en Wang, 2015: 210). KDA is gebaseer op die aanname dat taalgebruik altyd sosiaal gekonstrueer is en dat diskoers die sosiale domein weerspieël, konstrueer, dekonstrueer en beïnvloed (Jaworski en Coupland, 2014: 5, 27; Paltridge en Wang, 2015: 210). As navorsingsmetode kan dit byvoorbeeld gebruik word om vas te stel hoe taal sosiale konstruksies in die hand werk, maar ook om die invloed van magsverhoudinge en ideologieë op diskoers te bepaal.

Navorsers soos Knaggs (2006) en Edwards en Milani (2014) het KDA gebruik om onderskeidelik die konstruksie van manlikhede in Suid-Afrikaanse mansleefstyltydskrifte en die verband tussen gender, seksualiteit, en gesondheid in diskoers te ondersoek. Hulle ondersoek gee aandag aan die belangrike rol wat diskoers speel in die vorming van sosiale identiteite en die reproduksie van ideologiese strukture (Knaggs, 2006: 27; Edwards en Milani, 2014: 461).

Die indringende teksanalise van Edwards en Milani (2014: 466, 469) toon die volgende stappe aan: Eerstens word 'n spesifieke woord of frase (soos 'penis') in die ondersoekte teks waargeneem. Tweedens word dit in die konteks van die teks gesitueer. (Daar word byvoorbeeld gelet op kollokasies of ooreenstemmings met ander diskoerse.) Daarna word dit in die sosiale, kulturele en politieke konteks van die teks geanaliseer en vierdens maak die navorsers 'n afleiding oor die gekonstrueerde manlikheid en gesondheid. Hiermee saam maak Edwards en Milani (2014: 468) waarnemings oor onderwerpe wat aanwesig of afwesig is, nes ek die afwesigheid van diskoerse in die tydskrifbydraes waargeneem het en daaruit afleidings gemaak het.

Na aanleiding van bostaande navorsers se gebruik van KDA, het ek die volgende KDA stappe vir my studie geïdentifiseer: Soos die diskoersanalitiese benadering reeds uitgewys het, moet diskoers altyd binne die sosiale konteks waarin dit verskyn, geanaliseer word. Só 'n analise het deur middel van lees en herlees plaasgevind. Bykomend tot die herlees van data, is 'n indringende stiplees ook nuttig, om kollokasies, ooreenstemmings en herhalings in data aan te dui. Hierdeur is verdere temas en subtemas verfyn. KDA navorsing beklemtoon veral dat alle diskoers ondersoek moet word in verhouding tot magsverhoudinge en die ideologieë wat dit vorm.

3.3.3. Multimodale diskoersanalise

Kress en Van Leeuwen (2001), O'Halloran (2004), Royce (2007), Bezemer (2012), Jewitt (2012), Edwards en Milani (2014), en Zhao (2014) bied die benaderingswyse van multimodale diskoersanalise (MDA) aan wat aanvaar dat kommunikasie uit meer as slegs taal bestaan en dat uitbeelding 'n belangrike, bykomende en geïntegreerde modus⁵ in die media is. Hierdie benadering is toepaslik vir die ontleding van tekste wat verskeie modusse, insluitend verbale en visuele modusse, gebruik. Modusse, soos geskrewe teks en visuele beelde, dra elk op 'n unieke manier by tot die betekenisvorming van 'n teks en MDA poog om dié bydraes te ondersoek en te interpreteer.

MDA word gebruik om multimodale tekste te ontleed en is op drie teoretiese aannames gebaseer. Eerstens erken dit dat kommunikasie 'n verskeidenheid modusse gebruik om betekenis te skep, wat visueel, verbaal, of 'n kombinasie daarvan kan wees. Tweedens aanvaar MDA dat semiotiese bronne, soos aksies, materiale en artefakte, sosiaal oor tyd gevorm word en dus betekenisvolle bydraes tot kommunikasie maak. Die derde aanname is dat persone betekenis beheer deur die keuse en samestelling van modusse, waardeur die belangrikheid van interaksie tussen modusse beklemtoon word (Bezemer, 2012). Dit impliseer dat die interaksie tussen modusse 'n kritieke rol speel in hoe betekenis gevorm word.

Die toepassing van MDA word geïllustreer deur Van der Watt (2016) se studie van 123 uitgawes van Suid-Afrikaanse *Men's Health*. Van der Watt (2016: 5) gebruik 'n tematiese diskoersanalise wat op beide verbale en visuele modusse fokus om die invloed van die tydskrif op mans se gesondheidsbewustheid te ondersoek.

In bostaande bespreking van MDA is die aanname deurentyd beklemtoon dat visuele en tekstuele modusse gesamentlik 'n boodskap weergee. Ek vereenselwig my veral met Edwards en Milani (2014) se benaming van multimodale kritiese diskoersanalise (MKDA). Dit volg dieselfde praktiese stappe as KDA (soos bespreek in afdeling 3.3.2) met die bykomende stap om alle KDA-stappe ook op visuele modusse toe te pas. Die visuele modusse in my datastel, hetsy foto's, sketse en/of grafika is geanaliseer en binne die sosiale konteks gesitueer, sodat temas daarin ook geïdentifiseer kon word en tot betekenisvorming kon lei. Uit bostaande literatuur het ek 'n sintese geformuleer van diskoersanalise, KDA en MDA in die vorm van MKDA.

4. Stappe van analise

Die ideale benadering tot kwalitatiewe data-analise – soos reeds genoem – vervleg die stappe van analise met die spesifieke navorsingstrategiestappe (Creswell, 2009: 172-175). Die gegronde teoretiese en induktiewe lens skep die ruimte dat die analisestappe aangepas kon word soos ontleding plaasgevind het. Ook het die grootte van elke hooftema se datastel en die aard van hooftemas (byvoorbeeld verskeie subtemas wat onderskeidelik aan die liggaam- en status-temas toegeken word) die implikasie dat die werkswyse van elke navorsingsvraag aangepas moes word.

Hieronder word die stappe van die analise na afloop van die versameling van tydskrifte uiteengesit. In tabel 1 is die beplande stappe in die linkerkantse kolom aangedui. Aangepaste stappe word in die regterkantse kolom gelys. Die stappe word in vyf oorkoepelende stappe verdeel.

Tabel 1: Skematiese voorstelling van die stappe van analise

| | Beplande stappe | Stappe uitgevoer | Aangepaste stappe |
|------|---|------------------|--|
| 1 | Kies van tydskrifbydraes | | |
| I. | Lees en kies van tydskrifbydraes. | ✓ | |
| II. | Herlees van tydskrifbydraes. | ✓ | |
| III. | Skandeer van gekose tydskrifbydraes. | ✓ | |
| IV. | Oplaaai van tydskrifbydraes op ATLAS.ti | ✓ | |
| 2 | Kodeerproses | | |
| I. | Ses oorspronklike kodes is geskep. | ✓ | |
| II. | Datasegmente is gemerk en aan kodes toegeken. | ✓ | |
| III. | Deurlopend word nuwe subkodes geskep. | ✓ | |
| IV. | Friese (2016) se benadering tot die organisering van kodes is gevolg. | ✓ | |
| V. | Kodes is deurlopend gedefinieer vir konsekwentheid. | | |
| VI. | Die notuleringsfunksie is deurlopend gebruik. | ✓ | |
| VII. | Die kodeerproses se stappe is herhaal tot elke tydskrifinsetel gekodeer is. | — ✓ | <ul style="list-style-type: none"> Die notuleringsfunksie is nie tydens die kodeerproses gebruik nie (sien afdeling 4.2). |

| 3 | Konteks en visuele skemas | | |
|------|---|---|--|
| I. | Die kodeerproses word herlees om skematiese voorstellings in die vorm van vloei-diagramme op te stel. | √ | |
| II. | Internasionale en nasionale sosio-ekonomiese en politieke gebeurtenisse word op die vloei-diagramme aangedui wat moontlik met analise in ag geneem moet word. | √ | |
| 4 | ATLAS.ti-funksies | | |
| I. | 'n Netwerk vir elke hoofkode word geskep. | √ | <ul style="list-style-type: none"> • Datasegmente is nie op die netwerke ingevoeg nie (sien afdeling 4.4 vir motivering). • Die woordwolk-funksie is nie gebruik nie (sien afdeling 4.4 vir motivering). |
| II. | Alle datasegmente is op die netwerk ingevoeg. | — | |
| III. | Die ondersoek-funksie is gebruik om gemene data-segmente en kodes aan te dui. | √ | |
| IV. | Aangeduide skakels is op die netwerke aangebring. | √ | |
| V. | 'n Woordwolk van elke hoofkode word geskep. | — | |
| VI. | 'n Grafiek van Saamvoorkom-kodes van elke hoofkode word geskep. | √ | |
| 5 | Analise en bespreking | | |
| I. | Statistiek en agtergrond van elke hoofkode wat betref digtheid, gegrondheid en hoeveelheid toegekende datasegmente per tydskrif en tydskrifinsetsel word uitgelig. Hierdie inligting is 'n opsomming van stappe 4, I-VI. | √ | <ul style="list-style-type: none"> • Die teksanalitiese werkwysie van elke tema verskil as gevolg van die datastel se grootte en verskeidenheid (sien afdeling 4.5 vir uiteensetting). |
| II. | Die aanvanklike data-analise begin deur elke datasegment wat aan die tema se hoof- en subkodes toegeken is in die konteks van die tydskrifinsetsel te analiseer volgens substappe wat opgestel is uit 'n multimodale kritiese diskoersanalitiese benadering. <ul style="list-style-type: none"> • Hoofstuk 4: 4 Substappe • Hoofstuk 5: <ul style="list-style-type: none"> ▪ Liggaam: 3 Substappe ▪ Seksualiteit: 3 Substappe • Hoofstuk 6: 3 Substappe | √ | |
| III. | Resultate van die data-analise (die onderskeie substappe van elke hoofstuk) is herlees om gemene temas te identifiseer en 'n lyngrafiek op te stel. | √ | |
| IV. | Die grafiek van die Saamvoorkom kodes is gebruik om die bepaalde temas te steun of te bevraagteken. | √ | |
| V. | Die bespreking van die multimodale kritiese diskoersanalise (met die inagneming van relevante teorie en literatuur) word volgens die gemene temas uiteengesit. | √ | |

4.1. Kies van tydskrifbydraes

Die eerste oorkoepelende stap bestaan uit vyf substappe soos in figuur 3 voorgestel:

Die gekose uitgawes van die tydskrifte wat gekies is, is deurgewerk en alle tydskrifbydraes waarin beelde van manlikheid voorkom, is met gekleurde plakkers gemerk. Die tweede rondte van verwerking en lees het daarna plaasgevind om moontlike herhaling van dieselfde beelde van manlikheid in tydskrifbydraes uit te skakel. Daar was byvoorbeeld heelwat artikels oor rugbyspelers en bekende akteurs in beide *Huisgenoot* en *Sarie*. Daar is besluit dat die keuse van tydskrifbydraes oor bekende persone nie die datastel moet oorheers nie. Na afloop van die tweede rondte van verwerking en lees is daar besluit om geen bydraes uit *Plaastoe* in die datastel in te sluit nie, omdat die fokus van die artikels meer beroepsgerig is en tegniese inligting bevat – dit het byvoorbeeld geweldige lang artikels (6 tot 12 A3-bladsye) oor landbou uitvoere of die gebruik van tegnologie in boerdery. Daar is gevolglik nie beelde van Afrikaanse manlikheid in *Plaastoe* gevind nie.

Die volgende stap was die elektroniese skandering van die harde kopieë van alle geselekteerde tydskrifbydraes sodat dit op ATLAS.ti gelaai kon word. Die gekose tydskrifbydraes is geskandeer, en die kwaliteit van sommige van die geskandeerde dokumente was baie swak en ATLAS.ti kon nie al 61 tydskrifbydraes se teks lees nie. As gevolg van die komplikasie is die dokumentformaat nagevors en die volgende plan gevolg: Foxit PhantomPDF programmatuur is gebruik om elke tydskrifinsetsel na ‘Optical Character Recognition’ formaat te verander. Hierdie formaat verhoog die kwaliteit van die dokument met die gevolg dat ATLAS.ti die karakters in die teks as letters en woorde kon herken. Die grootste implikasie van die ekstra stap was die tyd wat dit in beslag geneem het. Hierna is die dokumente op die ATLAS.ti-databasis gelaai. Die tydskrifbydraes is volgens die gekose tydskrifte in ses dokumentgroepe ingedeel, naamlik *Huisgenoot*, *Intiem vir Mans*, *Kuier*, *Landbouweekblad*, *Sarie* en *Weg!*.


| | |
|---|--|
| I. Lees en kies van tydskrifbydraes. | <ul style="list-style-type: none"> • Enige insetsels waarin beelde van manlikheid voorkom. |
| II. Herlees van tydskrifbydraes. | <ul style="list-style-type: none"> • Om herhaling van dieselfde beelde van manlikheid te voorkom, byvoorbeeld artikels oor rugbyspelers. • <i>Plaastoe</i> het geen beelde van manlikheid bevat nie. |
| III. Skandeer van gekose tydskrifbydraes. | <ul style="list-style-type: none"> • Swak dokumentskanderings, <i>optical character recognition</i> met programmatuur verbeter. |
| IV. Oplaa en in ses dokumentgroepe verdeel. | <ul style="list-style-type: none"> • Opgelaa en in ses dokumentgroepe verdeel. • Elke tydskrif is as dokumentgroep gelaa. |

Figuur 3: Substappe tydens die oorkoepelende stap, 'Kies van die tydskrifbydraes'

4.2. Kies van tydskrifbydraes


Die tweede oorkoepelende stap, kodeerprosesse, het uit sewe substappe bestaan.

Die tydskrifbydraes is in hierdie volgorde gekodeer: *Intiem vir Mans*, *Kuier*, *Landbouweekblad*, *Sarie*, *Weg!* en laastens *Huisgenoot*. Die oorspronklike kodes is eerste opgestel na aanleiding van my navorsingsvrae, naamlik GEWELD, VERBRUIKERSWESE, STATUS, MAG, LIGGAAM en SEKSUALITEIT. Die kodeerproses is in elke tydskrifinsetsel begin deur datasegmente te merk wat uitstaan as gevolg van 'n assosiasie met die reeds geskepte kodes, of opvallend is omdat dit menigte kere voorkom, of direk met die konstruksie van manlikheid verbind is. In figuur 4⁷ word 'n gemerkte datasegment aangedui.




Figuur 4: Merk van datasegmente

Daarna het ek die gemerkte datasegmente aan kodes toegeken of nuwe kodes geskep waaraan die datasegment toegeken kon word. In figuur 5 hieronder het ek byvoorbeeld die Status: Finansiël-kode⁸ en Trots: SA aan die datasegment “Ons ‘Groot Trek’ is ekonomies gelei” toegeken.




Figuur 5: Toekenning van kodes aan datasegmente

Ek het elke kode, hetsy een van die eerste ses kodes of nuutgeskepte kodes gedefinieer soos wat die kodering plaasgevind het. Die GEWELD-kode is byvoorbeeld soos volg gedefinieer: “Enige verwysing na geweld tussen verskillende mense, maar ook geweld teen jouself” (sien figuur 6 hieronder).




Figuur 6: Definisie van kodes

Tydens die toekenning van kodes aan datasegmente van die eerste paar tydskrifbydraes, het ek beseft dat ek 'n manier nodig het om die kodes te organiseer. Ek het Friese (2016) se benadering tot die skep en organisasie van kodes gevolg. Die hoofkodes is in hoofletters getik en die subkodes in kleinletters (sien figuur 7), byvoorbeeld LIGGAAM (hoofkode en kode-groep) en Liggaam: Gesondheid (subkode). Elke kodegroep is ook met dieselfde kleur verbind sodat dit makliker is om te onderskei (figuur 7). Wanneer 'n kode geskep is en nie onder 'n hoofkode ingedeel kon word nie, is die kode met 'n asterisk gemerk, byvoorbeeld *benamings van mans, en wanneer die kode meer gebruik word, is die asterisk verwyder en die formatering na 'n kodegroep se formatering verander. Op hierdie manier is nuwe kodes gevorm en is subkodes gedurende die kodeerproses uitgebrei.




Figuur 7: Lys van kodeformaterings

Hierdie proses is herhaal totdat elke tydskrifinsetsel gekodeer is. Ek het beoog om deurentyd die notuleringsfunksie te gebruik, maar het verkies om eerder indringende stiplees na afloop van die kodeerproses toe te pas. Dié keuse is gemaak sodat die kodeerproses in ATLAS.ti gestoor kon word en verdere interpretasie tydens die multimodale kritiese diskoersanalise kon geskied. In figuur 8 hieronder, kan die kommentaar op die “karnuffel mekaar” datasegment gesien word.



Figuur 8: Kommentaar op datasegmente




Figuur 12: Onderzoekfunksie

Ek het byvoorbeeld die datasegmente gefiltreer deur van die ondersoekfunksie gebruik te maak (soos gesien in figuur 12 hierbo) sodat ek slegs dié sien wat met beide die GEWELD- en Verhouding: Heteroseksuele paartjie-kode gekodeer is. Die resultate word in die regterkantste onderste hoek gesien, naamlik die twee datasegmente “Hy beweer Michael misbruik alkohol en het Elena geslaan, maar Michael ontken dit” en “Dit is moeilik om te sê presies wanneer ek besluit het om my vrou dood te maak – nog moeiliker om te verduidelik waarom ...”. Deur sulke filters te gebruik, kan die datasegmente in die konteks van die tydskrifinsetsel ontleed word om sodoende gemene temas wat manlikheid konstrueer, byvoorbeeld geweld binne heteroseksuele verhoudings, aan te toon.

Die nuttigste skakels en verhoudings is in die netwerk van die hoofkode aangedui en verteenwoordig die volgende stap. In die geval waar daar nie sulke gemene datasegmente óf kodes tussen die verskillende kodes voorgekom het nie, is dié stap weggelaat. Hierna is ATLAS.ti se woordwolkfunksie ingespan om vas te stel of die afleidings wat in die netwerk en ondersoekfunksie uitgelig is, deur die datasegmente se digtheid bevestig of weerlê word.


Met die gebruik van die woordwolkfunksie het ek met die eerste hoofkode (Verbruikerswese tema) besef dat ATLAS.ti te veel karakters en letters steeds

afleidings tydens ontleding te steun of te bevraagteken (sien grafiek 1). Moontlike temas kon van die saamvoorkom-kodes afgelei word, aangesien dit die verspreiding van geassosieerde temas kan aandui wat in verskillende bydraes saam voorkom. Soos gesien in grafiek 1, kom die Man: Verwysings na natuur-subkode (12) die meeste saam met die VERBRUIKERSWESE-subkodes voor. Verskeie insetsels met beroepe (“boerdery”), aktiwiteite en stokperdjies wat in die natuur beoefen word (“kamp”, “voetslaan” en rockfeeste), is beeldend van die wyse waarop manlikheid binne die buitelugomgewing gesitueer word. Die saamvoorkom-kodes van elke hoofkodegroep is in die onderskeie hoofstukke ingesluit.



Figuur 14: ATLAS.ti-weergawe 24 se woordwolke

Verbruikerwese: Saamvoorkom-kodes



Grafiek 1: Voorbeeld van 'n grafiek van Saamvoorkom-kodes

4.5. Analise en bespreking

Die laaste oorkoepelende stap van die studie het bestaan uit vyf substappe.

Eerstens is statistiek en agtergrond oor elke hoofkodes bespreek. Ek het byvoorbeeld die hoeveelheid datasegmente teenoor kodes en subkodes vergelyk, en moontlike afleidings van die saamvoorkomkodes-grafiek en netwerk is aangedui. Hoewel die datasegmente nie op die netwerke ingevoeg is nie (soos verduidelik in afdeling 4.4), het ek die lys van toegekende datasegmente as vertrekpunt vir die teksanalise van elke tema gebruik: VERBRUIKERSWESE, SEKSUALITEIT, LIGGAAM, STATUS en MAG. Tweedens is elke tema se data-analise begin deur elke toegekende datasegment aan daardie kodes in die konteks van die tydskrifinsetsel te analiseer volgens die substappe wat vanuit 'n MKDA-benadering opgestel is. Die aanvanklike navorsingsmetodes, naamlik diskoersanalise, kritiese diskoersanalise sowel as multimodale diskoersanalise, is in kombinasie gebruik om teksanalise toe te pas. Hierdie teksanalise is deur die teoretiese lens van GT, genderteorie en die konstruksie van manlikheid gedoen, terwyl die internasionale en nasionale sosio ekonomiese konteks as agtergrond dien.

Hieronder is 'n visuele voorstelling (figuur 15) van die oorsig van die vier temas en die MKDA-stappe wat vir elkeen opgestel is. Elke analise begin met dieselfde stap, naamlik dat die datasegment in die konteks van die tydskrifinsetsel ontleed is. Daarna bestaan substappe 2 en 3 uit vrae wat ek stel en uit die data beantwoord. In die ontleding van die verbruikerswese-tema byvoorbeeld vra ek: Is die leser ingelig of oorreed? Watter kommunikatiewe proses word geïmpliseer, naamlik of 'n verbruiker oorreed of ingelig (as gevolg van onkunde) word, sodat dit tot aankope sal lei. Ek het in die analise van die liggaam-tema byvoorbeeld twee vrae gestel: Wil mans 'n beter fisiese voorkoms verkry of wil mans hulle algemene gesondheid bevorder?

Die interpretasie van die antwoorde op elke subtema se vrae het plaasgevind deur dit deurentyd te vergelyk en in die konteks van die sosiale situasie te herlees. As die tydskrifinsetsel visuele modusse bevat (foto's/sketse/spotprente), is die visuele modusse geanaliseer saam met die tekstuele modus. In die derde stap het ek die resultate van die onderskeie substappe van elke tema herlees en gemene temas geïdentifiseer. Dit het ek in 'n lyngrafiek voorgestel – sien grafiek 2 as voorbeeld. Daarna het ek die saamvoorkomkodes gebruik om die bepaalde temas te steun of te bevraagteken.

| Verbruikerswese: 4 Substappe | Liggaam: 3 Substappe | Seksualiteit: 3 Substappe | Status en mag: 3 Substappe |
|---|--|---|--|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Datasegmente in die konteks van elke tydskrifinsetsel ontleed en herlees. 2. Is die leser ingelig of ooreed? 3. Ten opsigte waarvan (produkt, diens of die spandeer van geld) is die leser ooreed of ingelig? 4. Interpreteer die antwoorde op hierdie vraag in verhouding tot die gekonstrueerde manlikheid. | <ol style="list-style-type: none"> 1. Datasegmente in die konteks van elke tydskrifinsetsel ontleed en herlees. 2. Twee vrae <ol style="list-style-type: none"> 1. Wil mans 'n beter fisiese voorkoms verkry? 2. Wil mans hulle algemene gesondheid bevorder? 3. Die antwoorde van bostaande vrae is deurentyd vergelyk en in die konteks van die sosiale situasie herlees. | <ol style="list-style-type: none"> 1. Datasegmente in die konteks van elke tydskrifinsetsel ontleed en herlees. 2. Die wyse waarop mans hulle seksualiteit uitdruk, vasgestel, byvoorbeeld hetero- of homoseksueel of beide óf 'n ander soort uitdrukking. 3. Interpreteer die antwoorde op hierdie vraag in verhouding tot die gekonstrueerde manlikheid. | <ol style="list-style-type: none"> 1. Datasegmente in die konteks van elke tydskrifinsetsel ontleed en herlees. 2. Drie vrae: <ol style="list-style-type: none"> 1. Word die man se status positief óf negatief óf neutraal uitgebeeld? 2. Watter insigte verskaf hierdie beeld wat betref die gekonstrueerde manlikheid? 3. Op watter wyse is hierdie beeld gekonstrueer? 3. Word die tema van mag binne die konstruksie van manlikheid eksplisiet of implisiet uitgebeeld? |

Figuur 15: Stappe van analise per tema

Laastens is die bespreking van die MKDA-resultate volgens die gemene temas per hoofstuk opgeskryf. In hierdie bespreking is relevante teorie en literatuur in ag geneem. Elke hoofkode se grafiek van die saamvoorkom kodes (sien grafiek 1 as voorbeeld) is geskep sodat dit afleidings kan steun of bevaagteken. Verder is 'n grafiek van gemene temas wat tydens elke hoofstuk se analise geïdentifiseer is (sien grafiek 2 as voorbeeld), ná die analise opgestel.



Grafiek 2: Voorbeeld van temas-grafiek

5. Samevatting

Die artikel bied 'n oorsig van 'n multidisiplinêre metodologie wat gebruik is om die konstruksie van gender, spesifiek Afrikaanse manlikheid in verskeie plaaslike tydskrifte, te ondersoek. Gebaseer op 'n PhD-studie, sluit die datastel 67 uitgawes in van prominente tydskrifte oor 'n dekade van 2005 tot 2015.

Die studie volg beide 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering, waarin 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering gevolg is, terwyl kwalitatiewe programmatuur soos ATLAS.ti gebruik is vir datahantering en -analise. Hierdie metodologie, gebaseer op genderteorie, teorieë binne manlikheidstudies, GT en MKDA, stel die studie in staat om ryk en veelvlakkige interpretasies van manlikheid binne die konteks van die gekose tydskrifte te verskaf.

Soos reeds genoem, het ek 'n sintese van diskoersanalise, kritiese diskoersanalise en multimodale diskoersanalise in die vorm van MKDA as navorsingsmetode gebruik. Alhoewel heelwat studies MKDA-benaderings geraadpleeg is, is daar 'n tekort aan 'n analitiese raamwerk vir MKDA. In die hieropvolgende afdeling voorsien ek die uitdagings wat ervaar is en die lesse wat geleer is van die bostaande bespreking, om uiteindelik meer insig oor die multidisiplinêre metodologie te verskaf.

Die aanpasbaarheid van die stappe van analise binne 'n multidisiplinêre metodologie beskou ek as beide 'n uitdaging, maar ook as 'n bron van vryheid en ongebondenheid. Hierdie buigsaamheid in die metodologie maak dit moontlik om aanpassings te maak soos wat die data lei en die navorser nuwe insigte verkry. Dit bied die geleentheid om die ondersoek op 'n meer intuïtiewe en as responsiewe manier te benader, wat die kompleksiteit en nuanses van genderkonstruksies effektief openbaar.

Die sintese van multimodale kritiese diskoersanalise is uitgelig as 'n belangrike les en tegelyk die moeilikste deel van die metodologie. Die ontwikkeling van MKDA is noodsaaklik om geloofwaardigheid aan die navorsing te verleen. Die navorsingsmetode het toegelaat dat die studie nie net die taalgebruik ondersoek nie, maar ook hoe taal interaksie het met ander modusse soos visuele beelde en sosiale praktyke, wat 'n dieper insig tot die gekonstrueerde Afrikaanse manlikheid bied.

Verder is die uitbreiding en nuwe gebruik van ATLAS.ti in sulke studies 'n noemenswaardige ontwikkeling. Die programmatuur se diverse funksies, insluitend nuwe KI-gebaseerde funksies, het die hantering van gemengde datastelle aansienlik verbeter en het die metodologiese raamwerk verstewig. Dit demonstreer die potensiaal van kwalitatiewe programmatuur in studies wat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe elemente kombineer en benadruk die

bydrae van so 'n metodologie tot Suid-Afrikaanse navorsingspraktyke.

Hoewel die gebruik van ATLAS.ti deel vorm van die unieke faset van my studie, het dit tog tot struikelblokke gelei. As gevolg van ATLAS.ti (weergawe 8) wat karakters in tekste nie as woorde herken nie, is van die beplande funksies van ATLAS.ti (soos die woordwolkfunksie) nie in die studie gebruik nie. Verder is die saamvoorkom-kodes van die seksualiteit-tema nie ten volle benut nie, aangesien die datasegmente wat aan die SEKSUALITEIT-kodes toegeken is, heelwat minder is in vergelyking met die res van die hoofkodes.

Verder is daar min verwysings na die kontekstuele agtergrond tydens die opskryf van analyses. Ek beskou dit as 'n tekortkoming van die studie aangesien diskoersanalise slegs met die inagneming van relevante konteks kan plaasvind.

Ten slotte poog ek in die studie om die ruimte vir toekomstige navorsing te skep deur die model en metodologieë wat ontwikkel is, aan te neem en aan te pas vir soortgelyke studies in 'n Suid-Afrikaanse en internasionale konteks. Deur die strategieë en uitdagings van die gebruik van ATLAS.ti in 'n multidisiplinêre studie op te skryf, bied ek in hierdie artikel waardevolle insigte vir navorsers wat belangstel in die verkenning van soortgelyke gemengde navorsingsmetodes.

Universiteit Stellenbosch en Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Anderson, E.** 2009. *Inclusive Masculinity: The Changing Nature of Masculinities*. London: Routledge.
- Bezemer, J.** 2012. What is multimodality? <http://mode.ioe.ac.uk/2012/02/16/what-is-multimodality/>. (Datum van gebruik: 15 Julie 2021).
- Butler, J.** 1990. *Gender Trouble: Feminism and the Subversion of Identity*. New York: Routledge.
- Charmaz, K.** 2006. An invitation to grounded theory. In Charmaz, K. (ed.). *Constructing Grounded Theory – A Practical Guide to Qualitative Analysis*. London: SAGE Publishing.
- Coates, J.** 2012. Gender and discourse analysis. In Gee, J.P. en Handford, M. (eds.). *The Routledge Handbook of Discourse Analysis* New York: Routledge.
- Connell, R.W.** 2005. *Masculinities*. 2de uitgawe. Los Angeles: University of California Press.
- Connell, R.** 2018. The social organization of masculinity. In Morris, E.W. en Blume Oeur, F. (eds.). *Unmasking Masculinities*. USA: SAGE Publishing.

- Cleaver, F. 2002. Men and Masculinities: New directions in gender and development. In Cleaver, F. (ed.). *Masculinities Matter! Men, Gender and Development*. Cape Town: New Africa Books Pty.
- Creswell, J.W. 2009. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. USA: SAGE Publishing.
- Dey, I. 1999. *Grounding Grounded Theory: Guidelines for Qualitative Inquiry*. San Diego: Academic Press.
- Dick, B. 2005. Grounded theory: A thumbnail sketch. http://www.aral.com.au/DLitt/DLitt_P59ground.pdf. (Datum van gebruik: 31 Julie 2024).
- Du Plessis, R. 2015. A discourse analysis of male sexuality in the magazine *Intimacy*. *African Journal of Primary Health Care & Family Medicine* 7(1): 1-7.
- Edwards, K.E. 2007. "Putting my man face on": A grounded theory of college men's gender identity development. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Maryland: University of Maryland.
- Edwards, M. en Milani, T.M. 2014. The everyday life of sexual politics: A Feminist critical discourse analysis of herbalist pamphlets in Johannesburg. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 32(4): 461-481.
- Fairclough, N. 2015. *Language and Power*. New York: Routledge.
- Friese, S. 2014. Methods and methodologies for qualitative data analysis. ATLAS.ti User Conference 2013: Fostering Dialog on Qualitative Methods, Berlin. <https://depositonce.tu-berlin.de/items/b37cbb2b-96d1-48df-a0b6-48a37f58528c>. (Datum van gebruik: 13 Mei 2024).
- Friese, S. 2016. Computer-assisted grounded theory analysis with ATLAS.ti. ATLAS.ti User Conference 2015 – qualitative data analysis and beyond, Berlin. <https://api-depositonce.tu-berlin.de/server/api/core/bitstreams/3d5667ab-d2d7-4da3-8781-7cf08403e39c/content>. (Datum van gebruik: 13 Mei 2024).
- Friese, S. 2019. *Qualitative Data Analysis with ATLAS.ti*. London: SAGE Publishing.
- Gardiner, J.K. 2002. Introduction. In Gardiner, J.K. (ed.). *Masculinity Studies & Feminist Theory: New Directions*. New York: Columbia University Press.
- Gorin, V. en Dubied, A. 2011. Desirable people: Identifying social values through celebrity news. *Media, Culture & Society* 33(4): 599-618.
- Hearn, J. 2004. From hegemonic masculinity to the hegemony of men. *Feminist Theory* 5(1): 49-72.
- Irwin, K. 2017. Grounded theory methods in the context of masculinity and violence. In Bryant, A. en Charmaz, K. (eds.). *The Sage Handbook of Grounded Theory*, 2de uitgawe. VSA: SAGE Publishing.

- Jaworski, A. en Coupland, N. 2014. *The Discourse Reader*. 3de uitgawe. New York: Routledge.
- Jefferson, T. 1994. Theorising masculine subjectivity. In Newburn, T. en Stanko, B. (eds.). *Just Boys Doing Business: Men, Masculinities and Crime*. New York: Routledge.
- Jewitt, C. (ed.). 2012. Multimodality. [https:// multimodalityglossary.wordpress.com/multimodality/](https://multimodalityglossary.wordpress.com/multimodality/). (Datum van gebruik: 5 Januarie 2023).
- Kiesling, S. 2007. Men, masculinities, and language. *Language and Linguistics Compass* 1(6): 653-673.
- Kiesling, S.F. 2001. "Now I Gotta Watch What I Say": Shifting constructions of masculinity in discourse. *Journal of Linguistic Anthropology* 11(2): 250-273.
- Kimmel, M.S., Hearn, J. en Connell, R.W. (reds.). 2005. *Handbook of Studies on Men & Masculinities*. USA: SAGE Publishing.
- Knaggs, A. 2006. The Space Between: Discursive constructions of masculinity in contemporary South African men's lifestyle magazines. Ongepubliseerde MA-tesis. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Kress, G. en Van Leeuwen, T. 2001. *Multimodal Discourse: The Modes and Media of Contemporary Communication*. London: Arnold.
- Lewins, A. en Silver, C. 2014. *Using Software in Qualitative Research: A Step-by-Step Guide*. 2de uitgawe. Londpn: SAGE Publishing.
- Louw, S. 2023. Die konstruksie van Afrikaanse manlikheid in tydskrifte (2005-2015): 'n Diskoersanalitiese ondersoek. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Mavers, D. (red.). 2012. Mode. <https://multimodalityglossary.wordpress.com/mode-2/>. (Datum van gebruik: 15 Julie 2021).
- Milani, T.M. (red.). 2015. *Language and Masculinities: Performances, Intersections, Dislocations*. New York: Routledge.
- Ngalande, R.C. en Mkwinda, E. 2013. *Benefits and challenges of using ATLAS.ti*. ATLAS.ti User Conference 2013: Fostering Dialog on Qualitative Methods, Berlin. <https://api-depositonce.tu-berlin.de/server/api/core/bitstreams/88cf2894-dd92-4a65-ac98-615495e1c6cd/content>. (Datum van gebruik: 13 Mei 2024).
- O'Halloran, K.L. (red.). 2004. *Multimodal discourse analysis: Systemic functional perspectives*. London: Continuum. http://books.google.co.za/books?hl=en&lr=&id=64qxAwAAQBAJ&oi=fnd&pg=PR5&dq=multimodal+discourse+analysis&ots=rE8ccYCcqB&sig=z0Aj_Wh9fZ_zZSr0n7FqtI4wgl0#v=onepage&q=multimodal%20discourse%20analysis&f=false. (Datum van gebruik: 15 Julie 2021).

- Owen, C. en Campbell, C. 2018. How do men's magazines talk about penises? *Journal of Health Psychology* 23(2): 332-344.
- Paltridge, B. en Wang, W. 2015. Discourse analysis. In Paltridge, B. en Phakiti, A. (eds.). *Research Methods in Applied Linguistics*. New York: Bloomsbury Academic.
- Paulus, T.M. en Lester, J.N. 2016. ATLAS.ti for conversation and discourse analysis studies. *International Journal of Social Research Methodology* (19)4: 405-428.
- Petrova, V. 2014. Intro to Atlas.ti: Qualitative data analysis software. Seattle: Center for Social Science Computation and Research. <http://csscr.washington.edu/papers/14-01.pdf>. (Datum van gebruik: 30 Maart 2017).
- Rothman, E.F., Nagaswaran, A., Johnson, R.M., Adams, K.M., Scrivens, J. en Baughman, A. 2012. US tabloid magazine coverage of a celebrity dating abuse incident: Rihanna and Chris Brown. *Journal of Health Communication* 17(6): 733-744.
- Royce, T.D. 2007. Intersemiotic complementarity: A framework for multimodal discourse analysis. In Royce, T.D. en Bowcher, W.L. (eds.). *New Directions in the Analysis of Multimodal Discourse*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.
- Silverman, D. 2011. *Interpreting Qualitative Data: A Guide to the Principles of Qualitative Research*. London: SAGE Publishing.
- Van der Watt, J. 2016. 'Big, hard and up!' A healthy creed for men to live by? *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 72(2): 1-9.
- Visagie, A.G. 2004. Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Wiegman, R. 2002. Unmaking: Men and masculinity in feminist theory. In Gardiner, J.K. (ed.). *Masculinity Studies & Feminist Theory: New directions*. New York: Columbia University Press.
- Zhao, S. 2014. Selling the 'Indie Taste': A social semiotic analysis of *Frankie* magazine. In Djonov, E. en Zhao, S. (eds.). *Critical Multimodal Studies of Popular Discourse*. London: Routledge.

Note

1. Die proefskrif, Die konstruksie van Afrikaanse manlikheid in tydskrifte (2005 tot 2015): 'n Diskoersanalitiese ondersoek, onder leiding van dr Amanda Marais, is voltooi in die Departement Afrikaans en Nederlands aan Universiteit Stellenbosch. Susann Louw was ook 'n beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die

bevindinge van die PhD-studie verskyn in die verloop van 2024 in afsonderlike artikels.

2. Alhoewel weergawe 8 van ATLAS.ti in my PhD-studie gebruik is, het ek sover moontlik die genoemde voorbeelde in die artikel uit die ATLAS.ti-weergawe 24 geneem.
3. In die bespreking van kodes word alle kodes onderstreep om 'n tipografiese onderskeid te tref.
4. Wanneer hoofkodes in die bespreking genoem word, word dit onderstreep en met hoofletters geskryf om 'n tipografiese onderskeid tussen hoof- en subkodes te tref.
5. Modusse verwys na 'n versameling van sosiaal- en kultureelgevormde semiotiese bronne vir die doel van betekenisvorming (Mavers, 2012), byvoorbeeld 'n kanaal van kommunikasie soos 'n geskrewe teks of visuele beeld.
6. Navorsingsvrae in die proefskrif: (1) Watter konstruksies van Afrikaanse manlikheid wat verband hou met die verbruikerswese kom in die gekose tydskrifte voor? (2) Watter konstruksies van Afrikaanse manlikheid wat verband hou met geweld kom in die gekose tydskrifte voor? (3) Watter konstruksies van Afrikaanse manlikheid wat verband hou met die man se liggaam en seksualiteit kom in die gekose tydskrifte voor? (4) Watter konstruksies van Afrikaanse manlikheid wat verband hou met mag en/of status kom in die gekose tydskrifte voor?
7. Die datasegment word met die wit kolletjies en die ligblou verheldering van teks aangedui.
8. Die Status: Finansiële-kode word met die wit kolletjies en die ligblou verheldering in figuur 5 aangedui. Die blokkie waarin die twee kodes gelys is, is 'n nuwe opsie in ATLAS.ti 24. Wanneer daar op die datasegment geklik word, word die lysie van toegekende kodes ook oopgemaak.